ARGIEFBEWAARPLEK
K
Tripkaart
S.P. ENGELBRECHT-MUSEUM

NOTULE

VAN DIE

Sewe en Vyftigste Algemene Kerkvergadering

VAN DIE

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

GEHOU IN DIE

Dirk van der Hoffgebou
Pretoria

25 April tot 3 Mei 1973

NOTULE

van die

SEWE EN VYFTIGSTE

ALGEMENE KERKVERGADERING

van die

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

te

PRETORIA

op

25 April tot 3 Mei 1973

INHOUD

	Bladsy
OPENING	1, 19, 24
Opening van dagsittings	24, 62, 89, 98, 125, 144, 184
SAMESTELLING	1
Verslag oor geloofsbriewe	1
Lede van die vergadering	2, 12, 42, 62, 98, 184
Verlof van afwesigheid	9,10,12,14,42,48,73,74,89,90, 98,114,118,125,133,144,151,184
KONSTITUERING	10, 13
Wysiging - Bepalings, artikel 12	13
Benoeming van stemopnemers en tellers	10, 12
Verkiesing van Moderamen	10
Voorsitter	10, 11
Uittrede ds. A.J. Nolte	11
Skriba	12
Vise-voorsitter	12, 13
Vise-skriba	13
Secundus vir prof. Oberholzer	42
Secundus vir ds. Smith	42, 49
Secundus vir prof. van Zyl	49
Secundus vir dr. Mans	49, 61
ORDE VAN DIE VERGADERING	12
Reglement van orde	12, 74
Notulehouers en notule	12,13,44,74,144,184,238
Kommissie van orde	12
Sittingsure	13
Afhandeling van die agenda	13
Samestelling van agenda	237
Kommissie vir formulering	13
Gelukwense en waardering	10,14,42,61,62,98,117,125,160, 184,238.
DIE KERK	14
Naam van Kerk - Plekbepaling	14
Afkortings	15
Kerk in Rhodesië	15
Selfstandigheid	15
Kerkwet in Engels	16
DIE GEMEENTES	16
Getal gemeentes	16
Selfstandige afdelings en besondere groepe	17
De Aar	17
Botswana	17
Angola	17
Grensposte	18
Zambië	18
Buiteland	18
Gemeentegrense	18
Bevoegdheid van ringskommissies	18

Toestande in en hulp aan gemeentes 24
Ringsverslae 24
Potchefstroom 24
Rustenburg 24
Zeerust 25
Coligny 25
Kuruman e.a. 25
Johannesburg 25
Kensington - Saal en eiendom 25, 217
Johannesburg Middestad 25, 219
Studentebearbeiding 25, 92
Rhodesië 26
Vierde standplaas 26
Suidwes-Afrika 26
Tweede standplaas Windhoek-vliegtuig 26
Bloemfontein 27
Pietermaritzburg 27
Kaapland 27
Trichardtsfontein 27
Heilbron 27
Opname oor hulp aan gemeentes 28
Fonds vir Gemeente-Opbou 28
Stand van fonds 28
Rente-opbrengs 28
Aanwending 29
Aanbevelings en besluit 31
Dank vir hulp in vakante gemeentes 117
Opfigting van geboue en grondaankope 32
Besondere geleenthede in gemeentes 34
Geboue 34
Feesvierings 34

DIE LIDMATE 35

Getal lidmate 35
Kerklike gegewens 35
Staatsensus 35
Sensusopname en administrasie 35
Bestaande reëling 35
Beskrywingspunte en besluite 36
Beweging van lidmate 37
Gemeenteregister 37
Reis-attestaat 39
Gedenkboek: Waarom is ek lidmaat van die kerk - 39
Registrasie van lidmate 39
Handleiding vir registrasieskribas 39
Registrasieskribas se optrede 30

DIE ROEPING VAN DIE KERK 40

DIE AMPTE 40

Die pastoraat (dienaars van die Woord) 40
Sterfgevalle 40
Uittredes 41
Benoemings 41
Studieverlof 41
Toetredes 41
Voorheen uitgetree 42

Toelatings en beroepe	44
Voltydse bediening	44
Uit eie opleiding	44
Hertoegelaat of terug na studieverlof	44
Uit susterskerke	44
Deeltydse bediening	45
Pastorale hulp met beperkte bevoegdheid	45
Tydelik-deeltydse predikante	45
Studie	45
Besluite	47, 49
Beroepe uitgebring	50
Predikantevergadering	50
Predikantetoga	50
Traktemente en emolumente	50
Traktemente	50
Verslag van die Administrateur	51
Traktementskale	54
Beskrywingspunte	55
Besluite	57
Valuering van woningkoste	58
Aankoop van motors en vervoertoelae	59
Reistoelae - rapport van Administrateur	59
Verbeterde tabel	60
Besluit oor veranderde toestande	61
Skema vir aankoop en finansiering van motorkarre	62
Ongeskiktheidsdekking	66
Groep mediese skema	67
Pensioenfonds	68
Beskrywingspunte	68
Verslag van Pensioenraad	69
Besluit	71, 142, 145
Verkiesing van Pensioenraad	159, 160
Besondere geleenthede vir dienaars van die Woord	71
Die presbiteraat (Ouderlinge)	71
Statistiek	71
Herkiesing en bevestiging	71
Raad vir Ouderlinge	72
Studie oor ouderlingsamp	72
Herderlike sorg	74
Herstelling - kommunikasieversteuring	75
Groepshuisbesoek	75
Pastoraal-sielkundige arbeid	75
Die diakonaat (diakens)	93
Diakenstatistiek	93
Studie oor diakonaat	93
Vrou in diakensamp	94
Besluit 1970	94
Studie - Raad vir Barmhartigheidsdiens	94
Besluit oor toelating	95
Bevestigingsformulier	102
Diakonale fondse en ander kerklike inkomste=bronne	96
Nagmaaltafelkollektes	96
Deurkollektes	96
Straatkollektes	98
Fondsinsameling deur wedstryde	99
Algemene diakonaat	101

Die diakonie 102
Bevestigingsformulier 102
Diakonale organe van bystand 103
Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging 103
Ons Tuis 103
Geestelike versorging van bejaardes 92
Ondersteuningsraad 103
Tehuis vir ongehude moeders 103
Verslag 104
Nederduitsch Hervormde Weeshuis 104
Versorging en onderwys van kinders 105
Eiendomme 105
Finansies 106
Drukkery - Die Hervormer 108
Boubedryf 108
Dankbetuiging en besluite 109
Wysiging van die Wet - artikel V 110

DIE AMPTELIKE VERGADERINGE 111

Gemeentevergaderinge 111
Kerkraadsvergaderinge 111
Bywoning 111
Gekombineerde vergaderinge 111
Skrywe van Kerkraadsnotules 224
Ringsvergaderinge 112
Ringsverslae en jaarverslae 112
Ringsindelings 112
Noordelike Pretoria 112
Pretoria-Noord 112
Wes-Kaapland 113
Bloemfontein 113
Bothaville 113
Heilbron 113
Trichardtsfontein 113
Middelburg 113
Oproep na ringsvergaderinge 113
Algemene Kerkvergadering 114
Samestelling 114
Naamkaartjie vir lede 62
Samestelling van agenda 237
Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 115
Samestelling 1970 115
Verkiesing 1973
Voorsitter en secundus 10, 11, 42
Skriba en secundus 12, 42, 49
Vise-voorsitter en secundus 12, 13, 49
Vise-skriba en secundus 13, 49, 61
Predikantslede en secundi 14, 73, 74
Ouderlingslede en secundi 74, 89
Verslag van Kommissie 116

DIE ORGANE VAN BYSTAND 118

Samestelling 118
Nuwe organe 118
Verslae 118
Taak en funksie 118
Verenigings in die kerk 119

DIE BEDIENINGE 120

Die priesterskap van die gelowige 120

DIE APOSTOLAAT 120

Bybelverspreiding 125
Fondsinsameling 125
Uittrede ds. Ras 126
Besluite 127
Groete ds. van Arkel 126
Hospitaalbearbeiding 120
Arbeid onder buitekerklikes 121
Publikasie 121
Kongresse 121
Bearbeiding van anderstaliges 121
Kommunikasiemiddels en buitekerklikes 121
Televisie 121
Die Hervormer 121
Opname van buitekerklikes 122
Arbeid onder immigrante 122
Handleiding 122
Arbeid onder gevangenes 123
Die handhawing van ons Protestantse erfenis 123
Publikasies 123
Roomse indringing 124
Gesamentlike Protestantse aksie 124
Protestantse Vereniging van Suid-Afrika 124
Arbeid onder Israel 129
Die Sektewese 129
Publikasies 129
Doop van sektes 130
Getuienis teenoor owerheid en volk 131
Nuwe regerings en republiekwording Rhodesië 131
Republiekfees 10 jaar 1971 131
Geestelike werk in Weermag en Polisie 131
Studente-onrus 132
Popopera - Jesus Christ Super Star 132
Popfees Randfontein 132
Popmusiek 136
Ongewensde leesstof 137
Gesinsverbrokkeling 137
Bevolkingsontploffing 138
Moderne dansvorme 138
Selfmoorde 138
Stedelike ontwikkeling 138
Ondersoek na publikasies 139
Bevolkingsverhoudinge 139
Konsep Herderlike skrywe 75

Gereformeerde Ekumeniese Sinode besluite 87, 90
Sabra oor Bantoe 157
Sabra oor Kleurlinge 158
Sabra se bywoning 158
Persberigte oor bevolkingsverhoudings 158
Kommunisme 139
Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings 140
Vrymesselary 140
Studieprogram - Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke 141
Kerk en Kommunikasiemiddels 142
Kompilator vir kerklike publikasies en beriggewing 142
Die Hervormer 146, 121
Die Almanak 147
Hervormde Teologiese Studies 148
Die Bybelse dagboek 149
Opsomming van besondere publikasies 149
Literatuurverspreiding 150
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie 151
Godsdienstige uitsendings 151
Eredienste 151
Televisie 152
Predikante wat uitsaai 152
Voorlesers by radiodienste 153
Gemeentesang 154
Kerknuus 154
Wat sê die Bybel?-program 154
Jeugprogram 155
Die Openbare Pers 155
Die dagpers 155
Persberigte en vergadering 158
Tydskrifte 155
Die koerantwese 155
Publikasiefonds 157, 225

DIE GEESTELIKE VORMING VAN DIE JEUG 160

Die belydende jeug 160
Wese van die jeugwerk 160, 162
Kampterreine 160
Sorg vir kinders in skole 162
Saamtrekke 162
Organiseerder 162
Ouderlinge vir Jeugwerk 163
Opvoeding en onderwys 163
Gewone onderwys 163
Onderwysbeleid 163
Simposium oor onderwys 163
Gewetensklousule 163
Christelike karakter 164
Nasionale karakter 164
Onderwysersopleiding 165
Hand- en leerboeke 166
C.S.V. by onderwysinrigtings 166
Gedifferensieerde onderwys en komprehensiewe eenhede 167

Geslagsvoorligting in skole 167
Buitengewone onderwys 167
Studentebearbeiding 168
Fonteinedal, Pretoria 168
Stellenbosch 168
Johannesburg 92
Potchefstroom 168
Voortrekkertehuis 168
Jeugtuiste 169
Bybelkunde 169

DIE BELYDENIS 170

Die ekumeniese simbole 170
Vertaling 170
Die belydenisskrifte en formuliere 170
Hervertaling 170
Vertaling in Engels 170
Formuliere 171
Wisselformulier vir nagmaal 171
Formulier: Afneem openbare belydenis van geloof 171
Vertaling 172
Diakensformulier 102

DIE PREDIKING EN EREDIENS 172

Die Bybelvertaling 127
Studieprogram van Raad 172
Diensordes 173
Huwelik as erediens 210
Kerkmusiek en sang 173
Hersiening van Psalmmelodieë 116
Hersiening van Psalmteks 173, 235
Koraalboek 173
Hersiening van Gesange - teks en melodie 174
Kerkmusiekskool 174
Orrels 174
Kerklied in teologiese kursus 187
Voorligtingstuk aan orreliste 175

DIE KERKBOEK 175

DIE KERKLIKE FEES- EN GEDENKDAE 175

Die dag van die Here 175
Winkelure en verkoop van eiendomme op Sondae 175
Kerklike feesdae en openbare vakansiedae 175, 235
Paasmaandag 176
Van Riebeeckdag 176
Dag van Verootmoediging 176
Bid- en dankdae vir die oes 177, 235

DIE OPLEIDING EN VORMING VAN DIE DIENAARS VAN DIE WOORD 177

Die professore en dosente 177
Professor - Ou Testament 177
Professor - Nuwe Testament 177
Benoeming van doserende personeel 188
Professore en Gesamentlike Vergadering 181
Dekaansverslag 181
Die studente 182
Kuratoriumverslag 182
Beurse en lenings 182, 185
Tekort aan predikante 185
Die teologiese kursus 186
Psigologie in kursus 187
Kerkmusiek in kursus 187
Kuratoriumverslag en besluite 188
Verkiesing van die Kuratorium 188

DIE HEILIGE DOOP 188

Erkenning van die doop 188, 130
Doopsbediening by die huis 188
Besprenkeling 189
Ontsegging van doop as tugmiddel 189
Doop van volwassenes 190
Doopouers en lidmaatskap 190
Doop van aangenome kinders 191
Doopgetuies by volwassenes 191

DIE KATEGESE 191

Gewone kategese 191
Publikasie 191
Kategete diplomakursus 191
Leerboeke vir kategetiese onderrig 192
Bybelse geskiedenis 192
Kerkgeskiedenis 192
Geloofsleer 192
Diplomas 194
Bybelkenniseksamen 194
Voortgesette kategese 196
Handleidinge 196
Publikasies en kerkraadslede 196

DIE OPENBARE BELYDENIS VAN DIE GELOOF 196

Toelatingsvoorwaardes 196
"Wegwys"-praktyk 196
Bevestiging 196

DIE HEILIGE NAGMAAL 196

Uitnodiging tot die nagmaal 196
Lees van Formulier 197
Formulier en laaste tafel 197
Wisselformulier 198, 171

DIE OPSIG, TOESIG EN TUG 198

Oor lidmate 198
Lidmaatskapsbewyse tydens tugondersoek en tugtoepassing 198
Lidmate wat verhuis en tughandeling 198
Bewys van lidmaatskap 199
Algemeen geldende getuigskrif 202
Oorgang na sektes en opsig 203
Oor ampsdraers 206
Huisbesoek en predikante 206
Groepshuisbesoek 75
Ringsverslae 207
Oor amptelike vergaderinge 207

DIE HUWELIK 207

Huweliksgebooie 207
Nuwe huwelikswet 208
Ouderdom by huwelike 208
Huwelik as erediens 210
Troumarse 211
Drag by huwelike 211

DIE KERKLIKE GOEDERE 211

Samestelling - Raad van Finansies 212
Verkiesing - Raad van Finansies 228
Finansiële state 212
State 212
Bates en laste 212
Heffings 217, 226
Rekeningstate 217
Kensington 217
Kerksentrum Johannesburg Middestad 219
Interne oudisie 222
Argief en Museum 222
Besoekers 222
Borsbeeld en grafperseel ds. M.J. Goddefroy 223
Mikroverfilming en klankargief 223
Foto-kopieë 223
Stigting Simon van der Stel 223
Skenkings, bemakings en aanwinste 223
Navorsing 223
Assessorlid - S.A. Akademie 224
Kerkraadsnotules 224
Boekverspreiding en publikasies 224
Boekwinkel Stellenbosch 224
Uitgewery 224
Boekwinkels Pretoria 225
Publikasiefonds 225, 157
Skribas en kassiere 226
Predikante en kerkraadslede 226
Begroting - Heffing 226

DIE VERBAND MET ANDER KERKE 229

Raad vir Ekumeniese Sake 229
Studieprogram 229
Wêreldraad van Kerke 229
Wêreldbond van Hervormde Kerke 229
Gereformeerde Ekumeniese Sinode 229
International Council of Christian Churches 229
Kerk en streeksliggame in die buiteland 229
Engelssprekende kerke en streeksliggame in Suid-Afrika 229
Opdragte aan die Raad en verslag daaroor 229
Verdere werksaamhede van die Raad 231
Take waarmee die Raad besig is 232
Besluite oor lidmaatskap, studie en kontak 232
Studiekommissie oor Afrika 233
Gesprek met ander kerke 234
Tussenkerklike Kommissie - drie Afrikaanse Kerke 234
Eenheid van kerk 234
Konsessievoorregte op vliegtuie 235
Kerklike fees- en openbare vakansiedae 235, 176
Biddae 235, 177
Biddae 235, 177
Hersiening - Psalmteks 235, 173
Kanselruil 236
Verhuising van lidmate 236
Groete van kerke 133
Gesprek met Rooms Katolieke Kerk 236
Korrespondensie en gesprekke met ander kerke 237

DIE VERHOUDING TOT DIE BURGERLIKE OWERHEID 237

DIE WET EN DIE BEPALINGS 237

Die Raad vir Regsadvies 237
Samestelling 237
Verkiesing van Raad vir Regsadvies 237
Formulering van wysigings van Wet en Bepalings 238
Publikasie en uitstuur van Wet en Bepalings 238

BEDANKINGS 238

AFSLUITING 239

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

NOTULE VAN DIE SEWE-EN-VYFTIGSTE ALGEMENE KERKVERGADERING GEHOU TE PRETORIA OP 25 APRIL 1973 EN VOLGENDE DAE

OGGENDSITTING - 25 APRIL

OPENING

Die aftredende Voorsitter, ds. A.J. Nolte, roep die vergadering tot orde om 10 vm., laat sing Ps. 68:9, lees Joh. 20:19 v. en gaan voor in gebed. Hy verwelkom al die lede van die Vergadering en in besonder diegene wat vir die eerste keer sitting neem.

SAMESTELLING, KONSTITUERING, ORDEREëLING e.d.m.

A. GELOOFSBRIEWE

1. Die Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat benoem is om die geloofsbriewe na te sien, rapporteer soos volg:

"1. VORM VAN GELOOFSBRIEWE

'n Nuwe vorm volgens die besluit van die vorige Algemene Kerk= vergadering is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergade= ring opgestel en aan alle kerkrade uitgestuur.

Van alle Kerkrade is geloofsbriewe ontvang met uitsondering van die volgende gemeentes: CHRISTIANA en SHABANI.

2. VERBETERINGE AAN GELOOFSBRIEWE

Alle onvolledige geloofsbriewe is vir verbetering teruggestuur en ook terug ontvang.

3. AFVAARDIGING

Volgens geloofsbriewe het die volgende 17 gemeentes besluit om geen afgevaardigdes te stuur nie, t.w.:

Zoekmekaar
Fonteinedal
Witrivier
Sabie
Memel
Morgenzon
Gwelo
Bulawayo
Welgetroost
Macheke
Que-Que
Hennenman
Welkom
Durban
Leeudoringstad
Kroonstad
Vredefort.

Die afgevaardigde van Umtali sal ook ander gemeentes van die kombinasie verteenwoordig.

Op die geloofsbriewe verskyn die name van 208 primus-ouderlinge;

25 primus-diakens; 179 secundus-ouderlinge en 46 secundus-diakens. Volgens die geloofsbriewe kan daar - die twee gemeentes van wie nie geloofsbriewe ontvang is nie uitgesluit - 238 kerkraadslede op die vergadering wees.

'n Lys van afgevaardigdes is by hierdie verslag aangeheg ten einde 'n presensielys, vir opname in die notule, op te stel.

4. DANKBETUIGING

Aan al die gemeentes wat so positief reageer het om hierdie verslag te kon saamstel, 'n woord van hartlike dank.

(W.G.) P.M. SMITH."

BESLUIT: Aanvaar met dank.

2. Die vergadering word soos volg saamgestel:

a. OUDERLINGE EN DIAKENS

Potchefstroom	Oudl. J.P.C. v.d. Westhuizen
Klerksdorp	Oudl. J. Marais
Venterskroon	Diak. W.H. Barnard
Potchefstroom-Noord	Oudl.D.J.J. Strydom
Klerksdorp-Oos	Oudl.I.S. Cronje
Potchefstroom-Suid	Oudl.D.R. du Plessis
Orkney	Oudl. H.J.K. Botes
Hartbeesfontein	Oudl. H.J. van Staden
Wilkoppies	Oudl. G.S.P. Kotze
Potchefstroom Studente -	Oudl. H. Conradie
Declerqville	Oudl. M.A. Ernst
Rustenburg	Oudl. P.A. Bentum
Zwartruggens	Oudl. D.J. Erasmus
Brits	Oudl. G.J. van Staden
Vliegepoort	Oudl. H.J. Putter
Koster	Diak. W.N. Beukes
Marikana	Oudl. S.D.A. Roos
Hartebeestpoort	Oudl. G.J.M. Wolmarans
Rustenburg-Suid	Oudl. H.M. Young
Rustenburg-Oos	Oudl. F.W. Combrink
Pietersburg	Oudl. J.L. Kellermann
Louis Trichardt	Oudl. J.C. Grobler
Laeveld	Oudl. D.J.J. Riekert
Messina	Oudl. F.H. Geyser
Van Warmelo	Diak. H.A. Theron
Kampersrus	Diak. N. Prinsloo
Tzaneen	Oudl. J.B. Pansegrouw
Dendron	Oudl. M.J. Botha
Vivo	Diak. F.W.C. Botha
Noordelike Pietersburg	Oudl. D.J.C. Pelser
Phalaborwa	Oudl. H.P. van Nieuwenhuizen
Oostelike Pietersburg -	Oudl. C.J. le Roux

Silverton	Oudl. L. Swanepoel
Pretoria-Oos	Oudl. P.S. Dreyer
Voortrekkerhoogte	Oudl. T.J. van Dyk
Elandspoort	Oudl. J.J. Porter
Wespark	Oudl. H.L. Lourens
Philadelphia	Oudl. A.P. Grové
Verwoerdburg	Oudl. A. Steyn
Pretoria-Suid	Oudl. C.J. Scheffer
Middelburg	Oudl. J.J.J. van Vuuren
Roossenekal	Oudl. M.C.N. Joubert
Lydenburg	Diak. P.F. Mulder
Belfast	Oudl. G.L. Roos
Waterval Boven	Oudl. P.D. Malan
Stoffberg	Diak. A.J. Herbst
Komatipoort	Oudl. T. Botha
Barberton	Oudl. C.J. Engelbrecht
Volksrust	Oudl. D.J. Neethling
Heidelberg	Oudl. H.M.J. van Vuuren
Standerton	Oudl. S.F. Botes
Greylingstad	Oudl. D.S. Jacobs
Nigel	Oudl. P.J. Stoltz
Balfour	Oudl. C.J. Swart
Villiers	Oudl. C.J. Botha
Zeerust	Oudl. M.M.J. Basson
Lichtenburg	Oudl. D.P.J. van Schalkwyk
Goedehoop	Oudl. C.J. Brits
Groot Marico	Oudl. C.J.G. Buitendag
Mafeking	Oudl. L.G. Labuschagne
Vryburg	Oudl. H.B.L. Kamffer
Stella	Diak. J.C. Meyer
Kuruman	Oudl. F.R. Coetzee
Sannieshof	Oudl. O.C. du Toit
Lichtenburg-Oos	Oudl. S.F. Marais
Donegal-Malopo	Oudl. J.F. Malan
Gerdau	Diak. J. v.d. Hoff
Krugersdorp	Oudl. P.J. Nel
Newlands	Oudl. R.J. Rossouw
Roodepoort	Oudl. J.M. Visser
Krugersdorp-Wes	Oudl. F.J. du Toit
Florida	Oudl. P.J. Botha
Magaliesburg	Oudl. C.W.H. Hoek
Krugersdorp-Oos	Oudl. M.C.J. de Beer
Witpoortjie	Oudl. W.H. Robbetze
Krugersdorp-Noord	Diak. P.M. v.d. Merwe
Horison	Oudl. A.A. du Plessis
Ontdekkers	Oudl. G.W.T. Oosthuizen
Noordrand	Oudl. J.H. Lotz
Johannesburg	Oudl. G.J.M. Wolmarans
Turffontein	Oudl. R.D. Steinmann
Kensington	Oudl. J.H. Labuschagne
Johannesburg-Wes	Oudl. S. Gouws
Brixton	Oudl. C.C. Mans
Randburg	Oudl. B.H.J. Botha
Johannesburg-Suid	Oudl. R.J. Jacobs
Crosby	Oudl. J.L.P. Wolmarans
Nederlandssprekende Gemeente - Johannesburg/.....	Oudl. I. Mioch

Johannesburg Middestad	Oudl. Nico Campher
Germiston	Oudl. H.C. Barnard
Benoni	Oudl. P.J. Joubert
Springs	Diak. G.B. Janneke
Sundra	Oudl. C.B.J.J. Snyman
Springs-Oos	Oudl. J.J.M. Ueckermann
Brakpan Harmonie	Oudl. S.J.M. Pretorius
Zesfontein	Oudl. J.A. Nagel
Parkrand	Oudl. P.B. Swart
Witfield	Oudl. G. van Loggenberg
Pollakpark Springs	Oudl. P.J.V. du Toit
Fort Victoria	Oudl. A.P.J. Bezuidenhout
Salisbury	Oudl. R. Cronje
Umtali	Oudl. M.C. Barnard
Otjiwarongo	Diak. G.J. van Staden
Grootfontein	Diak. T.J. Lambert
Outjo	Oudl. P.P.H. Alberts
Tsumeb	Oudl. M.A. Potgieter
Bloemfontein	Oudl. P.H. Richards
St. Helena	Oudl. J.J. Coetzer
Virginia	Diak. J.M. Botes
Bloemfontein-Wes	Diak. H.V. Everts
Pietermaritzburg	Oudl. J.H. Wildenbeest
Glencoe	Oudl. J.J. Bezuidenhout
Empangeni	Diak. W.F. van Delft
Oos-Londen	Oudl. J.S. Meyer
Kaapstad	Oudl. D.J. Hattingh
Swellendam	Oudl. N. de Klerk
Wynberg	Oudl. T.C. Botha
Bellville	Oudl. J.P. le Roux
Tygerberg	Oudl. T.A. Simons
Stellenbosch	Oudl. J.P.L. Swanepoel
Wolmaransstad	Oudl. B.G. Koekemoer
Bloemhof	Oudl. H.J. le Roux
Ottosdal	Oudl. T.F.J. Pretorius
Vaalharts	Oudl. G.E. Coetzee
Makwassie	Oudl. D.J. Jacobs
Randpoort	Oudl. P.J.J. Nortje
Wonderfontein	Diak. J. van Lutterveld
Westonaria	Oudl. M.J. Furstenburg
Carletonville	Oudl. F.J. Labuschagne
Randfontein	Oudl. G.C. van Staden
Vereeniging	Oudl. J.H. Ras
Vanderbijlpark	Oudl. J.C.P. Botha
Meyerton	Oudl. N.J.G. van der Westhuizen
Duncanville	Oudl. G.J.A. Pretorius
Vanderbijlpark-Oos	Oudl. J.B. Wolmarans
Drie Riviere	Diak. J.G. Duvenage
Rietspruit	Oudl. J.J. Swamers
Noordelike Pretoria	Oudl. M.L. Steyn
Noordwestelike Pretoria -	Oudl. J.L. Barnard
Pretoria-Noord	Oudl. M. Hough
Villieria	Oudl. M. Pretorius
Derdepoort	Oudl. P.J. v.d. Merwe
Wonderboompoort/.....	

Wonderboompoort	Oudl. J.D. Maloney
Wesmoot	Diak. A.J. Peenze
Bergsig	Oudl. J.S. Bruwer
Grootvlei	Oudl. W.S. Gothan
Witfontein	Oudl. D.J. Fouché
Pretoria-Tuine	Oudl. N.J. Potgieter
Wonderboom	Oudl. C.J. Boshoff
Oos Moot	Oudl. M.J. Labuschagne
Pierneef	Oudl. J.C. Oelofse
Wonderboom-Suid	Oudl. C.E. Schutte
Magaliesmoot	Oudl. J.J. van der Linde
Bronkhorstspruit	Oudl. D.J. Erasmus
Delmas	Oudl. F.H. Greyling
Witbank	Oudl. J.P.J. Coetzer
Van der Hoff	Oudl. J.N.R. Soer
Hendrina	Oudl. W.J.M. Swart
Marble Hall	Oudl. J.H. v.d. Westhuizen
Witbank-Suid	Oudl. A.P. Farrel
Ogies	Oudl. J.H. Steenkamp
Koornfontein	Oudl. N.P. Gouws
Premiermyn	Oudl. P.P. Schutte
Trichardtsfontein	Oudl. F.C. de Vos
Chrissiesmeer	Oudl. W.A. Steenkamp
Ermelo	Oudl. H.M.G. Uys
Piet Retief	Oudl. T.D. van Eeden
Eendracht	Oudl. F.H. Ras
Bethal	Oudl. H.D.L. Roux
Carolina	Diak. H. v.d. Riet
Pongola	Oudl. P.D.F. la Grange
Amsterdam	Oudl. J.D. van den Berg
Waterberg	Oudl. M.N. Fourie
Potgietersrus	Oudl. P.G.J. de Kock
Koedoesrand	Oudl. A.H. Grobbelaar
Ebenhaeser	Oudl. A.S. v.d. Merwe
Rust der Winter	Oudl. J.J. Prinsloo
Naboomspruit	Oudl. F.A. Botha
Warmbad	Diak. C.J. van Vuuren
Roedtan	Oudl. M.J. Vermaak
Vaalwater	Oudl. H. Willemse
Potgietersrus-Wes	Oudl. P.A.J. van Staden
Johannesburg-Noord	Oudl. D.E. Breet
Zuurfontein	Oudl. C.J. Wolfaardt
Primrose	Oudl. B.G. Venter
Alberton	Oudl. G.P. Strydom
Edenvale	Oudl. F.J. Wentzel
Elsburg	Oudl. J.P. Fourie
Eikenhof	Oudl. J.S. du P. Potgieter
Primrose-Oos	Oudl. P.A.J. Breytenbach
Kemptonpark-Oos	Oudl. F.C. Hefer
Alberton-Wes	Oudl. W.J. Nel
Kempten	Oudl. M.H.J. van der Merwe
Heilbron	Oudl. L.A. Greyling
Parys	Diak. D.C. Grobler
Bothaville	Diak. J.J. Hendriks
Sasolburg	Oudl. J.P. van den Berg
Bethlehem	Oudl. F.C.S. Venter

Sasolburg-Suid Oudl. J.C. Visser

b. PREDIKANTE

Ds. J.G.M. Dreyer
Dr. P.W. Venter
Dr. P.J.T. Koekemoer
Ds. A.A.J. Swart
Ds. J.H. Naude
Ds. W.H. Steyn
Ds. P.J. van Staden
Ds. H.M.E. Dreyer
Ds. A.J. Conradie
Ds. J.G.M. Dreyer (Jnr.)
Ds. A.J. van Staden
Ds. J.M. Fourie
Ds. G.J. van Staden
Ds. W.C.M. de Beer
Ds. T. Snyman
Ds. H.J. Geyser
Ds. W.J. Engelbrecht
Ds. C.L. Badenhorst
Ds. F.J. Engelbrecht
Ds. G.P.J. Grobler (Jnr.)
Ds. J.M. Labuschagne
Ds. D.J.A.G. du Toit
Ds. J. Breytenbach
Ds. L.A. Pretorius
Ds. G.J.J. Labuschagne
Ds. F. du C. Labuschagne
Ds. E.C.B. Kotzé
Ds. W.J. v.d. Westhuizen
Ds. A.A. da Silva
Dr. L.M. le Roux
Dr. W.C. van Wyk
Ds. T.F.J. Dreyer
Ds. M.W. Pretorius
Ds. A.P.B. Breytenbach
Ds. W.C.J. van Rensburg
Ds. J.A.P. van Tonder
Ds. S.J. Botha
Ds. D.J.C. van Wyk

Dr. J.H. Koekemoer
Ds. G.J.J. Roos
Ds. S. Schutte
Ds. G.J. van Jaarsveld
Ds. J.P.B. Viljoen
Ds. P.S. van Staden
Ds. J.A. de Beer
Ds. L.A. Nel
Ds. J.A.A.A. Schroeder
Ds. P.P. Jooste
Ds. G.P.J. Grobler (Snr.)
Ds. P.A.R.C. van Wyk
Ds. S.E. Young
Ds. J.H. van Staden

Ds. J.A. Smit
Ds. P.D. Smit
Ds. N.M.J.S. Heyneke
Ds. W.J. Kemp
Dr. H.G. v.d. Westhuizen
Ds. A.M. Swanepoel
Ds. K. Papp
Ds. M.J. du Plessis Beukes
Ds. G.N. Bloem
Ds. H.T. van Deventer
Ds. T.F.J. Dreyer (Sr.)
Ds. G.J. van Staden
Dr. C.J. Mans
Ds. D.J. Dreyer
Ds. T.F.J. Dreyer (Jnr.)
Ds. W.P. van der Merwe

Ds. J.N. Wolmarans
Ds. J.J. Smit
Ds. A.J. Nolte
Ds. P.S. van Staden (Jnr.)
Ds. D.J. Claassens
Ds. F. Houwert
Ds. J.H. Steenekamp
Ds. P.J. Booysen
Ds. J.A. Jacobs
Ds. S.J. de Beer
Ds. J.C. Kruger
Ds. P.J.L. Bierman
Ds. B.J. van Staden
Ds. B.J. Erasmus
Ds. D.J.P. Stoltz
Ds. P.J. Kruger
Ds. J.P. Naude
Ds. F.J. Boshoff
Ds. J.A. Viljoen
Ds. J.J.C. du Plooy
Ds. S.J. van der Westhuizen
Ds. A.J. Willemse
Ds. F.G.J. Loots
Ds. N.C.J. Brayshaw
Ds. G.C. van Staden
Ds. J.B.J. van Rensburg
Ds. J.H. Brandt
Ds. C.J.A. Simpson
Ds. D.J. Smith
Ds. J.P. Verster
Ds. H.C. Coetzee
Dr. A.J.G. Dreyer
Ds. G.H.J. Marsman
Ds. J.D. Müller
Ds. A.J. Zwarts
Ds. S.G.A. Golden
Ds.J.F. Mouton
Ds. J.H.H. Jacobs
Ds. P.A. Geyser

Ds. C.J.S. van Niekerk
Ds. W.J. Bezuidenhout
Ds. J.P. Labuschagne
Ds. M.J.J. Redelinghuys
Ds. A.T. McDonald
Ds. D.G.S. Steyn
Ds. J.H. Viljoen
Ds. P.R. Prinsloo
Ds. J.J. du Toit
Ds. C.L. van den Berg
Ds. C.J. Botha
Ds. G.C. Velthuysen
Ds. L.A. Breedt
Ds. C.G. Botha
Ds. L.J. Steyn
Ds. P.G. van Staden
Ds. P.W.A. Bierman
Ds. W.J. Roos
Ds. H.N. Botha
Ds. J.A. Loader
Ds. P.T. Jacobs
Ds. C.J. van Schalkwyk
Ds. J.C. de Lange
Ds. P.J. van der Merwe
Ds. C.J. Viljoen
Ds. N.H. Buitenweg
Ds. F.J.H. Buitendag
Ds. M.J. Naude
Ds. D.B. Snyman
Ds. J.J.P. Müller
Ds. M.J. van Schalkwyk
Ds. C.J.J. van Rensburg
Ds. L.J.J. Nell
Ds. W.G. Habig
Ds. J.P. Wagenaar
Ds. E. Engelbrecht
Ds. P.M. Venter
Ds. L.J.S. Steenkamp
Ds. J.H. van Heerden
Ds. C.S. van H. Steenekamp
Ds. J.D.H. Smit
Ds. J.H. Breytenbach
Ds. J.P. Snyman
Ds. S.P. Pretorius
Ds. F. Beytell
Ds. J.L. van Staden
Ds. S.J. Swanepoel
Ds. A.N.J.D. Alberts
Ds. J.J. Engelbrecht
Ds. R.P. Botha
Ds. N.J.J. van Rensburg
Ds. P.J. Fouche
Ds. W.J. Steyn
Ds. A.D. Botha
Ds. P.J. de Beer

Ds. J.A. van Biljon
Ds. D.J. van Staden
Ds. D.F. Erasmus (Jnr.)
Dr. A.J.G. Oosthuizen
Ds. W.J. Rhoda
Ds. W.J. Slabbert
Ds. H.J. Bolsenbroek

PREDIKANTE IN BESONDERE DIENS

Ds. J.J. Engelbrecht (Sr.)
Ds. P.M. Smith
Ds. H.M.E. Kramer
Prof. dr. D.J. Booysen

PREDIKANTE MET STUDIEVERLOF

Ds. F.H. van der Merwe en ds. J. Steyn

TEOLOGIESE PROFESSORE EN DOSENTE

Proff. drr. B.J. Engelbrecht
F.J. van Zyl
A.D. Pont
J.I. de Wet
J.P. Oberholzer
G.M.M. Pelser

c. EMERITI/EERVOL ONTSLANE PROFESSORE EN PREDIKANTE
(met adviserende stem)

Ds. P.J.J. Venter
Ds. T.F.J. Dreyer (Sr.)
Prof. H.P. Wolmarans
Prof. C.H. Rautenbach

d. DIE ADMINISTRATEUR
(met adviserende stem)

Mnr. A.B. van N. Herbst.

e. MET VERSKONING IS AFWESIG

Di. C.J. Smit
N.M.J.S. Heyneke
J.P.B. Blignaut
A.J. Zwarts
J.M. de Wet
J.H. Viljoen
E. Engelbrecht
Prof. S.P.J.J. van Rensburg
Ds. F.J.Z. Booysen
Dr. S.J. Prins
Ds. H.R. Visser
Oudl. C.J. van Deventer van Vryheid.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR TEEPOUSE.

3. Nadat enkele geloofsbriewe ter vergadering in orde gebring is word die vergadering wettig saamgestel.

B. BENOEMING VAN STEMOPNEMERS EN TELLERS

Die volgende broeders word benoem:

Diakens	Barnard	Ouderlinge	Conradie
	Mulder		Steenkamp
			Barnard
			Fouche
			Swanepoel
			Van der Merwe

C. VERKIESING VAN MODERAMEN

Die vergadering stem vir 'n Voorsitter.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Groete en goeie wense is van die volgende ontvang en van kennis ge= neem:

Teologiese Vereniging Van der Hoff, Brits,N.H.S.V. Alberton, Ouderling L.C. van den Berg, prof. S.P.J.J. van Rensburg, dr. J.M. de Wet en ds. G.H.J. Gijmink.

Telegramme van seënwense is ook ontvang van:

Hartebeespoort, Van der Hoff, N.H.S.V. Hartebeespoort, Voortrekkerhoog= te, Johan van Wyk, Alberton, familie Barnard.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Verlof vir afwesigheid word toegestaan aan:

Oudl. A.S. v.d. Merwe, Ebenhaezer	Vir 27 en 28 April
Ds. J.H. Koekemoer	vir 25 April
Ds. A.D. Botha	vir 25 April
Ds. J.J. du Toit	vir 25 April nm.
Oudl. G.C. van Staden	vir 25 April nm.
Ds. W. van der Westhuizen	vir 26 April
Ds. S.E. Young	vir 26 April
Ds. F.J.H. Buitendag	vir 26 April
Prof. P.S. Dreyer	Verskillende dae vir sekere tye (lesings)
Prof. A.P. Grové	Verskillende dae vir sekere tye (lesings)
Ds. J.A. Loader	Verskillende dae vir sekere tye (lesings)
Prof. J.I. de Wet	vir 25, 26 en 27 April (saans).
Oudl. P.P. Schutte	namiddae - 4.15 tot 5.30.
Ds. G. Velthuysen	25 en 26 April (gedeeltelik)
Oudl. H. Everts	30 April en 1 Mei
Oudl. S.D.A. Roos	vir 25 April nm.
Ds. C.L. Badenhorst	25 April (aand)

Oudl. N.P. Gouws — vir 30 April tot die einde van die vergadering

Oudl. J.P.J. Coetzer — vir 27 April.

C. VERKIESING VAN MODERAMEN

'n Herstemming vind plaas tussen proff. F.J. van Zyl en J.P. Oberholzer. Prof. J.P. Oberholzer is verkies. Hy word deur die aftredende Voorsitter gelukgewens.

Die aftredende Voorsitter, ds. A.J. Nolte, stel die volgende:

Hy bedank die vergadering dat hy vir 19 jaar as lid van die Moderamen en vir die afgelope 9 jaar as Voorsitter kon dien. Hy het hierdie werk as roeping gesien en aanvaar. Hy is jammer dat hy nie sy weg kon oopsien om verder hierdie werk te doen nie. Dit is fisies net nie meer moontlik nie - ook nie sy werk in sy gemeente na behore te doen nie. Dit lyk vir hom asof die einde van sy pad as bedienaar van die Woord aangebreek het. Hy bedank ook die Kerkraad van Melville vir hulle welwillendheid teenoor hom.

Hy oorhandig die stoel aan prof. J.P. Oberholzer en wens hom die beste toe vir sy werk.

Die Voorsitter, prof. J.P. Oberholzer, bedank ds. A.J. Nolte vir sy leiding in die Kerk. Dit was altyd 'n vreugde om onder hom te dien. Die werk van die Kerk het goeie voortgang onder hom gehad.

Dit is die bede van die Vergadering dat God dit sal beskik dat sy gesondheid sal verbeter.

Hy bedank die Vergadering vir die vertroue wat in hom gestel is. Hy weet dat die Kerk (en só ook elke Kerk) 'n moeilike tyd tegemoet gaan. Hy sal sy bes doen om met die hulp van die hele Kerk, na die beste van sy vermoë, in diens van die Kerk te staan.

Die vergadering stem vir 'n Skriba.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR MIDDAGETE.

GOEDGEKEUR EN GETEKEN NA ETENSPOUSE OP 26 APRIL 1973

VOORSITTER (W.G.) J.P. Oberholzer

SKRIBA (W.G.) P.M. Smith

MIDDAGSITTING 25 APRIL

KONSTITUERING

Prof. E.S. Mulder en dr. P.W. Venter kom ter vergadering.

C. VERKIESING VAN MODERAMEN

Ds. P.M. Smith word verkies as Skriba. Die vergadering stem vir 'n vise-voorsitter.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Meegevoel word uitgespreek met ds. W.J. van der Westhuizen wie se swaer oorlede is.

Ds. J.J. Smit sal die vergadering slegs vandag bywoon daar hy môre vir 'n operasie in 'n hospitaal opgeneem word.

B. AANSTELLING VAN STEMOPNEMERS EN TELLERS

Die vorige vergadering het besluit dat die stemopnemers, stemme sal tel as daar gestem word deur die opsteek van hande maar dat die per= soneel van die Administrateur stembriefies sal tel. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering stel dit weer voor.

Die voorstel van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word die besluit van die vergadering.

D. NOTULEHOUERS

Die Kommissie het as notulehouers aangestel: Die Vise-Skriba, die Administrateur en oudl. J.C. Oelofse.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Ds. J.P.B. Blignaut en ds. A.J. Zwarts kom in die vergadering.

Die vergadering neem kennis dat ds. A. Ras afwesig is weens on= gesteldheid.

A. REGLEMENT VAN ORDE

BESLUIT: Kennis geneem.

B. KOMMISSIE VIR ORDE

Ds. G.J.J. Roos (sameroeper), ds. C.G. Botha en oudl. J.P. van den Berg word as Kommissie vir die Orde aangestel.

C. DIE NOTULE VAN DIE VERGADERING

Die notule van die middag- en aandsittings van die vorige dag en van die oggendsitting daarna sal beskikbaar gestel word tydens die oggend teepouse van die volgende dag en sal vir goedkeuring gestel word net na die etenspouse. Die notule sal by behandeling as gelese beskou word. Alle lede van die vergadering is mede-verantwoordelik vir die korrektheid van die notule.

D. SITTINGSURE

Die volgende sittingsure word bepaal:

Oggendsitting 9.00 vm. - 12.45 nm. met teepouse 10.45 - 11.15 vm.
Middagsitting 2.30 - 5.30 nm. met teepouse 3.45 - 4.15 nm.
Aandsitting 7.30 - 9.30 nm.
SATERDAG sal daar geen middagsitting wees nie.

E. AFHANDELING VAN DIE AGENDA

Kennis geneem.

F. KOMMISSIE VIR FORMULERING

Ds. C.L. v.d. Berg, proff. drr. J.I. de Wet en A.D. Pont word aangestel om behulpsaam te wees met die formulering van voorstelle soos in punt 7 van die Reglement van Orde bepaal word.

KONSTITUERING

C. VERKIESING VAN MODERAMEN

Na 'n herstemming tussen prof. F.J. van Zyl en dr. C.J. Mans word prof. van Zyl tot vise-Voorsitter verkies.

Die vergadering stem vir 'n vise-Skriba. Dr. C.J. Mans is verkies.

Die vergadering is nou wettig gekonstitueer en gaan voort met sy werksaamhede.

E. WYSIGING VAN DIE BEPALINGS

BESLUIT: Die woord "gekonstitueerde" in artikel 12,5 word vervang met die woord "saamgestelde".

Artikel 12,6 word hernommer tot artikel 12,6(1).

Die volgende artikel word as artikel 12,6(2) ingevoeg:

"(2) Na die verkiesing van die Moderamen is die ver= gadering wettig gekonstitueer en gaan met sy werksaamhede voort."

F. Die voorafgaande besluite word deur die vergadering bekragtig (tot op bladsy 4 van die agenda).

ORDE /.....

ORDE VAN DIE VERGADERING

Verlof vir afwesigheid word toegestaan aan:

Dr. W.C. van Wyk	vir middag van 25 April
Ds. S.J. Swanepoel	vir 27 April (aand) en 28 April.
Diak. C.J. van Vuuren	vir 27 April (aand) en 28 April.
Ds. P.D. Smit	vir 28 April
Oudl. C.J. Buitendag	vir 28 April
Oudl. S.J. Gouws	vir Woensdag 25 April (aand), 26 April (middag) en 27 April (aand).
Ds. A. Ras	weens siekte tot volgende week
Ds. N.M.J.S. Heyneke	totdat hy herstel het.

I. DIE KERK

A. NAAM VAN DIE KERK

1. PLEKBEPALING

BESKRYWINGSPUNT =I-1= "Die vergadering is van mening dat daar weer oor die naam van die Kerk besin moet word, veral ten opsigte van die plek= bepaling.
Die vergadering wil egter geen voorstel oor 'n ander naam maak nie."
(Ring van Potchefstroom).

BESLUIT: 1. Die beskrywingspunt word aangeneem.

2. Dit word aan die Algemene Kommissie opgedra om na oorleg met die Raad vir Regsadvies 'n rapport aan die volgende Algemene Kerkvergadering voor te lê. Die rapport sal vroegtydig aan die ge= meentes voorgelê word.

KONSTITUERING

VII. E. AMPTELIKE VERGADERINGS

Die vergadering stem vir twee predikantelede op die Algemene Kommissie. Prof. B.J. Engelbrecht en dr. P.J.T. Koekemoer is verkies.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Goeie wense is ontvang van: Volksrust, G.C.J. van Vuuren, Wolmarans= stad en Vereeniging.

I. DIE KERK/.....

A. NAAM VAN DIE KERK

BESKRYWINGSPUNT =I-2= "Die vergadering besluit dat geen af= kortings wat aan die naam van die Kerk gekoppel word, óf in die spreek- en skryftaal gebruik word nie." (Kerkraad van Virginia).

BESLUIT: Die vergadering besluit om nie die beskrywingspunt in behandeling te neem nie.

B. KERK IN RHODESIË

1. ALGEMENE KERKVERGADERING 1970

Die 56ste Algemene Kerkvergadering het die volgende voorstel van die Ring van Rhodesië behandel:

"Dat die moontlikheid ondersoek word om aan die Kerk in Rhodesië 'n status toe te ken wat sal meebring dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Rhodesië 'n selfstandige organisatoriese eenheid met 'n eie kerknaam, eie aan Rhodesië sal wees en dat die benaming 'Rhodesiese Hervormde Kerk' of te wel vertaald 'Rhodesian Reformed Church' aan hierdie deel van die Kerk gegee sal word."

Die vergadering het besluit:

"Die vergadering besluit in beginsel om die mate van self= standigheid aan die Kerk in Rhodesië te gee, wat voldoende sal wees om die gestelde doelwitte te verwesenlik, en ver= leen volmag aan die Algemene Kommissie om die nodige stappe te dien effekte te neem.

Die Ring van Rhodesië sal bekend staan as DIE RHODESIESE HERVORMDE KERK, te vertaal as THE RHODESIAN REFORMED CHURCH."

2. KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Kommissie het as volg daaroor besluit:

"Die Kommissie spreek die mening uit dat die Ring van Rhodesië sy opdrag kragtens Artikel VII.1.a. van die Bepalings in die vervolg kan interpreteer in die lig van die besluit van die Algemene Kerkvergadering wat sal inhou dat die Ring en die Kerk in Rhodesië in die praktyk sal optree as 'n selfstandige organisatoriese eenheid.

Die Ring kan besondere bepalings voorstel vir opname as 'n bylae by die Wet en Bepalings na goedkeuring deur die Kom= missie. Origens bly die gemeentes in Rhodesië ten volle deel van die Kerk. Eiendomme kan geregistreer word op naam van die Rhodesian Reformed Church en met hierdie doel sal die Administrateur 'n besoek aan Salisbury bring en die nodige reëlings tref."

Oor die/.....

Oor die bepaalde voorstelle van die Rhodesiese Hervormde Kerk is as volg besluit:

a. Toestemming is verleen dat briefhoofde en kwitansieboeke ge= druk kan word met die naam "Rhodesiese Hervormde Kerk" daarop.

b. Die besluit van die Algemene Kerkvergadering is so uitgelê dat die name van gemeentes ook betrokke is by die verandering van die naam van die Kerk in Rhodesië.

c. Goedkeuring is verleen aan 'n versoek van die kerk in Rhodesië dat die afvaardiging na die jaarlikse Ringsver= gadering gewysig kan word sodat elke gemeente geregtig sal wees op drie afgevaardigdes waarvan minstens twee ouderlinge sal wees.

d. Die reëling in verband met die registrasie van eiendomme is nog nie afgehandel nie.

Kennis geneem.

3. KERKWET IN ENGELS

BESKRYWINGSPUNT =I-3= "Dat die Algemene Kerkvergadering die vertaling van die Kerkwet in Engels, wettig."
(Ring van Rhodesië).

Die beskrywingspunt word aanvaar.

'n Konsepvertaling is van die Rhodesiese Hervormde Kerk ontvang.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het dié konsep= vertaling na die Raad vir Regsadvies verwys vir 'n aanbeveling. Die Administrateur het reeds voorheen 'n vertaling gereed gemaak. Uit die twee konsepte moet een vertaling gereed gemaak word.

Kennis geneem.

II. DIE GEMEENTES

A. GETAL GEMEENTES

Sedert die vorige Algemene Kerkvergadering is van die volgende nuwe stigtings kennis geneem:

1970 Bloemfontein-Wes, Wonderboom-Suid, Magaliesmoot.

1971 Sasolburg-Suid.

1972 Wynberg, Bellville, Tygerberg, Stellenbosch, Kempten, Swartkop en Springs-Pollakpark.

1973 Potgietersrus-Wes.

Die twee gemeentes in Zambië, t.w. Lusaka en N'Kana is in 'n proses van ontbinding weens die vertrek van die lidmate uit die gebied.

Op 31 Desember 1972 was daar 254 gemeentes (die gemeentes in Zambië is nie bygetel nie.

Kennis geneem.

B. SELFSTANDIGE AFDELINGS EN BESONDERE GROEPE

1. Die vorige Algemene Kerkvergadering het 'n beskrywingspunt be= handel wat lui:

> "Daar bestaan na die mening van die Ringskommissie 'n leemte in die Kerkwet wat ons graag onder u aandag wil bring: In gebiede waar gemeentes baie uitgestrek is word soms 'selfstandige afdelings' gestig. Die Kerkwet maak egter geen voorsiening in hierdie verband nie."

Die vergadering het besluit:

> "Dit word aan Kerkrade oorgelaat om na die eis van prak= tiese omstandighede reëlings te tref om probleme in uitgestrekte gebiede die hoof te bied."

2. Die volgende gebiede ontvang besondere aandag:

a. DE AAR

Die gebied word vanuit Bloemfontein-Wes deur ds. G.C. van Staden as 'n selfstandige afdeling behandel. Dit beweeg in die rigting van stigting.

Kennis geneem.

b. BOTSWANA

Die lidmate word vanuit die Ring van Zeerust deur ds. S.E. Young bearbei.

Kennis geneem.

c. ANGOLA

Die lidmate word vanuit Tzumeb deur ds. J.J.C. du Plooy bearbei.

BESLUIT: Dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in samewerking met die Kerkraad van Tzumeb sal besin of daar wel voortgegaan moet word met die huidige wyse van bearbeiding van die lidmate in Angola.

d. GRENSPOSTE

Die lidmate by die grensposte word deur die Weermag en Polisiekapelane bearbei.

Kennis geneem.

e. ZAMBIë

Die lidmate is periodiek deur predikante uit die Republiek van Suid-Afrika besoek met ds. J.F. Mouton as die skakel= persoon. Daar is nog net 'n klein getal lidmate oor en dit word al moeiliker om die nodige dokumente vir sulke besoeke te bekom.

Kennis geneem.

f. BUITELAND

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n oor= eenkoms aangegaan met ds. O.S.H. Raubenheimer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Europa om sover as moontlik die geestelike versorging van lidmate van ons Kerk, wat vir 'n geruime tyd in Europa moet vertoef, waar te neem.

BESLUIT: 1. Dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergade= ring aandag sal verleen aan die bearbeiding van ons Kerk se lidmate in die buiteland.

2. Dat die vergadering sy dank teenoor ds. Rauben= heimer uitspreek.

C. GEMEENTEGRENSE

1. RINGSVERSLAE

Uit die ringsverslae blyk dit dat daar voortdurend aanpassings gemaak moet word wat gemeentegrense betref.

2. BEVOEGDHEID VAN RINGSKOMMISSIES

Die vorige Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van die volgende mededeling van die Kommissie van die Algemene Kerk= vergadering:

"Op navraag van die Ring van Germiston het die Kommissie geantwoord dat die Ringskommissie bevoeg is om die grense van gemeentes te wysig in ooreenstemming met artikel 19(2), ook al sou een of meer van die betrokke kerkrade homself teen 'n wysiging uitspreek. Die Ringskommissie is egter versoek om indien daar skerp geskille voorkom oor die grenswysiging, liewer die Ringsvergadering te raadpleeg."

Die Ring van Pretoria rapporteer in hulle verslag, met die bedoeling dat reëlings getref sal word, om so 'n "skaakmat-situasie" die hoof te bied:

"Die/.....

"Die Ringskommissie het gedurende die afgelope jaar voort= gegaan met hulle ondersoek na gemeentegrense. Ongelukkig moes die kommissie hulle dikwels vasloop teen 'n te gemeente= sentriese denke by sommige gemeentes. Die kommissie het hulle steeds in hulle ondersoek laat lei deur artikel 19(3) van die Bepalings van die Kerkwet.

Artikel 19(2) bepaal dat die Ringskommissie bevoeg is om wysiginge aan gemeentegrense aan te bring op versoek van die betrokke Kerkraad en na raadpleging van die Kerkrade van be= trokke gemeentes. Indien die Ringskommissie in hulle ondersoek aan die hand van artikel 19(3) van mening is dat 'n grens gewysig moet word en die betrokke Kerkraad rig nie sodanige versoek nie, is die hande van die Ringskommissie gebind en kan geen verdere stappe oorweeg word nie. Indien lidmate van 'n betrokke gebied aan die hand van arti= kel 19(3) 'n Kerkraad sou versoek om 'n gemeentegrens te wysig en die betrokke Kerkraad stem nie daarmee in nie, al is dit noodsaaklik, kan so 'n grenswysiging nie aangebring word nie.

Die probleem wat die Ringskommissie met die wysiging van gemeentegrense het is dat artikel 19(2) bepaal dat dit alleen op versoek van 'n Kerkraad kan geskied.

Gesien artikel 19(3), wat bepaal wanneer die wysiging van gemeentegrense noodsaaklik is, wil die Ringskommissie aanbeveel dat die betrokke artikel so gewysig word dat die Ringsvergadering ook die bevoegdheid moet hê om in die lig van artikel 19(3) gemeentegrense te wysig - altyd na raad= pleging van die betrokke gemeentes."

BESLUIT: Artikel 19(2) van die Bepalings word gewysig deur net na die woorde "hierdie grense" die woorde "op versoek van die Ringsvergadering en ....." in te voeg.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR AANDETE

AANDSITTING 25 APRIL

AMPTELIKE OPENING

Die vergadering kom om 7.30 nm. byeen vir die amptelike opening.

In die vergadering is teenwoordig:

Ds. J.E. Potgieter	(Scriba Sinodi, Nederduitse Gereformeerde Kerk).
Ds. M.J. Booyens	(Gereformeerde Kerk).

Prof. en/.....

Prof. en mev. E.M. Hamman	(Rektor, Universiteit van Pretoria).
Dr. J.L. van Staden	(Vise-rektor, Onderwyskollege van Pretoria).
Dr. J.T. van Wyk	(Sekretaris van Nasionale Opvoeding).
Dr. en mev. A.J. van Zyl	(Direkteur van die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys).

Mev. Nolte en mnr. en mev. C. Nolte, kinders van ds. en mev. A.J. Nolte.

Die aftredende Voorsitter neem sy plek voor die kateder in en spreek die votum uit. Hy laat sing Ps. 89:1 en 6, lees II Tim. 4:vv, laat sing Ges. 34:2 en 3, gaan voor in gebed, laat sing Ges. 119:9 en 12 en spreek daarna soos volg na aanleiding van II Tim. 4:1, 2: ".... ver= kondig die Woord".

"Ons lewe in 'n tyd van dialoog. Dit is een van die modewoorde van ons tyd. Een van die dinge waaroor almal praat en waaraan almal graag meedoen.

Dialoog: Dit beteken dat daar gepraat word -

- dat daar oor en weer gepraat word,
- dat die een sy standpunt stel, sy begeertes bekendmaak en
- dat die ander weer sy standpunt en sy begeertes stel en bekendmaak, en moontlik teenoor dié van die ander stel.

Dialoog word gevoer hoofsaaklik omdat daar botsing van standpunte is - omdat die een syne teenoor die ander wil stel. Dialoog word gevoer sodat die een die ander kan oortuig en oorhaal.

Mens kan natuurlik ook die dialoog voer met die uitsluitlike bedoeling om net jou standpunt, jou opvattinge duidelik te laat verstaan - en om die ander s'n ook duidelik te kan verstaan.

Maar dan bly daar nog altyd tog die onderliggende verwagting dat jy die ander sal oortuig en ten minste sy goeie gesindheid sal wen.
Want eintlik is dialoogvoering net die doel om die ander oor te haal na jou toe. En om dit te doen is jy gewillig om ook toe te gee en prys te gee.

Dink aan die dialoog tussen Suid-Afrika en die swart state waaroor in die laaste tyd so baie gepraat word. Waarom doen die swart state daaraan mee?

- Hulle sê openlik omdat dit 'n weg is waarlangs ons van ons beleid van afsonderlike ontwikkeling afgedwing kan word.

- Hulle praat met die doel in die eerste plek nie om ons standpunt te verstaan nie, maar om ons te oortuig van die verkeerdheid van ons opvattings.

Hulle verwag dus toegewings en dis byna onvermydelik dat toegewings gemaak sal word. Want as jy eers begin praat, begin jy naderhand mekaar op 'n manier verstaan - en jy begin toegee!

Ons wil nie nou daarvan praat in hoeverre daar reeds toegegee is nie. Ook nie of dit voordelig of nadelig is nie. Al is daar ook dinge wat mens verontrus. Maar: Dit gaan nie nou daarom nie. Dit gaan net daarom om aan te toon dat dialoogvoering as inherente eienskap het dat mense met mekaar praat, om mekaar se behoeftes en begeertes te hoor en te probeer verstaan, en veral om mekaar te probeer oortuig en oor te haal na jou eie standpunt.

Hierdie dialoogvoering word vandag op baie terreine van die lewe beoefen. Ook op die gebied van die godsdiens vier dit hoogty. Ook daar word geëis dat ons met mekaar praat - om mekaar se standpunte en begeertes te leer ken, verstaan en tegemoet kom. En met standpunte en begeertes word dan in die eerste en eintlike plek bedoel: Die tydelike nodige en behoeftes.

- Wat mense nodig het vir 'n voorspoedige aardse bestaan is van belang.

- Dit moet ons mekaar gun.

- Dit moet ons mekaar gee.

- En ons moet praat,

  . met mekaar, sodat ons mekaar kan verstaan, waardeer, tegemoetkom en help,
  . ons moet toegee aan mekaar.

- Die Kerk moet so optree, die beoefening van die godsdiens moet so wees dat mense aangetrek word omdat die Kerk hulle pleitbesorger word vir die verkryging van allerlei voordele.

Dan is die werk van die Kerk aanneemlik. So wil mense ook tot op groot hoogte in die Kerk die probleem van die buitekerklikes en van die verwilderde jeug benader:

- Daar moet uitgegaan word na die mense toe,
- daar moet met hulle gepraat word,
- daar moet fyn geluister word na hulle behoeftes en hulle node,
- hulle moet verstaan word,
- en wat nog van godsdiens miskien by hulle oorgebly het, moet waar= deer word.
- As daar so kontak gemaak word met die buitekerklikes,met die ver= wilderde jeug, as daar so met hulle gepraat word, as so dialoog gevoer word, kan die Kerk resultate verwag.
- So word vandag in wye kring ook binne die Kerk van ons dag geredeneer.

Nou praat ons tekswoord ook daarvan dat jy met ander kontak moet maak. Dat jy met ander moet praat. Hy sê: "Verkondig die Woord". Maar verkondiging is iets anders as dialoogvoering. Verkondiging van die Woord behels dat jy 'n opdrag uitvoer,

- dat jy kom met tyding wat van 'n ander af kom,
- dat jy dus in sekere sin gebonde is,
- jy kan nie dialoog voer nie,
- redeneer en uitredeneer nie,
- jy kan nie toegee of 'n kompromis maak nie.

Want wat jy spreek is die Woord van 'n Ander een - 'n woord wat jy gehoor het en wat jy dus moet gehoorsaam.

In die Ou Testament word hierdie verkondiging gewoonlik ingelei met: SO SPREEK DIE HERE. Dit is dus nie 'n Woord waaraan toegevoeg kan word of waarvan weggelaat kan word nie.

Met dié Woord tree mens nie in 'n tweegesprek met 'n ander nie. Met dié Woord spreek jy aan. Met dié Woord vra jy nie na die ander se behoeftes nie. Maar jy sê wat die ander se behoeftes is. Want dié Woord is 'n Woord wat in die werklike behoefte van die mens wil en kan voorsien.

Dit is sò, omdat dit 'n Woord is wat van God na die mense toe kom. Om dié Woord te verkondig is nooit 'n ligte saak nie. Dit kan en mag nie halfhartig gedoen word nie. Die Apostel Paulus sien dit as so 'n ernstige saak dat hy Timotheus besweer voor God en die Here Jesus Christus om dié Woord te verkondig.

Inderdaad lê die verkondiging van die Woord in die hartaar van die kerklike bedrywighede. Sonder die verkondiging kan niks van die Kerk tot stand kom nie. Daarsonder kan die Kerk onder mense ook nie bly nie.

Die Here Jesus, die Hoof van die Kerk, het Self die opdrag gegee: Gaan die hele wêreld in, verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Dat hierdie verkondiging ten doel het dat die Woord aanklank in die hart van mense moet vind en uitwerking op die lewe moet hê, word verder ver= duidelik as ons volgens Mattheus lees dat die Here gesê het: Maak dissipels van al die nasies.

Die Woord word verkondig om mense te oortuig - om hulle te oortuig dat hulle diepste nood net by God in Christus Jesus bevredig kan word, en bevredig sal word.

Omdat dit so is kan ons as verkondigers van die Woord nie met mense redeneer nie - om vir hulle te vra wat nodig is, wat hulle wil hê nie. Ons kom nie om na die behoeftes van mense te vra nie, en in die behoef= tes wat hulle voorop stel, te voorsien nie. Maar ons kom as verkondigers van die Woord om aan die mense te sê wat hulle nood is en hoe dié nood verhelp kan word.

Daarom gaan die verkondiging van die Woord gepaard met weerlegging, bestraffing en vorming - die verkondiging van die Woord mag nooit 'n slappe toegee word aan wat mense wil nie, al bly dit ook so dat ons nie hard en hartvogtig met eise kom nie. Maar wat mense wil, wat hulle begeer, kan nie die maatstaf vir die verkondiging wees nie. Mense sal altyd die eise stel dat die verkondiging hulle moet bevredig, dat die verkondiging by hulle begeertes moet inpas en aanpas.

Die apostel waarsku ook in ons teksverband daarteen. Hy sê daar sal 'n tyd wees wanneer hulle gesonde leer nie sal verdra nie maar omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte van leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede.

In sekere sin is die tyd waarvan die apostel hier praat, eintlik alle tye. Dis miskien spesiaal waar van ons tyd. In ons tyd wil mense in hulle gehoor gestreel wees en wil hulle dat na hulle eie be= geertes gespreek word. Die massas hou van 'n kerk wat na hulle begeertes spreek. En 'n groot deel van die georganiseerde Kerk praat ook so. Dié mense dink dat hulle nood is om allerlei tydelike on= geriewe en griewende dinge reg te stel en, wanneer 'n verkondiger hulle gelyk gee, dan is dít vir hulle die regte kerk.

Daarom, so word ook in die Kerk in steeds wyer kring gesê: Moet ons vra na die nood van die mense - in hulle nood moet voorsien word - en dié mense self weet die beste wat hulle nood is.

Daarom moet met die mense gepraat word - daar moet dialoogvoering wees sodat ons hulle nood kan leer ken - dat ons kan leer waar ons verkondiging te kort skiet - en mense afgeskrik word in plaas van aangetrek word.

Broeders, ons hoef nie vir die mense te vra wat hulle nood is nie. Ons weet wat die nood van mense is. Die nood van die mense is nie dat party groter salarisse kry as ander nie. Die nood van die mense is nie dat party harder werk as ander nie. Die nood van die mense is nie dat sommige groter seggenskap het as ander nie. Die nood van die mense word nie opgelos deur gelykskawing en gelyke uitdeling van goed en geleenthede nie.

Maar die nood van die mens is dat hy van God vervreemd geraak het. Dat hy homself gedurig verder van God verwyder. Die nood van die mens is dat hy beter weet as God. Die nood van die mens is dat hy bevrediging vir hart en lewe soek en bykomstige dinge en die eintlike nood moedswillig misken. Die nood van die mens is sy sonde. En daarvan oortuig ons die mense nooit deur dialoogvoering nie.

Want die Woord is die enigste wat nie net weet wat die nood is nie, maar wat ook weet en vertel hoe die nood verlig, verhelp, opgelos, uit die weg geruim kan word.

Die Kerk vra nie vir die wêreld wat sy behoeftes is nie. Die Kerk sê vir die wêreld wat sy nood is. Die Kerk verkondig sonder toegee of slapheid dat die nood van die mens in sy vervreemding van God, in sy opstand teen God, in sy sonde bestaan. Maar tegelyk ook dat die nood van Christus verhelp is, afgewend is. Dit is hierdie Woord wat ons moet verkondig, tydig en ontydig. Of die mense nou al wil luister en of hulle nie wil luister nie - dit maak nie saak nie. Want ons is gestuur om die Woord te verkondig. Ons het dit nie self uitgedink nie, ons het dit gehoor en ons wil dit gehoorsaam."

Na die/.....

Na 'n dankgebed laat ds. Nolte Ges. 10:2 sing en spreek die seën uit.

Hierna verwelkom die Voorsitter al die eregaste.

Op die verhoog was teenwoordig al die lede van die aftredende Kommis= sie van die Algemene Kerkvergadering.

Na afloop van die opening is die eregaste en lede van die vergadering onthaal.

OGGENDSITTING 26 APRIL

OPENING

Ds. W.F. Huyzers neem op versoek van die Voorsitter die opening waar.

Hy laat sing Ps. 146:1 en 8, lees Ps. 95:vv en gaan voor in gebed.

AMPTELIKE OPENING

Die vise-Voorsitter, prof. F.J. van Zyl, spreek namens die verga= dering 'n woord van dank en waardering teenoor die aftredende Voorsitter vir die rede wat deur hom uitgespreek is tydens die amp= telike opening van die vergadering.

BESLUIT: Die openingsrede van ds. Nolte sal in DIE HERVORMER gepubliseer word.

D. TOESTANDE IN EN HULP AAN GEMEENTES

1. RINGSVERSLAE

Uit die Ringsverslae blyk dit dat in die gemeentes van die Kerk dit goed gaan en dat die werk rustig voortgaan. Die volgende knelpunte wat bestaan het of nog bestaan verdien aandag:

a. POTCHEFSTROOM

Dit gaan skynbaar goed in al die gemeentes maar Hartebeesfon= tein is op hierdie stadium bykans 2 jaar vakant en Orkney 1½ jaar. Die dienste word hier deur konsulente waargeneem maar dit is seker nie die gewenste oplossing vir 'n lang tyd nie, veral in Orkney wat 'n snelgroeiende gemeente is.

Kennis geneem.

b. RUSTENBURG

Die gemeente Joachim Prinsloo kon weens 'n afname in die

Platinabedryf/.....

Platinabedryf nog nie daartoe oorgaan om selfstandig te beroep nie. Hierdie gemeente word deur die konsulent vanaf Marikana bedien.

Kennis geneem.

c. ZEERUST

i. COLIGNY

Die gemeente Coligny worstel met ernstige finansiële probleme en vind dit baie moeilik om hulle verpligtinge na te kom, deels vanweê 'n klein getal lidmate. Ten spyte van verskeie besoeke deur die ringskommissie kan 'n oplossing vir die probleem nog nie gevind word nie.

Kennis geneem.

ii. KURUMAN e.a.

Die Ringsgemeentes aanvaar in beginsel om hulle verant= woordelik te stel vir die finansiële verpligtinge van 'n afsonderlike standplaas Kuruman wat verder insluit: SISHEN, POSTMASBURG en UPINGTON.

Kennis geneem.

d. JOHANNESBURG

i. KENSINGTON

Die gemeente word op die oomblik deur ds. H.M.J. Kramer as pastorale hulp bearbei. Die pastorie van die gemeen= te word op die oomblik van mnr. J.P. v.d. Berg gehuur en die Skriba van die gemeente bly daarin. In Maart 1973 verloop die kontrak met mnr. J.P. v.d. Berg. Die kerkbesoek in die gemeente het baie verbeter. Verskil= lende lidmate wat die Kerk verlaat het, het weer terug= gekeer.

BESLUIT: Die Ring van Johannesburg en die Raad van Finansies sal aandag gee aan die verhuring van die saal.

ii. JOHANNESBURG MIDDESTAD

Die gemeente is nou selfstandig (met uitsondering van die huisvesting) en die toestand daar is goed. Met verlange word uitgesien na die bou van die kerklike sentrum in die middestad.

Kennis geneem.

iii. STUDENTEBEARBEIDING

Die studente van die Goudstadse Onderwyskollege word deur ds. D.J. Claassens bearbei.

Ds. J.H. Steenekamp neem die bearbeiding van die stu= dente van die Randse Afrikaanse Universiteit waar. Daar is op die oomblik 48 Hervormde studente by die koshuis van die Randse Afrikaanse Universiteit en 157 Hervormde studente is in 1972 ingeskryf.

By die Goudstadse Onderwyskollege is 162 Hervormde stu= dente.

'n Voltydse studenteleraar in Johannesburg het 'n nood= saaklikheid geword, veral ook omdat volgende jaar (1973) weer 'n nuwe koshuis by die Randse Afrikaanse Universi= teit geopen word. Die nuwe studentegemeente kan miskien gekoppel word aan die gemeente Johannesburg of aan die gemeente Johannesburg-Wes.

'n Ondersoek word ingestel hoeveel Hervormde studente daar by die Witwatersrandse Universiteit is. By die Randse Afrikaanse Universiteit is daar 'n kantoor vir die Hervormde studentepredikant. Ds. Steenekamp hou twee dae in die week daar sitting sodat al die studente hom daar met hulle probleme kan kom sien.

BESLUIT: Hierdie aangeleentheid staan oor.

e. RHODESIË

BESKRYWINGSPUNT =II-1= "Dat die Algemene Kerkvergadering besluit dat 'n vierde standplaas ge= vorm word in Rhodesië vir die uitsluitlike bearbeiding van Engels= sprekendes."
(Ring van Rhodesië).

Die Ringskommissie van Rhodesië het intussen vergader en stel dat hier= die standplaas nie op die oomblik noodsaaklik is nie. Die beskrywingspunt word teruggetrek.

f. SUIDWES-AFRIKA

Die vergadering het gevind dat die vorming van 'n tweede standplaas vir die gemeente Windhoek 'n baie ernstige nood= saaklikheid geword het.

Die probleem wat hier ondervind word is fondse vir die vorming van so 'n standplaas. Daarom is ook besluit dat elke ge= meente in die Ring 'n heffing van minstens R1 per lidmaat per jaar sal plaas om sodoende fondse in te samel vir die eventuele vorming van 'n tweede standplaas vir die gemeente Windhoek.

BESLUIT: Dat die vervoerkwessie van Windhoek hersien word en dat die Administrateur in oorleg met die Ringskommissie van Suidwes-Afrika met die oog op die begroting die finansiële implikasies sal vasstel.

g. BLOEMFONTEIN

Die gemeentes Bloemfontein en Kimberley en die wyk De Aar het die afgelope drie jaar finansiële bystand van die Raad van Finansies ontvang. Die Ring het hiervoor groot dank en waardering en het ook sy heelhartige steun toegesê aan die gedagte van vooggemeentes.

Kennis geneem.

h. PIETERMARITZBURG

Daar is tans 6 standplase vir predikante. 'n Sewende standplaas word aan die begin van 1973 te Vryheid geskep. Die kombinasie Glencoe/Vryheid is aan die einde van 1972 opgesê. Ladysmith en Estcourt sal dan hopelik ook vir die huidige, beter bearbei kan word.

(As Ladysmith en Estcourt kombineer word finansiële steun gevra.)

Empangeni ontvang tans nog hulp uit die Fonds vir Gemeente-Opbou maar ontwikkel na finansiële selfstandigheid.

Kennis geneem.

i. KAAPLAND

Met die opstel van die verslag het nog geen predikant 'n beroep na die kombinasie Dordrecht/Queenstown aanvaar nie. Reëlings word getref om hulp vanuit Bloemfontein te verleen.

Kennis geneem.

j. TRICHARDTSFONTEIN

Die gemeente Amsterdam ontvang ook finansiële hulp om sy kombinasieverpligtinge te kan nakom.

Kennis geneem.

k. HEILBRON

'n Kombinasie bestaan tussen die gemeentes Heilbron en Bethlehem.

Hierdie kombinasie is egter verbreek toe die gemeente Beth= lehem in Desember 1971 selfstandig beroep het.

In Junie 1972 het Bethlehem in kombinasie getree met die gemeente Ficksburg. Hierdie gemeente is dus verantwoorde= lik vir die bearbeiding van die hele Oos-Vrystaat.

(Hierdie kombinasie word finansiëel gesteun en dit sal nog vir 'n geruime tyd moet voortduur.)

Kennis/.....

Kennis geneem.

2. OPNAME OOR HULP AAN GEMEENTES

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n opname gemaak oor finansiële hulp aan gemeentes ook wat die toekoms betref en die reeds genoemde gegewens is hoofsaaklik uit die ondersoek vasgestel.

3. FONDS VIR GEMEENTE-OPBOU

Die Fonds vir Gemeente-Opbou word in stand gehou om te voorsien in sulke behoeftes. Die volgende verslag oor die Fonds word voorgelê met aanbevelings om in die behoeftes te voorsien:

a. STAND EN AANWENDING VAN DIE FONDS

Die Raad van Finansies rapporteer as volg:

i. STAND

Sedert die vorige Algemene Kerkvergadering toe die Fonds tot krediet van die kapitaalrekening R228 632 gehad het, het die Fonds gegroei deur bydraes ten bedrae van R3 499 en uit Heffing R31 500. Dit het die kapitaal rekening gebring op R263 631. Hiervan is die bedrag van R9 716 (Tekort Bystandsfonds) afgeskryf. Dit bring die kapitaalrekening soos op 31 Desember 1972 te staan op R253 915.

ii. RENTE-OPBRENGS

Van die R253 915 kapitaalfonds is R4 250 in die vorm van beloofde kapitaal nog deur gemeentes verskuldig. Van die R4 250 is R4 149 rentedraend en R101 nie-rentedraend.

Daar dien met dankbaarheid op die volgende gelet te word: Op 31 Desember 1969 was die beloofde uitstaande kapitaal R23 974. Die besluit van die vorige Algemene Kerkvergaderings naamlik dat die Ringskommissies self verantwoordelik moet wees vir die insameling het dus ongetwyfeld die uitwerking gehad dat die uitstaande beloofde kapitaal gedaal het van R61 063 (einde 1966) tot R23 974 (einde 1969) - en tot R4 250 einde 1972.

Ontvangbare rente oor die drie jaar het R41 424 beloop. Daar was geen uitstaande rente ten opsigte van beleggings nie maar ten opsigte van rente op die kapitaal wat gemeentes beloof het was daar R463 uitstaande op 31 Desember 1972. Tydens die 1970 Algemene Kerkvergadering was die ooreenstemmende syfer R1 620.

Die 1970 Algemene Kerkvergadering het soos volg in verband met die Fonds besluit:

"Voorsiening/.....

"Voorsiening word gemaak vir die groei van die Fonds deur 'n heffing van 10 sent per lidmaat per jaar.

Die vergadering vestig opnuut die aandag van die gemeentes wat nog rente en kapitaal verskuldig is, op die besluit van die vorige Vergadering en dra Ringskommissies op om toe te sien dat die gemeen= tes hulle verpligtinge nakom.

Renteverdienste van die fonds word verhoog na 6% per jaar.

Die vergadering spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat die tweede insameling in so 'n besondere mate laat slaag het."

iii. AANWENDING

Ontvangbare rente vir die afgelope drie jaar het R41 424 beloop. Hulp aan gemeentes verleen gedurende die drie jaar was soos volg:

GEMEENTE	1970	1971	1972	TOTAAL
Port Elizabeth	4 035	3 897	3 340	11 272
Piet Retief/Pongola	1 200			1 200
Empangeni	2 300	575	2 796	5 671
Kaapstad	562			562
De Aar/Upington		439		439
Dordrecht	1 200	600		1 800
Johannesburg	560			560
Ring van Bloemfontein		3 600	3 600	7 200
Ring van Rhodesië	2 000	3 451	3 000	8 451
Amsterdam		240	20	260
Ring van Maquassi	437			437
Bethlehem			5 000	5 000
Ring van Zeerust vir be= arbeiding in Botswana		63	63	96
	12 294	12 865	17 789	42 948
Min: Terugskrywing van hulptoesegging nie uitbetaal nie				88
				42 860
Administrasiekoste teen R1 000 per jaar				3 000
TOTAAL BESTEE				45 860
Rente ontvangbaar				41 424
OORBESTEE				4 436

OPMERKING VAN DIE RAAD VAN FINANSIES

Die Fonds vir Gemeente-Opbou het die afgelope drie jaar

onder/.....

onder besondere druk verkeer. Alle tekens is daar dat die druk sal toeneem. Indien die Fonds nie aan be= paalde redelike eise kan voldoen nie sal dit ongetwy= feld skade beteken aan die werk van die Kerk. Alhoewel die naam van die Fonds die klem laat val op opbou, kom dit in die praktyk eintlik op opbou en in stand hou neer. Op die Fonds word beroepe gedoen hoofsaaklik wanneer daar twee verskynsels sig voordoen:

- by ontwikkelende gebiede - waar daar oor 'n bepaalde tydvak nog nie voldoende lidmate is om 'n gemeente selfstandig te laat stig nie en

- by gebiede waar (moontlik as gevolg van ontwikke= ling elders) ontvolking plaasvind en gemeentes oor 'n bepaalde tydvak stadig kwyn.

Die rente-opbrengs van die Fonds vir die jaar 1972 was R14 559,89. Daar is ten bedrae van R17 789,13 hulp aan gemeentes verleen plus R1 000 administrasiekoste = R18 789,13.

Tekort vir 1972 dus R4 231,24. Die opgehoopte tekort beloop R9 012,13 tot einde 1972.

Die raming van die behoeftes (met inagneming van 'n verslag van die Kommissie van die Algemene Kerkverga= dering in die verband) per jaar ten opsigte van die volgende drie jaar is soos volg:

Bloemfontein (De Aar ingesluit)	R3 600
Port Elizabeth	3 340
Bethlehem (ingesluit R100 per maand vir pastorie)	6 200
Empangeni	1 800
Dordrecht/Queenstown	1 200
Kimberley	2 400
Rhodesië (huidige)	3 050
Vierde standplaas - Rhodesië	5 000
Vierde standplaas - Suidwes-Afrika	5 000
	R31 590

Die kapitaal van die fonds beloop op 31 Desember 1972 R253 916.

Die Algemene Kerkvergadering het die renteverdienste op 6% gestel en dit beteken 'n opbrengs van R15 235 per jaar. 'n Beraamde tekort van R16 355 per jaar.

Indien 'n fonds opgebou moet word waarvan die rente= opbrengs groot genoeg is om aan die voorsiene behoef= tes te voldoen sal dit (teen 6%) 'n Fonds van ± R530 000 moet wees of (teen 7%) ± R450 000 moet beloop. Om redelik betyds 'n addisionele ± R200 000 in kapitaal

in te/.....

in te vorder sal prakties onuitvoerbaar wees.

AANBEVELING

Die 1970 Algemene Kerkvergadering het voorsiening gemaak vir die groei van die Fonds deur 'n heffing van 10 sent per lidmaat per jaar. Dit het die afgelope drie jaar R31 500 of R10 500 per jaar tot die Fonds gevoeg. Teen die 6% rentekoers wat die Algemene Kerkvergadering daarvoor vasgestel het was die renteverdienste van 'n jaar se groei R630. Dit wil sê 'n toename in die Fonds se hulpkrag van R630 - en dit blyk te min te wees.

Daar word dus aanbeveel dat die opgehoopte tekort van die gehefde toevoeging tot die Fonds (of anders gestel van die kapitaalfonds) afgeskryf word en dat daarna soos volg gehandel word:

Kapitaalfonds 31 Desember 1972	R253 915
Min: Tekorte afgeskryf	9 012
	R244 903

Rente-opbrengs teen 7% instede van 6%	R17 143
Tekort	14 447
Beraamde behoefte	R31 590
HEFFING - 13c INSTEDE VAN 10c	R14 755

Verder word aanbeveel dat indien daar in 'n betrokke siklus van drie jaar 'n oorskot ontstaan, sodanige oor= skot tot die kapitaal gevoeg word.

BESLUIT: 1. Dat die aanbeveling van die Raad van Finan= sies besluit van hierdie vergadering word met die toevoeging dat: Indien 'n tekort sou ontstaan, dié tekort afgeskryf kan word teen die bedrag wat tot die fonds sedert 1970 gevoeg is.

Vanselfsprekend sal in die Begroting dan ook met die verandering wat in die infra-struk= tuur van die fonds kan ontstaan, rekening gehou word.

2. Dat die Raad van Finansies hom tot die gemeentes en lede kan wend om op 'n vrywil= lige basis tot 'n verdere opbou van die Fonds by te dra.

3. Dat die Raad van Finansies ondersoek sal instel na die implikasies van die volgende moontlikhede:

Dat die/.....

Dat die Fonds vir twee termyne sal rus. Bedoelende dat die volgende 6 jaar se heffing en rente by die kapitaal gevoeg sal word sonder dat daar uit die Fonds uitbetaal sal word.

Dat voogdgemeentes se hulp in hierdie tyd= perk die hulpverlening van die Fonds sal vervang.

Dat in oorleg met die predikante van die behoewende gemeentes, die predikante wat bereid is om te help om die voorstel tot uitvoer te bring en die Raad van Finansies 'n nuwe begroting opgestel sal word vir hulpverlening wat nie minder sal wees as die beraming op bladsy 16 van die agenda nie. Dit moet sodanig wees dat die behoewende gemeentes met 'n <u>een= malige bedrag</u> finansiëel selfonderhoudend kan word.

Dat hierdie bedrag voorsien word by wyse van 'n lening deur die Raad van Finansies aan die behoewende gemeente met terugbeta= ling oor tien jaar. Die voogdeenhede sal dan 6 jaar lank hierdie paaiemente maande= liks aan die Raad van Finansies betaal.

Dat die persone wat gewillig is om hierdie voogdeenhede te vind binne 6 maande aan die Raad van Finansies verslag sal doen.

4. <u>OPRIGTING VAN KERKGEBOUE, SALE, PASTORIEë EN AANKOOP VAN GROND</u>

Gemeentes word steeds gehelp met die oprigting van kerkgeboue as dit nie moontlik is om dit uit eie middele te doen nie. Dit geskied op tweërlei wyse:

a. Deur toestemming te verleen om by ander gemeentes te kollek= teer. Die afgelope drie jaar is die vergunning aan Salisbury gegee wat dit ook deeglik benut het. Binne af= sienbare tyd sal hulle in staat wees om hulle kerk te bou.

b. Deur lenings aan gemeentes uit 'n fonds opgebou onder die naam "KERKGELD VIR KERKWERK". Die Raad van Finansies het tot 31 Desember 1972 aan die volgende gemeentes lenings uit die Fonds toegestaan vir óf die oprigting van kerkgebou, sale en pastorie óf vir die aankoop van eiendom:

Alberton-Wes	Durban-Suid
Allanridge	Elandspoort
Bethlehem	Eikenhof
Bloemfontein-Wes	Elsburg
Chipinga	Empangeni
Derdepoort	Glencoe

Grootvlei
Kaapstad
Kempton Park-Oos
Melville
Newlands
Nederlandssprekendes
Odendaalsrus
Oos Moot
Pollakpark
Parkrand
Poahaborwa
Pretoria-Wes
Philadelphia
Randfontein
St. Helena
Stellenbosch
Springs-Oos
Vaalhartz
Villiers
Villieria
Virginia
Voortrekkerhoogte
Vryheid
Witbank-Suid
Witpoortjie
Wespark
Wesmoot
Witfield
Zuurfontein

Sommige van die gemeentes het reeds hulle lening ten volle gedelg. Die bedrag uitstaande op 31 Desember 1972 = R642 221.

Benewens lenings aan bogenoemde gemeentes toegestaan het die Raad van Finansies ook nog die aankoop van die volgende eiendomme gefinansier:

Pastorieë vir studentegemeentes:

Potchefstroom
Philadelphia
Fonteinedal
Stellenbosch.

Hospitaalbearbeiding Johannesburg, Kompilator, Johannesburg-Middestad.

Woonstelle en saalgeboue - Kensington (teruggekoop).

Gronde te Groenkloof, Norkempark.

Woonhuise te Witbank en Claremont (Pretoria).

Die bedrag in die verband gemoeid beloop R235 952.

Lenings word aangegaan teen 'n rentekoers van 8% maandeliks vooruit bereken op die uitstaande bedrag. Delging van rente en kapitaal oor 'n periode van 15 jaar gereken be= loop 96c per R100 per maand.

Die Raad wil sy waardering uitspreek teenoor die instan= sies wat die "KERKGELD VIR KERKWERK"-skema ondersteun deur surplus fondse tot beskikking van die Kerk te stel. Die verkryging van bogenoemde eiendomme en die oprigting van geboue sou anders nie moontlik gewees het nie.

E./.....

E. BESONDERE GELEENTHEDE IN GEMEENTES

Sonder om aanspraak te maak op absolute volledigheid is sedert die vorige Algemene Kerkvergadering van die volgende kennis ge= neem:

1. GEBOUE

Nuwe kerke ingewy

Wynberg
Randfontein
Amsterdam
Barberton
Horison
Bethlehem
Odendaalsrus
Ruskoppies
Grootvlei
Phalaborwa
Randburg
Noordelike Pietersburg
Elsburg
Vaalharts
Allanridge
Vaalwater
Villiers
Evander
Noordrand
Koornfontein
Kemptonpark-Oos
Springs-Oos
Oosmoot

Herboude kerke weer in gebruik geneem

Swellendam
Gwelo
Piet Retief
Vanderbijlpark-Oos

Kerksale

Alberton. (Etlike ander gemeentes se sale vorm 'n deel van 'n gebouekompleks.)

Kennis geneem.

2. FEESVIERINGS

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis ge= neem van die volgende feesgeleenthede in gemeentes:

Messina (50-jarige bestaan)
Stoffberg (25-jarige bestaan)
Roodepoort (30-jarige bestaan)
Stella (25-jarige bestaan)
Zeerust (100-jarige bestaan)
Florida (25-jarige bestaan)
PretoriaWes (25-jarige bestaan)
Melville (25-jarige bestaan)
Waterval Boven (30-jarige bestaan)
Roedtan (10-jarige bestaan)
St. Helena (21-jarige bestaan)
Delareyville (50-jarige bestaan)

Leeudoringstad (25-jarige bestaan)
Boksburg (40-jarige bestaan)
Kroonstad (25-jarige bestaan)
Villieria (25-jarige bestaan)
Marikana (25-jarige bestaan)
Gerdau (10-jarige bestaan)
Potgietersrus (50-jarige bestaan)
Windhoek (21-jarige bestaan)

Kennis geneem.

III. DIE LIDMATE

A. GETAL LIDMATE

1. KERKLIKE GEGEWENS

Volgens die gemeentelike gegewens wat jaarliks verstrek word na die sensusopname is die getal lidmate, belydende lede telkens in hakies, oor die afgelope drie jaar as volg:

1970 - 179 315 (107 778)
1971 - 178 362 (109 240)
1972 - 183 572 (113 498)

Kennis geneem.

2. STAATSENSUS

Volgens die bevolkingsensus van die staat op 6 Mei 1970 word vir die Nederduitsch Hervormde Kerk 224 400 lede aangegee teen= oor die Kerk se eie getal van 178 362 vir 1970. Dit is 46 038 meer as die kerklike gegewens.

Kennis geneem.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR TEEPOUSE

B. SENSUSOPNAME EN ADMINISTRASIE

1. BESTAANDE REëLING

Die 56ste Algemene Kerkvergadering het besluit:

> "... dat 'n omvattende sensus van huis tot huis slegs elke drie jaar gehou sal word gedurende Maartmaand en wel in die jaar voor die Algemene Kerkvergadering byeenkom. In die ander twee jaar word dan slegs sen= sus geneem van Hervormde lidmate en buitekerklikes (insluitende sektes).

2. BESKRYWINGSPUNTE

=III-1= "Die gewone jaarlikse sensus sal ge= handhaaf word, maar die drie-jaarlikse sensus van huis tot huis sal afgeskaf word. In plaas daarvan sal kom" 'Elke ouderling is VOORTDUREND verplig om na nuwe Hervormde intrekkers in sy wyk te soek en om hulle onmiddellik te besoek en te bearbei."
(Ring van Johannesburg).

=III-2= "Die Algemene Kerkvergadering besluit dat die besluit wat met die vorige Algemene Kerkvergadering geneem is in verband met sensusopname so gewysig word dat dit slegs bepaal dat elke jaar in Maart van huis tot huis sensus geneem sal word."
(Ring van Krugersdorp).

BESLUIT: (a) Jaarliks word van huis tot huis sensus gedoen.

(b) Statistieke word alleenlik geneem van lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

(c) Ruimte word gelaat vir adresse van buitekerk= likes wat onder die aandag van die Kommissie vir Buitekerklikes behoort te kom.

(d) Wat betref die tweede deel van die beskrywings= punt van die Ring van Johannesburg, naamlik "elke ouderling is voortdurend verplig om na nuwe Hervormde intrekkers in sy wyk te soek en hulle te besoek en te bearbei", word dit aanvaar as by= komende reëling om die sensus so volledig moontlik te hou.

(e) Die samewerking met die Nederduitse Gereformeerde Kerk betreffende 'n groot evangelisasieveldtog gedurende 1974 word verwys na die inkomende Raad vir Sensus en Statistiek om in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering uit te voer.

(f) Intussen moet die Raad vir Sensus en Statistiek voortgaan met gereelde vergaderings saam met die Ringsuperintendente ten einde die regte voor= ligting te gee.

(g) Ten einde die gemeentelike administrasie behoor= lik in orde te hou, word aanbeveel dat waar enigsins moontlik in 'n gemeente 'n administratiewe beampte benoem word, wat dan tegelyk die werk van koster, skriba, skriba vir registrasie en kassier kan behartig.

(h)/.....

(h) Ringskommissies moet by visitasies besonderlik let op die gemeentelike administrasie.

(i) Skoolkinders in koshuise en dienspligtiges word vir statistiese doeleindes met sensus= opnames, by hulle ouerhuise opgeneem. Die besluite doen geen afbreuk aan die verantwoorde= likheid vir die pastorale versorging deur die Kerkraad waar hulle inwoon nie.

C. BEWEGING VAN LIDMATE

Die vorige Algemene Kerkvergadering het onder andere die volgende besluite geneem vir beter kontrole oor die beweging van lidmate:

a. Dat aan diakens opgedra word om adresse van vertrekkende lidmate te bekom waar enigsins moontlik, sodat dit aan die betrokke gemeentes besorg kan word.

b. Indien 'n lidmaat ses maande gemeentelik onverbonde gelewe het, moet die Kerkraad hom oproep vir 'n pastorale gesprek en kategese.

c. Dat, wanneer die nuwe attestaatvorms gereed is, aan elke ge= meente 'n boek gestuur word.

d. Dat 'n vraag of kerkraadslede die adresse van vertrekkende lidmate probeer opspoor het, in die jaarverslag opgeneem word.

e. Dat die Gedenkkaart wat uitgereik word by aflegging van ge= loofsbelydenis vervang word met die brosjure "WAAROM IS EK LIDMAAT VAN DIE KERK?" soos reeds in talle gemeentes die geval is. Die boekie kan uitgebrei word om te dien as 'n reisende attestaat. Verder sal die boekie nuttig gebruik kan word om vas te stel waar die attestaat is. Lidmate moet reeds by die katkisasie geleer word om hierdie boekie te hanteer ten opsigte van adresveranderings.

BESLUIT: a. Dat, ten einde behoorlike rekord te hou van die lidmatetal en die beweging van lidmate, 'n nuwe gemeenteregister in gebruik kom. Hierdie register word in drievoud voltooi deur die wyks= ouderling. Een afskrif gaan aan die predikant, een in die gemeentelike kantoor, een by die wyks= ouderling. Dit word ingebind in drie stewige omslae. Wanneer lidmate in die gemeente rondtrek van een wyk na die ander word die sertifikaat oorgeplaas na die nuwe wyk se ouderling, sowel as in die predikant se lêer en die in die gemeente= kantoor. Wanneer 'n lidmaat trek na 'n ander ge= meente word die register oorgestuur.

Die register word soos volg ingerig:

NEDERDUITSCH/.....

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

GEMEENTEREGISTER

GEMEENTE .....

WYK .....

Van en voorletters: Br./Str. .....

Woonadres: .....

.....

.....

Posadres: .....

Tel. no. .....

Beroep .....

Volle naam en van	Geboorte= datum	Waar belydenis afgelê. Watter kerk	Datum predikant
Br.			
Str.			

N.B. - Nooiensvan van suster moet ingevul word.

Waar is die attestate van:	Datum oorgeplaas:
Br.	Br.
Str.	Str.

Name van kinders wat nog nie geloofsbelydenis gedoen het nie:

Naam	Geboorte= datum	Waar gedoop	Doop= datum

b./.....

b. Dat 'n reis-attestaat vir lidmate wat as gevolg van hulle werk van plek tot plek verhuis, in gebruik geneem word.

Die reisattestaat sal soos volg ingerig word:

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

REIS-ATTESTAAT

Gemeente .....

Volle naam .....

Identiteitsnommer .....

Geboortedatum .....

Permanente woonadres .....

.....

.....

.....

In watter gemeente is die lidmaat(e) kerklik geregis= treer?

.....

.....

Datum van uitreiking ---------- SKRIBA

c. Dat moontlike wysigings aan die gedenkboekie "WAAROM IS EK LIDMAAT VAN DIE KERK?" administratief afgehandel sal word.

D. REGISTRASIE VAN LIDMATE

1. HANDLEIDING VIR REGISTRASIESKRIBAS

Die vorige Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van so 'n handleiding van die hand van ds. S.P. Viljoen. Na sy oorlye is ds. H.J. Geyser versoek om die werk voort te sit en nuwe voorstelle te oorweeg.

Kennis geneem.

2. REGISTRASIESKRIBAS SE OPTREDE

BESKRYWINGSPUNT =III-3= "Kommer word uitgespreek oor die traag= heid van sommige Skribas vir Registrasie om op aanvraag, attestate van lidmate aan te stuur."
(Kerkraad Villieria).

BESLUIT/.....

BESLUIT: Die beskrywingspunt van Villiera word die besluit van die vergadering.

IV. DIE ROEPING VAN DIE KERK

Onder hierdie hoof word geen punte vir bespreking aangebied nie aan= gesien dit 'n samevatting is van wat in die volgende hoofstukke be= handel word.

Kennis geneem.

V. DIE AMPTE

A. DIE PASTORAAT (DIENAARS VAN DIE WOORD)

1. STERFGEVALLE

Sedert die laaste Algemene Kerkvergadering is die volgende dienaars van die Woord oorlede:

a. J.J. STRYDOM

Georden - 8 Januarie 1932 te Zwartruggens, eervol ontslaan 1934, oorlede 9 Mei 1970.

b. C.H. MULLER

Georden - 9 April 1938 te Pietersburg, Groot Marico 1941, Delmas 1945, Otjiwarongo 1955, Zuurfontein 1958, Kemptonpark-Oos 1965, oorlede 16 Junie 1970.

c. P.S. GROBLER

Georden 28 Mei 1922, Krugersdorp 1922, Kensington 1943, Newlands 1951, emeritus 1968, oorlede 22 September 1970.

d. S.P. VILJOEN

Georden - Desember 1936, Durban, Zeerust 1939, Brixton 1944, Wonderfontein 1952, Lydenburg 1956, Delmas 1963, oorlede 11 Junie 1971.

e. Verder is ook verneem van die oorlye van G.E. Alers in 1971 wat predikant was in Germiston 1921, Lichtenburg 1923, Gwelo 1930 en in 1932 terug is na Nederland.

f. Verskillende predikantsgesinne is ook deur die dood getref waar 'n predikantsvrou of ander familiebetrekkings oorlede is.

Kennis geneem.

2. UITTREDES

Die volgende predikante het uitgetree:

1970 J.P. Jacobs (bedank); E.S. Mulder (emeritaat).

1971 W.F. Huyzers (emeritaat) - tans pastorale hulp in Laeveld.

1972 F.J.Z. Booysen (emeritaat); G.C. Coetzee (emeritaat); F. van Oosten (bedank); J.S. Marais (bedank); J.F. Stutterheim (emeritaat); J.J. Booyse (bedank); G.P.J. Grobler (emeritaat) - sedertdien weer toegetree as predikant van Greylingstad; P.J.J. Venter (emeritaat); S.P.J.J. van Rensburg (emeritaat).

Kennis geneem en BESLUIT: Dat op 'n predikantevergadering besin sal word insake: "SIELSORG VIR DIE SIELSORGER".

3. BENOEMINGS

Twee predikante, J.P. Oberholzer en G.M.M. Pelser, is benoem tot hoogleraars in die Godgeleerdheid.

Kennis geneem.

4. STUDIEVERLOF

Die volgende predikante is met studieverlof:

F.H. van der Merwe (pastorale hulp in Kempten en Witfield); ds. J. Steyn. Ds. J.J. Engelbrecht (jnr.) en ds. S.G.A. Golden was met studieverlof oorsee maar is weer terug en beroep na gemeentes.

Kennis geneem.

5. TOETREDES

1970 A.J. Swart; P.J. van der Merwe (tydelik-deeltyds); J.A. Loader (tydelik-deeltyds); T.F.J. Dreyer; A.D. Botha; S.P. Pretorius; P.R. Prinsloo; J.J. Steenkamp (nie geordeen nie, studeer verder); D.J.P. Stoltz; P.S. van Staden en P.J. Fouché.

Prof. dr. W.C. van Wyk, wat voorheen proponent was, het ook in tydelik-deeltydse hoedanigheid toegetree.

1971 H.J. Bolsenbroek; F.J. Boshoff; B.J. Erasmus; J.P. Naudé; W.J. Slabbert; H.T. van Deventer; W.C.J. van Rensburg; G.J. van Staden; P.M. Venter en J.P. Verster.

1972 W.J. van der Westhuizen; S. Schutte; L.J. Steenkamp; D.J./.....

D.J. Müller en J.A. van Biljon.

1973 F. Houwert en T. van Oosten.

Daar is tans 180 diensdoende predikante in die Kerk benewens die 6 hoogleraars in die Godgeleerdheid.

Kennis geneem. Die broeders word verwelkom.

6. VOORHEEN UITGETREE

Die volgende dienaars van die Woord wat met behoud van "predikantstatus" uitgetree het of met emeritaat is, is nog in lewe (benewens die reeds genoemdes).

D.F. Erasmus (Sr.); H.P. Wolmarans; S.P. Engelbrecht; T.F.J. Dreyer (Sr.); A. Brandt; M.S. Grobler; C.H. Rautenbach; W. van Bergen; P.S. Dreyer en S.J. Prins.

Kennis geneem.

VI. AMPTELIKE VERGADERINGS

Die vergadering stem vir 'n secundus vir prof. J.P. Oberholzer.

'n Herstemming vind plaas tussen di. C.L. v.d. Berg, G.J.J. Roos en prof. J.I. de Wet.

'n Herstemming vind plaas tussen di. C.L. van den Berg en G.J.J. Roos.

Ds. C.L. v.d. Berg is verkies as secundus vir prof. J.P. Oberholzer.

Die vergadering stem vir 'n secundus vir ds. P.M. Smith. 'n Herstemming vind plaas tussen ds. G.J.J. Roos en prof. J.I. de Wet.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Di. N.M.J.S. Heyneke, E. Engelbrecht, C.J. Smit en Ouderlinge G.J. van Vuuren en F. Labuschagne het ter vergadering gekom.

Telegramme van seënwense is ontvang van: Marikana en Durban.

Verlof vir afwesigheid word toegestaan aan:

Ds. N.H. Buitenweg	7.30 tot 8.00 nm. - 26 April.
Ds. J.A. van Biljon	11.15 vm. tot 7.30 nm. - 26 April.
Ouderling F. Labuschagne	vir alle dagsittings.
Ouderling R.P.D. Keogh	vir 25 April en 26 April
Ouderling J.L. Barnard	vir 28 April.
Ouderling B. Botha	vir 30 April.
Ds. C.L. v.d. Berg	26 April (aandsitting).
Ouderling H.C. Barnard	vir 26, 27 en 28 April.
Ds. G.J. van Staden	vir 28 April.
I. Mioch	vir 30 April en 1 Mei

Ouderling/.....

Ouderling H.J. Putter	vir 28 April
Ds. G.J. van Staden	vir 26 April (4.15 tot 10.30 nm.)
Ouderling C.J. Scheffer	4.30 tot 7.30 nm. op 26 April
Ouderling N.J.C. v.d. Westhuizen	- vir 28 April
Diak. J.S. Hendriks	vir 27 en 28 April
Ouderling D.J. Erasmus	vir 26 April (middag) en 27 April tot 4 Mei (saans).
Ds. S.E. Young	vir 26 April (middag) tot 28 April.
Ds. D.B. Snyman	vir 26 April (2.30 tot 3.30 nm.)
Oudl. M.A. Ernst	vir 27 en 28 April
Ds. J.P.B. Blignaut	vir 27 en 28 April
Ouderling C.W.H. Hoek	vir 26 April (2.30 tot 5.30 nm.)
Ds. J.J.C. du Plooy	vir 27 April (10.45 vm. tot 7.30 nm.)

DIE VERGADERING VERDAAG VIR MIDDAGETE

GOEDGEKEUR EN GETEKEN NA ETENSPOUSE OP 27 APRIL 1973

VOORSITTER (W.G.) J.P. Oberholzer

SKRIBA (W.G.) P.M. Smith

MIDDAGSITTING 26 APRIL

NOTULE

Die notule van die oggendsitting op 25 April word na enkele wysig= ings goedgekeur en geteken.

7. TOELATINGS EN BEROEPE

a. VOLTYDSE BEDIENING

Onder punt 5 hierbo genoem word die name van persone ge= vind wat toegetree het vir voltydse bediening:

i. Uit eie opleiding	21
ii. Hertoegelaat of terug na studieverlof	3
iii. Uit susterkerke	2

BESKRYWINGSPUNT =V-1=

"Die vergadering wil 'n vorige beskry= wingspunt herhaal: Alvorens 'n afgesette predikant van ons Kerk of 'n teologiese kandidaat, proponent of predikant van 'n susterkerk wat in ons Kerk beroepbaar gestel wil word, beroepbaar gestel word, sal daar eers geleentheid aan Kerkrade gegee word om besware, indien enige, in te bring."
(Ring van Middelburg).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

BESKRYWINGSPUNT =V-2=

"Die vergadering besluit dat geen afge= sette predikant van een van die ander twee Afrikaanse Kerke, in die Nederduitsch Hervormde Kerk opgeneem sal word nie, tensy die predikant in sy eie Kerk in ere herstel is nie."
(Kerkraad Ebenhaeser).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

Verder word verwys na die verslag van die Ring van Pretoria wat vra dat iemand uit 'n susterskerk alleen deur die Algemene Kerkvergadering toegelaat kan word.

BESLUIT: Die voorstel word verwerp.

Die vergadering besluit dat in elke geval waar iemand uit 'n ander kerk aansoek om toelating tot die amp doen, daarvan aan al die

Ringskommissies/.....

Ringskommissies kennis gegee sal word. Die Ringskommissies sal dan die geleentheid hê om besware of aanbevelings, indien enige, by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in te dien.

BESLUIT van die Algemene Kerkvergadering van 1970

"Persone wat uit die amp onthef of afgesit is of wat uit 'n susterskerk afkomstig is sal voor toe= lating die volgende indien:

'n Bewys dat hy die Baccalaureus Divinitatis-eksamen van die Universiteit van Pretoria of 'n daarmee in alles gelykstaande eksamen van 'n erkende universiteit met goeie gevolg afgelê het.

'n Bewys in die vorm van 'n Akte van Ordening of soortgelyke bewys dat hy inderdaad 'n diens= doende predikant van die betrokke susterskerk is."

BESLUIT: Dat die formulering soos volg sal wees: "Die Kerk sal vereis dat so 'n persoon 'n Baccalaureus Divinitatis-eksamen van die Universiteit van Pretoria OF 'N DAARMEE GELYKWAARDIGE eksamen van 'n erkende Universiteit met goeie gevolge afgelê het."

b. DEELTYDSE BEDIENING

i. PASTORALE HULP MET BEPERKTE BEVOEGDHEID

Die vorige Algemene Kerkvergadering het die handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die verband goedgekeur.

In hierdie kategorie is ds. F. Houwert uit die Neder= lands Hervormde Kerk toegelaat om in die Nederlands= sprekende gemeente te arbei totdat die Kerkraad weer 'n persoon daarheen beroep het.

Kennis geneem.

ii. TYDELIK-DEELTYDSE PREDIKANTE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering doen soos volg verslag:

"1. AGTERGROND

a. DIE ALGEMENE KERKVERGADERING 1970 HET BESLUIT

'1. Die Kerk kan enige persoon wat dié bevoegd= heid het om dienaar van die Woord in die Kerk te wees vir 'n besondere taak op deeltydse basis gebruik. Aan so 'n

persoon/.....

persoon sal bevoegdheid van Woord- en sakramentsbediening vir die duur van so 'n besondere taak verleen word.

2. Die vergadering dra aan 'n studiekomitee op om ondersoek in te stel na 'n verdere differensiasie van die amp van dienaar van die Woord.'

UITLEG VAN BESLUIT

1."Die besluit geld persone wat die bevoegdheid besit om dienaar van die Woord in die Kerk te wees, en sluit dus diegene uit aan wie die bevoegdheid ontneem is deur die Bepalings, byvoorbeeld persone wat lid is van die parlement of provinsiale raad.

2. Die besluit bring geen verandering mee ten opsigte van die huidige Bepalings oor oorgang na 'n ander lewensstaat nie.

3. In aanmerking vir die dienswerk waarvan die besluit spreek, sal dus alleen kom persone wat oor die nodige opleiding beskik, en nog nie tot die evangeliebediening toegelaat is nie, of reeds toegelaat is maar nie in 'n vaste werkkring bevestig is nie, of na oorgang na 'n ander lewenstaat met verlies van status as dienaar van die Woord uit die amp onthef is.

4. Die dienswerk sal deeltyds wees, na die eis van omstandighede.

5. Die dienswerk sal altyd tydelik wees, dit wil sê vir 'n omskrewe tydperk, wat na die diskresie van die Kommissie verleng kan word.

6. Die bevoegdheid van bediening soos Woord- en sakramentsbediening word verleen slegs vir die omskrewe tydperk van die dienswerk.

7. By verstryking van die omskrewe tydperk van die dienswerk word die persoon losgemaak, en verval alle bevoegdhede van Woord- en sakramentsbediening wat hy met die oog op die dienswerk ontvang het, tensy hy onmiddellik deur die Kommissie in 'n ander werkkring geplaas word.

8. Die toelating tot die dienswerk sal geskied in ooreenstemming met die Bepalings, dit wil sê deur beroep of benoeming vir 'n besondere taak binne die Kerk, onder opsig van die bevoegde amptelike vergaderinge."

iii./.....

iii. DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

In terme van hierdie besluite het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die volgende persone op so 'n wyse toegelaat:

Prof. dr. W.C. van Wyk (Pretoria-Oos)
Ds. J.A. Loader (Villieria)
Ds. P.J. v.d. Merwe (Premiermyn, Witfontein)
Ds. A.P.B. Breytenbach (Elandspoort na die aanvaarding van 'n lektoraat by die Universiteit van Pretoria).

iv. VERDERE STUDIE VAN DIE AANGELEENTHEID

Na 'n simposium gehou in 1971 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om 'n kommissie te benoem met die reeds genoemde opdrag. Uit daardie studie word die volgende deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir kennisname en besluit voorgelê:

1. UITGANGSPUNT VIR STUDIE

Die Kommissie het die volgende geformuleer as uitgangspunt vir verdere voorstelle:

a. Gesien die behoefte wat in die kerk bestaan, geskep deur 'n tekort aan predikante, het dit nodig geword dat in die behoefte voorsien sal word bo en behalwe die gewone wyse.

b. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek het die Kommissie ook rekening gehou met diegene wat reeds met buitengewone predikantswerk belas is en vir wie dit moontlik is om 'n gedeelte van hulle tyd en kragte aan 'n gemeente te wy.

c. Die Algemene Kerkvergadering maak nou voorsiening daarvoor dat gemeentes hierdie predikante kan beroep vir deeltydse arbeid en die professore in die teologie uitnooi om as pastorale hulp op te tree.

d. Hierdie reëling word getref op voorwaarde dat voldoen word aan alle vereistes soos tans bepaal vir dienaars van die Woord behoudens die bepaling van die werksopdrag, traktement en emolumente (sien artikel 151 van die Kerkwet).

BESLUIT: 1. Dat daar géén differensiasie in die amp is nie maar alleen in werksopdrag, wat só uitgelê word dat daar géén tydelik-deeltydse predikante sal wees nie, maar wel deeltydse predikante wat permanent

in die/.....

in die amp staan.

2. Dat die Kerk enige persoon wat die bevoegd= heid besit om dienaar van die Woord in die Kerk te wees, op 'n deeltydse basis kan gebruik. Aan so 'n persoon sal bevoegd= heid van Woord- en sakramentsbediening verleen word.

3. Dat ten opsigte van die deeltydse predikante die Raad vir Regsadvies opdrag kry om ál die moontlike probleme wat bestaan en mag ontstaan ten opsigte van die verbondenheid van dié predikant aan 'n bepaalde gemeente, onder oë te sien en daarvoor reëls op te stel, voor te lê aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat dit, na bekragtiging, ter kennis bring van die verskillende Ringskommissies.

4. Dat die aanhef van artikel 149 van die Bepalings vervang word met die volgende:

   "Die gewone werksaamhede word alleen verrig in diens van 'n gemeente onder opsig van 'n kerkraad en omvat: .....
   (en wat verder in die artikel volg."

ORDE VAN DIE VERGADERING

Verlof van afwesigheid is aan die volgende lede van die vergadering toegestaan:

Ds. E.C.B. Kotzé	vir 28 April
Ds. G.J.J. Roos	vir 28 April
Diaken P.F. Mulder	vir 27 April (9 vm. tot 5.30 nm.)
Dr. A.J.G. Oosthuizen	vir 30 April
Oudl. D.C. Grobler	vir 30 April
Ds. A.J. Nolte	vir 28 April
Oudl. J.H. Labuschagne	vir 28 April
Ds. J.W. Rhoda	vir 27 en 28 April
Ds. P.J. Fouché	vir 26 April (aand)
Oudl. P.D.F. la Grange	vir Vanaf 30 April tot die einde van die vergadering.
Ds. D. van Wyk	vir 26 April (4.45 nm. tot 5.30 nm.)
Oudl. A. Steyn	vir 26 April (4.45 nm. tot 5.30 nm.)
Oudl. M. Pretorius	vir 28 April (10 vm. tot 12.30 nm.)
Oudl. J.J. v.d. Linde	vir 27 April (9 vm. tot 2.30 nm.)
Ds. A.P.B. Breytenbach	vir 26 April (aandsitting)
Ds. M.J. van Schalkwyk	vir 27 April (aandsitting)
Oudl. F. Greyling	vir 27 April (aandsitting)
Oudl. C.C. Mans	vir 28 April

Ds. J.P.J. Wagenaar	vir 28 April
Oudl. D.R. du Plessis	vir 27 April (4.15 nm. tot 9. vm.) op 30 April.
Ds. J.C. de Lange	vir 27 April (aandsitting).
Ds. J.H. Steenekamp	vir 27 April (aandsitting) en 1 Mei (oggend=sitting).
Dr. W.C. van Wyk	vir 27 April (8.15 vm. tot 9.45 vm.)

Prof. E.S. Mulder, dr. P.W. Venter en ouderling J.J. Wolmarans kom ter vergadering.

Die Eerwaarde Voorsitter spreek die meegevoel van die vergadering uit teenoor ds. D.J.A.G. du Toit wie se vader onlangs oorlede is.

VI. AMPTELIKE VERGADERINGS

Ds. G.J.J. Roos is verkies as secundus vir ds. P.M. Smith.

Die vergadering stem vir 'n secundus vir prof. F.J. van Zyl.

Prof. J.I. de Wet is verkies tot secundus vir prof. F.J. van Zyl.

Die vergadering stem vir 'n secundus vir dr. C.J. Mans.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR AANDETE

AANDSITTING 26 APRIL

7. TOELATINGS EN BEROEPE

b. DEELTYDSE BEDIENING (VOORTGESIT)

BESLUIT (VERVOLG)

5. Oorgang na ander lewenstaat

Wanneer 'n predikant oorgaan tot 'n ander lewenstaat, kan die Algemene Kommissie in sy eie diskresie besluit of hy status sal behou of nie.

TEENSTEM

"Hiermee wens ek my teenstem aan te teken teen die besluit om artikel 158 te herroep èn te wysig soos die vergadering besluit het deur punt 7.2.c.i. (bladsy 28) aan te neem. Dáármee word die ampsopvatting van die Kerkwet weggetrek van die reformatoriese lyn, soos ek dit ook tydens die be=spreking uiteengesit het. (GETEKEN) A.D. PONT."

6. Teologiese professore en dosente

Die huidige reëling word onveranderd gelaat.

c. BEROEPE UITGEBRING

Gedurende die afgelope drie jaar is daar 693 beroepe uit= gebring, waarvan 115 aanvaar is.

Kennis geneem.

8. PREDIKANTEVERGADERING

Die Werkgroep Ampsbediening en Kerkordening rapporteer:

"In ooreenstemming met sy opdrag, Bepalings artikel 166, het die predikantevergadering jaarliks byeengekom ter bevordering van die pastorale en teologiese arbeid in die Kerk.

Oor die afgelope drie jaar het die kersteningswerk, jeugwerk en die nuwere teologiese strominge besondere aandag ontvang. Aandag is ook gegee aan opdragte van die Algemene Kerkvergadering."

Kennis geneem.

9. PREDIKANTETOGA

Verder rapporteer die Werkgroep Ampsbediening en Kerkorde= ning:

"Die Predikantevergadering het kennis geneem van die besluit van die vorige Algemene Kerkvergadering en die volgende besluit geneem:

'Die vergadering aanvaar as aanbeveling aan sy lede die akademiese toga van die inrigting waar die betrok= ke predikant sy graad verwerf het, in swart met 'n strook ferweel langs die voorpante af."

Kennis geneem.

10. TRAKTEMENTE EN EMOLUMENTE

a. TRAKTEMENTE

VERSLAG VAN DIE ADMINISTRATEUR AAN DIE 57ste ALGEMENE KERKVERGADERING

A. Sedert die prinsipiële agtergrond waarvandaan uitgegaan is aan die 1961 Algemene Kerkvergadering voorgehou is en deur die ver= gadering aanvaar is as die korrekte het daar al 12 jaar lank water in die see gevloei. Sedertdien het daar talle predikante en kerkraadslede bygekom. Aan opmerkings in verband met traktemente en uitlatings wat selfs van "bonusse" melding maak, geoordeel het ons dit goed gedink om weer eens die gedagtes van destyds hier te herhaal.

VERHOUDING VAN DIE GEMEENTE TOT HULLE PREDIKANT

So dikwels hoor 'n mens gemeentelede of kerkraadslede of selfs predikante praat van "die predikant se salaris...." of "lewens= kostetoelae vir die predikant...." of "bonus vir die predikant". Of daar word vrae gevra soos: ".... wie betaal vir die myle as die predikant elke maand die sestig myl na Pretoria-toe ry na sy moeder in die ouetehuis?" .... of .... "moet die gemeente die pre= dikant se vakansie-ritte betaal?" .... "Wie betaal die lig- en waterrekening, die gemeente of die predikant?" .... "Wie betaal die telefoonkoste?"

Die soort uitlatings en vrae wys daarop dat lidmate, kerkraadslede en predikante vasgevang is met 'n begrip asof daar 'n werkgewer en werknemer-verhouding bestaan. Asof die gemeente 'n werkgewer is wat 'n predikant in diens geneem het en nou sekere diensvoorwaardes moet vasstel. En dan begin die broeders! "Ons predikant is so bedrewe en het so 'n besigheidskop, dat hy minstens 'n R1 000 meer werd is as 'n ander!" .... of .... "ons predikant is so passief, ... as hy nie uitspring nie sit hy een van die dae sonder salaris!"

By die aanhoor van hierdie dinge, kom daar onwillekeurig ook vrae by jou op. "As 'n predikant aktief is en sy dienswerk so verrig en die sake van die gemeente so lei dat daar ook 'n groter offervaardig= heid by die lidmate ontstaan of in verband met die bates van die ge= meente voorstelle doen wat groter materiële stabiliteit bring, het hy tog seker nie sy een oog op die Evangelie en die ander op 'n 'bonus' of 'verhoging' nie?" Ontdek ons dan nie o.a. met verbasing by die lees van die gelykenis van die verlore seun dat die oudste seun wat altyd voorgegee het dat hy met liefde sy vader onvoorwaar= delik gedien het en nooit 'n gebod van hom oortree het nie, dat hy sy vader eintlik met 'n bybedoeling gedien het en eintlik sy oog op die ou vader se boedel gehad het. Die ander vraag kom by mens op: "Hang die offerbewustheid van 'n gemeente af van hoe aktief of passief 'n predikant kan organiseer?"

As ons met 'n gees van "Werkgewer" en "werknemer", van eise en teen= eise wil werk is dit nie net in stryd met die hele begrip van die verspreiding van die Evangelie-boodskap nie, maar sal ons op snaakse plekke uitkom.

Die verhouding van gemeente tot predikant staan nie op die vlak van eise en die verhouding van predikant tot gemeente staan nie op die vlak van teen-eise nie, dit staan op 'n totaal ander vlak, *'n vreugde= vlak van geregtigheid en vrede.*

Met die/.....

Met die verhouding van gemeente tot predikant gaan dit nie om vergoeding aan 'n persoon vir dienste wat gelewer word nie, sodat die werk wat verrig is na waarde en gehalte gegradeer en geskat kan word nie. Dit gaan hier vir ons as gelowiges om 'n *behoefte*, 'n behoefte om die grootste en mees vreugdevolle Berig weer en weer te hoor en omdat die Berig soveel geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees vir ons openbaar wil ons dat ons kinders en ons naaste dit ook hoor en saam met ons gedurig ervaar. Met dié be= hoefte in ons hart sê ons as gemeente aan diegene wat as ampsdraers onder ons aangewys is (vir die Kerkraad) om dit so te reël dat daar iemand onder ons kan kom woon wat deur sy studie van Gods Woord en sy lewe deur ons Kerk bevoeg geag is om hierdie grootste Tyding van alle tydings onder ons gaande te hou, want dit is vir ons van alle lewensbelang dat dit nie vir ons kinders sal vervaag nie.

Op so 'n versoek kom die Kerkraad dan byeen en skryf hulle 'n brief aan so 'n persoon - 'n beroepsbrief aan 'n predikant - en hulle nooi hom uit om onder ons te kom woon en hulle spreek die vertroue uit dat hy "so spoedig moontlik na die gemeente sal oorkom om deur *leer* en *voorbeeld*, *bestuur* en *opsig* alles te doen wat 'n herder en leraar ooreenkomstig die heilige Woord van God en volgens die ver= ordeninge van die Nederduitsch Hervormde Kerk betaam, in die besonder deur die verkondiging van die Evangelie, deur die bediening van die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal op tye wat deur die gemeente daarvoor vasgestel is, deur vertroosting van die siekes, deur die gemeentelede by hulle huise te besoek, deur onderwysing van Bybelse en die Kerkgeskiedenis en die geloofsleer en sedeleer van die Chris= telike godsdiens in die kategisasie, wat gedurende die jaar weekliks gehou word. Die Kerkraad belowe van sy kant al die agting, liefde en medewerking wat aan die reggeaarde Evangeliedienaar toekom."

Dit kom dus daarop neer dat die Kerkraad die Evangeliedienaar vra om by die gemeente te kom woon sodat die gemeente die omskrewe Evan= geliebediening kan ontvang en indien so 'n Evangeliedienaar, soos die Kerkraad hom versoek om te doen, naamlik "die beroep bereidvaar= dig aanvaar", weet hy dat die Kerkraad ook nog as volg aan hom geskryf het:

"Ten einde die Weleerwaarde heer, beroepe leraar na hierdie gemeente, sy gesin en afhanklikes van 'n *behoorlike lewenstog* te verseker, om hom in staat te stel om *al* sy *kragte* en *tyd* aan die diens van die Evangelie te wy, is aan hierdie predikantstandplaas verbonde.....", en dan noem die Kerkraad op welke wyse die gemeente die predikant van 'n *behoorlike* lewenstog sal voorsien. Daar is natuurlik 'n rede voor waarom die Kerkraad hom verseker dat *hy* en sy *gesin* en sy *afhanklikes* van 'n *behoorlike lewenstog* voorsien sal word en die rede is dat hy *al* sy *kragte* en *tyd* aan die diens van die Evangelie sal wy, want dit is wat die gemeente so graag wil hê.

Niemand sal seker nou meer kan redeneer dat die gemeente 'n predikant in diens geneem het en aan hom 'n salaris moet betaal nie. Dit is duidelik dat dit hier nie gaan om 'n salaris of vergoeding vir dienste wat hy gelewer het nie, maar om die feit dat hy en sy afhanklikes *totaal* deur die gemeente onderhou moet word. Die predikant is dus in die gees van die beroepsbrief, nie veronderstel om *tyd* en *kragte* oor te hê om ander bronne van inkomste te eksploiteer nie.

Dit behoort/.....

Dit behoort ook nou duidelik te wees waarom daar nie van 'n predikant se *salaris* gepraat word nie, maar van sy traktement.

Daar kan moontlik twee hoofredes wees waarom daar skewe verhoudings tussen 'n gemeente en 'n predikant ontstaan. Die een is wanneer die wanbegrip "werkgewer" en "werknemer" by die betrokkenes bestaan en die ander is wanneer die betrokkenes van die een of ander kant hulle plig versuim. Die een wy nie *al* sy *kragte* en *tyd* aan die diens van die Evangelie nie of die ander versuim die *behoorlike lewenstog*-belofte.

Omdat ons nou gekom het op die punt waar die verhouding prakties toe= gepas word, is dit miskien goed om daaroor nader te besin.

By die vasstelling van traktement moet daar duidelik getrag word om 'n "behoorlike lewenstog" vir die predikant daar te stel. Die *behoeftes* van hom en sy gesin moet bepaal word (nie 'n vergoeding of salaris nie).

Dit is van besondere belang dat daar by die vorming van nuwe gemeen= tes toegesien moet word dat so 'n te stigte gemeente aan die toekomstige predikant 'n behoorlike lewenstog kan voorsien.

Die Kerk en veral Kerkrade moet verantwoordelik handel by die vasstel= ling van 'n "behoorlike lewenstog", enersyds om seker te maak dat hulle in hulle oordeel oor wat die behoeftes van 'n predikant is, hulle nie sodanige behoeftes oorskat nie en aldus die kas van offergawes oorbe= las nie. Aan die ander kant moet hulle so oordeel dat dit nie straks neerkom daarop dat die predikant die gemeente subsidieer nie. Dit kan dikwels ten koste van sy gesin se daaglikse brood en lewensbestaan ge= skied en die doel, naamlik die bevordering van die Evangelie moet as gevolg van dié kommer wat dit meebring, daaronder ly.

Gebaseer op dieselfde beginsel moet daar ook voorsiening gemaak word, sodat die predikant hom nie oor sy ou dag sal kwel nie en dan op een of ander wyse daarvoor voorsiening probeer maak. Vandaar die pensioen= skema van die Kerk.

Die kontant wat betrokke is by die "behoorlike lewenstog" is maar 'n onderdeel van die behoeftes van 'n predikant en sy gesin. Daarom sorg die Kerkraad vir 'n behoorlike pastorie en ook vir vry water en lig, telefoonkoste e.d.m. Daar word egter dikwels uit die oog verloor dat 'n predikant, om sy werk waartoe ons hom uitgenooi het verantwoordelik te kan doen, gedurig studieboeke moet aankoop. Ook is die pastorie 'n plek wat druk besoek word. Dit is natuurlik altyd 'n besondere teken van die mooi verhouding tussen gemeente en predikant; maar ons moet by die vasstelling van die behoeftes rekening hou dat daar uitgawes mee gemoeid is.

Prinsipieel moet daar begryp word dat hy vir sy *hele lewensbestaan* van die gemeente afhanklik is en beskik hy oor geen ander geld as dit wat hy van die gemeente ontvang nie. As iemand dus beweer dat die predikant dit of dat self moet betaal, kom die vraag dadelik op - "waar moet hy die geld kry om dit of dat self te betaal?" Die antwoord is duidelik - "van die gemeente", waar anders, want prinsipieel behoort alle koste vir die *behoorlike lewenstog* van die predikant en sy

afhanklikes aangegaan te word sonder dat die predikant daarmee ge= moeid is, sonder dat hy noodwendig kontant hoef te hanteer. Ter wille van die privaatheid waarop elke persoon en sy gesin seker geregtig is en ter wille van die goeie menslike verhoudings ontvang hy 'n kontant toelaag wat ons in die wandeling "traktement" noem, waarmee sekere privaat huishoudelike uitgawes soos voedsel, kleding, meubels ens. bekostig moet word. Daarbenewens sorg die gemeente vir 'n *behoorlike woning*; *telefoon* (nie net alleen om gemeentelike oproepe uit te voer nie, maar ook privaat); *boeke vir studie*; *onderwys, opvoeding vir sy kinders*; *mediese en tandheelkundige dienste*; *vervoerkoste* (hier is reiskoste, om die gemeentelike werk te doen nie ter sake nie, want die reiskoste in verband met die gemeentelike werk is 'n direkte koste van die gemeente, net soos byvoorbeeld die rente op die kerkgebou nie 'n item is waarmee die predikant gemoeid is nie).

B. Ten einde die vergadering in staat te stel om met inagneming van die handelinge van vorige Algemene Kerkvergaderings die aangeleent= heid te oorweeg, word die verslag wat tydens die vorige vergadering gedien het, hier afgekort herhaal (notule, bladsy 55):

"Met die 1961 Algemene Kerkvergadering is die traktement as volg saamgestel:

	Traktement	Mediese toelaag	Totaal
Eerste drie jaar	2 460	120	2 580
Volgende twee jaar	2 580	120	2 700
Volgende drie jaar	2 700	120	2 820
Na 8 jaar	2 820	120	2 940
1964			
(Verbruikersindeks 107,9 - Maart 1964).			
Eerste drie jaar	2 706	132	2 838
Volgende twee jaar	2 838	132	2 970
Volgende drie jaar	2 970	132	3 102
Na 8 jaar	3 102	132	3 234.
1967			
Eerste drie jaar	3 157	154	3 311
Volgende twee jaar	3 311	154	3 465
Volgende drie jaar	3 465	154	3 619
Na 8 jaar	3 619	154	3 733.
1970			

"Verbruikersindeks Februarie 1967 = 119,9. Dieselfde syfer vir Februarie 1970 is 130,2. 'n Verskil dus van 10,3. Met die 1967 Algemene Kerkvergadering het ons egter 'n projeksie van 18 maande vooruit gemaak en 'n indeks voorspel vir Augustus 1968 van 125,9 en die kontant-deel van die traktement daarop vasgestel. In die praktyk het dit geblyk dat die verbruikersindeks vir Augustus 1968 op 124 te staan gekom het. Die kontant traktement gemeet aan

genoemde/.....

genoemde standaarde is dus op 1,9 punte te hoog vasgestel. Om nou 'n presiese toename ten opsigte van traktemente te bepaal kan die 124 werklike indeks van Augustus 1968 nie as aanvangspunt gebruik word nie, maar die syfer waarop die traktemente aangepas was, naamlik 125,9. Die verskil tussen die Februarie 1970 verbruikersindeks (130,2) en die geprojekteerde 125,9 = 4,3 punte. Sou ons 'n pro= jesksie vir 18 maande vooruit wil maak, sal die formule direk afgelei as volg wees:

130,2 min 119,9 = 10,3 ÷ 3 = 3,45. Dit wil sê 130,2 + 1½ x 3,45 = 135,4 - 'n Toename dus van 9,5 of 7,54%. Op maksimum kerf van die traktement, naamlik 3,773, sou dit R284,48 beloop, wat die verhoogde traktement dan op R4 057,48 te staan bring.

Om op hierdie tydstip so 'n projeksie wat op die gemiddelde styging per jaar oor die afgelope drie jaar berus te maak sou onrealisties wees en wel vir die volgende redes:

Om 'n projeksie te kon maak soos tydens die 1967 Algemene Kerkver= gadering was redelik realisties omdat die tendens van styging rede= lik konstant was (1964/65 = 3,43%; 1965/66 = 3,49%; 1966/67 = 3,81%). Wat die afgelope drie jaar betref was die styging aanvank= lik klein en die laaste jaar skerp. (1967/68 = 1,8%; 1968/69 = 2,5%; 1969/70 = 4%). Die groot styging het egter gedurende die laaste ses maande voorgekom, onder andere as gevolg van verkoopreg (koopbelasting) en die algemene verhoging van die rentekoerspatroon. Vanaf Februarie 1969 tot en met Augustus 1969 was die indeksstyging vanaf 125,2 tot 126,6 = 1,4 (1,1%) en vanaf Augustus 1969 tot Fe= bruarie 1970 van 126,6 tot 130,2 = 3,6 (2,84%). Indien ons aan= neem dat die tendens nie aanhou om 'n stygende neiging te toon nie en vasstaan op 'n styging van 2,84%, kan die traktementaanpassing op 12% vermeerdering geskied, maar aangesien alle tekens op 'n steeds stygende neiging dui het ons aan die hand van die versnelling in die stygende neiging 'n berekening gemaak wat op 17,23% teen Augustus 1971 te staan sal kom.

Ons beveel dus aan dat die vergadering behalwe vrye woning, wat insluit telefoon, water en ligte en ander munisipale dienste, belastings en onderhoudskoste en kostelose vervoer, die minimum-skaal van die kontant-deel van die traktement as volg bepaal (die syfers hier aangedui is soos die vergadering die aan= beveling afgerond het):

	Traktement	Mediese toelaag	Totaal
Eerste drie jaar	3 720	180	3 900
Volgende twee jaar	3 924	180	4 104
Volgende drie jaar	4 180	180	4 260
Na 8 jaar	4 272	180	4 452."

C. AANBEVELING AAN DIE 1973 ALGEMENE KERKVERGADERING

Ons het tydens die Algemene Kerkvergadering (April 1970) bereken dat die verbruikersindeks 'n styging van 17,23% vanaf Augustus 1968 tot Augustus 1971 sal ondergaan. Dit sou die verbruikers= indeks in Augustus 1971 te staan bring op 147,59. In werklikheid

het die indeks vir Augustus 1971 te staan gekom op 145,36. 'n Oor voorspelling van 2,23 punte of 1,5%. Dit wil sê ons skale was 1,5% te hoog vir die maand Augustus 1971. Die verhoogde kontant= deel van die traktement het egter op 1 Mei 1970 in werking getree. Bereken op die maksimum-minimum naamlik R4 452 per jaar is vir die eerste 16 maande (dus tot einde Augustus 1971) R236,56 te veel betaal en vir die laaste 20 maande (dus tot einde April 1973) R433,94 te min betaal. Totaal te min = R197,38 oor die drie jaar of R5,48 per maand.

Oorspronklik (1961 Algemene Kerkvergadering) is die vertrekpunt vir die basis waarop traktemente vasgestel is gestel op die Verbruikers= indeks vir Februarie 1961. Dieselfde datum, naamlik Februarie is deurgaans gebruik.

Gedurende Julie 1970 is die gepubliseerde indekssyfer ten opsigte van April 1970, wat toe 133,2 was, omgewerk na 100 en is die Febru= arie 1970 syfer aangetoon as 97,7. Vanaf Februarie 1970 tot Augustus 1971 het die indekssyfer gestyg vanaf 97,7 tot 107,5, dus 'n styging van 9,8. Genoemde indekssyfer van 107,5 verteenwoordig dus die minimum traktementskale soos bepaal deur die 1970 Algemene Kerkvergadering. Die styging vanaf Augustus 1971 tot Februarie 1973 was vanaf 107,5 tot 119,8 = 12,3. Sou ons 'n projeksie vir 18 maande vooruit wil maak, sal die formule direk afgelei soos volg wees:

119,8 min 107,5 = 12,3 oor 18 maande - Augustus 1971 tot Februarie 1973. Indien dieselfde toename oor die volgende 18 maande onder= vind word sal die totale op 24,6 te staan kom wat 'n persentasie= toename van 22,88% beteken. 'n Ontleding van hoe die styging oor die betrokke 18 maande plaasgevind het toon die volgende:

Augustus 1971 - Februarie 1972 - styging	2,5
Februarie 1972 - Augustus 1972 - styging	4,4
Augustus 1972 - Februarie 1973 - styging	5,4
TOTAAL	12,3

Om dus 'n projeksie sonder meer van 12,3 vir die 18 maande Februa= rie 1973 tot Augustus 1974 te maak sal nie rekening hou met die versnelling in die stygende neiging van die verbruikersindeks nie - veral as ons oplet dat die styging tussen Februarie 1973 en Maart 1973 alreeds 1,6 was. Oor die afgelope 9 maande was die tendens gemiddeld 1,02 per maand.

Ons bereken dus dat vir die 18 maande (Februarie 1973 tot Augustus 1974) daar 'n verdere toename van 18,36 sal wees, wat die totale toename te staan sal bring op 30,66 of 28,52%.

Ons beveel dus aan dat die vergadering, behalwe vrye woning, wat insluit telefoon, water en ligte en ander munisipale dienste, belastings en onderhoudskoste en kostelose vervoer, die minimum= skaal van die kontant-deel van die traktement as volg bepaal:

Minimum
Traktement/.....

	Minimum Traktement	Mediese toelae	TOTAAL
Eerste drie jaar	3 720	180	
+	1 032	84	
	4 752	264	5 016.
Volgende twee jaar	3 924	180	
+	1 086	84	
	5 010	264	5 280.
Volgende drie jaar	4 180	180	
+	1 040	84	
	5 220	264	5 484
Na 8 jaar	4 272	180	
+	1 188	84	
	5 460	264	5 724.

---

i. BESKRYWINGSPUNTE

=V-3= "Die minimum traktement van predikante word in hersiening geneem."
(Ring van Waterberg en Kerkraad van Potgietersrus."

BESLUIT: Die beskrywingspunt word aanvaar.

1. Die aanbeveling van die Administrateur word die besluit van die vergadering met ingang van 1 Mei 1973.

2. In die lig van huidige onsekere en skommelende ekonomiese toestande sal die Administrateur, wanneer die omstandighede dit regverdig, voorstelle in die verband aan die Raad van Finansies voorlê en na die Raad se goed= keuring, die gemeentes inlig.

3. Dit word aanbeveel dat die beginsel grond= liggend aan die vasstelling van traktemente, naamlik die voorsiening in lewensbehoefte, ook bepalend vir die vergoeding van deel= tydse predikante is.

=V-4= "Aangesien dit blykbaar al meer voorkom dat predikante hul eie woonhuise, en nie pastorieë nie, bewoon, versoek die ver= gadering die Administrateur om by die berekening van traktementskale ook tabelle aan die vergadering voor te lê wat in sulke gevalle van toepassing sal wees. Die tabelle sal ook telkens by die oorweging van traktementsaanpassing hersien word."
(Ring van Losberg).

VERSLAG VAN DIE ADMINISTRATEUR INSAKE

PREDIKANTSTANDPLAASKOSTE MET DIE OOG ONDER ANDERE OP VALUERING VAN WONINGKOSTE

UITEENSETTING DEUR DIE ADMINISTRATEUR NA AANLEIDING VAN BE= SKRYWINGSPUNT =V-4=, BLADSY 29 VAN DIE AGENDA

Waarde van vry woning wat insluit telefoon, water en ligte en ander munisipale dienste, belastings en onderhoudskoste, kan vir die gemiddel= de stadsgemeente as volg bereken word (by die vasstelling van die kapitaal belê in die Pastorie word slegs die oprigtingskoste van geboue in aanmerking geneem en nie die waarde van grond nie, omdat dit van stad tot stad en van voorstad tot voorstad verskil):

OPRIGTINGSKOSTE VAN PASTORIE ± R30 000

KOSTE PER JAAR

Rente op kapitaal aangewend vir oprigting teen 9% per jaar		R 2 700
Onderhoudskoste 1½% per jaar op R30 000		450
Munisipale kostes		455
- Eiendomsbelasting	180	
- Water, ligte en riool ens.	275	
Telefoon		300
Versekering		20
(a) Totaal - woning en bykomstighede		R 3 925
(b) Traktement		5 724
(c) Reisuitgawes (privaat)		1 573
		R11 222
(d) Besparing op inkomstebelasting		1 235
TOTALE INKOMSTE		R12 457

(Indien 'n persoon R11 222 sou verdien is belasting R1 794. 'n Pre= dikant betaal belasting op die kontantdeel van die traktement R5 724 + 12½ van R5 724 = R715,50 = R6 439,50. Belasting op R6 439,50 (getroud met twee kinders) R559 - besparing dus R1 794 - R559 = R1 235.)

KOMMENTAAR

Daar dien op gelet te word dat die bedrag teenoor woningskoste (a) aangetoon bereken is op 'n woning wat enigsinds met 'n pastorie vergelyk kan word, dit wil sê 4 slaapkamers, 2 badkamers, studeerkamer, sitkamer, eetvertrek, kombuis met buitegeboue bestaande uit wasgoedkamer, bedien= dekwartiere en 2 motorhuise. Die syfer van R3 925 is bloot 'n aandui= ding. Koste kan van dorp tot stad of van voorstad tot voorstad aan= sienlik wissel. Werklike koste sal van geval tot geval bereken moet word.

Ons kan nie nalaat om op sekere probleme te wys wanneer 'n predikant en Kerkraad dit oorweeg dat die predikant sy eie woning instede van 'n pastorie sal bewoon nie. Ons wys net kortliks op 'n paar probleme:

. 'n Predikant in 'n gemeente wat reeds 'n doeltref= fende pastorie besit verkies om sy eie woning te bewoon. Die gemeente se pastorie word verkoop. Na 'n paar jaar neem hy 'n beroep aan. Sy opvolger verkies om nie 'n eie woning te besit nie. Die ge= meente moet weer 'n pastorie aanskaf, ens. So 'n verskynsel kan tot nadeel en ergernis lei en 'n Kerkraad sal seker in die gemeente se belang teen herhaling moet waak.

. 'n Kerkraad sal ook seker in bepaalde gevalle in belang van die predikant moet waak wanneer so 'n predikant byvoorbeeld op 'n kleiner dorpie 'n R30 000 se huis wil bou en sodanige huis nie aan dieselfde waardestyging onderhewig is as byvoorbeeld in 'n stad of groter dorp nie. Neem die predikant 'n beroep aan en sy eie woning beantwoord nie na die oordeel van die Kerkraad of sy opvolger aan die vereiste van 'n pastorie nie, is die moontlikheid dat hy skade gaan ly groot - neem die Kerkraad of opvolger nie die huis oor nie, kan dit ook tot ergernis lei.

BESLUIT: 1. Beskrywingspunt =V-4= word verwerp.

2. Die praktyk waarvolgens predikante hulle eie huise bewoon, word ontmoedig.

b. AANKOOP VAN MOTORS EN VERVOERTOELAE

i. REISTOELAE - RAPPORT VAN DIE ADMINISTRATEUR

Omdat daar 'n aansienlike styging in pryse van motors was asook in die lopende koste sedert die aanvaarding van 'n verbeterde tabel met die 1970 Algemene Kerk= vergadering, het die Administrateur in opdrag van die Raad van Finansies gedurende Augustus 1971 'n tabel aan Kerkrade gestuur waarin voorsiening gemaak is vir die stygende koste.

Sedert Augustus 1971 het daar weer 'n aansienlike styging ingetree en word die bygaande tabel voorgelê om as basis te dien waarop reiskoste-toelae in die Kerk bereken moet word. (SIEN BLADSY 60).

BESLUIT: Die tabel word aanvaar.

VERBETERDE TABEL OM AS BASIS TE DIEN WAAROP REISKOSTETOELAE IN DIE KERK BEREKEN MOET WORD

Alhoewel nie volledig in ooreenstemming nie, is die grondslae waarop die Automobiel-Assosiasie van Suid-Afrika die be= rekenings maak, geraadpleeg.

BERAAMDE WERKKOSTE: PRIVAAT MOTORS	A. GEWILDE GROOT MOTORS (meer as 2500 cm3)		B. GEWILDE MEDIUM MOTORS (2500 tot 1300 cm3)		C. GEWILDE KLEIN MOTORS (minder as 1300 cm3)	
BERAMINGS GEBASEER OP:						
Prys van nuwe motor - gemiddelde prys	R4 433		R2 914		R1 991	
Afstand (veronderstelde jaarlikse afstand 16 667km)	100 000 km (oor 6 jr)		100 000 km (6 jaar)		100 000 km. (6 jaar)	
Petrolverbruik, liter/100 km.	15 (18,83 mpg)		12 (23,59 mpg)		9 (31,38 mpg)	
Aaneenlopende tydperk van	Ses jaar		Ses jaar		Ses jaar	
Herverkoopwaarde na 6 jaar	R1 104		R686		R434	
	R	s/km	R	s/km	R	s/km
1. VASGESTELDE KOSTE						
Verlies aan rente teen 7% p.j.op oorspronk= like koste	1 861,86	1,862	1 223,88	1,224	836,22	,836
Jaarlikse lisensiegeld	155,51	,156	118,12	,118	96,15	,096
Registrasiegeld	5,00	,005	5,00	,005	5,00	,005
x Versekering	1 075,14	1,075	804,37	,804	637,35	,637
TOTAAL 1	3 097,51	3 098	2 151,37	2,151	1 574,72	1,574
2. WAARDEVERMINDERING TOTAAL 2	3 329,00	3 329	2 228,00	2,228	1 557,00	1,557
3. LOPENDE KOSTE						
Petrol teen gemiddelde prys van 10,6c per liter	1 590,00	1,590	1 272,00	1,272	954,00	,954
Olie (aftapping soos deur vervaardigers aanbe= veel)	83,70	,084	75,47	,075	43,20	,043
Smering (ooreenkomstig vervaardigers se aanbe= veling)	21,87	,022	22,25	,022	20,28	,020
Was + poleer (elke 5000 + 15000 km. resp.)	32,00	,032	30,50	,031	29,00	,029
Bande (lewensduur 25000km.) - 11 bande oor 100 000 km.	184,53	,184	177,15	,177	150,05	,150
Toevallige verstelling en versiening	444,18	,444	415,32	,415	388,30	,388
Vervangings en opknapping	653,50	,653	744,50	,745	768,50	,769
TOTAAL 3	3 009,69	3,009	2 737,19	2,737	2 353,33	2,353
TOTAAL1+2+3	9 436,20	9 436 per km	7 116,56	7,116 per km	5 485,05	5 484 per km
(1 myl = 1,609344 km.)	(15,186 sent/myl)		(11,452 sent/myl)		(8,826 sent/myl)	

x Die versekeringskoste laat toe vir derdeparty- asook omvattende versekering; die omvattende versekeringspremies is gebaseer op die veronderstelling dat die motoris 'n bybetaling van R40 aanvaar kragtens die polis en 'n geen-eis bonus verdien (dit laat nie toe vir gevalle wat aan "beroepsbeswaring" onderhewig is nie.

VOORGESTELDE JAARLIKSE REISTOELAE: Groep A R1573,00 vir eerste 16,667 km en daarna 3,009 per km.
Groep B R1186,00 vir eerste 16,667 km en daarna 2,737 per km.
Groep C R 914,00 vir eerste 16,667 km en daarna 2,353 per km.

A.B. van W. HERBST
FEBRUARIE 1973.

Oor die basiese 16,667 km geneem was die styging soos volg:

	FEBRUARIE 1970	AUGUSTUS 1971	FEBRUARIE 1973
Groep A	R1 112	R1 380	R1 573
Groep B	842	1 034	1 186
Groep C	693	853	914

Alhoewel die tabel gebaseer is op 'n maksimum aankoopprys van R4 433 word aanbeveel dat waar daar deur die Kerkraad geoordeel word dat 'n duurder motor nodig is, die maksimum aankoopprys op R5 000 gestel word.

BESLUIT: Die aanbeveling word aanvaar.

In so 'n geval sal die werkkoste op die volgende te staan kom:

1. Vasgestelde koste	3,336 sent per km
2. Waardevermindering	3,750 sent per km
3. Lopende koste	3,009 sent per km
	10,095 sent per km

Die opdrag aan die Administrateur (Algemene Kerkvergadering van 1961, notule bladsy 203) was:

> "Sodra veranderde toestande die berekening van die tabel beïnvloed, sal die Administrateur 'n verbeterde tabel aan die Kerkrade besorg."

BESLUIT: Die opdrag word gekontinueer.

VI. AMPTELIKE VERGADERINGS

Sekundus vir dr. C.J. Mans.

'n Herstemming vind plaas tussen prof. A.D. Pont en ds. J.D.H. Smit.

Prof. A.D. Pont is verkies tot sekundus vir dr. C.J. Mans.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Goeie wense vir die vergadering is ontvang van mnr. T.N. Janson, Adjunk-Minister van Bantoe-Administrasie en Bantoe Onderwys.

AFSLUITING

Ds. M.J. Naude neem die afsluiting waar. Hy laat sing Ges. 180:4 en gaan voor in gebed.

GOEDGEKEUR EN GETEKEN NA OGGEND OPENING OP 28 APRIL 1973.

(W.G.) J.P. Oberholzer
VOORSITTER

(W.G.)P.M. Smith
SKRIBA

OGGENDSITTING 27 APRIL

OPENING

Dr. A.J.G. Oosthuizen neem die opening waar. Hy lees Ps. 16:1 vv., gaan voor in gebed en laat sing Ges. 153:1.

ORDE VAN DIE VERGADERING

PRESENSIE Ouderlinge C.J. van Deventer en R.P.D. Keogh en ds.J.H. Viljoen en dr. S.J. Prins kom ter vergadering.

BESLUIT: Dit word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanbeveel ter oorweging vir die volgende Algemene Kerkver= gadering dat elke afgevaardigde 'n naamkaartjie op sy lapel sal dra.

'n Telegram van seënwense vir die vergadering is ontvang van die ge= meente Joachim Prinsloo.

ii. SKEMA VIR DIE AANKOOP EN FINANSIERING VAN MOTORKARRE

(aa) AANKOOP

Soos bekend is die volgende nou in werking:

Met 'n motorsaak wat "General Motors" produkte ver= koop is ooreengekom -

- Dat 4-suier-motors aangekoop word teen 'n afslag van 10%.
- Dat 6 tot 8 suier-motors aangekoop word teen 'n afslag van 12½%.
- Die afslag word bereken op die prys van die motors voordat belasting bygevoeg is.
- 'n Afslag van 15% op onderdele en 2½% op bande.

('n Ford-handelaar het dieselfde voorwaardes aan= gebied.

(bb) FINANSIëRING

Die Raad van Finansies betaal vir sodanige aan= gekoopte motor ten volle in kontant aan die handelaar en per ooreenkoms betaal die koper die koopsom aan die Raad terug oor 36 paaiemente - rentekoers vir die huidige = 7% vaste voet.

(cc)/.....

(cc) Oor die afgelope drie jaar is 72 voertuie deur die skema aangekoop en finansier. Totale aankoop= prys, belasting ingesluit het R194 587 beloop en R17 059 korting is daarop toegestaan tot voordeel van die kopers. Rente ten bedrae van R25 903 is verdien. Hier moet in gedagte gehou word dat op die voorsieningskapitaal ook weer rente betaal word.

(dd) Die Raad van Finansies het die volgende voorstel van die Predikantevergadering ontvang:

> "Die voorstel, dat die huidige skema, die amptelike vervoer aankoopskema van die Kerk sal bly maar dat dit uitgebrei sal word sodat ook ander motors by ander handelaars gekoop kan word, word deur die vergadering aanvaar en word verwys na die betrokke Raad vir oorweging, kommen= taar en voorlegging aan die Algemene Kerkvergadering vir besluit."

Die voorlegging wat by die Predikantevergadering gedien het lui soos volg:

"Amptelike vervoeraankoopskema van die kerk.

Die 55ste Algemene Kerkvergadering het besluit:

Aangesien die vervoer in feite totaal die kerk (gemeente) se verantwoordelikheid is en aangesien die kerk en die belanghebbendes, dit wil sê die= gene wat deur die Kerk vervoer moet word, deur middel van die skema sulke uitstaande voordele verkry, besluit die vergadering dat die skema die amptelike vervoeraankoopskema van die Kerk is. (Notule van die 56ste Algemene Kerkvergadering, p.65).

In die agenda van die 56ste Algemene Kerkvergade= ring, p.36 staan daar die volgende opmerking:

Dit wil voorkom asof 'n groot getal betrokkenes die besluit vergeet het, want die aantal karre wat deur die skema gekoop is, skyn min, in ver= houding gesien te wees.

Waarom?

Rede: General Motors produkte is nie in aanvraag by groot meerderheid van predikante nie! Dit ten spyte van die uitstaande voordele soos die groot afslag.

Predikantevergadering spreek hom daaroor uit dat die/.....

die skema nie gebind sal wees aan 'n bepaalde fabri= kant of handelaar nie. Motivering:

Die skema is ingestel tot voordeel van die predi= kante van die kerk in die eerste plek, daarom kan hierdie vergadering versoek dat enige soort motor aangekoop kan word.

Krag en werklike voordeel van die skema vir die Kerk lê in die rente wat binne die kerk gehou word - volgens die beginsel van kerkgeld vir kerk= werk. Die afslag is slegs 'n bykomende voordeel vir die predikant wat van die skema gebruik sou maak.

Meeste predikante is nie in die minste geïnteres= seerd om General Motors produkte aan te skaf nie- selfs nie eers teen 'n groot afslag nie. Predi= kante word nou soms deur die gebrek aan fondse gedwing om 'n motor onder die skema aan te koop, wat andersins nie sy keuse sou wees nie.

Ou motors kan nie ingeruil word wanneer daar van die skema gebruik gemaak word nie. Eers 'n skemamotor kwalifiseer vir inruiling by Alderson en Flitton.

Op 'n groot hoeveelheid produkte kan kopers met kontant in die hand deesdae 'n groot afslag kry. 'n Ope mededinging sou ook onnodige kritiek teen die skema voorkom.

Die skema kan alleen vir al die predikante van die kerk werklik voordeel inhou, as elkeen die motor van sy keuse kan aankoop. Die korting is in die meeste gevalle nie die deurslaggewende faktor nie, maar met persoonlike voorkeur, die gehalte van die motor en die beskikbaarheid van fondse.

Soms kan by 'n lidmaat van die kerk wat in die motorhandel is of by iemand anders 'n uitstekende tweedehandse motor bekom word teen 'n voordelige prys. So 'n aankoop is onder die skema vir 'n predikant uitgesluit.

<u>'n Baie ernstige beswaar teen die skema:</u>

Om die minste daarvan te sê is dit 'n onreëlmatig= heid dat die kerk van sy predikante rente en finansieringskoste eis op geld wat nie meer verskuldig is nie. (Sien punt a, bl. 2 van die Ooreenkoms). Feitlik alle finansieringsinstel= lings gebruik 'n internasionale skedule waarvolgens korting toegestaan word, ingeval van gehele aflossing van die skuld voor die tyd.

<u>Slotsom</u>/.....

Slotsom

Die skema is ingestel ter wille van die predikante - belanghebbendes - van die Kerk en ter wille van 'n goeie doel in die Kerk.

Huidige skema beperk die deelhebbendes onnodig want dit voldoen nie aan die vereistes van die belanghebbendes nie. Die rente wat vir 'n goeie doel verdien kan word, sal heelwat meer wees, indien die skema nie beperk word nie. Baie predikante word nog gedwing om duurder geld buite die kerk te gaan leen ten einde die motor van sy keuse te koop.

Voorstel

Skema bly die amptelike vervoeraankoopskema van die Kerk, maar die binding aan een handelaar word geskrap."

KOMMENTAAR

Die Raad van Finansies het nie 'n voorliefde vir 'n bepaalde fabrikant of handelaar nie. Die huidige reëling is in opdrag aangegaan.

Indien die skema, soos in die voorstel en motivering gesuggereer sonder meer in keuse onbeperk is, sal die keuse met betrekking tot die prysklas van die motor ook onbeperk wees. Dit kan beteken dat 'n persoon ook 'n motor waarvan die finale prys sê R8 000 beloop aankoop. Oor 36 maande gereken beloop die paaiemente dan byvoorbeeld R268,89 per maand. Onbeperkte en maklik bekombare finansiering sal beslis oorbesteding in die hand werk.

Daar is al beklagings van persone ontvang dat die reiskoste-tabel van die Kerk nie voldoende voorsiening maak vir "sy soveel duurder motor nie".

Indien 'n persoon graag 'n bepaalde motor wat duur is wil besit staan dit hom vry, maar wanneer die Kerk die finansiering moet doen en die werkkoste van so 'n motor moet voorsien sal die prysklas van die motor sekerlik aan die beskeie kant moet bly.

Indien die Algemene Kerkvergadering, met die wete dat dit vir die koper finansiële nadele inhou, tog besluit dat die keuse van die motor onbeperk moet wees, word by die vergadering aanbeveel dat daar 'n beperking geplaas moet word op die bedrag wat deur die Raad van Finansies aan 'n koper voorsien word.

'n Ander/.....

'n Ander verskynsel wat sig mag voordoen is dat 'n persoon 'n duur motor wil aanskaf en dan die maksimum bedrag van die Kerk wil leen en vir die balans 'n huurkoopooreenkoms met 'n handelaar aangaan. Dit sal nie mag gebeur nie. Per slot van rekening dien die deur die Kerk gefinansiëerde motor as sekuriteit vir die lening by die Kerk aangegaan.

BESLUIT:

1. Dat die Raad van Finansies ondersoek sal instel om die keuse tot sê 3 of 4 fabrikante uit te brei.

2. Dat die maksimum bedrag wat per aankoop deur die Raad van Finansies voorsien word nie R5 000 mag oorskry nie.

3. VOORDAT 'n koop aangegaan word, moet finale reëlings in verband met die finansiering en terugbetaling getref word met die Raad van Finansies of sy verteenwoordiger - laasgenoemde geld vir nuwe sowel as tweedehandse motors.

4. Dat wanneer 'n koper die volle bedrag voor die ooreengekome tydperk afbetaal, hy dienooreenkomstig krediet vir rente ontvang.

5. 'n Motor wat deur die Raad van Finansies gefinansier word dien as sekuriteit vir die geleende bedrag - huurkoopooreenkomste of ooreenkomste waar die so gekoopte motor direk of indirek as sekuriteit mag dien mag nie toegelaat word nie. Hiermee word ook benadruk dat voertuie wat as sekuriteit by die Raad van Finansies dien nie vervreemd mag word nie alvorens die lening ten volle vereffen is nie.

c. ONGESKIKTHEIDSDEKKING

BESKRYWINGSPUNT =V-5=

"Daar word voorgestel dat ongeskiktheidsdekking vir predikante uitgeneem of ingestel word, hetsy deur die Kerk of in medewerking met assuransiemaatskappye".
(Kerkraad Witrivier).

BESLUIT: Die beskrywingspunt is verwerp.

Opmerking/.....

Opmerking van die Raad van Finansies

Op die 1967 Algemene Kerkvergadering het 'n verslag van 'n deeglike ondersoek wat in opdrag van die 1964 Algemene Kerkvergadering plaasgevind het, gedien (lees Agenda 1967 Algemene Kerkvergadering, bladsye 55 tot 61 en notule bladsye 105 tot 112). Uit die verslag sal opgemerk word dat daar nie ongeskiktheidsdekking gereël kan word wat op alle predikante van toepassing kan wees nie. Afgesien van streng mediese keuring is, om maar een voorbeeld te noem, ongeskiktheidsversekering nie beskikbaar vir persone oor die 50 jarige ouderdom nie.

Die aanbieding op die versekeringsmark is nie 'n oplossing vir die Kerk nie, want as die risiko-gevalle deur streng mediese keuring uitgeskakel moet word en die rits van "uitgeslote" gebeure nie van toepassing is nie, bly die Kerk se probleem prakties soos nou. Met ander woorde, die versekeringswêreld sorg vir die non-risikogevalle en dié wat regtig bystand nodig sal hê bly nog die Kerk se verant= woordelikheid - net soos dit nou die geval is as die begrip - kerklik gesien - emeritaat reg verstaan word.

Kennis geneem.

d. GROEP MEDIESE SKEMA

Die Raad van Finansies doen soos volg verslag:

(Lees verslag van die Raad van Finansies in die verband - bladsy 71 van die notule van die 1970 Algemene Kerkvergade= ring.)

Vanaf 25 Junie 1968 tot 30 April 1970 was lidmaatskap tot die Fonds op 'n vrywillige basis.

Die Algemene Kerkvergadering van 1970 (bladsy 73 van die notule) het lidmaatskap verpligtend gemaak.

Op 31 Desember 1972 was daar 220 lede wat tot die fonds behoort:

	1970	1971	1972	TOTAAL
Getal lede	180	201	220	
Bydraes	25 296	35 041	49 660	R109 997
Eise uitbetaal	37 910	45 636	58 619	R142 165

Vanweë die feit dat die eisegeskiedenis ten opsigte van 1972 effens gunstiger was as die voorgaande twee jare, is die toeslag van 20% opgehef vanaf 1 Maart 1973.

Daar dien op gelet te word dat alle mediese skemas in die

Republiek/.....

Republiek van Suid-Afrika vanaf 1 Julie 1973 deur wetgewing verbied word om meer as 80% van die koste van mediese dienste te betaal, behalwe ten opsigte van:

chirurgiese prosedures en operasies;

narkose by chirurgiese prosedures en operasies;

assistente by chirurgiese prosedures en operasies;

akkommodasie in hospitale of verpleeginrigtings;

operasiesaalgelde; en

bloedoortappings

waar 100% nog van toepassing kan wees.

Kennis geneem.

3. PENSIOENFONDS

i. BESKRYWINGSPUNTE

=V-6= "Die vergadering gee dringende en daad= werklike aandag aan die pensioenskema van die Kerk, en versoek dat dit daadwerklik hersien word en aangepas word om vorm aan te neem, soortgelyk aan 'n skema soos tans van toepassing in die Staatsdiens."
(Ring van Waterberg).

=V-7= "Hierdie Kerkraad versoek dat daar dringend en daadwerklik aandag aan predikante se pensioenskema gegee word, dit daadwerklik hersien word en dat dit aangepas word om vorm aan te neem soortgelyk aan 'n skema, soos tans van toepassing in die Staats= diens.

Ons voel dat ons predikante so grootmoe= dig is en so vas in die geloof staan dat enige mate van vergoeding vir hulle van verbygaande aard is maar dat ons as lid= mate van ons geliefde kerk, hierdie wan= aanpassing wel deeglik raaksien en versoek dat dit dringend reggestel word sodat predikante se afhanklikes geheel en al gerus kan voel en hulle kragte saam met die hoof van hul gesin onafhanklik kan wy aan dit waartoe hulle geroepe is."
(Kerkraad Potgietersrus).

ii. VERSLAG/.....

ii. VERSLAG VAN DIE PENSIOENRAAD

(aa) Die Raad is soos volg saamgestel:

Di. G.P.J. Grobler (Voorsitter), A. Ras (vise-voorsitter), A.J. van Staden, C.J.S. van Niekerk, Thomas F. Dreyer en mnr. A.B. van N. Herbst (Sekretaris en Quaestor).

(bb) BEPALING 5.A. BEPAAL SOOS VOLG:

Die Pensioenraad bestaan uit ses lede.

Die Algemene Kerkvergadering benoem tydens die een sitting drie lede en in die daaropvolgende sitting twee lede;
Die Administrateur van die Kerk is ampshalwe lid van die Raad.

Di. G.P.J. Grobler, A.J. van Staden en Thomas F. Dreyer tree volgens rooster af tydens die 1973 Algemene Kerkvergadering. Die here is weer herkiesbaar.

(cc) FINANSIES

Uit meegaande finansiële state sal u opmerk dat die Kapitaalfonds gegroei het vanaf R104 276 soos op 31 Desember 1960 tot R1 144 570 soos op 31 Desember 1972. 'n Groei van R1 040 294 oor die betrokke twaalf jaar. Sedert die vorige Algemene Kerkvergadering het die kapitaalfonds vanaf R741 831 toegeneem tot R1 144 570. Dit wil sê 'n toename van R402 739. Genoemde R1 144 570 kapitaalfonds is dan ook die verdienkapitaal van die Fonds. Die dekkingskapitaal van die Fonds is egter hoër as gevolg van die feit dat alle polisse van lede wat op 31 Oktober 1961 44½ jaar en ouer was, in stand gehou is, enersyds om die risiko vir die Fonds ten opsigte van daardie ouderdomsgroep te verminder en andersyds omdat dit 'n kapitaalverdienste vir die Fonds beteken wanneer die betrokkenes uittree of afsterf.

Dit is dan ook 'n genoeë om te kan rapporteer dat nieteenstaande die feit dat die Fonds gedurende die onderhawige drie jaar R101 792 aan eenmalige bedrae en R80 247 aan jaargelde, totaal R182 039 uitbetaal het teenoor R89 452 vir die vorige drie jaar, daar nogtans 'n oorskot van R110 697 vir die drie jaar tot die Opgehoopte Fonds gevoeg is. Daarby is die totale bedrag ten opsigte van bydraes van lede, gemeente en organe van bystand wat R275 234 beloop het, tot die Fonds bygevoeg.

(dd)/.....

(dd) AKTUARIëLE ONDERSOEK

Alhoewel artikel 8 van die Bepalings vir die Pensioenfonds bepaal dat die aktuaris minstens elke vyf jaar die finansiële toestand van die Fonds moet ondersoek en die verslag ten opsigte van die vorige ondersoek op 20 April 1970 uitgebring is, het die Pensioenraad met die oog op die komende Algemene Kerkvergadering besluit om die aktuaris te versoek om weer eens 'n verslag uit te bring ten einde 'n moontlike verhoging van voordele te kan bepaal.

Die uitslag van die ondersoek oor die stand van die Fonds soos op 31 Augustus 1972 is ontvang.

(ee) VERHOOGDE VOORDELE

Die Pensioenraad het geoordeel dat die voorgestelde verhoging deur die Aktuaris wel gesond is in verhouding tot die bydrae tot die Fonds, maar is ook van oordeel dat die bydrae wat deur lede, gemeentes en organe van bystand tot die Fonds gemaak word, te laag is as dit vergelyk word met bydraes wat tot ander pensioenfondse gemaak word.

Dit het by hersiening geblyk dat die Fonds besonder gesond is, maar dat die feit dat die voordele in die laaste jare in vergelyking met ander fondse laag is, gesoek moet word in die relatiewe lae bydrae wat die lede van die Kerk tot die Fonds maak. (Vergelyk die Universiteit van Pretoria: Manlike lede dra tot die Pensioenfonds by teen die koers van 8% van hul pensioengewende traktement. Op 'n traktement van R10 600 (wat laer inkomste is as die van 'n predikant) beloop sodanige bydraes R848 per jaar. Die Universiteit en die regering dra dieselfde ten opsigte van die lid by.)

Die Raad beveel nou graag die volgende verandering aan:

BYDRAE

	Huidige per jaar	Aanbeveling per jaar
Bydrae - Sinodaal	R14 016,00	16 000
Bydrae - lede	216,00	720
Bydrae - gemeentes, organe van bystand, ens.	216,00	720
Konsulentsgemeentes per 100 lidmate of gedeelte daarvan	43,20	144

VOORDELE/.....

VOORDELE	Huidige per jaar	Aanbeveling per jaar
Eenmalige bedrag by dood (potensiaal 40 jaar diens) of na 40 jaar diens	R7 500	R10 000
Pensioen	1 296	3 600
Weduweepensioen	840	1 920
Voordele aan kinders	157,50	360

BESLUIT: 1. Dat die gemeentelike bydrae tot die Pensioenfonds nié konstant per ge= meente sal wees nie, maar soos die heffings, hoofdelik bereken en oor alle gemeentes versprei word.

2. Dat die aanbevelings van die Raad nie aanvaar word nie.

11. BESONDERE GELEENTHEDE VIR DIENAARS VAN DIE WOORD

Daar is verskeie predikante wat die afgelope jaar besondere gebeurtenisse in hulle ampsbediening herdenk het, onder andere:

50-jarige ampsjubileum: Ds. P.J.J. Venter (1971)
Prof. dr. H.P. Wolmarans (1972)
Ds. D.F. Erasmus (Sr.) (1968)
Prof. dr. S.P. Engelbrecht (1971).

Kennis geneem.

B. DIE PRESBITERAAT

1. STATISTIEK

Volgens gegewens vir DIE ALMANAK verstrek is daar tans 4 476 diensdoende ouderlinge in die Kerk.

2. HERKIESING EN BEVESTIGING (OOK VAN DIAKENS)

a. BESKRYWINGSPUNTE

=V-8= "Die vergadering besin oor die vraag of dit Bybels te verantwoord is dat amps= draers elke twee jaar herkies en bevestig sal word."
(Kerkraad Randfontein).

=V-9= "Dat die Hoogeerwaarde Algemene Kerkver= gadering die gebruik in ons Kerk dat ouderlinge en diakens na 'n bepaalde dienstyd (2 jaar) weer herkies en her= bevestig moet word skriftuurlik sal

ondersoek/.....

ondersoek."
(Kerkraad Bergsig).

BESLUIT: 1. Dat die opdrag aan die betrokke Kommissie gekontinueer word met die byvoeging dat ingegaan word op die spesifieke vrae wat in hierdie beskrywingspunte aan die orde kom en dat die resultaat van die studie aan alle Kerkrade beskikbaar gestel word.

2. Dat die beskrywingspunte aanvaar word (sonder dat daarmee ook die motivering aanvaar word).

3. RAAD VIR OUDERLINGE

Die Raad wys in sy verslag daarop dat die opsig oor die gemeentelike presbiterium volkome op die terrein van Rings=vergaderinge val en dat die funksie van die Raad in hierdie opsig verval het. Van verskillende kante word studiestukke oor die amp van die ouderling ingewag, en die Raad beveel aan dat na ontvangs van die studiestukke aandag geskenk word aan die wenslikheid van sy voortbestaan.

Die Werkgroep Ampsbediening en Kerkordening steun die aanbe=veling.

Ter toeligting kan gemeld word dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sy kommissie wat 'n studie oor die ampte gemaak het opdrag gegee het om die amp van die ouder=ling deeglik te ondersoek ten opsigte van:

Opleiding en onderrig.
Vereistes van die amp en persoon.
Noodsaaklikheid van die amp.
Praktiese uitlewing en
Vasstelling van pligte.

Die ondersoek is nie afgehandel nie en word in medewerking met die Predikantebroederkring van die Ring van Bronkhorst=spruit voortgesit.

Kennis geneem.

BESLUIT: Dat die predikante deur die Kompilator op die=selfde wyse as wat die Bybelse Dagboek opgestel word, versoek sal word om preke te skrywe vir die gebruik by leesdienste deur ouderlinge.

Dat die predikante ook versoek sal word om by die opstel van hierdie preke veral aan die vol=gende sake aandag te gee:

(1) dat die preke nie te lank moet wees nie,

(2) dat die sinne kort moet wees,

(3) dat daar veral ook rekening gehou sal word met die kerklike jaar en die fees- en gedenkdae in die Kerk. Hier dink ons veral aan die Adventstyd, Kersfees, die Lydenstyd, Goeie Vrydag, Paassondag, Pinkster, biddag vir die gesaaides en dankdag vir die oes.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Verlof vir afwesigheid is aan die volgende lede toegestaan:

Ds. C.J. Smit	vir 28 April (11.15 tot 12.45 nm.)
Oudl. G.J. van Vuuren	vir 28 April (11.15 tot 12.45 nm.)
Oudl. P.J. Stoltz	vir 28 April
Ds. A.J. Conradie	vir 27 April (11.15 vm.) tot 30 April.
Oudl. H. Conradie	vir 27 April (11.15 vm.) tot 30 April.
Oudl. N.J.K. Botes	vir 28 April
Oudl. G.J.M. Wolmarans	vir 28 April
Oudl. J.J.J. van Vuuren	vir 28 April
Ds. F.J.H. Buitendag	vir 27 April (12.15 nm. tot 12.45 nm.)
Ds. G.J. van Staden	vir 27 April (aandsitting)
Oudl. A.H. Grobbelaar	vir 28 April
Ds. L.J.J. Nell	vir 28 April (vanaf 10 vm.)
Ds. P.J. de Beer	vir 28 April
Ds. J.C. Kruger	vir 28 April
Ds. C.J.S. van Niekerk	vir 28 April
Oudl. T.F.J. Pretorius	vir 28 April
Prof. E.S. Mulder	vir 27 April (middag) en 28 April.
Oudl. R.D. Steinmann	vir 30 April (voormiddag)

VI. AMPTELIKE VERGADERINGS

Die vergadering stem vir secundi vir prof. B.J. Engelbrecht en dr. P.J.T. Koekemoer.

'n Herstemming vind plaas tussen di. J.D.H. Smit, Thomas F. Dreyer, H.J. Geyser en prof. G.M.M. Pelser.

MIDDAGSITTING 27 APRIL

ORDE VAN DIE VERGADERING

Goeie wense vir die vergadering is ontvang van Zeerust en Swellendam.

Verlof vir afwesigheid word toegestaan aan:

Oudl. G. Oosthuizen	vir 27 April
Ds. J.F. Mouton	vir 27 April (11.15 vm. tot 12.15 nm.)
Ds. C.J.J. van Rensburg	vir 28 April (11.15 vm. tot 12.45 nm.)
Oudl. J.C .Oelofse	vir 27 April (aandsitting)
Ds. J.M. Labuschagne	vir 27 April (2.30 nm. tot 4 nm.)
Oudl. J.P.C. v.d. Westhuizen	- vir 30 April (9 vm. tot 4 nm.)
Ds. J.H.H. Jacobs	vir 30 April
Oudl. D.J. Jacobs	vir 30 April
Ds. T.F. Dreyer	vir 27 April (3.45 nm. tot 7.30 nm.)
Oudl. Wolmarans	vir 27 April (2.30 nm.) tot 30 April (9 vm.)
Ds. P.W.A. Bierman	vir 28 April (9 vm. tot 10.45 vm.)
Diak. H.A. Theron	vir 27 April (namiddag)
Prof. W.C. van Wyk	vir 27 April (aandsitting)
Oudl. J.J. Prinsloo	vir 28 April
Oudl. C.D. le Roux	vir 30 April en volgende dae
Oudl. J.H. Wildenbeest	vir 28 April
Oudl. F.J. du Toit	vir 28 April

BESLUIT:

1. Dat die notule voortaan by die aanvang van die oggendsitting gestel word.

2. Dat die tydsbestek van 'n spreekbeurt in die reglement van orde van 5 na 3 minute verander word.

VI. AMPTELIKE VERGADERING

Ds. J.D.H. Smit is verkies as secundus van prof. B.J. Engelbrecht en ds. Thomas F. Dreyer van dr. P.J.T. Koekemoer.

Die vergadering stem vir nege ouderling-lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

4. HERDERLIKE SORG

a. ALGEMENE KERKVERGADERING 1970

Die vergadering het kennis geneem dat 'n studie gemaak word van veral twee aangeleenthede:

i. Herstelling van kommunikasieversteuring en
ii. Pastoraal sielkundige arbeid.

b./.....

b. VERSLAG VAN DIE RAAD VIR HERDERLIKE SORG

i. HERSTELLING VAN KOMMUNIKASIEVERSTEURING

Vir die kern-implementering van die aangeleentheid word verwys na die aanbeveling in die studiestuk oor groep= huisbesoek.

BESLUIT: Die Algemene Kerkvergadering beveel aan dat Kerkrade kan besluit om die huisbesoek bykomstig ter wille van beter bearbeiding groepsgewys te laat plaasvind.

ii. PASTORAAL SIELKUNDIGE ARBEID

ALGEMENE HERDERLIKE SORG

Teologiese studente word op voorgraadse vlak sterk aangeraai om psigologie tot op minstens die derdejaars= vlak te neem.

Gedurende die B.D.-opleiding word in die praktiese teologie klem gelê op pastorale kommunikasie en pas= torale psigologie.

BESLUIT: Staan oor vir behandeling by "OPLEIDING", Hoofstuk XV.

SPESIALE HERDERLIKE SORG

BESLUIT: Dat die hele aangeleentheid van Spesiale Herder= like Sorg uitgestel word na die e.v. Algemene Kerkvergadering vir studie en rapport.

IX. 15. BEVOLKINGSVERHOUDINGS

Onder behandeling.

IX . 15. BEVOLKINGSVERHOUDINGS

BESLUIT: 1. Die volgende herderlike skrywe, wat in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkver= gadering opgestel is deur prof. F.J. van Zyl in samewerking met prof. J.P. Oberholzer en dr. C.J. Mans, word in behandeling geneem:

HERDERLIKE/.....

HERDERLIKE SKRYWE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING VAN DIE NEDER= DUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA AAN DIE LIDMATE VAN DIE KERK OOR SY OPVATTING MET BETREKKING TOT VOLKEREVERHOUDINGS IN DIE R.S.A.

AANLEIDING TOT HIERDIE SKRYWE

Ons woon in 'n land wat 'n unieke posisie beklee in die wêreld van= weë sy veelrassigheid, en as gevolg daarvan ook vanweë sy veel= kerkigheid. Sy uitsonderlikheid ten opsigte van veelvolkigheid is geleë in die feit dat daar nie nog 'n land ter wêreld is waarin so veel heterogene rasse en volke saam moet woon nie, en betreffende sy uitsonderlikheid op kerklike gebied het ons hier nie net te doen met die voorkomende wêreldsituasie dat een volk aan verskil= lende kerke behoort nie, maar dat verskillende volke soms as't ware aan een kerklike denominasie behoort. Wat die veelvolkig= heid betref, het in Suid-Afrika 'n lewenspatroon ontwikkel wat in hoofsaak deur al die regerings van die land tot dusver gehandhaaf is en wat deur die huidige regering in wetgewing vasgelê is as 'n beleid waarvan die grondgedagte is om elke volk selfstandig en af= sonderlik tot die hoogste ontwikkeling te bring. Wat die veel= kerkigheid betref, is daar veral wat die Afrikaanse kerke betref, ook gestreef na die verwesenliking van afsonderlike kerke vir af= sonderlike volke, hoewel daar oor die verhouding van die verskillende kerke teologiese verskille bestaan.

Om meer as een rede het dit vandag vir die kerk nodig geword om hom weer eens grondig rekenskap te gee van sy eie standpunt oor die saak van veelvolkigheid en veelkerkigheid in ons land. Die groot Kerk= hervormers het ons geleer dat die kerk in Jesus Christus in gehoor= saamheid onder die Woord van God gestel is. Die Bybel is die enigste maatstaf van waarheid waaraan die kerk alles wat hy dink, doen en sê voortdurend moet meet, en dit des te meer omdat hy uit sondaars bestaan wat alleen maar menslik, dit wil sê onderhewig aan foute en vergissings die waarheid van die evangelie kan hoor, dit na= sê en neerskrywe, soos bv. in sy kerkwet. Daarom is dit nodig dat die kerk sy ganse lewe soos dit tot uiting kom in sy woorde, hande= linge en geskrifte, telkens aan Gods Woord sal toets. Sy kritiese selfondersoek word nog 'n dringender saak as die waarheid van sy uitsprake direk of indirek weerspreek, betwyfel of veroordeel word, hetsy deur ander kerke of godsdienstige organisasies of watter ander vyandige of bevriende grootheid ter wêreld ookal. Dit is presies wat vandag gebeur en waarom die kerk genoodsaak is om sy standpunt oor veelvolkigheid en veelkerkigheid in die lig van Gods Woord weer eens te ondersoek.

Ons is almal bewus van die volgehoue veldtog op 'n wye internasionale front teen Suid-Afrika wat in die afgelope jare in venyn en gedeter= mineerdheid geweldig toegeneem het. Ons is nie onbekend met die bedrywighede van die kommunistiese grootmagte wat geen geleentheid laat verbygaan om die klimaat teen ons land te verhit nie. Ons weet dat die Afro-Asiatiese volke die ondergang van Suid-Afrika beplan en bepleit. Ons dra ook kennis van die patetiese feit dat die wester= se lande deels gewillige bondgenote is in die propaganda-oorlog teen Suid-Afrika en deels 'n afsydige neutraliteit of hoogstens 'n flou vriendelikheid handhaaf ter wille van handels- of strategiese voordele.

Ons is/.....

Ons is op hoogte met die aktiwiteite van 'n menigte van organisa= sies, kommunisties of in elk geval linksgesind, wat hulle ten doel stel om ons land op alle gebiede te isoleer en geen steen onaangeroerd laat om die bestaande politieke, kulturele en maat= skaplike struktuur aan te tas nie. Wie ken nie die laakbare optrede van die grootste kerklike organisasie in die protestantse wêreld nie, die Wêreldraad van Kerke, wat onbeskaamd voortgaan om terroriste-organisasies geldelik te ondersteun wat die afgelope tyd verantwoordelik was vir etlike moorde op die grense van Rhodesië en die Portugese gebiede. Ons dra ook kennis van ander kerklik-ekumeniese liggame wat óf die politieke beleid van veel= volkigheid en die daarmee gepaardgaande maatskaplike lewenspatroon in Suid-Afrika veroordeel as verkeerd en in stryd met Gods Woord óf sekere beskouings oor die onderlinge verhouding van kerke huldig wat lynreg in stryd is met ons eie opvatting. Die meeste van die Engelssprekende kerke hier te lande, sowel as die Christe= like Instituut, voer reeds baie jare 'n veldtog om die beleid van afsonderlike ontwikkeling af te takel as iets boos en sondig. Die laaste toetrede tot die linie van veroordelende magte, is sommige Afrikaanse koerante met die oogmerk om die klimaat vir verandering in Suid-Afrika te skep wat die deurvoering van die beleid van af= sonderlike ontwikkeling onmoontlik moet maak.

2. DIE KERK SE STANDPUNT

Elke lidmaat van die kerk weet dat ons kerk 'n gefundeerde standpunt oor volkereverhoudings op maatskaplike en kerklike gebied het, en dat dit nou reeds 'n driekwart eeu lank kort geformuleer in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word. Toe die kerk na die Groot Trek in die ou Suid-Afrikaanse republiek 'n nuwe organisatoriese gestalte aangeneem het en ook staatskerk was, was 'n formulering van sy standpunt nog nie nodig nie omdat die Transvaalse grondwet van 1859 bepaal het: "Het volk wil geene gelykstelling van gekleurde met Blanken ingezetenen, noch in kerk noch in Staat". Eers in 1904, toe die kerk nie meer staatskerk was nie, het 'n formulering in die kerkwet nodig geword en verneem ons dat alleen blanke persone aan die kerk behoort en dat die kerk geen gelykstelling tussen "blanken en kleurlingen" toelaat nie. In verskillende bewoordinge kry ons hierdie grondsaak in al die wette terug totdat die huidige formulering in artikel III sy beslag gekry het en wat op een woord na - vermenging in plaas van gelyk= stelling - tans soos volg lui:

> "Die kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen vermenging in sy midde toelaat nie, maar beoog die vorming van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here - 'Maak dissipels van al die nasies', Matt. 28:19 - die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid van Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie."

In 1961 het die kerk in 'n omvattende rapport sy standpunt oor volkereverhoudings, soos in artikel III behels, goedgekeur. Die

gebeurtenisse van die jongste tyd, soos hierbo kortliks geskets, was aanleiding vir 'n verdere besinning oor hierdie saak en langs hierdie weg wil die kerk nou mededeling aan sy lidmate doen van die resultaat van sy ondersoek.

3. ONTLEDING VAN ARTIKEL III

'n Grondige en noukeurige ontleding van artikel III laat blyk dat dit hoofsaaklik om drie sake gaan:

(a) Die kerk spreek hom skerp en ondubbelsinnig uit teen elke vorm van integrasie, kerklik, maatskaplik en biologies, as hy dit pertinent stel dat hy geen vermenging in sy midde toelaat nie. Dit is vir hom 'n uitgemaakte saak dat integrasie op een van die drie gebiede noodwendig integrasie op die ander gebiede tot gevolg moet hê. Deur sy afwysing van integrasie, kies die kerk vir segregasie. Dit is sy oortuiging dat apartheid of afsonderlike ontwikkeling op die basiese beginsel rus dat dit die reg van elke mens is om tot die volste moontlike maat te ontwikkel. Dis die enigste regverdige, eerlike en christelike beleid en geensins 'n beleid van onregverdige diskriminasie en onderdrukking nie. Die kerk sien in hierdie beleid die enigste waarborg vir 'n permanente patroon van bestaan in Suid-Afrika. Die kerk sien in integrasie 'n be= dreiging van die afsonderlike voortbestaan van die onderskeie volke. Hy is bewus van die gevare wat die vermenging van blank en nie-blank vir albei groepe inhou. Dit kan alleen 'n eindelose proses van leed, ontworteling en vertwyfeling aan die gang sit wat noodwendig moet uitloop op die onherstelbare identiteitsverlies van albei groepe.

Die vraag sou gestel kon word of dit 'n legitieme en geregver= digde bekommernis of bemoeienis van die kerk behoort te wees. Moet die kerk hom nie eerder bekommer oor en bemoei met die Koninkryk van God nie, wat vir almal bedoel is, ook vir daardie mense wat uit volkerevermenging mag voortkom nie? Die bekom= mernis van die kerk oor die onderskeie voortbestaan van blank en nie-blank in ons vaderland kan alleen verstaan word uit sy geloof van waaruit hierdie uitspraak gemaak word. Hoewel hy in die aanvang van artikel III skynbaar los van die Skrif slegs uit ervaring wil praat, is dit wesenlik tog nie die geval nie. Ons het hier te doen met 'n uitspraak wat gegrond is in die skrifgefundeerde geloof van die kerk wat 'n vanself= sprekende deel van ons Afrikaanse lewensorde geword het. Daar lê wel meriete in die beskouing wat beweer dat die gedagte van geen vermenging teruggevoer moet word na die Bybelse bepaling dat die gelowige nie omgang met die heiden mag hê nie. Die vraag is egter wat die geval dan sal wees as die heiden 'n Christen word. As artikel III vermenging tussen blank en nie-blank nie wil toelaat nie slegs omdat die nie-blanke 'n heiden is, moet die artikel noodwendig verval wanneer die heidene gekersten is. In so 'n geval sou artikel III slegs 'n tussen= tydse maatreël wees en geen beginselsaak nie. Die kerk wil dit weer eens beklemtoon dat dit vir hom in die onderhawige saak nie slegs om 'n tussentydse reëling gaan nie, maar om 'n

blywende/.....

blywende en onveranderlike beginsel wat skriftuurlik gefundeer is. Agter artikel III staan die erkenning en belydenis dat God die maker van nasies is en dat Hy die geskiedenis van volkere beskik. Vergelyk Gen. 10, Ps. 86:9. Nasies ont= staan nie sommer by toeval nie, maar hulle bestaan moet terug= gevoer word na die wil van God. So was die ontstaan van die Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika nie toeval of die gril van 'n noodlot nie, maar die wil van God. Nie net die ontstaan van die Afrikanervolk as sodanig nie, ook die feit dat hy as blanke volk ontstaan het, wil ons erken as 'n beskikking van God. As daar ooit 'n volk was by wie se ontstaan al die faktore en omstandighede aanwesig was wat moes veroorsaak dat hy nie blank gebore sou word nie of blank sou bly nie, dan seker die Afrikaner. Dat dit nie gebeur het nie en dat ons is soos ons is, kan alleen teruggevoer word na die wil van Hom wat be= skik oor nasies en hulle lotgevalle. Hierby kom nog die besondere genade wat aan weinig volke gegun word, om as 'n Christengelowige volk, in die kerk van Jesus Christus, gebore te word. Hoewel hy hom in hierdie besondere posisie nie alleen wil toeëien nie, maar dit ten minste saam met een van die ander Afrikaanse kerke kan deel, is dit tog waar dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met die Afrikanervolk van sy geboorte= uur af, ja selfs voor sy geboorte, baie eng verbonde was, tot so 'n mate dat die geskiedenis van die een nie sonder dié van die ander verstaan kan word nie. Die Hervormde Kerk het hom= self nooit anders geken en hy kan ook nooit Nederduitsch Her= vormde Kerk van Afrika anders wees as in sy verbondenheid met hierdie volk wat hy glo deur God self hier en soos hy is in aansyn geroep is nie. Eintlik is die kerk in artikel III be= sig om homself te midde van ander kerke in die wêreld te identifiseer. As verskyningsvorm van die een, enige, algemene kerk van Jesus Christus wil hy sy eenheid met ander kerke van dieselfde geloof, leer en belydenis erken. Die Kerk van Christus is wel 'n geestelike grootheid, maar nie 'n swewende idee nie. Inteendeel, hy is 'n konkrete gemeenskap van sodanige aardse wesens wat 'n taal praat, aan 'n volk behoort en 'n kultuur besit. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is daardie verskyningsvorm van die kerk van Jesus Christus waarin slegs mense gevind word wat in Afrikaans bely dat Christus die Here is, wat in Afrikaans die lof van die Here sing, in Afrikaans bid, en luister na die verkondiging van die evangelie in Afrikaans. Die Hervormde Kerk is 'n kerk wat met Afrikaans praat omdat hy die gestalte van die apostel is wat vir die Jode 'n Jood en vir die Afrikaner 'n Afrikaner geword het. As die kerk hier in artikel III sê wie hy is in sy menslike natuur, kan hy nie anders nie as om te sê dat hy eintlik al voor die geboorte van die Afrikanervolk baie eng met hom verbonde was. In sy noue verbondenheid met hierdie volk is die besorgdheid geleëwat ons uit artikel III hoor klink oor die behoud van die identiteit van die volk soos God hom gemaak het. Niemand sal die kerk wat so nou verbonde is aan hierdie volk kan verkwalik of van onskriftuurlikheid beskuldig as hy die eiendomlike wat God aan die volk, uiterlik en innerlik, gegee het wil bewaar, beskerm en bestendig nie.

Dit/.....

Dit beteken nie in die verste verte dat ons die Afrikaner as 'n meerderwaardige volk bokant ander volke, en veral die nie-blanke volke, beskou nie. Die kerk glo dat God aan elke volk sy eie aard en wese gee, en omdat dit sy besondere gawe is, moet dit deur elkeen hoog geag, gewaardeer, bewaar en be= stendig word. Artikel III wil baie duidelik ook die identi= teit van die nie-blanke volke beskerm. Dit was juis uit vrees vir die misverstand dat meerderwaardigheid dalk 'n rol mag speel, dat die kerk die woord "gelykstelling" met "vermenging" vervang het. In artikel III lê die gedagte verskuil dat die behoud van identiteit van blank en nie-blank en die afsonder= like ontwikkeling van elke groep, afgestem is op gelykstelling, maar dan nie gelykstelling in vermenging nie, maar in geskei= denheid. Dit lyk vir die kerk na die enigste Christelike, regverdige en natuurlike grond vir die verhouding tussen rasse en volke in Suid-Afrika.

Dat die kerk 'n voorstander is van die beleid van gelyke ont= wikkelingsgeleenthede na eie aard en aanleg van elke volksgroep in sy eie gebied, kan tog onmoontlik as rassisme bestempel word in die sin dat een volk of ras, en in hierdie geval die blanke, hom afgodies verhef teenoor ander rasse. Aanvanklik is onder rassisme die verabsolutering van 'n bepaalde ras verstaan soos dit in die nasionaalsosialisme van die Hitlerregime tot uiting gekom het. Vandag het die begrip 'n heeltemal ander inhoud gekry. Op grond van die aanvaarde humanistiesgefundeerde VVO-gedagte van die gelykheid van alle mense, het rassisme vandag die skeldwoord geword vir almal wat nie integrasie aanvaar as die enigste reëling van volkereverhoudings nie. Eintlik geld hierdie skeldwoord slegs Suid-Afrika. Dit is ontstellend om te hoor, wat hierdie saak betref, hoe lustig kerk en wêreld vandag in een koor saamsing op die noot van die humanisties-liberalistiese vryheid, gelykheid en broederskap van die Franse rewolusie. Daar is geen ekumeniese liggaam of kerklik-gods= dienstige organisasie ter wêreld wat nie op een of ander tyd 'n besluit oor rassisme geneem het nie. Sonder 'n duidelike verklaring van die teendeel moet so 'n besluit egter geïnter= preteer word as 'n besluit ten gunste van integrasie.

(b) Waar die kerk uitgesproke integrasie op politiek-maatskaplike gebied verwerp en onuitgesproke kies vir afsonderlike ontwikke= ling, daar stel hy teenoor die verwerping van kerklike inte= grasie baie duidelik en uitgesproke sy beleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike volksgroepe. Artikel III is 'n erkenning en aanvaarding van ons kerk se sendingtaak en tegelyk sy sendingsbeleid in 'n neutedop. Die artikel is nie net uit= drukking van die uitsluitlike verbondenheid van ons kerk aan die Afrikanervolk en sy voorneme om die eie identiteit van hier= die volk te bewaar en te versterk nie, maar ook uitdrukking van sy verantwoordelikheid ten opsigte van die geestelike heil van die nie-blanke volke met wie hy saam in hierdie land verkeer. Hoewel hy homself nie anders ken dan as kerk vir die Afrikaner nie, wil hy die evangelie nie net vir homself hou nie en die kerk van Christus nie beperk tot hierdie volk alleen nie. Hy wil help dat die een kerk van die Here ook onder ander volke

gestalte/.....

gestalte sal aanneem soos wat dit die geval met die Afrikaner is. Daarom aanvaar hy die verantwoordelikheid vir kerkvorming onder die nie-blanke volksgroepe.

Met die aanvaarding van die sendingroeping deur die vorming van volkskerke vir die onderskeie volksgroepe, het die kerk 'n gesonde sendingkundige beginsel neergelê wat baie ander westerse kerke lank geneem het om te leer. Baie lank is sending beskou as die versterking en uitbreiding van die bestaande kerk, wat prakties die westerse kerk beteken het. Bekering en geloof in Christus, derhalwe inlywing in die kerk, het noodwendig ook opname beteken in 'n vreemde maatskaplike en kultuurorde. Geen wonder dat die nie-christelike volke die westerse kerk altyd sy vreemdheid verwyt het nie. Dit is wel waar dat die woord "nasies" soos dit in die sendingbevel van Matt. 28:19 en elders voorkom, beskou kan word as die tegniese term vir alle nasies buite die verbond van God met Israel en dat dit gevolglik nie gaan om die tipering van nasies in hulle etniese verband nie. Aan die ander kant is dit net so waar dat die geloof in die Drie-Enige God 'n mens se volksverbondenheid nie ophef nie. Op die eerste algemene kerkvergadering van Jerusalem het Paulus, Petrus, Jakobus en die ander kerkleiers dit eens en vir altyd uitgemaak dat lidmaatskap van die gemeente van die Here nie via die aanvaarding van die Joodse of enige ander lewenswyse wat vreemd is aan eie volksaard tot stand kom nie. Dis waar dat die kerk van Christus 'n geestelike en nie 'n etniese grootheid is nie, maar dis ook waar dat 'n mens se behorenheid tot die volk van God die etniese bepaaldheid van die lede van hierdie volk nie ophef nie, maar dit opneem in al sy verskeidenheid. Dis aan hierdie beginsel dat artikel III reg wil laat geskied.

Dis ook nie sonder betekenis dat ons kerk sy missionêre taak uitsluitlik verstaan as 'n verkondigingstaak waardeur hy alle mense volgelinge en leerlinge van Jesus Christus wil maak nie. Omdat die bediening van die versoening aan die kerk opgedra is, wil ons kerk alleen Christus die gekruisigde verkondig in die uitvoering van sy sendingtaak. Met die besondere beklemtoning van die Woordverkondiging wil ons kerk met alle beslistheid sekere heersende misverstande oor die betekenis van die versoening en die geregtigheid van God wat daarin geopenbaar word, afwys en hom ook met alle mag tot sy beskikking verset teen sekere konklusies wat uit die misverstande getrek word. Die misverstande is eerstens dat die versoeningswerk van Christus al minder verstaan word as verlossing uit die wesenlike menslike nood van sonde en dood, en al meer verklaar word as 'n bevryding uit die tydelike nood op die sosiaal-maatskaplike en die ekonomies-politieke vlak. 'n Verdere misverstand is dat die versoeningswerk op Golgota van so 'n aard is dat dit as't ware outomaties die eiendom van alle mense geword het. Alle mense is versoen, alle mense is vry, alle mense is daarom gelyk en daarom is die eintlike taak van die kerk en wêreld om te verwerklik wat op Golgota 'n feit geword het. 'n Verdere misverstand is dat die primêre taak van die kerk nie meer die verkondiging van die groot heilsdade van God in Christus is

nie,/.....

nie, maar dat sy taak is om die bevrydingsdaad van Christus deur kerklike aktivisme op die sosiale en politieke vlak voort te sit. Waar daar nog van verkondiging sprake is, gaan dit nie meer om verbale verkondiging nie, maar om daadverkondiging. Daar word beweer dat die kerk nou lank genoeg gepraat het, sonder sukses, en dat dit tyd vir hom geword het om iets te doen. Immers, nie die sielsnood nie, maar die bestaansnood van die moderne mens moet voorrang geniet. Een bedenklike konklusie wat uit die misverstande spruit, is dat Christus niks anders as 'n sosiale hervormer was nie en dat dit die taak van die kerk is om Hom op hierdie weg te volg. Kerk en teologie word geheel en al versosialiseer, terwyl die heil van die mens verwar word met maatskaplike welsyn. Die kerk wil die versosialisering van die evangelie met al die krag tot sy beskikking afwys omdat hy dit nie anders kan verstaan as dat die kerk van die Here in die tyd na Christus geswig het voor die sataniese versoeking waarmee hy Jesus Christus wou verlei toe hy voorgestel het dat Christus van klippe brode moes maak nie. Nog 'n bedenklike konklusie staan in noue verband met die vorige, maar verskil tog dermate daarvan in soverre Christus hier nie as sosiale hervormer nie, maar as politieke rewolusionêr, as opstandeling teen die heersende politieke orde, as terroris, beskou word. Die taak van die kerk moet dan wees om die werk wat hierdie Christus in die wêreld begin het, voort te sit en deur te voer, sodat daar ruimte kan kom vir die geregtigheid van God in ons wêreld; daarby moet die= gene wat op allerlei wyse besig is om die bestaande orde omver te gooi, as vryheidsvegters bejeën en ondersteun word. Nie net die versosialisering nie, maar ook die verpolitisering van die evangelie van Christus wil die kerk met alle mag tot sy beskikking verwerp omdat die kerk dit nie anders kan ver= staan nie as 'n keuse en beslissing in die tyd ná Christus vir Barabbas. Ons is van oortuiging dat die politieke Christus wat die Jode van Christus wou maak inderdaad vir altyd gekrui= sig is en dat die bloed van die Lam vertrap word as ander bloed ter wille van die geregtigheid moet vloei. Ons kerk is van oordeel dat alle menslike, rewolusionistiese ingryping in die bestaande orde tot haastige verwerkliking van die koninkryk van geregtigheid veroordeel moet word as 'n vergryp teen en wantroue in die Heilige Gees wat met die suurdeeg van die evangelie sonder groot sigbare tekens besig is om die wêreld te deursuur en die Koninkryk te laat kom.

Dit beteken nie 'n ontkenning van die betekenis wat die ver= soening in Christus moet hê op die horisontale vlak waar mense en volke in maatskaplike, staatkundige, ekonomiese en ander verbande lewe nie. Ons erken dat mense en volkere mekaar op hierdie vlak in die betragting van liefde en in die beoefening van geregtigheid moet ontmoet. Maar ons moet dit beklemtoon dat hierdie geregtigheid in eiegeregtigheid sal ontaard as dit losgemaak word van die geregtigheid van God as vergewing van sonde, en dat hierdie liefde in selfsug sal vergaan as dit nie die liefde is wat deur die Heilige Gees in die hart uit= gestort word nie. Op grond van die versoening in Christus en die vergewing waarvan ons almal lewe, en op grond van die uit= storting van die liefde van God in ons harte deur die Gees,

deur/.....

deur Wie ons bid: Ons Vader, wil ons dan ook elke lidmaat op= roep om uit dankbaarheid vir die genade wat aan ons betoon is, alle volke en alle individue uit alle volke, steeds met die nodige Christelike regverdigheid, vriendelikheid, billikheid, welwillendheid en respek te behandel as mense vir wie God ook sy Seun in die dood gegee het. Sonder om dit voorwaardelik te stel vir ons beoefening van geregtigheid en betragting van liefde, glo ons dat dit ook van die ander volksgroepe verwag kan word, as ook hulle lewe 'n lewe van dankbaarheid word op grond van die vergewende genade van God in Christus. Daarom dat ons die eerste beoefening van geregtigheid verstaan as die verkondiging aan alle volke van die evangelie van verlos= sing deur Jesus Christus.

(c) As die kerk in artikel III teenoor die gedagte van kerklike integrasie sy beleid van afsonderlike kerke vir die verskil= lende volksgroepe stel, ontstaan die vraag as't ware vanself wat die verhouding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tot die verskillende volkskerke is wat hy vorm. In artikel III het ons ook 'n kort formulering van die kerk se beskouing oor die eenheid van die kerk as gemeld word dat "die eenheid van Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie". Die beginsel wat deur die kerk hier neergelê word is dat dit by die vraag om die eenheid van die kerk nie om 'n kwantitatiewe maar om 'n kwalitatiewe saak gaan. As die kerk van die eenheid van Christus praat wil hy daarmee aandui dat dit vir hom gaan om 'n eenheid wat in Christus, die Hoof van die Kerk, geleë is. Die eenheid van die kerk moet dus in die waarheid waarin hy gegrond is, wat hy glo, leer en bely, gesoek word. As die eenheid van die kerk deur die kerk bely word, gaan dit derhalwe nie so seer om 'n numeriese eenheid nie, maar baie eerder om die enigheid van die kerk wat natuurlik weer die een-heid van die kerk impliseer. Omdat die kerk kragtens die enigheid van die waarheid wat sy wese bepaal, naamlik Jesus Christus, enig van sy soort in die wêreld is, kan daar nie nog so 'n gemeenskap wees nie. Daar kan dus net een kerk wees omdat daar een Heer van die kerk is, en Hy is 'n enige Heer. Die kerk is die liggaam van Christus en omdat Christus net een lig= gaam het, kan daar net een kerk wees. Teenoor die veeltalligheid wat afgewys moet word, moet die veelgestaltigheid of veel= vormigheid van die kerk egter erken word. Daar is sekere faktore wat aanvaar moet word as oorsaak waarom die een kerk verskillende gestaltes en vorme kan aanneem sonder dat daar verskil bestaan wat die waarheid betref. Daar is verskille van taal, kultuur en geografiese omstandighede wat 'n legitieme verskeidenheid in vorm van die een kerk van Christus tot gevolg het, sonder dat die eenheid in waarheid, geloof en belydenis in gedrang hoef te kom.

Die vraag na die eenheid van die kerk het eintlik deur die re= formasie aktueel geword toe die kerk van die reformasie die Roomse kerk as valse kerk moes aantoon. Albei kerke het die eenheid van die kerk erken, maar dit verskillend verstaan. Vir Rome is die eenheid van die kerk in die organisasie geleë. Waarborg vir die eenheid is die pous as sigbare hoof van die

kerk/.....

kerk in sy amp en in sy setel te Rome. Die ware kerk het volgens Rome 'n adres: dis die pous van Rome as opvolger van die kerk-apostel Petrus. Vir almal buite hierdie organisatoriese eenheid, en met name die kerke van die hervorming, is daar volgens Rome geen saligheid nie. Hierteenoor het die refor= matore gestel dat die eenheid van die kerk nie in 'n sigbare organisasie geleë is nie, maar in die waarheid, in die Bybelse leer, die geloof, die belydenis en die Christelike lewe. Die Kerk is nie daar waar die pous sy stoel het nie, maar waar die evangelie reg verkondig word en die sakramente bedien word volgens die instelling van Christus. Dit was ook nog altyd die standpunt van ons kerk oor die eenheid: dat dit geen organisa= toriese aangeleentheid is nie, maar 'n eenheid in die een waar= heid wat geglo en bely word.

'n Ander vraag wat geopper kan word waar die bestaan van afson= derlike kerke vir verskillende volksgroepe geen besware wek nie, is of die eenheid van die kerk dan nie op 'n ander wyse as die organisatoriese gerealiseer en gedemonstreer behoort te word nie, byvoorbeeld deur gesamentlike eredienste van tyd tot tyd. Teen so 'n beskouing moet die volgende besware aangevoer word:

(1) Net soos die eenheid van die kerk nie noodwendig organisa= tories uitdrukking hoef te vind nie, so is die bymekaar wees van die gelowiges van verskillende rasse ook nie noodsaaklik nie omdat die eenheid in niks anders as die waarheid geleë is nie.

(2) Die waarheid waarin die eenheid geleë is, is 'n waarheid wat geglo en bely word. Die vraag is of wat self gereali= seer en gedemonstreer kan word nog bely en geglo hoef te word.

(3) Die waarheid kan maklik aan die eenheid opgeoffer word. In 'n protestantse erediens staan die woordverkondiging im= mers sentraal. Die geloof in die Waarheid wat die kerk bely is gebonde aan die regte verkondiging sowel as die regte hoor van die Woord wat verkondig word. Nou is dit so dat die verkondiging sowel as hoor daarvan 'n saak van die Heilige Gees is, maar dit sluit nie uit nie dat die kerk self so duidelik en verstaanbaar as moontlik moet spreek. Dis hier waar die taalfaktor ter sprake kom en die vraag gestel moet word of die verstaanbaarheid van die Woord nie in die gedrang kom waar verskillende taalgroepe in 'n erediens saamkom as teken van die eenheid van die kerk nie.

Behalwe dat ons kerk in geïntegreerde eredienste die dun kant van die wig vir integrasie op ander gebiede sien, beskou hy dit op grond van genoemde besware bowendien as onnodig en onmoontlik.

Eindelik is daar nog 'n derde vraag wat in noue verband met die vorige staan, naamlik wat die houding van die kerk moet wees by= voorbeeld teenoor 'n nie-blanke of 'n groep nie-blankes wat

by gebrek/.....

by gebrek aan eie kerklike fasiliteite behoefte gevoel om 'n ere=diens van blankes by te woon. By die oorweging van hierdie vraag is die samehang van gemeente, erediens en taal van deurslaggewende betekenis. 'n Gemeente word in ons kerkwet beskrywe as "die normale en plaaslike verskyningsvorm van die kerk". 'n Gemeente is inderdaad niks anders as die besondere wyse waarop die kerk op 'n bepaalde plek teenwoordig is nie. 'n Gemeente is God se ge=roepenes wat op die besondere plek waar die besondere gemeente be=staan, die funksie van die kerk moet verrig. 'n Gemeente is altyd 'n gemeente van 'n bepaalde kerk, omdat dit altyd 'n bepaalde kerk is wat homself op 'n bepaalde plek in 'n gemeente organiseer ter wille van sy doeltreffende funksievervulling op daardie plek. Daarom kan ons 'n gemeente nie verstaan as 'n vergadering van Christene van verskillende stempel wat homself as 'n gemeente or=ganiseer uit 'n gemeenskaplike behoefte nie. Die erediens is nie die willekeurige samekoms van Christene nie, maar die openbare samekoms van die gemeente. Die erediens is nie 'n samekoms omdat lede van die gemeente bepaalde behoeftes het nie - wat niemand wil ontken nie - maar die samekoms vind plaas omdat die erediens die mees wesenlike moment van die funksievervulling van die kerk uit=maak. Die bediening van Woord en sakrament en die antwoord van die mens in belydenis, sang en gebed maak die wesenlike elemente van die erediens uit, en nie die menslike behoeftes nie. Ook wanneer daar geen behoeftes is nie, moet die erediens nog deurgaan omdat die Heer van die kerk self die bediening van Woord en sakrament aan hom opgedra het, waardeur Hy self die gemeente ver=samel, bewaar en onderhou. Verder moet dit gestel word dat 'n gemeente alleen sigbaar word in sy samekoms in die erediens. Die kerk vervul sy kerkwees deur die week as hy van die een erediens op pad is na die volgende. Vanuit die erediens word die kerklike meelewing van die afsonderlike lidmate ook bepaal. Mense wat nie aan die erediens deel het nie, leef nie kerklik mee nie. Die wesenlike kerklike meelewing op die weg van die een erediens na die ander bestaan daarin dat elke lidmaat ook afsonderlik die Bybel moet lees, die Woord moet oordink, moet bid en bely. As iemand dus wettiglik verhinder word om 'n erediens by te woon, sal hy nie om daardie rede verlore gaan nie, en moet hy verstaan dat sy persoonlike erediens ook gesprek met God is wat sy onder=houding van die gemeentelike erediens voed en stimuleer.

Die belangrikste faset van die erediens is waarskynlik die feit dat dit gesprek is tussen God en sy gemeente. Dis die wyse waarop God Hom aan mense bekend stel en Hy doen dit deur hulle in hulle eie taal aan te spreek, waarop hulle in eie taal ook antwoord. Taal is meer as die toepassing van grammatikale reëls en die aan=wending van woordeskat. Dis deur sy taal dat 'n mens as lid van 'n bepaalde volk bestempel word. Dis die taal wat die identiteit van 'n volk uitdruk. In sy diepste wese kan 'n mens slegs in sy eie taal werklik aangespreek word. God wil elke mens in sy hart tref, in sy diepste wese en in die totaliteit van sy bestaan aanspreek.

Uit die geheel van die voorgaande kan die volgende konklusies ge=trek word:

./.....

. die kerk kan nie anders bestaan as kerk vir elke afsonderlike volk nie. Elke gemeente is vanselfsprekend die wyse waarop hierdie volkskerke binne volksverband op verskillende plekke hulle kerklike funksie wil vervul. Elke erediens sal uitdrukking van die bestaan van sulke gemeentes wees waarin die gesprek tussen God en sy gemeente in die taal van die volk betrek word.

.. dit kan gebeur dat afsonderlike lidmate van bantoegemeentes die eredienste van hulle eie gemeentes nie gereeld kan bywoon nie, soos die geval met sommige bediendes in stedelike gebiede. Soms word die eis verneem dat sulke lidmate in blanke gemeentes geakkommodeer behoort te word op grond van die bewering dat niemand op grond van ras of kleur van gesamentlike aanbidding uitgesluit mag word nie. Gesien teen die agtergrond van 'n wêreldwye vyandelikheid teen Suid-Afrika soos wat dit aan die begin geskets is, is die kerk van oordeel dat ons in hierdie saak te doen het met die speerpunt van die aanslag waardeur die liberalisties-humanistiese vryheidswolwe in kerklike skaapklere ook sou kon insluip om die verwerplike verpolitiseringsproses aan die gang te sit. Daardeur sal nie net ons lewenspatroon nie, maar ook die vervulling van die apostolaat soos ons kerk dit verstaan, in gevaar gestel word. Daarom wys die kerk ook hierdie gedagte met die grootste beslistheid af. Die kerk wil sy lidmate verseker dat hy voorsiening gemaak het en in die toe= koms voorsiening sal maak vir die noodsaaklike amptelike kontak met kerke van die nie-blanke volksgroepe by die uitvoering van sy apostolêre taak. Alle ander kontak impliseer na die mening van die kerk vermenging en stel die apostolaat, soos deur arti= kel III gereël, in gevaar.

... in die lig van die kerk se beskouing oor die verband tussen gemeente, erediens en taal moet aan die bantoelidmate wat hulle eie kerkdienste nie kan bywoon nie, geleer word waarom dit wesenlik in die erediens gaan en dat dit primêr nie daar is ter wille van menslike behoeftes nie. Hulle moet geleer word dat hulle lees van die Bybel nie waardeloos is nie, hulle gebed en belydenis nie sonder betekenis nie. Voorts moet aan hulle verduidelik word dat die bywoning van anderstalige eredienste kan lei tot frustrasie, aanstoot en wanbegrip wat beslis nie bevor= derlik is vir die vervulling van die funksie van die kerk nie.

.... dit beteken nie dat ons kerk onverskillig staan teenoor die geestelike versorging van huisbediendes en ander werkers, veral in stedelike gebiede nie. Ons kerk wil ook sy bydrae lewer sodat elke mens die Bybel in sy eie taal kan lees en hy wil ook toesien dat daar genoegsame fasiliteite beskikbaar gestel word sodat lidmate van verskillende bevolkingsgroepe eredienste in eie gemeentes kan bywoon en positief met hulle gemeentes kan meelewe.

4. SLOTWOORD

Ter afsluiting wil die kerk nog graag die volgende sake onder aan= dag van sy lede bring:

(a)/.....

(a) Hoewel die standpunt van ons kerk oor volkereverhoudings toevallige ooreenkomste mag vertoon met die beleid en be= skouings van politieke partye of groepe, moet dit baie duidelik verstaan word dat hy geensins daardeur aan sodanige partye of groepe gekoppel wil wees nie. Ons kerk erken en aanvaar sy verantwoordelikheid teenoor die owerhede, maar hy stel ontsaglike hoë prys op sy vryheid en wil nie gekompromiteer wees met enige partypolitieke denkrigting wat sy vryheid tot getuienis aan bande kan lê nie. Elke owerheid wat in sy be= leid ruimte het vir 'n beskouing oor volkereverhoudings wat nie in stryd is met die geformuleerde beskouings van die kerk nie, kan verseker wees dat hy wat hierdie saak betref, op ie die ondersteuning van die kerk kan reken. Voorts wil die kerk al sy lede en ampsdraers daaraan herinner dat hulle ook hulle politieke verantwoordelikheid moet erken, aanvaar en uitoefen op 'n vir die kerk waardige wyse.
Die kerk wil op hulle almal 'n ernstige en dringende beroep doen om in hulle politieke handelinge, deur woord, geskrif of andersins, die kerk nie onnodig in verleentheid te stel deur die vyande van die kerk geleentheid tot verdag= making te gee nie.

(b) Uit alles wat tot hiertoe gesê is, moet dit vir elkeen duide= lik wees dat ons krisistye belewe. Maar in hierdie tye word die evangelie van die Koninkryk ook verkondig en volgens die getuienis van die Bybel is dit vir die gelowiges 'n teken en versekering van die oorwinning van die Heer van die kerk. Die kerk wil u dan ook oproep om nie beangs rond te kyk nie, maar die oë gevestig te hou op Hom wat oorwin het, nog oorwin en sal oorwin. Laat ons in hierdie krisistye ons onderlinge byeenkoms in die erediens nie verwaarloos nie, maar laat ons mekaar vermaan, laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor. Veral wil die kerk u oproep om kragtig mee te werk in die uitvoering van die sendingtaak sodat daar vir elke bantoe-volksgroep 'n kerk gevorm kan word en hulle in hulle gemeentes en ons in ons gemeentes saam die Here kan dien.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR AANDETE

AANDSITTING 27 APRIL

IX. 15. BEVOLKINGSVERHOUDINGS

Die bespreking oor die Herderlike Skrywe oor volkereverhou= dings word na aandete voortgesit.

en

Hoofstuk XXIII (A.2.(b)) word terselfdertyd in behandeling geneem.

BESLUIT: 1. Die vergadering neem met dank kennis van die konsep herderlike skrywe in sake volkerever= houdings.

2. Die vergadering aanvaar die hoofgedagtes en riglyne wat rondom artikel III in hierdie konsep gestel en ontwikkel is.

3. Die vergadering verwys hierdie konsep herder= like skrywe na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om dit vormgewend te verwerk, finaal te versorg en te publiseer.

4. Dat die herderlike skrywe ook in ander tale vertaal sal word en vir die algemene publiek beskikbaar gestel word.

5. Dat op grond van die herderlike skrywe die Moderamen 'n kort, bondige persverklaring sal uitreik wat die essensie van die herderlike skrywe weergee en dat hierdie persverklaring

ook vir/.....

ook vir publikasie in gemeentelike blaaie beskikbaar sal wees.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Goedkeuring vir afwesigheid is toegestaan aan:

Ds. A.J. Zwarts	vir 27 April (5.10 nm.)tot 30 April.
Oudl. A.P.J. Bezuidenhout	vir 30 April (9 vm. tot 7.30 nm.)
Ds. J.F. Mouton	vir 28 April (vanaf 10.30 vm. tot 12.30 nm.)
Oudl. B.G. Koekemoer	vir 28 April (vanaf 10.30 vm. tot 12.30 nm.)
Ds. F.J. Engelbrecht	vir 28 April.
Oudl. J.C. Oelofse	vir 27 April (7.30 nm. tot 9.30 nm.)

Gelukwense vir die vergadering is ontvang van die Kerkraad van Rustenburg.

AFSLUITING

Dr. P.J.T. Koekemoer neem die afsluiting waar. Hy laat sing Ps. 23:1 en gaan voor in gebed.

OGGENDSITTING 28 APRIL

OPENING

Prof. H.P. Wolmarans neem die opening waar. Hy lees Joh. 17:1 vv., gaan voor in gebed en laat sing Ges. 11:1.

VI. AMPTELIKE VERGADERINGS

Die volgende ouderlinge is onderskeidelik verkies tot primi en secundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

PRIMI	SECUNDI
P.S. Dreyer	J.P.J. Coetzer
J.C. Oelofse	G.W.T. Oosthuyzen
J.P. v.d. Berg	M.H.J. v.d. Merwe

A.P. Grové/.....

A.P. Grové	M.J. Hough
M. Pretorius	F.H. Ras
J.H. Lotz	J.S. du P. Potgieter
D.P.J. van Schalkwyk	J.P.C. v.d. Westhuizen
R. Cronje	D.J. Fouche
S.J.L. Gouws	P.A. Bentum

ORDE VAN DIE VERGADERING

Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan:

Ds. N.H. Buitenweg	vir 30 April (middagsitting)
Oudl. Martiens v.d. Merwe	vir 28 April
Ds. P.P. Jooste	vir 1 Mei (middagsitting)
Prof. F.J. van Zyl	vir 30 April ('n paar minute ná 9 vm.)
Ds. Dirk Stoltz	vir 28 April (9 vm. tot 10.30 vm.)
Oudl. J. Lotz	vir 30 April (voormiddag)
Oudl. D.E. Breedt	vir 28 April
Oudl. M.C. Barnard	vir 30 April (9 vm. tot 10 vm.)
Ds. G.C. van Staden	vir 30 April (oggend tot 10 vm.)
Oudl. Richards	vir 30 April (oggend tot 10 vm.)
Ds. J.J.P. Müller	vir 28 April
Ds. S. Schutte	vir 30 April (tot mediese ondersoek afgehandel is).
Ds. F.J.H. Buitendag	vir 30 April (9 vm. tot 12.45 vm.)
Ds. L.A. Pretorius	vir 28 April (12 nm. tot 12.45 nm.)
Ds. D.J.A.G. du Toit	vir 28 April (12 nm. tot 12.45 nm.)
Oudl. D.J.J. Riekert	vir 30 April en volgende dae
Oudl. S.J. Gouws	vir 30 April (voormiddag) en 1 Mei (namiddag)
Diak. W.F. van Delft	vir 28 April (12.45 nm.) tot einde van die vergadering.
Oudl. C.E. Schutte	vir 30 April (voormiddag)
Ds. F. Houwert	vir 30 April (middag- en aandsessies).
Oudl. H. van Nieuwenhuizen	- vir 30 April tot die einde van die vergadering.
Oudl. P.G.J. de Kock	vir 30 April
Oudl. J.J. v.d. Linde	vir 28 April (11.30 vm. tot 12.45 nm.)
Oudl. J.D. van den Berg	vir 28 April en volgende dae tot hy weer gesond is.
Oudl. W.A. Steenkamp	vir 30 April en 1 en 2 Mei.
Ds. N.J.J. van Rensburg	vir 1 Mei (oggend tot 6.30 nm.)

XXIII.A.2.b. DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE

Die bespreking van die besluite van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (Sydney 1972) word voortgesit.

BESLUIT: 1. Die vergadering neem kennis van die besluite van die G.E.S. in Sydney, en dat die besluite bedoel was as uitsprake wat nie op een spesifieke land

of situasie/.....

of situasie betrekking het nie, maar as die formu= lering van beginsels wat oral van toepassing kan wees. Die vergadering het die besluite oorweeg in die volle bewustheid daarvan dat die Nederduitsch Hervormde Kerk nie self betrokke was by die G.E.S. nie en dat hy nie deel gehad het aan die beraad= slaginge oor 'n lang tydperk wat tot die formulering van die besluite gelei het nie. Hierdie besluite is egter geneem deur die kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag as ons Kerk staan en die begin= sels en uitsprake daarin vervat het verder betrekking op sake wat duidelik ook die kerk en volk in Suid-Afrika raak. Daarom verdien dit ons ernstige oorweging.

Ná noukeurige studie en uitvoerige bespreking het die Algemene Kerkvergadering in die eerste plek kennis geneem van bepaalde teologiese tendense wat in die besluite na vore kom rondom die leerstukke aangaande die mens, versoening en Kerk. Die ver= gadering verwerp hierdie tendense.

Tweedens het die vergadering noukeurig kennis geneem van die implikasies van die besluite van die G.E.S. met betrekking tot volkereverhoudings óók in ons land. Dit het duidelik geword dat hier 'n ander oplossing van die onderhawige probleem gebied word as wat in die konsep herderlike skrywe duidelik in hierdie vergadering gestel is. Die vergadering bevestig derhalwe weer eens die standpunt van die Kerk in sake volkereverhoudings soos in die uitleg van artikel III van die Kerkwet wat vervat is in die herderlike skrywe wat binnekort aan al die lid= mate van die kerk beskikbaar gestel sal word.

In artikel III en die Kerk se uitleg daarvan blyk die volgende duidelik:

(1) Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika getuig aan alle mense dat:

(a) die inbring van die lewe van die mense onder die bevrydende tug van die Woord van God, en die kerstening van die lewe van die volkere rondom Woord en sakramente die enigste doeltreffende metode vir die skepping van blywende gesonde menseverhou= dings is,

(b) dít in Suid-Afrika nie beter bewerkstellig kan word as langs die weg van afsonderlike kerke vir die onderskeie volksgroepe nie, en

(c) die verwesenliking dáárvan in hierdie situasie in Suid-Afrika die kragtigste

getuienis/.....

getuienis aan die wêreld sal wees van "die menigvuldige wysheid van God" (Ef. 3:10).

(2) Die Kerk roep daarom alle mense, maar insonderheid alle gelowiges, op om:

(a) deur ywerige beoefening van die pligte en voorregte verbonde aan hulle lidmaatskap van hulle onderskeie kerke, deel te neem aan die roepingsvervulling van hulle onderskeie kerke tot kerstening van hulle eie volkere, en

(b) in medeverantwoordelikheid vir die toekoms van alle mense, die gevraagde offers aan persoonlike gemak, gerief en voorkeur met blydskap te bring, ten einde die genoemde getuienis nie te verhinder, bemoeilik of vertroebel nie.

2. Dat die voorgaande besluit by wyse van afkondiging van die kansels van die Kerk, aan die gemeentes bekend gestel sal word en in die radio-kerknuus vermeld sal word.

3. Dat dank betuig word teenoor alle persone wat meegewerk het aan die herderlike skrywe en wat daartoe bygedra het dat hierdie aangeleentheid op hierdie wyse kon uitkristaliseer.

II. DIE GEMEENTES

D. 1. d. iii. STUDENTEBEARBEIDING

BESLUIT: Dat voorsiening gemaak word vir 'n voltydse studentepredikant in Johannesburg wie se standplaas aan 'n bestaande gemeente gekoppel kan wees. Die uitvoering hiervan word verwys na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kommissie van die Ring van Johannesburg.

iv. BEARBEIDING VAN LIDMATE IN TEHUISE VIR VERSWAKTE BEJAARDES EN ANDER INRIGTINGS

BESLUIT: Die vergadering gee opdrag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om in samewerking met die Ringskommissie van die Ring van Pretoria ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n predikant in buitengewone diens af te sonder vir die bearbeiding van lidmate in die volgende tehuise en inrigtings:

Van Rensburg/.....

Van Rensburg
Louis Trichardt
Weskoppies en ander senuweeklinieke
Wesfort (inrigting vir Melaatses)
Ander inrigtings.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR TEEPOUSE

V. DIE AMPTE

C. DIE DIAKONAAT

1. DIAKENSTATISTIEK

Volgens opgawe van die Almanak is daar 4 404 diensdoende diakens in die Kerk.

Kennis geneem.

2. DIE DIAKONAAT

a. STUDIE VAN DIE RAAD VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS

Die Raad vir Barmhartigheidsdiens het omvangryke studie= werk onderneem na aanleiding van die opdragte van die vorige Algemene Kerkvergadering.

b. BEGRIPSBEPALING

i. DIE KERKLIKE BERMHARTIGHEIDSDIENS EN DIE DIAKENSAMP

Die barmhartigheidsdiens van die Kerk het sy grond in die barmhartigheid van God deur Jesus Christus en verloop in die besonder rondom die gemeenskap van die gelowiges.

Hieruit vloei dan voort die verantwoordelikheid vir mekaar sodat niemand uit die belydenisgemeenskap sal uitval nie. Die gesamentlike belydenis van Jesus as Here is die grond en die doel van die barmhartigheids= werk van die Kerk. Dáárin is dit anders as alle wèlsynswerk buite die Kerk wat 'n antroposentriese grond en doel het.

ii. Die begrip diakonein (= om kelnerswerk te doen) het die betekenis van -

'n persoonlike liefdesdiens en
'n nederige (diens-) werk.

Uit die Nuwe Testament blyk dat diakonein 'n algemene, breë taak- of opdragsomskrywing is wat die gemeente,

dit wil/.....

dit wil sê: alle gelowiges, raak. Daarnaas word die barmhartigheidsdiens in die Nuwe Testament ook aangedui as 'n spesifieke opdrag aan spesi= fieke ampte.

iii. Daar moet op gelet word dat die diaken nié primêr tot opsig en regering geroep word nie. Daarnaas is dit ook waar dat die diakensamp nooit op sigself staan nie, maar volwaardig in diens van die evange= lie gestel is. Die diaken se amp is om te sorg vir die stoflike sodat die evangelie sy voortgang kan hê. Ook as armversorging het die uitvoering van sy amp die grootmaak van God se naam voor oë.

Kennis geneem.

c. DIE VROU IN DIE DIAKENSAMP

i. BESLUIT VAN DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die volgende is aanvaar nadat dit gewysig is tot onderstaande bewoording:

"Aangesien 'ons (nie) op gesag van die Skrif of op gesag van die kerklike gebruik prinsipieel beswaar kan maak teen die toelating van die vrou tot die diakensamp en -werk nie', (Notule van die Algemene Kerkvergadering van 26 April tot 6 Mei 1970, bladsye 83-84), besluit die vergadering om aan gemeentes, waarin daar nie voldoende broeders vir die diaken= amp gevind kan word nie die vergunning te gee om susters vir die diakensamp te kies. (JOHANNESBURG MIDDESTAD).

Aangesien in die lig van vorige bevindings deur die daartoe verkose kommissies daar geen beginsel- of bybels-teologiese beswaar in te bring is teen die amp van die diaken nie, en daar in die praktyk nou so 'n behoefte in die Kerk ontstaan het, wil die Kommissie van die Ring van Rhodesië vra dat die Hoogeerwaarde Algemene Kerkvergadering oor hierdie saak 'n positiewe besluit sal neem om so die ver= kiesing en bevestiging van diakonesse in die Neder= duitsch Hervormde Kerk van Afrika te wettig. (RING VAN RHODESIË).

Die Raad vir die Barmhartigheidsdiens word opgedra om riglyne neer te lê vir die praktiese implemente= ring van die besluit."

ii. VERSLAG VAN DIE RAAD VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS

(1) Die studiewerk wat gedoen is en die besluite van die Kerk bring die konklusie na vore dat die Skrif nié 'n identiteit van man en vrou

leer/.....

leer nie. Skriftuurlik gesproke is daar 'n prinsipiële onderskeid van die vrou ten opsigte van die man.

(2) Die Algemene Kerkvergadering het reeds besluit om die vergunning te verleen dat die vrou in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die amp van diaken kan beklee waar daar nie voldoende broeders vir die amp gevind kan word nie. Die Raad wil stel, op grond van sy studiewerk, dat die vroulike diaken of diakones nié sonder meer 'n vroulike ekwivalent van die (manlike) diaken kan of moet wees nie.

(3) Daarom het die Raad geoordeel dat 'n aksentsver= skil binne die geheel van die barmhartigheidsdiens, as funksie van die diakonale amp, gelê moet word en wel só dat, na analogie van die onderskeiding wat deur Joh. Calvyn gemaak word, die diaken in die besonder met ármversorging belas moet word (met inagneming van die begrip ptōchos)en die diakones in die besonder met siekeversorging.

Met ander woorde, artikel 172 van die Kerkwet word onderskei in dié sin dat artikel 172 e.f.g. spe= sifiek betrekking het op die diaken terwyl artikel 172 a.b.c.d.e. en ook g. spesifiek betrek word op die diakones. Uiteraard kan dit niks meer wees nie as 'n onderskeiding nie en kan hier geen sprake van skeiding in waterdigte komparte= mente wees nie.

(4) Die Raad is dus van oordeel dat vrouelidmate in elke gemeente van die Kerk gekies en bevestig moet word as ampsdraers vir die gemeente om hierdie besondere diens van barmhartigheid te verrig (artikel 172 a.b.c.d.e. en ook g.) naas en saam met die (manlike) diaken.

Dit is ook die diakonesse se taak om die lidmate van die gemeente so toe te rus dat hulle ook hier= die dienswerk van die barmhartigheid sal aanvaar as die lidmate se dienswerk.

Die getal vroulike lidmate wat as diakonesse in die gemeente gekies sal word, word aan die plaas= like Kerkraad en Gemeentevergadering oorgelaat.

(5) Die diakens en diakonesse vorm dan saam die DIAKONIE van die gemeente. As diakonie sal hierdie ver= gadering die verantwoordelikheid aanvaar vir die geheel van die diakonale arbeid van die gemeente, dit alles onder die opsig van die Kerkraadsverga= dering. Die diakonie, so saamgestel, kry dan die opdrag om uitvoering te gee aan artikels

172, 173 en 174 van die Bepalings van die Kerkwet.

(6) Die Raad wil dit egter UITDRUKLIK stel dat die diakones nié AS KOLLEKTANT in die gemeente te werk gestel mag word nie maar ál haar tyd, aan= dag én kragte moet wy aan die uitvoering van haar ampsopdrag soos geformuleer in artikel 172 a.b.c.d.e. en g. Met ander woorde, artikel 173.2.a. is nié van toepassing op die diakones nie.

BESLUIT: Dat in elke gemeente vrouelidmate as diakens gekies kan word.

iii. BESKRYWINGSPUNT
=V-10= "Die vergadering besin weer oor hierdie aangeleentheid".
(Ring van Waterberg).

BESLUIT: Die beskrywingspunt verval.

d. DIAKONALE FONDSE EN ANDER KERKLIKE INKOMSTEBRONNE

i. NAGMAALSTAFELKOLLEKTES

Die Raad vir Barmhartigheidsdiens is van oordeel dat alle Kerkrade se aandag opnuut gevestig moet word op artikel 200.2.a. waar bepaal word dat álle Nagmaaltafelkollektes aan die diakonie van die ge= meente oorbetaal moet word.

Kennis geneem.

ii. DEURKOLLEKTES

(1) Die vorige Algemene Kerkvergadering

Onderstaande voorstel en ander eendersluidendes is na die Raad vir Barmhartigheidsdiens verwys om daaroor te besin:

"Dat alle deurkollektes afgesonder word vir die barmhartigheidsdiens van die Kerk in sy verskei= denheid.

Indien die vergadering sodanig besluit, verval al die buitengewone insamelings vir Weeshuise, Oue= tehuise, Transvaler se Kersfeesfonds en dies meer. Ons is van mening dat hiermee ruim voorsien sal word om die werk van die Kerk sonder finansiële kommer behoorlik te verrig."
(RING VAN PRETORIA).

(2)/.....

(2) VERSLAG VAN DIE RAAD

BESLUIT: Dat die erediens-deurkollektes ook as 'n sinvolle, normale en noodsaaklike bron van inkomste vir die diakonaat beskou kan word.

AFSLUITING

Ds. D.J. Dreyer neem die afsluiting waar. Hy laat sing Ges. 155:3 en gaan voor in gebed.

GOEDGEKEUR EN GETEKEN BY DIE OGGENDSITTING OP 1 MEI 1973

VOORSITTER (W.G.) J.P. Oberholzer

SKRIBA (W.G.) P.M. Smith

OGGENDSITTING 30 APRIL

OPENING

Ds. J.G.M. Dreyer neem die opening waar. Hy laat sing Ges. 44:1 en 2, lees Fil. 3:4 (b) vv. en gaan voor in gebed.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Meegevoel word uitgespreek met oudl. M.H.J. van der Merwe wie se eggenote en met oudl. Thys Labuschagne wie se broer oorlede is.

Briewe van waardering oor die kanselboodskap en Herderlike Skrywe is ontvang van Trichardtsfontein en Villieria.

Di. W.J. Steyn en J.A. Brandt word gelukgewens met hulle verjaarsdae.

Ds. A. Ras en oudl. M.J. Lubbe kom ter vergadering.

Oudlle. H. van Nieuwenhuizen en J.L. Kellerman het verlof om die vergadering nie verder by te woon nie. Hul secundi, oudl. J.C. de Lange en diak. S.J. Ras onderskeidelik, woon die vergadering by sonder om lid van die vergadering te wees.

Goedkeuring vir afwesigheid word verleen aan:

Ds. P.J. van der Merwe	vir 30 April (namiddag).
Ds. S.J. v.d. Westhuizen	vir 30 April.
Ds. J.C. de Lange	vir 1 Mei (middag)
Ds. J.D.H. Smit	vir 1 Mei (oggend en middag)
Ds. J.J. Engelbrecht (Jnr.)	vir 30 April (middag)
Oudl. A.A. du Plessis	vir 30 April tot die einde van die ver= gadering.
Oudl. Willie Combrinck	vir 30 April
Oudl. P. Schutte	vir 30 April
Dr. L.M. le Roux	vir 1 Mei (7.30 tot 9.30 nm.) 3 Mei (oggend- en middagsittings) 4 Mei (oggend- en middagsittings)
Dr. J.H. Koekemoer	vir 30 April (middag)
Prof. B.J. Engelbrecht	vir 30 April (2.30 nm. tot 9.30 nm.)
Oudl. N.J.K. Botes	vir 30 April
Prof. A.D. Pont	vir 30 April (aand).
Ds. G. Velthuizen	vir 1 Mei (middag)
Ds. C.G. Botha	vir 1 Mei (oggendsitting)
Oudl. N.J. v.d. Westhuizen	vir 1 Mei (oggendsitting).

iii. STRAATKOLLEKTES

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Raad vir die Barmhartigheidsdiens versoek om 'n verslag uit te bring oor Straatkollektes as 'n wyse om fondse te bekom vir die diens van barmhartigheid.

Die/.....

Die Raad stel:

"Vanuit die Skriftuurlike gegewens (onder andere I Kor. 16:1) is dit duidelik dat die kollekte, dié logeia, uitgaan van die Christengelowige wat, gedring deur die Christelike liefde, in bewoënheid teenoor die medemens vrywillige liefdesgawes skenk. Die doel en bestemming van dié liefdesgawes is primêr die medegelowige en daarna die armes. Hoewel daar Skriftuurlik nié duidelik-sigbare afkortings is van finansiële inkomste uit buite-kerklike bronne nie, is die Raad van oordeel dat die Kerk vir sy barmhartigheidspleging alleen op kerklike middele aangewys is. Dáárom is die Raad van mening dat STRAATKOLLEKTES as nie aanvaarbaar nie vir die Kerk beskou moet word."

iv. FONDSINSAMELING DEUR WEDSTRYDE

BESKRYWINGSPUNTE

=V-11= "Die Kerkraad van die gemeente Bethal is verontrus oor die wyse van fondsinsameling deur sommige gemeentes met die oog op die oprigting van kerkgeboue. In die jongste tyd het twee van ons Kerk se gemeentes deur middel van 'n landswye motorwedstryd begin fondse insamel. Een van die gemeen= tes het onder andere die wedstryd gepubli= seer in die tydskrifte 'LANDBOU WEEKBLAD', 'DIE HUISGENOOT' en 'DIE SARIE MARAIS'. Aan die wedstryd was ook pryse verbonde.

In die Kerk gaan dit om die gee van offer= gawe. 'n Gawe wat die Christengelowige aan God bring uit dankbaarheid vir soveel seën en verlossing ontvang.

Indien iemand dus 'n gawe aan die Kerk gee sonder dat dit uit dankbaarheid geskied, sonder dat dit uit kerklike meelewing en uit die geloof is, is so 'n gawe vir die Kerk onaanvaarbaar.

Indien diè vorm van geldinsameling sou voortgaan sal dit spoedig groot chaos in die Kerk veroorsaak. As dit vir een gemeente toegelaat word kan dit nie aan 'n ander verbied word nie. Hierdie Kerkraad versoek dat hierdie saak deeglik deur ons Kerk ondersoek word en dat daar= oor uitspraak gelewer sal word. (Kerkraad van Bethal, gesteun deur die Ring van Trichardtsfontein).

=V-12= "Die gemeentes spreek hulle kommer uit oor/.....

oor wedstryde wat deur gemeentes uitge= skryf word, ter styw'ng van gemeentelike boufonds. Die vergadering is van mening dat wedstryde op so 'n wyse aangebied word, dat dit wel die wet op loterye omseil, maar in werklikheid nog maar lotery is." (Ring van Potchefstroom).

KOMMENTAAR VAN DIE WERKGROEP AMPSBEDIENING EN KERK= ORDENING

Die Werkgroep het ds. J.D.H. Smit versoek om die steun van die Werkgroep vir die beskrywingspunte te formuleer, en vereenselwig hom met die volgende:

Op grond van sy doop is elke gedoopte geroepe en verplig tot 'n lewe waarin die deugde verkondig word van die God wat hom uit die duisternis geroep het tot Sy wonder= bare lig (I Petr. 2 vers 9). In die kategese (ouers sowel as gemeente) is ons met die gedoopte op weg na sy openbare geloofsbelydenis by welke geleentheid hy 'ja' antwoord op die 'ja' van God wat in die doop na hom ge= kom het. Hier bely hy dan dat die drieënige God sy enigste heil, bewaarder, vertrooster en versorger is. Deur sy belydenis-belofte verbind hy hom tot 'n lewe van dankbaarheid in die diens van God en tot opbouing van die Kerk. Dankbaarheid is wesenlike bestanddeel van sy belydenis en geloofslewe en vir die suiwerheid en ordelikheid van hierdie lewe word hy gestel onder die opsig van die Kerk.

As die apostel Paulus nou in Efes. 4 sê dat die amps= bedieninge daar is 'om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Chris= tus' en as hy in 2 Kor. 9 ten opsigte van die diens= betoning aan die heiliges sê: 'die bediening van hier= die hulpbetoning voorsien nie alleen in die behoeftes van die heiliges nie, maar is ook oorvloedig deur baie danksegging aan God omdat hulle deur die bewys van hierdie diens God verheerlik oor die onderwerping van julle belydenis aan die evangelie van Christus', dan hou dit in dat onder die opsig van die Kerk die lidmate bewaar moet word by die wesenlike van hulle belydenis.

Vervolgens as ons in Rom. 8 vers 32 lees: "Hy wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook alles genadiglik skenk nie', dan beteken dit dat God ons ook al die gawes van hart en hand en verstand gee sodat ons altyd die nodige sal hê om as 'n offer van dankbaarheid aan Hom toe te bring, en word vir die opsig van die Kerk hierdie vaste grond aangedui van waaruit en waarop die toerusting van die heiliges moet geskied veral ook ten opsigte van hulle offergawes vir die lewe en werk van die Kerk.

Word/.....

Word hierdie opsig nou verwaarloos of selfs nagelaat sodat die offerbereidheid afkoel en die nodige middele dienooreenkomstig ontbreek vir die voortgang van die lewe en werk van die Kerk, dan ontstaan van= self die versoeking en gevaar om allerlei kunsmatige metodes en praktyke te beoefen en te benut vir die verkryging van die nodige middele. En laat ons eerlik wees: Dan ontbreek dit ons ook nie aan die oorspronklikheid om sulke metodes te vind wat met spitsvondigheid geregverdig word nie. As ons eers die voet op hierdie pad geplaas het, beland ons ook spoedig by die uiterstes wat nou dreig om aanvaarde praktyke te word. Hier dink ons onder andere aan landswye motorwedstryde waaraan pryse verbonde is; spysenering by publieke danse en skemerkelkgeleent= hede; verskeidenheidskonserte waar befaamde radio= kunstenaars as trekpleisters moet doen; kollektelyste wat die rondte doen en straatkollektes, waar die Kerk die wêreld vra om hom in staat te stel om sy dank= baarheid te bewys, en die voorreg wat sy lidmate toe= kom, 'n goedkoop saak te maak.

Hierdie praktyke is 'n bedenklike advertensie van die armoede van ons geloof.

Teen die agtergrond van wat die Woord van God van ons as gelowiges eis, kan hierdie praktyke nie langer meer geduld word nie. Ter wille van die eer van God, ter wille van die goeie naam van ons Kerk en ter wille van die feit dat ons as gelowiges ons oral en altyd moet verantwoord omtrent die hoop wat in ons is (I Petr. 3 vers 15 en 16) moet die Algemene Ver= gadering 'n duidelike stem in hierdie verband laat hoor.

AANBEVELING: Dat die beskrywingspunte aanvaar word.

BESLUIT: Dat daar Skriftuurlik nie duidelik= sigbare afkortings van finansiële in= komste uit buite-kerklike bronne is nie. Die vergadering is van oordeel dat die Kerk vir sy barmhartigheidsdiens in die eerste aanleg op kerklike middele aangewys is, maar dat gelde van buite= kerklike bronne ook ontvang mag word in soverre dit te rym is met die bestaan en wese van die kerk.

e. ALGEMENE DIAKONAAT

i. Die Werkgroep wil die volgende aanbevelings aan die vergadering voorlê met die oog daarop dat sommige gemeentes uit die aard van hulle samestelling en om= standighede steeds aangewese sal wees op hulp van buite. Dit is hier waar kerklike meelewing tussen

gemeentes/.....

gemeentes werklikheid moet word:

(1) Die gedagte van vooggemeentes - 'n gedagte wat die Algemene Kommissie alreeds onder gemeentes se aandag gebring het.

(2) Die stigting van wat ons kan noem 'n Algemene Diakonaat. Die bedoeling is dat gemeentes jaarliks uit hulle surplusse 'n bedrag sal afstaan aan so 'n sentrale kas waaruit sulke gemeentes geheip kan word.

Dit moet iets anders wees as die Fonds vir Gemeente-Opbou. Dit moet 'n soort van gemeentelike barmhartigheidsdiens wees.

(Vergelyk Paulus se kollekte in die gemeente van Macedonië vir die nood van die gemeente in Jerusalem.)

BESLUIT: Dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering na kennisname van die gevoel van die vergadering die aange= leentheid van die sogenaamde Algemene Diakonaat ondersoek en aan die vol= gende Algemene Kerkvergadering leiding gee in die verband.

ii. DIE DIAKONIE

BESLUIT: Ten opsigte van die verhouding Diakonie-Kerkraad is die mening dat die diakonie as 'n verantwoordelike vergadering van die amp beskou word en daarom selfstandigheid in die implementering van sy taak moet besit sonder dat dit beteken dat die opsig van die Kerkraad ten opsigte van die diakonie verminder word.

iii. BEVESTIGINGSFORMULIER

BESLUIT: Ten opsigte van die bevestiging van die diakens en diakonesse is 'n wisselformulier langs die bestaande diakensformulier, noodsaaklik.

3. DIAKONALE ORGANE VAN BYSTAND

a. NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING

BESLUIT: Die verslag van die Hoofbestuur word met waardering aanvaar.

b. ONS TUIS

In hierdie rushuis vir bejaardes hou die Kerk die beherende aandeel maar dit word selfstandig bestuur deur 'n Raad van Direkteure gekies deur die aandeel= houers in 'n jaarvergadering.

In drie afdelings, t.w. Riviera - Pretoria, Brooklyn - Pretoria, Observatory - Johannesburg word 433 bejaardes versorg waarvan 24 bo 90 jaar is en 221 tussen 80 en 90 jaar is.

Die hoë ouderdom bring mee dat die verplegingspersoneel steeds toeneem. Die totale personeel is 53 blank en 110 bantoe.

Deur losies, staatsubsidies, donasies en nalatenskappe asook funksies deur besture gereël is die verantwoorde= like instansies steeds in staat om hierdie diens na behore te verrig. Hy vertrou dat hy steeds die steun van die gemeentes sal ontvang.

Kennis geneem.

c. ONDERSTEUNINGSRAAD

Die Werkgroep Ampsbediening en Kerkordening bring ook in hulle verslag die Ondersteuningsraad na vore en dit word nie hier herhaal nie, met enkele noodsaaklike uitsonderings.

i. TEHUIS VIR ONGEHUDE MOEDERS

BESKRYWINGSPUNT

=V-13= "Die Ondersteuningsraad het na deeglike ondersoek tot die slotsom gekom dat ge= skikte huisvesting vir ongehude moeders wat lidmate is van die Kerk 'n belang= rike vereiste is en dat die Hoogeerwaar= de Algemene Kerkvergadering versoek word om magtiging te verleen vir die daar= stelling van so 'n tehuis." (Ondersteuningsraad).

BESLUIT: In verband met beskrywingspunt =V-13= word soos volg besluit:

Die vergadering neem die aanbeveling van die Ondersteuningsraad in beginsel aan en verwys dit na die Ondersteuningsraad om dit in same= werking met die Raad van Finansies tot uit= voering te bring tot die beste voordeel van die Ondersteuningsraad se ideaal.

ii. DIE VERSLAG VAN DIE ONDERSTEUNINGSRAAD WORD VIR AANNAME GESTEL.

BESLUIT: Die verslag van die Raad word aanvaar.

Die Ondersteuningsraad wil graag opregte dank betuig vir simpatieke samewerking en welwillende bystand deur die H.E. Algemene Kommissie, die Raad van Finansies en die amptenare in die kantoor van die Administrateur;

aan al die gemeentes van ons Kerk vir gereelde hulp en insamelings;

aan die Departement Volkswelsyn en Pensioene vir jaar= likse subsidies en die baie aangename samewerking;

aan Die Transvaler vir die onbaatsugtige hulp met die insameling van die Kersfeesfonds

Opregte dank word betuig aan mnr. P.S. Oelrich vir ge= troue diens en onvermoeide ywer in belang van die diens van barmhartigheid in ons Kerk.

Die Algemene Kerkvergadering vereenselwig hom daarmee.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR OGGENDTEE.

d. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE WEESHUIS

i./.....

i. VERSORGING EN ONDERWYS VAN DIE KINDERS

Kennis geneem.

ii. EIENDOMME

Die aandag word bepaald op die volgende eiendomme gevestig:

(aa) MARTHINUS WESSEL PRETORIUS-EIENDOM

(Koopprys waarde R19 822).

Soos in die vorige verslag vermeld (verwys agenda 1970 Algemene Kerkvergadering, BYLAE V.e.i, punt 3.a.i.) was die direksie besig om bogenoemde eien= dom tot geld te maak.

In samewerking met die Stadsraad van Potchefstroom is die bestaande groter erwe gekonsolideer en her= opgedeel in 69 kleiner erwe.

In ruil vir die vier erwe waarop die "Presidents= woning" staan en die rivier-oewergebied het die Stadsraad die herbeplanning uitgevoer en verskaf die Stadsraad sonder koste vir die Weeshuis die volgende dienste:

maak van strate,
water-aanleg,
riool-aanleg,
stormwaterdreinering en
elektrisiteitsvoorsiening.

Vier-en-sestig erwe of 'n aantal daarvan sal reeds gedurende April 1973 per openbare veiling te koop aangebied word.

Een groot erf is uitgehou vir 'n jeugkampterrein.

(bb) VYFHOEK-GROND - POTCHEFSTROOM

(Kosprys R31 510).

Na mate sukses behaal word met die verkope van die grond soos in voorafgaande paragraaf beskryf, sal ontwikkeling van hierdie grond werklikheid kan word.

(cc) NANESCOL LANDBOUHOEWES (VANDERBIJLPARK)

Hoewes 165 en 168 met woning, elk 2 415 hektaar groot.
Nagelaat deur wyle D.P. Fourie.
Boedelwaardasie - R10 865.

Behalwe/.....

Behalwe hierdie vaste eiendom het wyle br. D.P. Fourie ook nog R18 410 in kontant en R830 in waarde aan die Weeshuis nagelaat.

(dd) ERF 244
($\frac{1}{2}$ AANDEEL) - GREYMONT, JOHANNESBURG

Nagelaat deur wyle br. C.C. Smith (onderhewig aan lewenslange vruggebruik deur die weduwee C.C. Smith).

In die boeke ingereken teen nominale waarde van R2,00.

TOTALE BOEKWAARDE VAN EIENDOMME:	R330 304
TOTALE BOEKWAARDE VAN ANDER BATES	357 293
	R687 597

iii. FINANSIES

(aa) INKOMSTE

1970 =	R173 564
1971 =	R191 106
1972 =	R233 964

(bb) WEESHUIS VERSORGINGSFONDS

Die Direksie rapporteer oor die spesifieke fonds wat deur die Algemene Kerkvergadering in die lewe geroep is, soos volg:

"Die direksie kan met genoeë rapporteer dat daar 'n mooi reaksie was op die oproep van die 1967 Alge= mene Kerkvergadering ten opsigte van DIE WEESHUIS= VERSORGINGSFONDS.

Dit is die fonds waartoe elke gemeente bydra, afgesien van die normale bydrae soos byvoorbeeld kollekteboekies e.d.m., deur elk 'n kind teen R24 per maand vir sy rekening te neem.

Waar daar kleinere gemeentes was wat nie ten volle tot die fonds kon bydra nie, was daar weer diegene wat byvoorbeeld vir twee kinders ingestaan het.

Met groot dank en waardering kan gerapporteer word dat uit hierdie bydraes die volgende ontvang is:

1970=	R37 619

1971/.....

1971 = R39 672

1972 = R48 928

(As al 254 gemeentes teen R24 elk bydra, sou die bedrag soos bedoel was, R73 152 beloop het."

(cc) Met dank word van die volgende verhoogde bydraes melding gemaak:

DEPARTEMENT VOLKSWELSYN

1969 = R69 935
1972 = R76 546

VRYGIFTE

1969 = R12 209
1972 = R13 053

N.H.S.V.

1969 = R3 642
1972 = R8 560
(Kollekteboekies ingesluit).

(dd) STYGENDE LEWENSKOSTESTRUKTUUR

Daar word steeds met die grootste omsigtigheid te werk gegaan.

Die stygende lewenskoste kan egter nie sonder skade aan hulle wat aan ons sorg toevertrou is, teëgehou word nie.

Bygaande tabel gee 'n aanduiding van die steeds stygende tendens:

KOSTE PER KIND PER MAAND				
	1969	1970	1971	1972
Voeding	10,60	12,25	13,66	14,67
Kleding	7,64	8,06	9,33	10,27
Behuising	8,45	9,57	9,37	9,11
Opvoeding	6,56	7,56	9,30	10,55
Hospitalisasie	-,94	-,92	1,17	1,22
TOTAAL	34,19	38,36	42,83	45,82

iv. /.....

iv. DRUKKERY

(aa) N.H.W. PERS - WEST RAND PUBLICATIONS (EIENDOMS) BEPERK

Soos gerapporteer tydens die 1970 Algemene Kerk= vergadering is die drukkery oorgeplaas vanaf Krugersdorp na Pretoria.

Soos toe gerapporteer het die periode vooraf, die verskuiwing en die stabilisering van die Pers te Pretoria verliese in die hand gewerk.

Die onvermydelike verliese is egter oorwin en kon die pers in die afgelope boekjaar 'n wins toon van R4 811,24.

Met die strewe om steeds beter diens te kan lewer, word uitbreiding en verbeterde toerusting in die vooruitsig gestel.

(bb) DIE HERVORMER

	1969	1970	1971	1972
INKOMSTE				
Intekenaars	18 149	18 634	24 764	32 027
Advertensies	4 430	4 492	4 461	4 708
	22 579	23 126	29 225	36 735
UITGAWES				
Drukkoste	16 913	18 133	23 714	25 453
Salarisse	672	412	3 123	3 769
Versending	936	969	1 198	1 102
Redaksioneel	4	-	-	-
	18 525	19 514	28 035	30 334
NETTO WINS	4 054	3 612	1 190	6 401
	22 579	23 126	29 225	36 735

Met die steeds stygende arbeidskoste en stygende papierkoste is dit moeilik om te voorspel of die hierbo aangetoonde oorskotte gehandhaaf sal kan word.

Die intekenare of oplaag het gestyg van 26 500 begin 1970 tot 33 900 einde 1972.

v. BOUBEDRYF

Die direksie wil sy waardering betuig teenoor die ver=

skillende/.....

skillende gemeentes van ons Kerk wat van die N.H.W. BOUERS se dienste gebruik gemaak het.

Ook teenoor gemeentes van die N.G. Kerk sowel as die Gereformeerde Kerk.

Die afdeling is met 'n besondere druk bouprogram besig. Die groot bouprogram in ons land het ook beslis sy invloed op die N.H.W. Bouers vir sover dit beskikbaar= heid aan vaklui en materiale betref.

Wins 1970 = R1 882
Wins 1971 = R8 350
Wins 1972 = R7 430

Met die raadgewing en kostebepalings in verband met kerkgeboue en pastorieë het die N.H.W. Bouers baie tyd bestee (sonder vergoeding) om aan die Raad van Finansies diens te lewer.

vi. DANKBETUIGINGS

Die direksie wil ten slotte sy besondere waardering betuig teenoor die gemeentes, die N.H.S.V., Sondag= skole en jeugverenigings vir steun en welwillendheid; teenoor die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir steun en simpatieke samewerking; teenoor die Onderwysdepartemente en al die personeellede vir troue diens en simpatieke optrede teenoor die kinders.

BESLUIT:

1. Die vergadering boekstaaf sy dank teenoor ds. Joh. Dreyer, mnr. A.B. van N. Herbst, die Stadsraad van Potchefstroom en die Weeshuis= direksie met betrekking tot die aankoop en ontwikkeling van die M.W. Pretorius-eiendom.

2. Die vergadering betoon sy waardering vir die prysenswaardige dade van die persone soos wyle broeders D.P. Fourie, C.C. Smith en andere wat in hulle testamente bemakings aan die Kerk gemaak het.

3. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word versoek om die inisiatief te neem in die reëling van 'n gesprek tussen die Weeshuis= direksie en ander belanghebbende kerklike in= stansies en liggame ter bevordering van die belange van die inrigting.

4. Daar sal jaarliks 'n meer volledige verslag aan die Ringsvergaderings gedoen word in verband met die Weeshuis, betreffende inkomste en uitgawes, behoeftes ens.

5. Die vergadering spreek sy dank uit teenoor

die medici/.....

die medici wat gratis mediese dienste aan die Weeshuis gelewer het.

6. Dat die predikante van die gemeentes waarbinne die verskillende Weeshuise val, sitting op die direksie van die Weeshuis sal hê of indien nie moontlik nie, deur uitnodiging na die verga= derings van die direksie.

7. Dat die wenslikheid om die landbouhoewes te Nanescol (hoewes 165 en 168) te verkoop, oorweeg sal word.

8. Dat by gemeentes aanbeveel word dat die R24 per gemeente per maand vir die Weeshuis verhoog word na R36 per maand per gemeente.

9. Die vergadering spreek hulle hoë dank en waar= dering uit vir die selfvergetende diens gelewer deur mnr. A.B. van N. Herbst en die personeel van ons Weeshuise. Tyd of fisiese opoffering was en is nooit by hulle 'n faktor nie.

   Die vergadering versoek die betrokke instansies om sorg te dra dat die personeel 'n behoorlike pensioen sal bekom - miskien deur hulle lede te maak van die Kerk se amptelike pensioen= skema, soos wat die voorreg van die Administra= tiewe personeel is.

   Die vergadering wil dat personeellede van ons Weeshuise wat dikwels 'n hele lewe aan die taak wy, 'n behoorlike pensioen van die Kerk sal ontvang om 'n kommerlose oudag tegemoet te gaan.

10. Die Weeshuisdireksie word versoek om dit te oor= weeg om die naam van die maatskappy WEST RAND PUBLICATIONS te verander na N.H.W. PERS (EIEN= DOMS) BEPERK, of 'n ander geskikte naam.

11. Die verslag van die Weeshuisdireksie word aanvaar.

D. Die verslag van die Werkgroep Ampsbediening en Kerkordening met bylaes word gestel.

Die verslag word aanvaar.

E. WETSWYSIGINGE

BESKRYWINGSPUNT =V-10=

BESLUIT: 1. Artikel V van die Kerkwet word gewysig om te lees:

Om Christus/.....

om Christus se opdrag aan die Kerk te vervul en om in die .... ens.

2. Artikel V.4 word gewysig deur die invoeging van die volgende woorde:

(h) die diens van die gebede.

VI. DIE AMPTELIKE VERGADERINGE

(EN ANDER VERGADERINGE)

A. GEMEENTEVERGADERINGE

Volgens die Ringsverslae word die vergaderinge gereeld gehou met 'n bywoningsverslag van redelik tot onbevredigend.

Kennis geneem.

B. KERKRAADSVERGADERINGE

1. BYWONING

Volgens ringsverslae word die vergaderinge ook gereeld gehou en is die bywoning oor die algemeen goed.

Kennis geneem.

2. GEKOMBINEERDE KERKRAADSVERGADERING

Op 'n navraag oor die bevoegdheid en werkswyse van 'n gekom= bineerde Kerkraadsvergadering het die Kommissie van die Alge= mene Kerkvergadering die volgende advies van die Raad vir Regsadvies aanvaar:

"'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering het as basis 'n Kombinasie-ooreenkoms en handel net oor sake waarvan in die ooreenkoms melding gemaak word en dié besluite is bindend vir die gemeentes.

Omdat die Kerkraadsvergadering gekombineer is, is dit 'n vergadering met net een regspersoon-element.

Daarom het hy een notule (nie twee wat deur twee skribas geskryf is en dus kan verskil nie) en hierdie notule moet liefs gesamentlik goedgekeur word.

Besluite van die gekombineerde vergadering word nie weer deur die aparte kerkrade goedgekeur nie.

Die gekombineerde vergadering het bevoegdheid om bindende besluite te neem vir sover dit sy spesifieke

veld soos in die kombinasieooreenkoms uiteengesit, aan=betref."

Met instemming kennis geneem.

C. RINGSVERGADERINGE

1. RINGSVERSLAE

a. DIE VERSLAE SELF

Kennis geneem dat al die Ringsvergaderings gereeld verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering doen.

b. VERSLAGVORM VIR JAARVERSLAE

BESKRYWINGSPUNT =VI-1= "Jaarliks sal aan die predikant of Konsulente van die gemeentes 'n vrae=lys gestuur word in verband met alle statistiese en administratiewe gegewens, getalle, adresse ens. wat hulle saam met die skriba en die kassier sal invul en direk vir die kantoor van die Adminis=tratuur sal stuur. Die A.B.C. verslae sal dan net meer geestelike vrae van direkte belang vir die gemeente en Kerk=raad bevat."
(Ring van Johannesburg).

Die beskrywingspunt word teruggetrek.

2. RINGSINDELINGS

Tans is daar 24 ringsvergaderinge. Die volgende voorstelle tot herindelings word vir besluit voorgelê:

a. NOORDELIKE PRETORIA

BESLUIT: Dat die Ring van Noordelike Pretoria soos volg verdeel word:

NOORDELIKE PRETORIA

Noordelike Pretoria
Wonderboompoort
Wonderboom
Villieria
Pierneef
Oosmoot
Derdepoort
Wonderboom-Suid

PRETORIA-NOORD

Pretoria-Noord
Noordwestelike Pretoria
Wesmoot
Witfontein
Grootvlei
Pretoria-Tuine
Magaliesmoot
Bergsig

b./.....

b. KAAPLAND EN O.V.S.

BESLUIT: Dat die Ringsindeling voortaan soos volg sal wees:

RING VAN WES-KAAPLAND

Kaapstad	Wynberg
Swellendam	Tygerberg
Stellenbosch	Bellville

RING VAN BLOEMFONTEIN

Bloemfontein	Oos-Londen
Bloemfontein-Wes	Dordrecht
Kimberley	Queenstown
Port Elizabeth	

RING VAN BOTHAVILLE

Bothaville	Odendaalsrus
Virginia	Hennenman
Welkom	Kroonstad
St. Helena	Allanridge

RING VAN HEILBRON

Heilbron	Sasolburg-Suid
Vredefort	Bethlehem
Parys	Ficksburg
Sasolburg	

c. TRICHARDTSFONTEIN

BESLUIT: Die gemeente Hendrina sal voortaan onder die Ring van Trichardtsfontein ressorteer.

d. MIDDELBURG

BESLUIT: Die gemeente Roossenekal sal voortaan onder die Ring van Bronkhorstspruit ressorteer.

e. WYSIGING VAN DIE BEPALINGS

BESLUIT:

1. Artikel 9(3) van die Bepalings word gewysig deur die woorde "twee maande" te vervang met "een maand".

2. Dat artikel 9(3) nie van toepassing sal wees op die 1973 ringsvergaderings nie.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR MIDDAGETE.

GOEDGEKEUR EN GETEKEN by die oggendsitting op 2 MEI 1973

VOORSITTER (W.G.) J.P. Oberholzer

SKRIBA (W.G.) P.M. Smith

MIDDAGSITTING 30 APRIL

ORDE VAN DIE VERGADERING

GOEDKEURING VIR AFWESIGHEID IS TOEGESTAAN AAN

Ds. F.H. van der Merwe	vir 30 April (middagsitting)
Oudl. P.J.V. du Toit	vir 30 April
Oudl. C.J. Scheffer	vir 1 Mei (oggend)
Ds. S.J. v.d. Westhuizen	vir 1 Mei (oggend)
Ds. G.N. Bloem	vir 1 Mei (oggend en middag)
Ds. D.J. Müller	vir 30 April (middag en aand)
Oudl. D.E. Breet	vir 30 April tot die einde van die vergadering vir dagsittings.
Oudl. P.B. Swart	vir 30 April
Ds. P.W.A. Bierman	vir 30 April vanaf 11.30 vm.
Ds. M.J. van Schalkwyk	vir 1 Mei (9 vm. tot 10 vm.)
Oudl. F.H. Greyling	vir 1 Mei (9 vm. tot 10 vm.)
Ds. P.G. van Staden	vir 30 April (middag)
Oudl. M. Pretorius	vir 1 Mei (11.15 vm. tot 12.15 nm.)
Oudl. M.J. Labuschagne	vir 30 April (7.30 tot 9.30 nm.)
Ds. C.L. Badenhorst	vir 1 Mei (middag).
Ds. W.J. Steyn	vir 30 April (middag).
Ds. A.P.B. Breytenbach	vir 30 April (3.00 tot 9.30 nm.)
Ds. A.P.B. Breytenbach	vir 1 Mei (oggendsitting)
Ds. J.P. Labuschagne	vir 30 April (middag en aand).
Oudl. M.C. Barnard	vir 30 April (middag en aand)
Ds. S.J. de Beer	vir 30 April (aand).
Diak. G.B. Jannecke	vir 30 April (aand).

D. DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

SAMESTELLING

1. BESLUIT VAN DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

"a. Die Algemene Kerkvergadering word saamgestel uit die predikante en een afgevaardigde kerkraadslid uit elke gemeente.

b. Die Raad vir Regsadvies sal ondersoek doen na die beste wyse waarop die samestelling van die vergade= ring mettertyd gereël kan word in ooreenstemming met voorstel (b)."

Voorstel (b) het gelui:

"Die vergadering word saamgestel uit afgevaardigdes (predikante en kerkraadslede) wat proporsioneel

volgens/.....

volgens die grootte van die onderskeie ringe deur ringsvergaderinge aangewys word."

2. VERSLAG VAN DIE RAAD VIR REGSADVIES:

Die verslag van die Raad vir Regsadvies lui:

"(a) Dat binne die raamwerk van die presbiteriaal-sinodale sisteem, soos tans in die Kerkwet vasgelê en omlyn, sal die kleinste Algemene Kerkvergadering moet bestaan uit 'n vergadering waar àl die Kerkraadsvergaderings van al die gemeentes van die Kerk aan kan deel hê. Dit wil sê dat uit elke Kerkraadsvergadering twee lede, as die minimum, deelneem aan die Algemene Kerkvergadering. Word dit minder as twee dàn kan die Algemene Kerkvergadering verander in 'n 'vermomde' predikantevergadering.

(b) Dat indien die Algemene Kerkvergadering nog kleiner moet wees, dan sal die gebruik van trapsgewyse verteenwoordiging, soos gebruiklik was in die Nederlandse Kerk in die jare 1568-1815, oorweeg kan word. Dit wil sê dat die Ringsvergadering vier of meer van sy lede aanwys om aan die Algemene Kerkvergadering deel te neem.

(c) Die bespreking het ook daartoe gelei dat gevoel is dat daar tot 'n sorgvuldige omskrywing van artikel 11 en artikel 9 gekom sal moet word. Dit beteken dat die administratiewe werksaamhede van diè vergaderings méér op die agtergrond gestel sal word en dat dit daar inderdaad, soos artikel VI dit ook suggereer, sal gaan om die geestelike regering van die Kerk volgens die eis en norm van die Woord van God."

Kennis geneem.

E. KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

1. SAMESTELLING

a. VERGADERING 1970

Voorsitter	Ds. A.J. Nolte
Skriba	Ds. P.M. Smith
Vise-Voorsitter	Ds. S.P. Viljoen
Vise-Skriba	Dr. J.P. Oberholzer
Predikantslede	Prof. dr. B.J. Engelbrecht en dr. C.J. Mans.
Ouderlinge	Drr. P.S. Dreyer, J.H. de Kock, A.P. Grové, W.C. van Wyk, brr. D.J.P. van Schalkwyk, J.C. Oelofse, J.H. Lotz, J.P. v.d. Berg en M. Pretorius.

Met die ordening van dr. W.C. van Wyk tot predikant van die Kerk het hy opgehou om ouderling te wees en daarom

verval/.....

verval as ouderlingslid van die Kommissie. Sy plek is geneem deur sy secundus, ouderling C.J. Viljoen.

Die vise-Voorsitter, ds. S.P. Viljoen is op 11 Junie 1971 oorlede. Sy secundus, dr. P.J.T. Koekemoer, het sitting geneem op die Kommissie wat dr. J.P. Oberholzer tot vise-Voorsitter en dr. C.J. Mans weer in sy plek tot vise-Skriba verkies het. Ds. J.D.H. Smit is benoem tot secundus vir dr. P.J.T. Koekemoer.

b. BESKRYWINGSPUNT =VI-2=

"Die vergadering voel dat geen professor van die Teologiese Fakulteit vir die Algemene Kommissie verkiesbaar mag wees nie."
(Ring van Potchefstroom).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

2. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Soos by die afgelope aantal Algemene Kerkvergaderings, dien die agenda as sodanig as verslag van die Kommissie.

Kennis geneem.

XII. DIE PREDIKING EN EREDIENS

4. KERKMUSIEK EN SANG

a. HERSIENING VAN PSALMMELODIËE - RAPPORT VAN DIE WERKGROEP PREDIKING EN EREDIENS

Nege vergaderings van die Raad afsonderlik en ses werk= vergaderings saam met die afgevaardigdes van die suster= kerke is gehou.

Aan die einde van 1969 is 'n proefbundel uitgegee waarop gemeentes van al drie susterkerke gereageer het.

Vanaf 1 Januarie 1972 is mnr. W. Mathlener deur die H.E. Algemene Kommissie aangewys as voltydse verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde Kerk op die ad hoc-kommissie. Van die vorderinge van die werk is na elke vergadering volledig verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerk= vergadering voorgelê.

BESLUIT: i. Die voorstelle van die Interkerklike Kommis= sie vir die hersiening van die Psalmmelodieë word goedgekeur.

ii. Dat die vergadering alle predikante, orre= liste en lidmate versoek om 'n positiewe

gesindheid/.....

gesindheid aan die dag te lê sodat van die nuwe bundel 'n sukses gemaak kan word.

iii. Dat die vergadering alle orreliste vra om die kursusse wat die Raad van tyd tot tyd sal reël by te woon, aangesien die nuwe harmonisasies aan hulle en aan gemeentes hoë eise sal stel.

iv. Die Algemene Kerkvergadering betuig sy hoë waardering vir die dienswerk van die één man, Willem Mathlener, oor 'n tydperk van 25 jaar, waarvan die Kerk met betrekking tot elke aspek van die lied van die gemeente skone vrugte kon pluk, te wete onder andere die ontwerp en versorging van meer as 100 orrels, die opleiding van en leiding aan baie tien= talle orreliste, die opbou van die Konservatorium vir Musiek en die voortreflike verteenwoordiging van die Kerk op die Inter= kerklike Kommissie vir die Hersiening van die Psalmmelodieë. Mag die Here die werk van sy hande oor hom bevestig.

VI. DIE AMPTELIKE VERGADERINGE

BESLUIT: Die vergadering betuig sy waardering teenoor die predikante en Kerkrade van die gemeentes Bloemfontein, Bloemfontein-Wes en Kimberley vir die gewilligheid om, nieteenstaande die las van verder afstande tussen die gemeentes, saam met die gemeentes van Oos-Kaap in 'n Ring te resorteer.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR AANDETE

AANDSITTING 30 APRIL

ORDE VAN DIE VERGADERING

Ten opsigte van die Kanselboodskap is die volgende telegramme van gelukwense ontvang:

Potgietersrus-Wes, Potgietersrus, Ogies, Ebenhaezer, Stofberg,

Ventersdorp/.....

Ventersdorp, Witrivier, Alberton, ds. Erasmus, Hartbeesfontein, Eendracht, Swartkop, Bloemfontein, Tzaneen, Wonderfontein, Laeveld.

Ouderling C.J. Engelbrecht is verskoon van verdere bywonings van die vergadering en oudl. D.J. Prinsloo sy secundus is ter vergadering maar is nie volle lid van die vergadering nie.

VII. DIE ORGANE VAN BYSTAND

A. SAMESTELLING

Behalwe waar die Algemene Kerkvergadering self die lede aangewys het, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering lede benoem en die opdragte van die Algemene Kerkvergadering na hulle verwys vir aandag.

Kennis geneem.

B. NUWE ORGANE VAN BYSTAND

Daar is net een nuwe orgaan in die lewe geroep, t.w. RAAD VIR GEVANGENESBEARBEIDING wat nog in wording is.

Kennis geneem.

C. VERSLAE

Die organe van bystand het gereeld verslag gedoen aan die Werk= groepe wat koördinerend die verslae behandel het en aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verslag doen. Die werkswyse is ook met hierdie Algemene Kerkvergadering toegepas. Op hierdie wyse is baie goeie voorbereidingswerk vir die Algemene Kerkvergadering gedoen.

Kennis geneem.

D. TAAK EN FUNKSIE VAN DIE ORGANE VAN BYSTAND

a. BESLUIT VAN DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

"Die Kommissie word opgedra om ondersoek te laat instel na die hele aangeleentheid en na bevind van sake te handel binne die raamwerk van die Bepalings."

b. VERSLAG OOR ONDERSOEK

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die onder= soek laat instel en lê dit aan die Algemene Kerkvergadering voor vir beoordeling.

Die na- en voordele is behandel en beoordeel met 'n slotsom:

"Wanneer/.....

"Wanneer 'n orgaan van bystand nie sy werk uitvoer nie, of so selfstandig optree dat hy sy perke oorskry hou dit beslis gevaar van ondermyning van die presbiteriale kerkregering in. Wanneer die amptelike vergadering nie die versuim of oorskryding raaksien nie of dit wel raaksien maar nie die moed het om so 'n orgaan tot orde te roep nie, hou so 'n versuim ook ernstige gevare van ondermyning in.

Dit is dus duidelik dat die probleme of gevare wat genoem word net gevare is as daar pligsversuim is. Pligsversuim van die kant van die orgaan van bystand om sy opdragte uit te voer en terug te rapporteer aan die amptelike vergadering. Pligsversuim van die kant van die amptelike vergadering om toe te sien dat hy gereeld goeie verslag ont= vang van die orgaan van bystand.

Daar moet egter op gewys word dat dit nie altyd nadelig vir goeie kerkregering is nie as 'n orgaan gevra word om prinsipiële voorligting en praktiese riglyne in verband met 'n bepaalde diens aan die hand te doen nie en wanneer sodanige voorligting en riglyne deur die amptelike vergadering behoorlik nagegaan is en goedgekeur is, kan daar nie mee fout gevind word dat die orgaan gevra word om dit uit te voer nie."

Kennis geneem met instemming.

E. VERENIGINGS IN DIE KERK

Oor die bestaan van verenigings in die Kerk het ook navrae gekom en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hieroor ook 'n studie laat maak.

Die slotsom van die studie is:

"Ons is oortuig dat dit nooit die vergadering van ampte se bedoeling was of ooit kon wees om 'n vereniging as sodanig te stig nie, dit wil sê vereniging = kerklike sosiale gemeenskap ter vervanging van die gemeenskap van die gemeente rondom die Woord en Sakrament.

Die bedoeling kan net wees om organe van bystand te stig met omskrewe opdragte.

Of die keuse van die woord vereniging gelukkig was moet seker van nader bekyk word. As dit as orgaan van bystand gesien word wat in opdrag en opsig van die vergadering van ampte bestaan is die keuse nie so ongelukkig nie. Omdat die woord populêr anders uitgelê word en onder sodanige uitleg dan eie magte kan toeken, was dit juis nodig om aan hierdie organe 'n duidelike opdrag wat konstitusie genoem word, af te gee. So 'n opdrag of konstitusie is juis die opsig en beheerinstrument in die hande van die vergadering van ampte.

Wat oorbly/.....

Wat oorbly is dan die opdrag of konstitusie self. Die vergadering van ampte moet dit van tyd tot tyd bekyk en toets aan wat die organe doen en besluit om die opdrag of konstitusie so te laat, uit te brei, in te krimp of anders te omskryf."

Kennis geneem met instemming.

VIII. DIE BEDIENINGE

DIE PRIESTERSKAP VAN DIE GELOWIGES

BESLUIT: 1. Die vergadering beklemtoon dat ampsdraers in die gemeente verkies word vir besondere take. Dit word ook beklemtoon dat almal nie ampsdraers hoef te wees om sinvol mee te werk aan die taakvervulling van die Kerk nie. Dit word beklemtoon dat die lidmate in eie huis en omgewing (kategese en aanmoediging van ander) doelbewus deur die kerkrade ingetrek moet word.

2. Die vergadering neem kennis van die ernstige bemoeiing van hierdie Raad met die probleem van die aktiewe uitlewing van die priesterskap van elke gelowige.

Die vergadering gee opdrag dat hierdie besinning van die Raad voortgaan en dat aanbevelings gedoen sal word oor die praktiese implementering van hierdie belangrike roeping van die gelowige.

IX. DIE APOSTOLAAT

B. HOSPITAALBEARBEIDING

1. PRETORIA

RINGSVERSLAG

"Met dank en waardering word die werk van ds. J.J. Engelbrecht in die verband vermeld. Sy arbeid voorsien in 'n altyd groter wordende behoefte."

Met dank kennis geneem.

2. JOHANNESBURG

RINGSVERSLAG

"Die hospitaalbearbeiding in die Ring is deur ds. H.M.J. Kramer gedoen. Daar is 31 groter en kleiner hospitale en verpleeginrigtings binne die grense van die Ring. Daar is gemiddeld tussen 5 500 en 6 000 pasiënte per

jaar/.....

jaar besoek. Baie pasiënte van ander kerke en buitekerk= like pasiënte is ook besoek. Waar nodig is die adresse van buitekerklike pasiënte vir die predikante van die ge= meentes deurgegee."

Met dank kennis geneem.

C. DIE ARBEID ONDER BUITEKERKLIKES

1. PUBLIKASIE

BESLUIT: Dat in verband met die bearbeiding van die buitekerklikes die handleiding "JULLE SAL MY GETUIES WEES" van die hand van prof. D.J. Booysen sterk aanbeveel word.

2. KONGRESSE

'n Aantal kongresse is ringsgewys gereël om oor die bearbeiding van die buitekerklike te handel. Die Raad gaan nog voort met die reëling van sulke kongresse.

Kennis geneem.

3. BEARBEIDING VAN ANDERSTALIGES

BESLUIT: Die aangeleentheid betreffende die bearbeiding van die anderstaliges word verwys na die Raad vir die Arbeid onder Buitekerklikes vir verdere studie en rapport aan die volgende Algemene Kerkvergadering.

4. KOMMUNIKASIEMIDDELS EN BUITEKERKLIKES

a. TELEVISIE

In verband met televisie het die Raad besluit om te vol= staan met die opdrag wat vantevore reeds deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan prof. J.I. de Wet gegee is. (Na verneem word gaan ds. M.W. Pretorius nou voort om die ondersoek verder aan te vul.)

Kennis geneem.

b. DIE HERVORMER

BESLUIT: 1. Die bevinding van die Raad vir die Arbeid onder Buitekerklikes in verband met die doel= treffende gebruik van die Hervormer word aan die Redaksie van die Hervormer opgedra vir implementering vir sover dit uitvoerbaar is.

2. Die vergadering beveel aan dat ampsdraers hulle daarop toelê om deur middel van die gesproke woord belangstelling by ander te wek vir 'n belangwekkende lektuur in "Die

Hervormer"/.....

Hervormer" en ander kerklike publikasies. Hiervoor is die eerste vereiste dat die amps= draers volledig op hoogte sal wees van die inhoud van die betrokke publikasie.
Die vergadering beveel verder aan dat elke gemeentelike instansie by elke vergadering 'n ter sake gedeelte uit "Die Hervormer" sal behandel.

5. OPNAME VAN BUITEKERKLIKES

Daar is aandag gegee aan die wenslikheid en moontlikheid van samewerking tussen ons Kerk en die Nederduitse Gere= formeerde Kerk in verband met 'n groot evangelisasiepoging deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende 1974.

BESLUIT: 1. Dit word aanbeveel dat ons ook in ons eie gemeentes gedurende 1974 besondere aandag aan die bearbeiding van buitekerklikes sal gee. Ons Kerk moet dit egter heeltemal op sy eie en volgens eie oortuiging doen.

2. Dat die samewerking van die Nederduitse Gere= formeerde Kerk en, indien moontlik, ook die Gereformeerde Kerk verkry word om vroeg in 1974 'n gesamentlike van huis tot huis sensus dwarsdeur die land te hou.

D. ARBEID ONDER IMMIGRANTE

Die immigrante moet ons in Bybelse sin sien as die vreemdeling in ons poorte teenoor wie ons 'n besliste verantwoordelikheid het.

Ook hier moet, soos by die bearbeiding van buitekerklikes, beson= dere klem gelê word op die aandeel van die gewone lidmaat. Veral by die immigrant wat feitlik totaal afgesny is van alles wat persoonlik gebind het as hy in 'n nuwe land kom is die persoonlike belangstelling en meelewing van mense in sy nuwe vaderland van groot betekenis. So kan ons sy vertroue wen en hom en sy gesin help om 'n tuiste te vind ook binne die Kerk.

HANDLEIDING VIR DIE WERK ONDER IMMIGRANTE

BESLUIT: 1. Die Ringe moet na aanleiding van die vrae in die Gemeentéverslae hierdie arbeid, veral in die industriële gebiede, baie sterk beklemtoon.

2. Voorligtingstukke van die Maatskappy vir Europese Immigrasie in verband met die opsoek en inskakeling, byvoorbeeld die Handleiding van mnr. J.H. Hattingh, direkteur van die M.E.I., moet versprei word en bestudeer word deur ouderlinge en predikante wat die vreemdelinge opsoek. Ons Kerk moet self ook 'n handleiding opstel.

3. Elke gemeente moet aangemoedig word om 'n bydrae, jaarliks, vir die werk te skenk, al is daar ook geen immigrante in sy grense nie.

4. Die referate wat by die Volkskongres gelewer is deur deskundiges, moet in die hande kom van elke persoon wat hierdie bearbeiding ter hand neem.

5. Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging en die Jeugvereniging van ons Kerk moet voortdurend aangemoedig word om hul bydrae te lewer. Moeders in die immigrantegesinne is die eensames, en al is dit vreemdtaliges, bring hulle saam met vergaderings, besoek hulle tuis, nooi hulle ook na ons huise.

6. Ons mag die gewig van hierdie informele kontakte, byvoorbeeld ons kinders wat met immigrantekinders speel en hulle Sondae na die kategeseklasse saamneem, nooit onderskat nie.

7. Onderwysers en ander persone wat die ander tale kan praat, moet vir hierdie bearbeiding van die immigrant ingespan word in die gemeentes. Die wat die taal nie so goed kan praat nie, maar dit tog taamlik goed kan verstaan, is ook uitstekend vir die eerste kontak en tuismaak van die immi= grant. Wanneer die immigrant sien ons wil ook sy taal probeer spreek om sy ontwil, is hy baie geneë om ons taal aan te leer.

8. Ons kerkmense moet baie meer bewus gemaak word van ons roeping in verband met die evangelisering van die Rooms Katolieke en buitekerklikes onder die immigrante.

E. ARBEID ONDER GEVANGENES

Hierdie werk het die afgelope drie jaar 'n vaster grondslag gekry. Voorheen is daar ringsgewys, waar die behoefte ontstaan het, persone benoem om op deeltydse basis die werk te doen.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het egter vir dr. L.M. le Roux versoek om al die arbeiders saam te roep om planne te beraam om die werk op vaster grondslag te plaas. 'n Finale verslag met aanbevelings is nog nie ontvang nie maar die aange= leentheid geniet doeltreffende aandag.

Kennis geneem met dank.

F. DIE HANDHAWING VAN ONS PROTESTANTSE ERFENIS

1. PUBLIKASIES

a. Die Raad het reeds as voorligtingstuk 'n boek gepubliseer

met die/.....

met die titel "KERK EN REFORMASIE, ONS PROTESTANTSE ERFENIS".

BESLUIT: Dit word sterk beklemtoon dat kerkrade alles in die werk moet stel om die boekie in elke huisgesin te laat kom. By jeugverenigings en in katkisasie= klasse kan dit 'n nuttige doel dien.

b. Die Raad beplan die spoedige publikasie van 'n volgende uitgawe wat onder meer sal handel oor:

'n Prinsipiële Bybels-dogmatiese studie;
Rome se kerklik-godsdienste invloed op die volkere van die land, veral ten opsigte van immigrasie;
Rome se invloed ten opsigte van opvoeding en onderwys en nog meer ander onderwerpe.

Kennis geneem.

2. ROOMSE INDRINGING

Die indringing van die Roomse Kerk, veral as gevolg van aan= sienlike getalle immigrante en Rome se aktiewe bedrywighede in verband met skoolaangeleenthede, maak dit noodsaaklik dat ons lidmate behoorlik en vroegtydig ingelig word. Kerkrade moet dit as 'n besondere opdrag aanvaar om in die verband die nodige te doen.

3. GESAMENTLIKE PROTESTANTSE AKSIE

Die Raad belas met die aangeleentheid het ook namens ons Kerk deel aan 'n gesamentlike protestantse aksie en word daar verteenwoordig deur dr. P.J.T. Koekemoer, dr. C.J. Mans en ds. D.J.C. van Wyk.

Kennis geneem.

4. PROTESTANTSE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Op die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika is dr. A.J.G. Dreyer aanbeveel om ons Kerk te verteenwoordig.

BESLUIT: 1. Dat daar by gemeentes aanbeveel word om ook finansiële steun te verleen aan die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika, veral met die oog op die publikasie "PROTESTANTSE REVEILLE".

2. Dat daar ter inligting van kerkrade 'n inligting= stuk oor die werk van die Vereniging uitgestuur word deur die Kommissie van die Algemene Kerk= vergadering.

AFSLUITING

Dr. P.W. Venter neem die afsluiting waar. Hy gaan voor in gebed en laat sing Ges. 75:1.

OGGENDSITTING 1 MEI

OPENING

Ds. P.J.J. Venter neem die opening waar. Hy laat sing Ps. 9:1, 7 en 11, lees Gen. 18:22 vv. en gaan voor in gebed.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Ten opsigte van die Kanselboodskap is telegramme van gelukwense ontvang van J. Enslin, C.P. Enslin, Smith-gesin, Gemeentes Naboomspruit en Sasolburg.

Oudl. M.H.J. van der Merwe kom ter vergadering.

GOEDKEURING VIR AFWESIGHEID IS VERLEEN AAN

Ds. C.J. Viljoen	vir 2 Mei	(10 vm. tot 1 nm.)
Oudl. J.L. Barnard	vir 2 Mei	(oggendsitting)
Oudl. P.J. Nel	vir 1 Mei	(aandsitting)
Oudl. P.J. Nel	vir 2 Mei	(oggendsitting)
Oudl. S.F. Botes	vir 2 Mei	en volgende dae
Ds. D.B. Snyman	vir 1 Mei	(middagsitting)
Ds. B.J. Erasmus	vir 1 Mei	(oggendsitting)
Oudl. S.J. Pretorius	vir 1 Mei	(oggendsitting)
Oudl. C.J. Swart	vir 3 Mei	(namiddag) tot die einde van die vergadering.
Ds. A.J. Nolte	vir 1 en 2 Mei.	
Prof. H.P. Wolmarans	vir 1 Mei	
Oudl. M.H.J. v.d. Merwe	vir aandsittings	
Ds. M.J. Naude	vir 3 Mei (aandsitting)	
Oudl. P.B. Swart	vir 1 Mei en die res van die vergadering.	

IX. DIE APOSTOLAAT

A. BYBELVERSPREIDING

1. FONDSINSAMELING

Oor hierdie werk gee die Hulpkommissie vir Bybelverspreiding en ds. A. Ras, Organiserende Sekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verslag.

OFFERGAWES OOR DIE DRIE JAAR

	A	B	C	A+B+C
	1.11.1969-31.10.1970	1.11.1970-31.10.1971	1.11.1971-31.10.1972	Oor drie jaar
GEMEENTES	24 868,03	22 100,53	32 863,00	79 831,56
RINGE	243,66	114,37	273,89	631,92
N.H.S.V.	2 933,77	3 031,16	2 669,24	8 684,17
N.H.J.V.	493,48	478,16	214,85	1 186,49
SONDAGSKOOL	2 144,55	887,15	1 400,48	4 432,18
PREDIKANTE	274,30	156,00	331,00	761,30
KERKRAADSLEDE	2 713,41	1 735,06	50,00	4 498,47
LIDMATE	1 922,64	2 016,32	2 807,33	6 746,29
DIVERSE	535,16	639,19	272,00	1 446,35
TOTAAL	36 129,00	31 207,94	40 881,79	108 218,73

2. UITTREDE VAN DS. RAS

In sy verslag stel ds. Ras:

"Dit sal my seker vergun word om HARTLIK DANKIE te sê teenoor almal met wie ons oor 'n periode van 10 jaar in verband met Bybelgenootskapwerk saamgewerk het. En - my nadruklike goeie wense teenoor hom wat die werk moet voortsit. Seën op sy werk word hom toegebid!

Mag u 'n geseënde vergadering hê, en mag ons Kerk bly= moedig help om die Boek van alle boeke die sonde- verdonkerde wêreld in te dra!"

OPVOLGER

Met die opstel van die agenda was die reëling in verband met 'n opvolger nog nie gefinaliseer nie.

Kennis geneem.

Ds. J. van Arkel, Algemene Sekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en ds. A. Ras, Organiserende Sekretaris namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika by die Bybelgenoot= skap, word in die vergadering verwelkom.

Albei die broeders het die vergadering toegespreek, toeligting verskaf en enige vrae beantwoord wat uit die vergadering na vore gekom het.

Dit is ook die laaste keer dat die twee broeders in hulle onder= skeie huidige hoedanighede die vergadering bywoon. Albei rig woorde van dankbetuiging en afskeid tot die vergadering.

Dr. P.J.T. Koekemoer spreek 'n woord van dank uit teenoor ds. A. Ras wat vir 10½ jaar die werk van Organiserende Sekretaris

namens/.....

namens ons Kerk by die Bybelgenootskap beklee het. Hy het sy werk op besonder bekwame wyse gedoen. Die Kerk het daarvoor die hoogste waardering. God se rykste seën word hom en mev. Ras toegebid.

Die Voorsitter spreek 'n woord van dank uit teenoor ds. van Arkel wat eersdaags uittree as Algemene Sekretaris van die Bybelgenootskap. Hy vermeld dat ds. van Arkel geweldig baie gedoen het vir Bybelverspreiding en Bybelvertaling. Ds. van Arkel het op baie vriendelike wyse altyd met ons Kerk verkeer.

Hy word bedank vir die aandeel wat hy in die werk van die Bybelgenootskap gehad het.

BESLUIT:

1. Die vergadering neem met dank kennis van die werk van die Bybelgenootskap.

2. Die vergadering benadruk dat die Kerk ten volle sy aandeel wil neem in die arbeid van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en versoek die gemeentes om deur gereelde en ruime bydraes hierdie werk te steun.

3. Die vergadering bekragtig die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om by gemeentes aan te beveel dat 'n minimum van 40c per lidmaat bygedra word.

4. Afgevaardigdes word versoek om sover moontlik elke gemeentelid (belydende- en dooplidmate) te aktiveer om groter offers te bring ter vervulling van die Kerk se roeping ten opsigte van hierdie taak.

5. Dat die metode van insameling óók vir Bybelverspreiding in die gemeentes op die normale gekontroleerde wyse sal geskied, naamlik verantwoord op die diakenstaat.

6. Dat die finansiële verslag van die Sekretaris van Bybelverspreiding met die oog op Ringsvergaderinge soos al die Ringsverslae sal handel oor die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember.

7. Die vergadering doen 'n beroep op lidmate van die Kerk om, indien enigsins moontlik, 'n Bybel per lidmaat vir Bybelverspreiding te offer.

XII. DIE PREDIKING EN EREDIENS

A. DIE BYBEL EN AFRIKAANSE VERTALING

Die Werkgroep Prediking en Erediens het die volgende as verslag gestel:

1./.....

1. Nadat die vorige Algemene Kerkvergadering toestemming gegee het dat die Kerk se medewerkers op die paneel van Bybelvertalers benoem word en die ander kerke dieselfde gedoen het, het die werk spoedig in volle gang gekom. Die paneel het vier keer per jaar vir ongeveer 'n week byeengekom saam met die taal- en letterkundige adviseurs wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns benoem is. Die Ou- en Nuwe Testamentiese groepe het apart vergader en goeie vordering is met die werk gemaak.

2. Die werkwyse wat gevolg word, is in die eerste plek gerig op deeglikheid. Dit het tot gevolg dat 'n betreklike langsame spoed met die vertaling gehandhaaf word.

   a. Die vertaling word in vyf stadiums afgehandel. Die eerste stadium is die konsepvertaling van 'n boek deur die individuele vertaler. Hierdie konsep word gesirkuleer aan die ander vertalers en aan die lede van die Breë Kommissie vir kommentaar en aanbevelings. Nadat die ontvange op= merkings deur die vertalers verwerk is, word die tweede stadium in die byeenkoms van vertalers noukeurig behandel en ontstaan 'n derde stadium wat weer gesirkuleer en na ver= werking weer behandel word. Dieselfde geld vir die vierde stadium, wat ook aan die vergadering van die Breë Kommissie voorgelê word. Die vyfde en finale stadium word dan deur die vertalers afgehandel en persklaar gemaak.

   b. Van die Ou Testamentiese boeke is Exodus II, Samuel en Nahum reeds by die derde stadium verby, terwyl gedeeltes van ander boeke ook reeds in die derde stadium is. Van die Nuwe Testamentiese boeke is groot gedeeltes van die Evange= lies en Briewe reeds in die derde stadium, terwyl enkeles reeds in die vierde stadium is.

   c. Die vordering is stadig, omdat elke vertaling herhaalde kere in die volle vergaderings van die onderskeie groepe behandel word. Daar word gepoog om met gebruikmaking van kleiner komitees vinniger te vorder. Om 'n tyd vir verskyning van die nuwe vertaling te bepaal, is op die stadium nog nie moontlik nie.

3. Dusver dui die resultate daarop dat die nuwe vertaling 'n eie= tydse vertaling sal wees wat vloeiend sal lees en vir die op= komende geslag verstaanbaar sal wees.

4. Die medewerkers van die Kerk, proff. E.S. Mulder, J.P. Oberholzer en G.M.M. Pelser, neem 'n volle aandeel in die vertalingswerk en lewer 'n belangrike bydrae in die vorming van die eind= produk.

Kennis geneem.

Prof. E.P. Groenewald, Voorsitter van die Kommissie van Bybel= vertalers word in die vergadering verwelkom en aan die woord gestel.

Hy maak/.....

Hy maak melding van die hartlike samewerking wat daar op die Kommissie van Bybelvertalers heers. Voorts vermeld hy ook dat die werk van die verteenwoordigers van ons Kerk op hierdie Kommissie besonder hoog waardeer word. Hy deel ook een en ander mee van die vertalingswerk en die vordering wat daarmee gemaak word.

BESLUIT: Die vergadering spreek sy dank uit teenoor die Vertalers en bid hulle ryke seën toe.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR OGGENDTEE

IX. DIE APOSTOLAAT

G. ARBEID ONDER ISRAEL

STUDIE

Die Raad gaan voort met sy bestudering van die probleme rondom die bearbeiding van Israel.

Kennis geneem.

BESLUIT:

1. Die vergadering beklemtoon dat die evangelie verkondiging aan die Jode steeds as 'n dringende opdrag van alle ampsdraers en lidmate beskou moet word.

2. Die vergadering beskou beskikbaarstelling van die volle Heilige Skrif as 'n normale deel van die Kerk se benadering van almal wat nie die geloof in Christus besit nie.

3. Die wenke oor die praktiese manier van benadering van die Jode (BYLAE B.IX van die agenda) word na die Raad terug verwys vir herformulering en voorlegging aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

4. Dat die Raad bekeerde Jode koöpteer ter wille van die moontlikheid van voorligting en die skepping van kon= takpunte.

5. Dat die Algemene Kerkvergadering by die Raad vir Arbeid onder Israel aanbeveel om te skakel met ander kerke in verband met die bearbeiding van Israel sodat die arbeid van ons Kerk by dié van ander kan baat.

I. DIE SEKTEWESE

1. PUBLIKASIES

Die voorligting van ons lidmate ten einde hulle te kan verweer teen die aanslag van allerlei sektes is van groot belang.

Die Raad het vir 'n geruime tyd reeds die opdrag ontvang om die nodige in dié verband te doen. Ongelukkig het deur allerlei oorsake, waaronder ook nalatigheid van sommiges, geen publikasie tot dusver nog verskyn nie.

Die eerste stuk wat handel oor algemene Sektekenmerke sal volgens mededeling van die Raad hopelik nog voor die sitting van die Algemene Kerkvergadering verskyn.

Kennis geneem dat 'n aantal eksemplare van die Raad vir Sektewese se beoogde publikasie op rekening van elke gemeente aangestuur sal word vir onmiddellike verspreiding in die gemeentes.

'n Volgende publikasie wat handel oor afsonderlike sektes is reeds in 'n gevorderde stadium beplan.

BESKRYWINGSPUNT
=IX-1=

Die Algemene Kerkvergadering benadruk die noodsaak van die spoedige beskikbaarstelling van 'n omvattende publikasie oor die sektewese wat toeganklik sal wees vir die begripsvermoë van die deursnee lidmaat.
(Ring van Vereeniging).

BESLUIT: Beskrywingspunt =IX-1= word die besluit van die vergadering.

2. DOOP VAN SEKTES

Die Raad vir Sektewese rapporteer in verband met die doop deur bepaalde sektes na aanleiding van 'n opdrag van die Algemene Kerkvergadering dat die Raad vir Sektewese ondersoek moet instel na die erkenning van die doop deur sektes:

die doop deur die Jehova Getuies word nie erken nie (Algemene Kerkvergadering van 1970, bladsy 209 van die notule).

Die moontlike erkenning van die doop deur die "Assembly of God" word nog ondersoek.

Die A.G.S., die Pinkster Protestante, die Twaalf Apostels, die Hervormde Ned. Geref. Kerk, die Volle Evangelie Kerk van God, die Sewende Dag Adventiste gebruik almal dieselfde formule as die Nederduitsch Hervormde Kerk, naamlik: "In die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees". Hulle doop moet erken word.

Die/.....

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die verslag so aanvaar maar versoek:

Dat oor die Volle Evangeliekerk nog verdere navrae gedoen moet word.

Die Ou Reformatoriese reël in hierdie verband word weer eens herhaal, naamlik dat wanneer die Kerk die doop van een of ander sektariese groep erken, dit nie beteken dat die Kerk met die leer van daardie sekte instem nie.

Kennis geneem met instemming.

J. GETUIENIS TEENOOR OWERHEID EN VOLK

1. NUWE REGERING EN REPUBLIEKWORDING

Die Algemene Kerkvergadering van 1970 het die regerings van Suid-Afrika en Rhodesië gelukgewens met die verkiesing en Republiekwording van Rhodesië en hulle verseker van die Kerk se voorbidding. Beide regerings se eerste ministers het hulle waardering daarvoor uitgespreek.

Kennis geneem.

2. REPUBLIEKFEES - 10 JAAR 1971

Op uitnodiging van die Feeskomitee het ds. A.J. Nolte op die reëlingskomitee gedien. Daar is voldoen aan die versoek om op 23 en 30 Mei dank- en lofdienste te hou.

Kennis geneem.

3. GEESTELIKE WERK IN DIE WEERMAG

Die Kerk het sy dank aan die owerheid en Weermag oorgedra vir al die geleenthede aan die Kerk gebied om sy roeping onder lede van die Weermag te vervul asook vir die geleentheid aan die Voorsitter en Skriba om die grensposte te besoek met die oog op kennisname van die geestelike werk onder manne van die Weermag en polisie op dié plekke.

Waardering van owerheidsweë is uitgespreek.

BESLUIT: 1. Dat by die onderskeie gemeentes van die Kerk aanbeveel word dat daar maandeliks in die gemeentes vir die Suiderkruisfonds en die Polisie-Geriewefonds en Brandwagfonds gekollekteer sal word.

2. Dat alle bydraes uit ons Kerk vir hierdie fondse na die kantoor van die Administrateur gestuur sal word wat dit op gesette tye sal oorbetaal.

3. Dat hierdie vergadering die Kommissie van die

Algemene/.....

Algemene Kerkvergadering versoek om namens hierdie Vergadering 'n herderlike skrywe te rig aan die lidmate van die Kerk èn ander gelowiges wat as lede van die S.A. Polisie op die grense van ons vaderland, Rhodesië en elders op die voorpunt staan in die stryd téén die magte wat ons veiligheid, vrede en orde aanval.

In die lig van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wéét ons dat hierdie manne, in diens van die owerheid, 'n taak verrig wat die owerheid verplig is om uit te voer.

'n Sodanige skrywe ter versterking en ver= troosting van hierdie manne asook van waar= dering aan die owerheid vir hierdie pligs= vervulling lyk in die huidige omstandighede noodsaaklik.

4. Die vergadering neem staande 'n mosie van roubeklag aan ten opsigte van alle lede van die S.A. Polisie wat vir die beveiliging van ons landsgrense hulle lewens afgelê het. Meegevoel word met hulle naasbestaandes uit= gespreek.

4. STUDENTEONRUS

Dank is uitgespreek teenoor die owerheid en S.A. Polisie vir die optrede om rus en orde te handhaaf na aanleiding van studenteonluste. Die owerheid het sy dank betuig.

Kennis geneem.

5. POPOPERA: JESUS CRRIST SUPER STAR

BESLUIT: a. Dat die vergadering met dankbaarheid kennis neem dat die S.A.U.K. na onderhandeling onderneem het om die opera nie weer oor enige sender uit te saai nie.

b. Dat met dankbaarheid kennis geneem is dat daar in die toekoms ook geen verhoogaanbieding of verfilming van hierdie opera sal plaasvind nie.

6. POPFEES: RANDFONTEIN

Die owerheid is bedank vir sy ferme optrede in die verband. Die owerheid het sy waardering uitgespreek vir die steun en voorbede.

Kennis geneem.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR MIDDAGETE

GOEDGEKEUR EN GETEKEN OP 3 MEI 1973

VOORSITTER(W.G.)J.P.Oberholzer SKRIBA (W.G.) P.M. Smith

MIDDAGSITTING 1 MEI

ORDE VAN DIE VERGADERING

GOEDKEURING VIR AFWESIGHEID IS TOEGESTAAN AAN:

Ds. Kalman Papp	vir 2 Mei (namiddag).
Oudl. M.J. Labuschagne	vir 2 Mei
Ds. M.J. du P. Beukes	vir 4 Mei (3 nm. tot 9.30 nm.)
Oudl. R.J. Jacobs	vir 2 Mei
Ds. J.H. van Staden	vir 2 Mei (11 vm. tot 7.30 nm.)
Ds. T.F. Dreyer	vir 2 Mei (11 vm. tot 7.30 nm.)
Oudl. C.J. Botha	vir 1 Mei (2.30 nm. tot 9.30 nm.)
Ds. J.M. Labuschagne	vir 3 Mei tot die einde van die vergadering.
Oudl. J.C. Grobler	vir 1 Mei (2.30 tot 7.30 nm.)
Oudl. L.H. Geyser	vir 3 en 4 Mei
Ds. J. Breytenbach	vir 4 Mei
Ds. N.M.J.S. Heyneke	vir 3 en 4 Mei
Ds. C.J.J. van Rensburg	vir 1 Mei (2.30 nm. tot 5 nm.)
Oudl. M.J. Botha	vir 4 Mei
Ds. A.N.J.D. Alberts	vir 2 Mei (oggendsitting)
Oudl. J.P.J. Coetzer	vir 2 Mei (aandsitting).

Dank vir die Kanselboodskap is ontvang van die gemeentes Ermelo en Krugersdorp-Noord.

GROETE

NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK

Die Voorsitter verwelkom ds. J.E. Potgieter, Skriba van die Algemene Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die vergadering. Die Voorsitter verwelkom ook di. P.E.S. Smith, Murray en Cronje wat in die vergadering is. Ds. Potgieter word aan die woord gestel.

DS. J.E. POTGIETER SE GROETE WORD AANGEHEG AS BYLAE III TOT DIE NOTULE.

Prof. F.J. van Zyl spreek namens die vergadering 'n woord van dank teenoor ds. Potgieter.

GEREFORMEERDE KERK

Dr. B.R. Kruger van die Gereformeerde Kerk word deur die Voorsitter in die vergadering verwelkom en aan die woord gestel.

DR. B.R. KRUGER SE GROETE WORD AANGEHEG AS BYLAE IV TOT DIE NOTULE.

Prof. B.J. Engelbrecht bedank dr. B.R. Kruger namens die vergadering.

Die vergadering spreek sy waardering uit teenoor proff. van Zyl en Engelbrecht wat met heldere

formulerings/.....

formulerings van die Hervormde Kerk se standpunt bevestig het tydens die bedankingswoorde aan die verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde en Gereformeerde Kerke.

IX. DIE APOSTOLAAT

H. DIE KERSTENING VAN DIE HEIDENE

1. TOESTAND IN GEMEENTES

Besondere aandag is gegee aan die bevordering van selfstandig= heid op al die vlakke in die Bantoekerk.

Daar is merkbare en welkome vordering in die wyse van ver= kondiging van die evangelie deur Bantoeleraars aan hulle eie mense. Die later genoemde opfrissingskursusse dra baie daartoe by.

Die opsig word met groot verantwoordelikheid deur die Rings= kommissie van die Bantoekerk uitgeoefen. Die superintendent gee hier daadwerklike leiding.

Ook wat die administrasie in die gemeentes aangaan, is goeie vordering gemaak ook juis onder leiding van die superintendent en sekretaris van die Raad.

Op die gebied van die diakonaat is daar nog 'n groot agter= stand. Die toename in die stigting van vroueverenigings in die Bantoekerk sal hopelik hierin 'n verbetering bring.

Finansiëel het die Bantoekerk reeds gevorder in die rigting van selfstandige versorging. Teenoor 'n totale offergawe uit die gemeentes van R1 500,00 in 1968 was die offergawes van gemeentes in 1971 reeds R5 355,00.

In verband met die gemeentes, lidmatetal en hulle bearbeiding is die volgende van belang: Daar is tans 30 dienaars van die Woord en die ledetal staan op 13 441 waarvan 6 574 belydende lede is.

Kennis geneem.

2. AANDEEL VAN BLANKE GEMEENTES

Van die kant van die blanke gemeentes word nog Ringsgewys hulp verleen aan die Bantoekerk. Die bydraes in verband hiermee het sedert 1966 gestyg van R22 979,00 na R29 665,00 in 1971.

In die Ring van Pietermaritzburg waar die grootste deel van die kersteningswerk gedoen word,is daar 'n nypende tekort aan fondse. Benewens gereelde bydraes uit die Ringe van Rustenburg, Middelburg en Trichardtsfontein en vroeër ook Zeerust, moes reeds verdere beroepe om steun vir die werk gedoen word.

Verdere/.....

Verdere en gereelde finansiële steun uit die Kerk sal hier noodsaaklik wees.

Ook wat die kerkbouprogram aangaan, is vordering gemaak. Reeds 19 kerke is voltooi terwyl in die Ringe van Losberg, Heilbron en Soutpansberg nog kerkgeboue beplan word.

Kennis geneem.

3. DIE OPLEIDING

a. OPFRISSINGSKURSUSSE

Jaarlikse opfrissingskursusse vir Bantoeleraars word met groot vrug waargeneem deur die Superintendent, ds. J.A.P. van Tonder en prof. D.J. Booysen.

Kennis geneem.

b. STUDENTE

Pogings word aangewend om reeds onder hoërskoolleerlinge studente te werf as toekomstige studente in die teologie.

Kennis geneem.

c. DOSENTE IN DIE TEOLOGIE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op versoek van die Raad vir die Kerstening van die Heidene besluit dat daar geen beswaar bestaan dat 'n dosent wat die opleiding van bantoepredikante behartig, professor genoem kan word nie.

Kennis geneem met instemming.

d. EIE OPLEIDING

BESLUIT:

1. Die stigting van 'n eie opleiding vir Bantoepredikante word goedgekeur. Die uitvoering van die besluit word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in medewerking met die Raad van Finansies en die Raad vir die Kerstening van die Heidene opgedra.

2. Dat daar vir doeleindes van die uitvoering van die voorgaande besluit begroot word.

3. Die aanstelling van 'n voltydse superintendent word goedgekeur.

4. Die naam van die Sentrale Raad vir die Kerstening van die Heidene moet verander word na die Raad vir Kerke in Eie Volksverband.

5./.....

5. Dat die werwing van toekomstige bantoeleraars reeds in die Primêre skool begin word en voortgesit word in die Sekondêre skool.

6. Indien besluit no. 1 om een of ander rede onuitvoerbaar blyk, sal gepoog word om die opleiding aan die Universiteit van die Noorde as 'n tussentydse maatreël te handhaaf.

7. Die Kerk betuig sy dank en waardering teenoor die N.G. Kerk, die Plaaslike Bestuur en dosente van die Stofberg Teologiese Skool vir die op= leiding wat die Bantoeleraars en evangeliste die afgelope jare kon ontvang en die hartlike samewerking wat ons daar ervaar het.

8. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Raad vir Kerke in Eie Volksverband word versoek om deeglik te besin oor die kontak tussen die verskillende volkskerke, riglyne neer te lê en die Kerk hieroor voor te lig.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR AANDETE

AANDSITTING 1 MEI

4. KLEURLINGE

BESLUIT: Met die oog op die groter wordende Kleurling= bevolking, veral ook in die noordelike provinsies, word die Raad vir Kerke in Eie Volks= verband versoek om ondersoek in te stel na die moontlikheid van bearbeiding van die Kleurlinge deur ons Kerk.

J. GETUIENIS TEENOOR OWERHEID EN VOLK

7. POPMUSIEK

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n verslag van die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke aan= vaar as sy standpunt aan die S.A.U.K. oor popmusiek:

"(a) Die Kerk het nie summier beswaar teen alle moderne musiek nie MAAR die Kerk moet kennis neem:

dat sekere popmusiek 'n propaganda dra van ideologieë wat volksvreemd is;

dat die musiek wat psigidelies van aard is, dit wil sê musiek wat in 'n ritme aangebied word in 'n dubbele en botsende slagmaat, op 'n indringende polsslagmaat of in hipnotiese slaapslagmaat, nadelige gevolge inhou;

dat die/.....

dat die woorde van sekere liedjies beslis bevraag= teken kan word;

dat die uitvoerders van hierdie musiek statusfigure van die jeug geword het."

BESLUIT: 1. Kennis word geneem met instemming.

2. Die Kerk het waardering vir die standpunt van die S.A.U.K. om:

. aggressiewe popmusiek nie uit te saai nie;
. matige popmusiek spaarsaam te gebruik,
. aangename popmusiek wel uit te saai.

3. Om aan te beveel dat die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke in samewerking met die Raad vir die Belydende Jeug 'n simposium sal reël waar oor psigideliese musiek gehandel sal word en veral ter voorligting aan die belydende jeug van die Kerk.

8. ONGEWENSDE LEESSTOF

Die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke het voortdurend hieraan aandag gegee en bring die volgende onder die aandag van die Kerk:

"Die Kerk behoort kennis te neem dat enige privaat persoon, vereniging of liggaam enige twyfelagtige publikasie kosteloos aan die Publikasieraad kan voor= lê. Al wat gedoen moet word is om die VOLLEDIGE PUBLIKASIE aan die Publikasieraad, Thomas Boydell= gebou 541, Paradestraat, Kaapstad te stuur met 'n brief wat die Raad versoek om dit te oorweeg en 'n beslissing daaroor te gee.

Die Raad moet ook beslis oor openbare vermaaklikhede. Dit sluit alles in, van toneelopvoerings tot kabarette, nagklubs, ontkleevertonings ens. Elke persoon het die reg om iets wat hy as aanstootlik beskou, onder die Raad se aandag te bring. Die Raad is verplig om die voorstelling te ondersoek en beslissing daaroor te neem. Dit kan telefonies (Kaapstad 2-7206), telegrafies (FILCEN, KAAPSTAD) of per brief geskied. Haas is egter in sulke sake nodig anders is so iets al verby, voordat daar opgetree kan word."

Kennis geneem.

9. GESINSVERBROKKELING

BESLUIT: 1. Dat dit in die midde van die bestuur van die Predikantevergadering gelê word om

"Gesinsverbrokkeling"/.....

"Gesinsverbrokkeling" as tema te kies.

2. Met dankbaarheid word kennis geneem dat dr. P.W. Venter op die owerheid se Kommissie van Gesins= beleid dien.

10. "BEVOLKINGSONTPLOFFING"

BESLUIT: Dat dit aan die owerheid ter oorweging gegee word om 'n departement vir Gesinslewe in te stel met die oog op die formulering en uitvoering van 'n bevolkingsbeleid.

11. MODERNE DANSVORME

Na 'n studie hieroor op versoek word die volgende samevattende standpunt aanbeveel:

"'n Onderskeid tussen oud en nuud skyn onnodig; wat nou ouderwets is, was eens modern. Dans is nog altyd in kringe beskou as 'n plek vir versoeking en oortreding. Dans kan egter nie op grond daarvan as sodanig veroor= deel word nie, want waarom hierdie een verskynsel van ontspanning (plesiermakery) oorbeklemtoon vir afkeuring teenoor soveel ander ewe afkeurenswaardiges. Daar kan baie groter en meer oortredinge in afsondering plaasvind as by publiek-ordelik gereelde dansbyeenkomste. Uit= sonderings word oral aangetref. Dans is as sodanig daarom nie te veroordeel nie, maar wel die misbruik en misdraging soos op enige ander terrein. Die probleem lê nie by die dans as sodanig nie, maar by die beoefenaar van die dans - die mens in sy gebrokenheid."

Kennis geneem.

12. SELFMOORDE

As uitvloeisel van 'n versoek van ds. T.F.J. Dreyer (Snr.) is aandag aan die probleem gegee. Ds. Dreyer en dr. S.J. Prins is versoek om artikels in dié verband ter voorligting en waar= skuwing te skryf. Dié van ds. Dreyer het reeds in DIE HERVORMER van Januarie 1973 verskyn.

Kennis geneem.

13. STEDELIKE ONTWIKKELING

Die Kerk is uitgenooi om deel te hê in die ondersoek met die opdrag:

"Om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die kwessie van die voorkoming van oprigting van geboue en ander strukturele ontwikkeling in stedelike gebiede wat skadelik vir die gemeenskapsontwikkeling en die geestelike, maatskaplike en liggaamlike welsyn van die

van die/.....

van die bevolking van sodanige gebiede mag wees, met die bevoegdheid om getuienis af te neem en stukke te vorder en met verlof om wetgewing voor te lê."

Mnr. P.S. Oelrich, direkteur van die Ondersteuningsraad, het dit namens die Kerk bygewoon. Die verslag is nog nie vrygestel nie.

Kennis geneem.

14. ONDERSOEK NA ORGANISASIES

BESLUIT: 1. Die vergadering betuig sy dank teenoor die Schlebusch-kommissie vir sy werk en die optrede van die owerheid op grond van die verslae van die Kommissie.

2. Die vergadering spreek sy dank uit teenoor dr. C.J. Mans en prof. dr. A.D. Pont vir die werk wat hulle in hierdie verband gedoen het.

15. BEVOLKINGSVERHOUDINGS

(AFGEHANDEL).

16. KOMMUNISME

Die Werkgroep Apostolaat betuig sy hoë waardering vir die belangstelling en werk van die verteenwoordiger op ANTIKOM, ds. C.J. Viljoen.

BESLUIT: 1. Die vergadering, bewus van die kommunistiese gevaar wat probeer om deur terrorisme, insypeling, sabotasie en geweld die bestaande Christelike orde alhier omver te werp, gerugsteun deur 'n listige ondermyning van geestelike waardes, kulturele erfenis en geloofsbesit, roep die gemeentes op tot standvastigheid in die geloof, tot bewaring van heilige erfgoedere en bestry= ding van elke liberale rigting waardeur die volkskarakter en sedes afgetakel en kragteloos gemaak word.

2. Die vergadering betuig sy dank aan die owerheid wat nougeset waak teen die dreiging van die kommunistiese gevaar.

3. Die vergadering roep die Kerk op om ook voor= bidding te doen vir die stryd wat gevoer word en ook vir hulle wat hulle lewens waag om die volk op die grense en elders te bewaak teen die kommunistiese aanslag.

4. Dat elke kerkraad wat dit nog nie gedoen het nie, gevra word om in te teken op die nuusbrief ANTIKOM en dit te versprei.

5. Die vergadering doen 'n beroep op gemeentes en lidmate om die saak van ANTIKOM mildelik te steun.

6. Die vergadering neem met leedwese kennis van vele geloofsgenote wat onder druk van die kommunisme moet ly, en betuig dat morele en daadwerklike steun hulle toekom. Daarom word lidmate versoek om waar moontlik die Wurmbrand-organisasie te steun met die oog op toespit= sing op die nie-blanke volkere van Afrika wat tans bedreig word deur die kommunisme.

17. FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGS (F.A.K.)

Die werk van die F.A.K. en die verslag van ons verteenwoordi= ger, ds. W.F. Huyzers, is deur die Werkgroep Apostolaat behandel.

Die Kerk staan nie los van die volk nie, maar doen binne die volk ook sy werk om die evangelie uit te dra.

Die Kerk en sy lidmate kan dus nie afsydig staan teenoor die kulturele bedrywighede van die volk nie.

BESLUIT: 1. Dat meer gemeentes geldelike steun behoort te gee aan Sabra, Antikom en die F.A.K. deur as meewerkende liggaam aan te sluit.

2. Dat verteenwoordigers van die Kerk op hierdie liggame die kongresse en vergaderings pertinent onder die aandag van die Kerk moet bring en daarna die Kerk, ook by wyse van artikels in DIE HERVORMER, volledig in te lig.

18. VRYMESSELARY

BESKRYWINGSPUNTE

=IX-2= "Die Kerkraad van Springs versoek:

Dat die Algemene Kerkvergadering die pastorale probleem van lidmate van die Kerk wat ook lede van die Vrymesselary is, weer onder oë sal sien. Die besluit van die Algemene Kerkvergadering 1964, naamlik dat Vrymesselaars onder die opsig bearbei sal word, is nie genoegsaam deur kerkrade opgevolg nie ook omdat die Ringsvergaderings nie noulettend toe= gesien het dat dit gebeur het nie, met die gevolg dat daar geen eenvormigheid van die kerk oor die aangeleentheid bestaan nie. Die Algemene Kerkvergadering word gevra hoe die probleme wat in die

verband/.....

verband ontstaan het, opgelos kan word."

=IX-3=

"Die Gemeente Pretoria-Wes spreek sy te= leurstelling uit oor die feit dat verskeie gemeentes van die Kerk die opdrag van die Algemene Kerkvergadering (1964) in verband met lidmate wat in= geskakel is by die beweging van die Vrymesselary, verontagsaam. Ten spyte daarvan dat die Kerk die Vrymesselary beskou as 'n beweging wat die Drieënige God, soos God Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, loën, het sommige ge= meentes se kerkrade nagelaat om met lidmate wat lede van die organisasie is, te handel volgens die voorskrifte van Gods Woord in verband met die kerk= like opsig. Daar is in sommige gevalle selfs oogluikend toegelaat dat Vrymesselaars= lede as kerkraadslede gekies en bevestig word.

Die gemeente Pretoria-Wes versoek dus die H.E. Algemene Kerkvergadering om weer sy besluit van 1964 in verband met die Vrymesselary onder die aandag van die gemeentes te bring en om aan te dring op eenvormige optrede."
(Kerkraad Pretoria-Wes).

BESLUIT: 1. Dat die besluite van die Algemene Kerkvergadering van 1964 noulettend uitgevoer moet word.

2. Dat, indien die Kerkraad van Pretoria-Wes weet van kerkrade wat in dié verband versuim, hulle nie moet volstaan met 'n algemene opmerking nie, maar dit pertinent by die Ringsvergadering moet rapporteer.

19. STUDIEPROGRAM

Die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke is nog besig met 'n studie oor:

Dwelmmiddels
Popfeeste
Egskeiding.

BESLUIT: 1. Kennis geneem.

2. Opdrag word gegee aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om andermaal toe te sien dat daar 'n teologiese studie onderneem word insake die huweliksbevestiging van geskeide persone.

K./.....

K. KERK EN KOMMUNIKASIEMIDDELS

1. PUBLIKASIES

a. KOMPILATOR VIR KERKLIKE PUBLIKASIES

Ds. P.M. Smith het sedert sy benoeming in 1967 steeds op uitgebreide wyse aandag gegee aan die kerklike publikasies en beriggewing en het 'n aansienlike aandeel in die daarstel van die publikasies:

DIE HERVORMER
DIE HERVORMER SE NUUSBRIEF
DIE ALMANAK
DIE BYBELSE DAGBOEK
HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES
LEERBOEKE VIR KATEGESE
BESONDERE PUBLIKASIES VOORGESKRYF OP VERSOEK

Daarbenewens is hy verantwoordelik vir die kerklike beriggewing in pers en radio.

Deels doen hy sy werk in samewerking met bestaande redaksies, deels saam met die Kommissie vir Literatuurvoorsiening en deels selfstandig, laasgenoemde veral wat beriggewing betref in voorsiening van berigte maar ook vir kontrole van berigte wat verskyn.

Kennis geneem met dank aan ds. Smith.

V. DIE AMPTE

10. TRAKTEMENTE EN EMOLUMENTE

e. DIE PENSIOENFONDS

HERSIENE VERSLAG IN VERBAND MET VERHOOGDE VOORDELE

Daar is reeds in die voorstel wat eerder voor die vergadering gedien het aangedui dat die bydrae eintlik R848 moes wees om enigsinds in pas te wees met ander instansies - die Universiteit is as voorbeeld aangehaal. In dieselfde verslag is daarop gewys dat alhoewel die Fonds besonder gesond is, die voordele wat daaruit gehaal kan word te laag is in verhouding tot ander fondse en ook is daarop gewys dat die lae voordele te wyte is aan die feit dat bydrae wat tot die Fonds gemaak word onverantwoordelik te laag is in verhouding tot die lewenspeil waaraan die potensiële pensionaris gewoond is. (Lewenspeil kan hier gelyk gestel word met sowat R12 500 per jaar - die minimum van R10 600 is genoem as basis vir pensioenbare inkomste). 'n Persoon met 'n R10 600 - R12 500 inkomste behoort minstens 8% van sy inkomste te bestee bloot aan Voorsienings- of Pensioenfonds.

ALTERNATIEWE/.....

ALTERNATIEWE AANBEVELING

BYDRAE

	Huidige per jaar	Aanbeveling per jaar
Bydrae - sinodaal	R14 016,00	R18 000
Bydrae - lede	216,00	600
Bydrae - gemeentes, organe van bystand ens.	216,00	600
Konsulentsgemeentes per 100 lidmate of gedeelte daarvan	43,20	Per 50 lidmate of gedeelte daarvan: 60
Studente		300

VOORDELE

By dood

Eenmalige bedrag by dood (potensiaal 40 jaar diens)	R7 500	R10 000
Weduweepensioen	840	1 668
Voordele aan kinders	157,50	300 (R25 per maand).

By Uittrede

(Basis 40 jaar diens)

Eenmalig	R7 500	R10 000
Pensioen	1 296	3 396 (R283 per maand).
Aan weduwee na dood van gepsnioneerde	840	1 668 (R139 per maand).
Voordele aan kinders	157,50	300

RAMING van potensiële dekking van 'n 25-jarige getroude lid indien hy onmiddellik na toetrede sou sterf (gereken op 'n groei van ± 3% per jaar):

Uitkering (eenmalige bedrag)	R10 000
Weduwee pensioen	200 000
	R210 000

RAMING indien 'n persoon op 1 Mei 1973 op sy 25ste verjaarsdag toetree en op sy 65ste verjaarsdag pensioenbaar word en hy leef tot sy 75ste verjaarsdag

(gereken/.....

(gereken op 'n groei van ± 3% per jaar):

Eenmalige bedrag	R 32 600
Jaargeld R14 000 per jaar x 10	140 000
	R172 600

ONDER BESPREKING

AFSLUITING

Ds. G.H.J. Marsman neem die afsluiting waar. Hy laat sing Ps. 68:7 en gaan voor in gebed.

OGGENDSITTING 2 MEI

OPENING

Prof. C.H. Rautenbach neem die opening waar. Hy laat sing Ges. 3:4, lees Ps. 67 en Ef. 2:11-22 en gaan voor in gebed.

NOTULE

Die notule van die oggendsitting 30 April tot 1 Mei 1973 word met enkele wysigings goedgekeur en geteken.

ORDE VAN DIE VERGADERING

GOEDKEURING VIR AFWESIGHEID IS TOEGESTAAN AAN:

Oudl. S. Gouws	vir 2 en 3 Mei (oggendsittings)
Ds. G.J.J. Labuschagne	vir 2 Mei (middag)
Oudl. T.C. Botha	vir 1 Mei (aandsitting)
Ds. P.S. van Staden Jnr.	vir 2 Mei (oggendsitting)
Oudl. J.A. Nagel	vir 2 Mei
Ds. S.P. Pretorius	vir 2 Mei (oggendsitting)
Dr. J.H. Koekemoer	vir 2 Mei (middagsitting)
Ds. A.A. da Silva	vir 2 Mei (2.30 nm. tot 4.30 nm.).
Oudl. J.J. Porter	vir 2 Mei (aandsitting)
Ds. A.P.B. Breytenbach	vir 2 Mei (oggend- en aandsitting).
Prof. W. van Wyk	vir 2 Mei
Ds. C.S. van H. Steenekamp	vir 2 Mei
Oudl. Nico Campher	vir 2 Mei (2.30 nm. tot die einde van die vergadering).

V. DIE AMPTE/.....

V. DIE AMPTE

ONDER BESPREKING - DIE PENSIOENFONDS

BESLUIT met die voorgeskrewe meerderheid:

1. Dat die bespreking van hierdie aangeleentheid gestaak word en die voorstelle wat ter tafel is, oorweeg word.

2. Dat die alternatiewe aanbeveling van die Pensioenraad die besluit van die vergadering word, naamlik:

	Huidige per jaar	Bydrae per jaar vanaf 1.5.1973
Bydrae - sinodaal	R14 016,00	R18 000
Bydrae - lede	216,00	600
Bydrae - gemeentes, orgaan van bystand ens.	216,00	600
Konsulentsgemeentes per 100 lidmate of gedeelte daarvan	43,20	Per 50 lidmate of gedeelte daarvan: 60
Studente		300

VOORDELE	Huidige voor=dele	Voordele vanaf 1.5.1973
By dood		
Eenmalige bedrag by dood (potensiaal 40 jaar diens).	R7 500	R10 000
Weduweepensioen	840	1 668
Voordele aan kinders	157,50	300
By uittrede (basis 40 jaar diens).		
Eenmalig	R7 500	R10 000
Pensioen	1 296	3 396
Aan weduwee na dood van gepensioneerde	840	1 668
Voordele aan kinders	157,50	300

BESLUIT verder met die gewone meerderheid:

1. Dat by die Pensioenraad aanbeveel word om ondersoek in te stel om dit moontlik te maak dat studente reeds vanaf die oomblik waarop die eerste betaling ten behoewe van hulle gemaak word, volwaardige deel=hebbende lede van die Fonds word.

2. Dat by die Pensioenraad aanbeveel word om die bydraes van die lede van die Fonds te bereken op 'n persentasie van traktement/salaris.

3. Dat aan die Administrateur opgedra word om die moont= likheid van 'n groep-lewensversekeringskema vir predikante en die administratiewe personeel te onder= soek.

4. Dat aan die Administrateur en die Raad van Finansies opgedra word om die besware wat tydens die bespreking na vore gekom het, te ondersoek en daarvoor 'n oplossing te probeer vind.

5. Die verslag van die Pensioenraad word aanvaar.

TEENSTEMME

1. Ouderlinge M.J. Botha en D. Pelser van Dendron en Noordelike Pretoria versoek dat hul teëstemme aangeteken sal word met betrekking tot die verhoogde pensioen.

2. Ons, die ondergetekendes, wil hiermee ernstig beswaar aanteken teen die besluit wat in verband met die Pen= sioenfonds deur hierdie vergadering aangeneem is en wel om die volgende redes:

1. Kleiner gemeentes wat met groot offervaardigheid net daarin kon slaag om hulle verplig= tinge na te kom, gaan doodbloei en hulpbehoewende ge= meentes gaan nou gesken word. En hierdie fonds kan nie eers nou in alle behoeftes voorsien nie.

2. Vanweë die besluite wat reeds geneem is wat die heffing dramaties gaan verhoog: studente= bearbeiding, eie opleiding van bantoeleraars, aanbeveling ten opsigte van die Weeshuis en verdere besluite wat nog die heffing gaan verhoog, sal hierdie klein gemeentes net nie meer selfstandig kan bestaan nie.

3. Ons wil dit duidelik stel dat dit nie hier gaan om die deel wat die predikant moet bydra nie.
(GETEKEN) F.G.J. LOOTS en S.J. SWANEPOEL.

K. KERK EN KOMMUNIKASIEMIDDELS

b. DIE HERVORMER

i. OPLAAG

Die Algemene Kerkvergadering het as ideaal gestel dat DIE HERVORMER in elke huisgesin van die Kerk moet kom en ook gelees word. Ons het nog nie by die verwesen= liking van die ideaal gekom nie, maar geleidelik klim

die/.....

die getal intekenaars sodat dit tans 33 300 (vir 1973 33 898) net uit gemeentes is.

BESLUIT: 'n Beroep word opnuut op Kerkrade gedoen om hierdie ideaal te verwesenlik en op ringsver= gaderinge om jaarliks te handel oor die aangeleentheid ten einde kerkrade opnuut weer daaraan te herinner.

Die gebruik van kerkrade om uit gemeentelike fondse vir al die gesinne in te teken en dan die intekengeld self te verhaal, word groot= liks aangemoedig.

DIE HERVORMER SE NUUSBRIEF

Die Nuusbrief word aan kerkrade gestuur volgens die getal wat hulle versoek. Die totale aantal wat nodig word wissel volgens die aanvraag en die getal is reeds 38 000.

ii. BENUTTING

Die gereelde rubrieke word voortgesit en pogings duur voort om die blad so saam te stel dat dit aan die hele kerklike lewe aandag gee. Daar verskyn gereeld artikels wat nuttig is nie net vir die gewone leser nie maar ook om deur kerklike instansies by vergaderings be= handel te word.

Die Algemene Kerkvergadering versoek kerklike instansies om van die artikels gereeld te behandel sodat die blad beter benut kan word.

iii. VERDERE VERSPREIDING

BESLUIT:
1. Dat kerkrade sal toesien dat die blad tereg sal kom in alle biblioteke - openbaar en in skole - in die omgewing van elke ge= meente.

2. Dat die redaksie van DIE HERVORMER in die vervolg die intekengeld sal bepaal.

3. Die verslag van die Redaksie van DIE HERVORMER word aanvaar.

c. DIE ALMANAK

i. OPLAAG

Die Algemene Kerkvergadering se wens dat DIE ALMANAK in elke huis gelees behoort te word, is nog nie vervul nie. Tans is die bestellings uit gemeentes egter reeds 25 989 wat 'n aansienlike verbetering is.

ii./.....

ii. SAMESTELLING

Daar het geen noemenswaardige wysiging gekom in die samestelling van artikels, kalenders, statistieke en die Bybelse Dagboek nie.

Vir die uitgawe van 1975 is die gemeentelike statis= tieke aansienlik verkort deurdat die gemeentelike adres aangegee word vir alle gemeentelike ampsdraers behalwe vir die predikant.

iii. BENUTTING

Die Bybelse Dagboek beslaan 'n aansienlike gedeelte van DIE ALMANAK, maar die redaksie is van oordeel dat dit die moeite werd is mits hy oortuig kan word dat dit by die huisgodsdiens gelees word.

BESLUIT: 1. Die Redaksie sal in die vervolg die prys bepaal.

2. Dat die Redaksie versoek word om te oorweeg om van 'n groter lettertipe gebruik te maak.

3. Dat DIE HERVORMER en DIE ALMANAK aan alle ambassade-biblioteke in die buiteland beskik= baar gestel sal word.

4. Dat 'n beroep op alle kerkrade wat duplikate van DIE HERVORMER en ALMANAK het, gedoen word om dit aan die argivaris te stuur wat dit so volledig as moontlik sal orden en aan die instansies in 3. genoem, sal deurstuur.

5. Die vergadering betuig sy dank aan:

- die redaksie van DIE HERVORMER asook alle bydraers;
- die redaksie van DIE ALMANAK, in besonder ds. T.F.J. Dreyer en almal wat bydraes lewer;
- die redaksie van DIE BYBELSE DAGBOEK en almal wat bydraes lewer;
- ds. J.G.M. Dreyer vir sy bekwame leiding as Redakteur van DIE HERVORMER.

d. REDAKSIE: HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES

Die blad verskyn gereeld vier keer per jaar.

AANBEVELINGS

Die Redaksie ondervind steeds probleme om met die fondse

tot sy/.....

sy beskikking deur te kom. Met die oog daarop rig die redaksie die volgende versoeke wat die

BESLUIT van die vergadering word:

1. Dat alle Kerkrade daaraan herinner word dat die Hervormde Teologiese Studies een van die kerk= like publikasies is waarop alle kerkrade be= hoort in te teken.

2. Dat die Raad van Finansies versoek word om die subsidie vir die Hervormde Teologiese Studies te verdubbel.

e. DIE BYBELSE DAGBOEK

BESLUIT: Dat die predikante en ouderlinge met huisbesoek die gebruik van die DAGBOEK vir doeleindes van huisgodsdiens sterk sal aanmoedig.

f. OPSOMMING VAN BESONDERE PUBLIKASIES

i. REEDS VERSKYN

Kerk en Reformasie - Ons Protestantse Erfenis.
Kerk en Buitekerklikes - Julle sal my getuies wees.
Kerk en Jeug - Dink aan jou Skepper.
Sy boodskap - Ken jy die Bybel?

ii. PERSKLAAR OF REEDS GESET

Kerk en Sekte - Sektekenmerke.
Kerk en Volk - Die Volkskerk.
Kerk en Onderwys - Gewetensklousule, Christelike Wetenskap en Groepskole.

iii. BEPLAN

Kerk en Sektes - Afsonderlike sektes.
Kerk en Reformasie - Tweede deel oor ons Protestantse erfenis.
Ken jy die Bybel - vervolg op die eerste uitgawe.
Agtergrond en inhoud van ons belydenis.
Die Verkondiging.
Rondom die Kerk.
Bybelse Begrippe.
Voorligting aan orreliste.
Gesinsbeplanning.
Onderwysbeleid van die Kerk.
Preekbundel vir Kerklike Feesdae.
Herderlike Sorg.

iv. VOORGESKREWE OF AANBEVOLE PUBLIKASIES GEDRUK OF HERDRUK

Kort Begrip
Kerkgeskiedenis - A.D. Pont.

Bybelse/.....

Bybelse Geskiedenis - J.I. de Wet en L.M. le Roux.
Kategeserooster/Register.
Waarom is ek lidmaat van die Kerk - prof. F.J. van Zyl, prof. P.S. Dreyer en ds. P.M. Smith.
Doop en Verbond - ds. J.G.M. Dreyer.
Woord en Diens - prof. B.J. Engelbrecht.

Kennis geneem.

g. LITERATUURVERSPREIDING

BESLUIT:

1. Dat H.A.U.M. meer aandag moet gee aan bekend=stelling op wetenskaplike wyse.

2. Dat die uitgewers meer moet let op 'n aantrek=like voorkoms van die publikasies met 'n lees= en verstaanbare inhoud.

3. Dat oorweging gegee moet word aan die moontlik=heid om van die publikasies beskikbaar te stel aan byvoorbeeld jeugverenigings of sustersver=enigings om die verspreiding op 'n kommissie=basis waar te neem.

4. Dat Kerkrade, gekontroleer deur die ringsverga=dering met huisbesoek en ander geleenthede die publikasies beskikbaar moet hê om dit vir die lidmate aan te bied en die waarde daarvan bekend te stel.

5. Dat -

   a. aan elke Kerkraad van ons gemeentes 'n eksemplaar van die kerklike publikasies (= boeke) gestuur sal word;

   b. aan elke kerklike kolporteur opdrag gegee word om elke sodanige publikasie nà ont=vangs aan die Kerkraad voor te lê vir bespreking, behandeling en bestelling;

   c. die oplaag van boekeonié te groot sal wees nie.

6. Dat kerklike publikasies nie op die kerkrade afgedwing word nie maar dat meer propaganda gemaak word in DIE HERVORMER en NUUSBRIEF om dit onder die aandag te bring.

7. Dat eksemplare van alle nuwe en beskikbare kerkhistoriese publikasies van ons Kerk geskenk word aan alle staatsargiewe en groot stadsbiblioteke.

8./.....

8. Die personeel van die pers moet versoek word om by die versending van publikasies (veral DIE ALMANAK en DIE HERVORMER) per spoor van beter verpakkingsmetodes gebruik te maak.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR TEE.

ORDE VAN DIE VERGADERING

GOEDKEURING VIR AFWESIGHEID IS TOEGESTAAN AAN

Ds. W.J. Slabbert	vir 2 Mei (12.00 tot 12.45 nm.)
Oudl. D.J. Erasmus	vir 2 Mei tot die einde van die ver= gadering.
Oudl. S.D.A. Roos	vir 2 Mei (4.45 tot 9.30 nm.)
Oudl. H.J. van Staden	vir 2 Mei (2.30 tot 5.30 nm.)
Ds. P.J. v.d. Merwe	vir 2 Mei (middagsitting).

2. SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE (S.A.U.K.)

a. VERSLAG VAN VERTEENWOORDIGERS BY DIE S.A.U.K.

Die verslag van die Kerk se verteenwoordiger op die Radioraad vir Godsdienstige Sake, ds. T.F.J. Dreyer (Snr.) is deur die Werkgroep Prediking en Erediens opgeneem in hulle verslag en die volgende aanbevelings word weergegee:

i. GODSDIENSTIGE UITSENDINGS

Met groot dankbaarheid kan gemeld word dat die uitsendings nog gereeld geskied en dat uit opnames wat gemaak is blyk dat die getal luisteraars baie groot is en geen afname toon nie. Die uitsendings voorsien bepaald in 'n baie groot behoefte wat landswyd bestaan en wat algemeen ten seerste waardeer word. In die meeste lande van die wêreld moet vir die geestelike uitsendings betaal word.

In Suid-Afrika word dit gratis gedoen en nie minder as 183 uur per week aan godsdienstige uitsendings gewy nie.

BESLUIT: Die vergadering betuig sy groot dank en waardering aan die S.A.U.K.

ii. EREDIENSTE

Dit is 'n groot voorreg dat een diens per Sondag deur ons Kerk uitgesaai kan word. Wat egter teleurstellend is, is dat dit soms uitgesaai word op 'n band wat nie oral in ons land goed gehoor kan word nie, en selfs in sommige streke heeltemal onhoorbaar is. Vertoë in die verband gedoen skyn goeie vrugte af te werp,

hoewel/.....

hoewel daar sekere tegniese probleme is. 'n Moontlike oplossing is om die medium-golfsenders met die kort-golfsenders te koppel in plaas van aan die F.M. soos tans. Die Tegniese Afdeling het opdrag gekry om die saak deeglik te ondersoek.

BESLUIT: Dat die vergadering die S.A.U.K. versoek om af te wyk van die praktyk om soms ere=dienste uit twee verskillende kerke oor die F.M. sender uit te saai. Daardeur word lidmate van ons Kerk die geleentheid ontneem om minstens een keer op 'n Sondag die erediens uit hulle eie Kerk aan te hoor.

iii. TELEVISIE

Voor die volgende Algemene Kerkvergadering sal ons in Suid-Afrika televisie hê. Daarom is dit dringend nodig dat die Kerk daaraan aandag sal skenk en daaroor besin.

Televisievoorbereidings moet getref word. Dit sal egter nie die radio vervang of uitskakel nie. Vir die godsdiens sal die radio die belangrikste massa-medium bly. Dit is nog nie seker of daar elke Sondag 'n diens op Televisie sal wees nie. Mobiele studios sal waarskynlik gebruik word. Net die kop van die prediker sal gesien kan word. Televisie-uitsendings sal veel groter vaardigheid vereis as radio-uitsendings. Die keuring van diegene wat met 'n televisie-uitsending sal mag optree sal dan baie strenger wees as vir die radio. Die S.A.U.K. sal die mense kies en oplei. Ons predikante en teologiese studente moet hulle hierin bekwaam.

Die S.A.U.K. waarsku egter dat die Kerk nie nou al koste in verband met televisie moet maak nie. Die Kerk moet hom langsaam haas.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het prof. J.I. de Wet, bygestaan deur ds. M.W. Pretorius, versoek om 'n ondersoek na die aangeleentheid in te stel en die Kerk in die verband voor te lig.

Kennis geneem.

iv. PREDIKANTE WAT UITSAAI

Die S.A.U.K. versoek dat predikante besondere aandag sal skenk hieraan, onder andere ook aan môre- en aanduitsendings.

Die vraag is gestel of die tyd van die môrediens nie verander moet word nie van 10.30 vm. na 9 vm. In Augustus 1973 sal daar eers oor besluit word.

Die/.....

Die kerke sal daaroor geraadpleeg word.

Predikante word baie dringend versoek om enige ver= anderings, byvoorbeeld wie die prediker sal wees, ten minste agt weke voor die uitsending sal plaas= vind, aan te meld vir bekendstelling in die Bulletin.

Kennis geneem.

v. VOORLESERS BY EREDIENSTE WAT UITGESAAI WORD

Tegniese probleme word as gevolg van die gebruikmaking van 'n ouderling vir leesdienste met uitsendings deur die S.A.U.K. ondervind.

Uit korrespondensie en uit die kommentaar wat elke maand oor die uitsendings ontvang word is onder andere gesê: "Die groot verskil tussen die leeswerk van die voorleser en die aanbieding van die leraar is werklik steurend". "Die ouderling wat aan die begin van die diens opgetree het was werklik swak". "Die 'ander stem' wat die eerste lied en die Belydenis aangekondig het, was vol aarselings, leesfoute en ook binnensmonds. Dit het die uitsending beslis benadeel". "'n Ouderling het die eerste gedeelte behartig. Sy aanbieding was temerig en oordramaties". "Ons vind dat baie voor= lesers nie aan die standaard van aanbieding voldoen het nie". "Die versoek (om nie meer gebruik te maak van 'n voorleser nie) kan net bydra om uitsendings vanuit u Kerk 'n hoër kwaliteit te gee".

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n gesprek gevoer met ds. T.F.J. Dreyer en ds. R. Schmidt van die S.A.U.K. en daarna as volg besluit:

> "Die voorleser moet gehandhaaf word in die gemeen= tes waar daar van 'n voorleser gebruik gemaak word.
>
> As die Kerk die voorleser handhaaf, moet die voorleser gebruik word by uitsaaidienste, mits daar 'n geskikte voorleser in die Kerkraad gevind kan word.
>
> Aandag moet ook gegee word aan die opleiding van voorlesers by die S.A.U.K.
>
> Prof. Pont en ds. S.P. Pretorius word gevra om hulle standpunt ten opsigte van die voorleser by die betrokke werkgroep te stel sodat dit in die agenda van die Algemene Kerkvergadering opgeneem kan word."

By die Werkgroep Prediking en Erediens se vergadering het prof. A.D. Pont 'n kort oorsig gegee van die geskiedenis van die voorleser in die Kerk.

BESLUIT:/.....

BESLUIT: Dit word aanbeveel dat by radiodienste nie van 'n voorleser gebruik gemaak sal word nie.

vi. GEMEENTESANG

Die gemeentesang laat nog steeds in sommige gemeentes veel te wense oor. Dit kan die gevolg wees van leraars wat nie die kommentaar wat ook van die gemeentesang en orrelspel wat gereeld aan hulle gestuur word aan die orrelis(te) voorlê nie of anders omdat die orrelis(te) nie bekwaam genoeg is nie. Dit sal oorweeg moet word of die gemeentes wat hieraan nie aandag skenk nie, nie meer in die toekoms sal kan uitsaai nie. Ons uitsendings moet aan hoë standaarde voldoen. Die predikant, orreliste én gemeente moet onthou dat nie net honderde mense nie, maar baie duisende na so 'n uitsending luister.

Kennis geneem.

b. KERKNUUS

Die nuusbulletins in die drie Afrikaanse kerke word nog gereeld elke Sondagoggend uitgesaai en daar word volgens berigte baie gereeld daarna geluister.

Vanjaar is dit die twintigste jaar dat ds. P.M. Smith dit versorg.

BESLUIT: 1. Kennis geneem met dank teenoor ds. P.M. Smith.

2. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word versoek om die professor in Kerkgeskiedenis, met medewerkers indien nodig, te vra om programmaties die geskiedenis van die ouer gemeentes van ons Kerk op te stel vir die gebruik van die S.A.U.K. se godsdienstige programme.

3. Die werksaamhede van die Kerk ten opsigte van jeugkampe, werk onder bejaardes e.d.m. moet sistematies aan die S.A.U.K. vir dieselfde program, aangebied word.

c. WAT Sê DIE BYBEL?

Hierdie program het geleidelik ontwikkel tot een van die bekendstes. Prof. B.J. Engelbrecht, afgewissel deur prof. dr. J.P. Oberholzer, lewer 'n belangrike bydrae daar om die inhoud van die Bybel beter bekend te stel.

BESLUIT: Die Nederduitsch Hervormde Kerk betuig sy dank aan die S.A.U.K. en die verskillende deelnemers aan die Sondagaandprogram WAT Sê DIE BYBEL en

vertrou/.....

vertrou dat hierdie program nog lank voortgesit sal word.

d. JEUGPROGRAM

Oor die gehalte van die program en aandeel van ons Kerk daarin het vrae ontstaan.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het prof. J.I. de Wet benoem om 'n wakende oog te hou daaroor en verslag uit te bring.

Kennis geneem met dank teenoor prof. dr. J.I. de Wet.

3. DIE OPENBARE PERS

a. DIE DAGPERS

i. NUUSBERIGTE

Die Kompilator vir Kerklike Publikasies en Beriggewing voorsien aan die dagpers berigte oor die Kerk en kontroleer foutiewe berigte.

ii. BESONDERE RUBRIEKE

DIE TRANSVALER

Prof. dr. J.P. Oberholzer en dr. C.J. Mans het gereeld in die blad artikels van besondere belang geskryf.

HOOFSTAD

Prof. dr. J.P. Oberholzer voorsien weekliks 'n bydrae vir die blad. Verder verskyn DIE KERKBLAD in Hoofstad waarvoor die Kompilator vir Kerklike Publikasies en Beriggewing kerklike nuusberigte voorsien.

iii. TYDSKRIFTE

Baie sporadies verskyn daar artikels in tydskrifte geskryf deur lede van ons Kerk.

Kennis geneem.

b. DIE KOERANTWESE

i. BESLUIT VAN DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

"Die vergadering neem kennis van die volgende voorstel van ds. N.H. Buitenweg:

'Die vergadering spreek sy kommer uit oor die koerant=

wese/.....

wese met betrekking tot bepaalde beriggewing, en stel daarom 'n kommissie aan om ondersoek in te stel en rapport in te dien:

oor die sanksie wat verleen word aan smeerveldtogte, die willekeurige weglating of suggestiewe byvoeging van nuusmateriaal, wat eintlik op leuentaal uitloop, as 'n sogenaamde joernalistieke eiesoortigheid wat dan die prerogatief van die wêreldpers is,

of hierdie sogenaamde vryheid van die wêreldpers, wat 'n oortreding is van die negende gebod, in die Christelike westerse beskawing toegelaat kan word,

en vas te stel tot watter mate hierdie pers die westerse beskawing reeds beïnvloed het deur sy liberalistiese tendens en so 'n instrument geword het in die hand van die kommunisme om deur aftakeling en gesagsondermyning uiteindelik die situasie vir oorname of staatsgrepe te skep,

en te bepaal in hoeverre hierdie wêreldpers oorsee, en in 'n toenemende mate in ons land, owerhede en magte oorheers en verhinder dat landsbeleid, waarvoor die kiesers gestem het, onverhinderd uitgevoer kan word.'

BESLUIT: Die vergadering neem kennis van die voorstel en verwys die voorstel na die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke vir aandag en rapport."

ii. VERSLAG

Die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke het die opdrag ontvang maar berig dat hulle die opdrag nie kan uitvoer nie. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n ander kommissie benoem - drr. C.J. Mans en B.J. Engelbrecht - en die opdrag aan hulle gegee.

'n Vraelys is opgestel en aan alle kerkrade gestuur met die oog op 'n opname om voorstelle te maak.

Hulle rapporteer dat ongeveer 16 gemeentes en instansies gereageer het op die vraelys wat uitgestuur is. Van hierdie 16 antwoorde wat ontvang is, is daar slegs 4 wat volledig op die saak ingaan.

BESLUIT: Dat die Kerk gebruik sal maak van die weë wat reeds deur die Staat in hierdie verband in aansyn geroep is.

iii. BESKRYWINGSPUNT

=IX-4= "Dat die Algemene Kerkvergadering dringend ondersoek sal instel na die besware wat

jaarliks/.....

jaarliks teen die Afrikaanstalige perswese geopper word en dat die drie susterskerke in samewerking met Afrikaanstalige kultuurorganisasies 'n Afrikaanstalige dagblad met 'n verskansde beleid in die lewe roep." (Kerkraad Magaliesmoot).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

4. PUBLIKASIEFONDS

Staan oor.

J. 15. BEVOLKINGSVERHOUDINGS

Deur die Kerk se verteenwoordiger op die S.A. Buro vir Rasse=aangeleenthede (SABRA), ds. T.F.J. Dreyer (Snr.) is die Kerk in die verband steeds op hoogte gehou wat ons bevolkingsverhou=dinge betref. Dank word aan hom daarvoor betuig.

Die vergadering betuig sy instemming met die volgende bevin=ding van SABRA:

a. DIE BANTOE

"Die Maatskappy aanvaar afsonderlike ontwikkeling as die enigste uitgangspunt, waarvolgens die Blanke bevolking asook die verskillende nie-blanke volke of bevolkingsgroepe in Suid-Afrika elkeen volgens sy besondere omstandighede kan ontwikkel tot volle selfstandigheid op staatkundige, ekonomiese en ander lewensterreine."

Aan die belangrike en kontensieuse saak: "DIE BANTOE IN BLANKE, STEDELIKE GEBIEDE" het Sabra ernstige aandag geskenk. In uitsprake en verklarings die afgelope tyd, word daar 'n oproep gemaak, om die sogenaamde stedelike Bantoe as 'n permanente bevolking van Blanke Suid-Afrika te aanvaar en om die beplanning van toekomstige ontwikkeling dienooreen=komstig te laat geskied. Die implikasies wat genoem word, is onder andere die volgende:

i. dat die afsonderlike ontwikkeling van die onderskeie tuislande aanvaar word, maar dat die "stedelike Bantoe" heeltemal los van daardie ontwikkeling gesien moet word en 'n ander benadering vereis; en

ii. dat die stedelike Bantoe eiendomsreg in die blanke land moet kan verkry.

Die Raad van Sabra het van hierdie verwikkeling kennis geneem. Hy beskou die benadering waarvolgens Bantoepersone wat in die Blanke land is as 'n integrale deel van die bevolking beskou word, en waarvoor daar op 'n permanente grondslag

voorsiening/.....

voorsiening gemaak moet word, as basies verkeerd en heeltemal onaanvaarbaar.

b. DIE KLEURLINGE

"Die ontwikkelingsrigting van die kleurlinge lê dus duidelik in die rigting van die uitbouing van 'n eie identiteit en nie in assimilasie met 'n ander volk nie."

Met instemming kennis geneem.

c. BYWONING

Belangstelling van die kant van gemeentes van ons Kerk, predikante en lidmate by die Jaarkongres en streekskongresse van Sabra is inderdaad swak. Die Algemene Kerkvergadering doen by vernuwing 'n ernstige beroep op gemeentes en lid= mate om hulle deel te doen.

Die tydskrif van Sabra wat die referate wat by die Jaar= kongres en andere gehou word, bevat, word gestuur aan alle ingeskrewe lede en liggame. Ook hier is dit nodig dat gemeentes en lidmate meer daadwerklik meewerk.

VERKLARING INSAKE PERSBERIGTE EN -KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE BESLUITE VAN DIE VERGADERING BETREFFENDE VOLKEREVERHOUDINGS EN AANVERWANTE SAKE

1. Die vergadering het kennis geneem van persberigte én kommentaar oor die besluite wat geneem is oor volkereverhoudings en aanverwante sake.

'n Aantal van hierdie berigte én kommentaar het

. eerstens die Kerk na aanleiding van sy besluite gekoppel aan bepaalde politieke partye nieteenstaande die feit dat die konsep herderlike skrywe wat eenparig aanvaar is, uitdruklik enige verbintenis aan politieke partye afgewys het.

. tweedens gestel dat die betrokke besluite 'n besliste breuk tussen die drie Afrikaanse susterskerke ten gevolge sal hê.

. derdens dat die standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ingeneem sou word met die laakbare motief van werwing van lidmate.

Na aanleiding van hierdie sake wil die vergadering -

. eerstens herhaal wat in die konsep herderlike skrywe gestel is, naamlik dat die betrokke besluite vanuit teologiese gronde geneem is en nie omdat die Kerk enige verbintenis met bepaalde politieke partye het nie of trouens wil hê nie,

. tweedens/.....

. tweedens 'n dringende finale beroep doen op sy ampsdraers en lid= mate om nie in hulle optredes deur woord en geskrif die Kerk in politiekery te betrek nie.

. derdens baie duidelik stel dat die onderhawige besluite nie geneem is met die oog daarop om van enigeen van ons Afrikaanse susterkerke verwyder te word nie. Ons wys daarop dat die Afrikaanse susterkerke amptelik nog geen finale besluit oor die G.E.S.-besluite geneem het nie en dat hierdie sake nog altyd broederlik tussen die drie Afrikaanse susterkerke op die Tussenkerklike Kommissie op teologiese gronde bespreek is en in die toekoms bespreek sal word.

Die vergadering doen daarop 'n beroep op die pers om bogenoemde ver= sekerings te aanvaar en nie verder voort te gaan om voorbarig aflei= dings te maak wat net vir ons Kerk, land en volk skadelik kan wees nie.

V. (e) DIE AMPTE

Die vergadering stem vir drie lede op die Pensioenraad. Di. Thomas F. Dreyer en A.J. van Staden is verkies. 'n Herstemming vind plaas tussen ds. G.P.J. Grobler, dr. A.J.G. Oosthuizen en ds. J.D.H. Smit.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR MIDDAGETE

GOEDGEKEUR EN GETEKEN OP 3 MEI 1973

VOORSITTER (W.G.) J.P. Oberholzer

SKRIBA (W.G.) P.M. Smith

MIDDAGSITTING 2 MEI

V.(e) DIE AMPTE

Prof. A.J.G. Oosthuizen word verkies tot lid van die Pensioenraad.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Dankbetuiging vir die Kanselboodskap en Herderlike Skrywe is ontvang van die gemeente Noordrand en ouderling en mev. J. Smith.

Ds. J.N. Wolmarans word aangewys om persoonlik die groete en goeie wense van die vergadering aan ds. A.J. Nolte oor te dra.

X. DIE GEESTELIKE VORMING VAN DIE JEUG

A. DIE BELYDENDE JEUG

1. WESE VAN JEUGWERK

Aandag is gegee aan 'n studiestuk van die Ring van Heilbron, onder andere deur 'n samespreking tussen die Ringskommissie en die Raad vir die Belydende Jeug. Dit blyk dat die Raad en die Ring globaal gesien in dieselfde rigting beweeg.

Kennis geneem.

2. KAMPTERREINE

a. ROODEPLAATDAM (PIENAARSRIVIER)

Hierdie terrein raak al meer en meer gewild en is meeste na= weke, selfs in die wintermaande, beset. 'n Aparte was= gerieweblok is nou pas voltooi en word deur die mans gebruik terwyl die bestaande een as 'n geheel deur die dames gebruik word. Albei wasblokke is voorsien van warmstortbaddens. By die kombuis is die aanwins 'n gasverwarmer by die opwas= bak, geskenk deur die gemeente Rustenburg-Suid en 'n yskas geskenk deur ouderling A.L. Dreyer van die gemeente Pierneef.

Die terrein word nou blykbaar oorgedra van die Departement Landboukrediet en Grondbesit na die Provinsiale Administrasie. Ons wag nog op samespreking met die betrokke instansies van al die kampeerterreine wat deur die Administrateur van Transvaal byeengeroep gaan word om die voorwaardes van verdere benutting te bespreek.

b. VAALDAM

Na herhaalde pogings om die beloofde grond van die huidige eienaar, mnr. N. Greyling te verkry, is die grond aan die

Departement/.....

Departement van Verdediging geskenk en het ons versoek op dowe ore geval. Hierdie aangeleentheid is terugverwys na die Raad van Finansies om verder te onderhandel ten opsigte van grond wat met die verkoop van die eiendom deur die vorige eienaar, ds. A. Ras, aan die jeug van die Kerk toegesê is.

Die Raad het geen verdere belangstelling vir hierdie terrein nie.

c. RUSTENBURG (LINDENHOF)

Ouderling B.J. v.d. Linde skenk aan die Kerk 'n stuk grond as 'n kampeerterrein op sy plaas Shylock omtrent 10 km vanaf Rustenburg op pad na Swartruggens. Dit is nog in die onderhandelingstadium.

d. NABOOMSPRUIT (HAASKLOOF)

Soortgelyk soos punt c. onderhandel die Raad oor 'n stuk grond wat deur mnr. Muller van die Naboomspruit gemeente geskenk word.

e. TZANEEN

Die dam is nog nie klaar nie en die oewer nog nie oorgedra aan die Stadsraad van Tzaneen nie, wie se belofte van 'n terrein dus nog nie uitgevoer kon word nie.

f. VEEPOS

By die terrein het ons geboor en goeie water gevind. Verder is die gasstoof opgeknap en kan die terrein nou beter benut word. Die Raad beplan heelwat verbouing en aanbouing, maar veral vir die bou van 'n wasblok.

Die gebruik van hierdie terrein is tot nou toe teleurstellend.

Kennis geneem.

BESKRYWINGSPUNT

=X-2= "Die vergadering besluit dat die N.H.J.V. of ander kerklike instansies voorkeur sal kry by die kampeerterrein van die Kerk en ander instansies dit alleen sal kan gebruik wanneer die Kerk dit nie gebruik nie."
(Ring van Losberg).

Die beskrywingspunt word teruggetrek.

BESLUIT: Die Raad vir die Belydende Jeug moet 'n datum bepaal waarop vroeë bespreking van die kampterreine

die/.....

die kantoor moet bereik. Bespreking moet eers vir kerklike instansies gereël word (by botsing van datums) en eers daarna word nie-kerklike instansies oorweeg.

3. SORG VIR KINDERS IN SKOLE

Vanweë die Christelike nasionale karakter van ons onderwys, is die Raad van oordeel dat geen kerk of enige godsdienstige organisasie gedurende skoolure toegelaat moet word om hulle jeugwerk, wat by die kerkraad tuishoort, voort te sit nie. Dit gooi die deure oop vir die insypeling van selfs buitekerk= like godsdiensorganisasies (wat nie onder toesig staan van 'n bepaalde kerk nie) soos byvoorbeeld die "Youth for Christ"- organisasie.

Die reaksie van die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys word afgewag na aanleiding van 'n versoek van die Raad vir Opvoeding en Onderwys.

Kerkrade word opgeroep om besondere aandag aan koshuiskinders te gee.

As hierdie pogings nie slaag nie sal 'n gesprek met die Onder= wysowerhede gevoer word.

Kennis geneem.

4. SAAMTREKKE

Meer steun word gevra vir die saamtrekke van skoolverlaters. Die toerusting aan seuns en dogters is van onskatbare waarde.

Die Raad vir Kategese word gevra om meer aandag te gee aan laerskoolkinders sodat hulle reeds gemotiveerd ten opsigte van die werk van die Kerk aan die jeug sal wees as hulle by die hoërskool aanland.

Kennis geneem.

5. ORGANISEERDER

Die Werkgroep Gemeente-Opbou het sy groot waardering uitge= spreek vir die werk van ouderling H. Coertze as organiseerder van die kerklike jeugwerk. Dit was beslis 'n baie geslaagde benoeming.

Met waardering kennis geneem.

6. BESKRYWINGSPUNTE

a. WESE VAN JEUGWERK

BESKRYWINGSPUNT

=X-1= "Die Ring van Heilbron is besorg oor die arbeid/.....

die arbeid onder die jeug van ons Kerk. Die Hoogedele Algemene Kerkvergadering word daarom versoek om die arbeid van die Kerk, tans, aan die belydende jeug te toets aan die norme van die Heilige Skrif, en of die aangehegte studiestuk nie dalk 'n rigsnoer mag wees nie."
(Ring van Heilbron).

Die beskrywingspunt word die besluit van die vergadering.

c. OUDERLINGE VIR JEUGWERK

BESKRYWINGSPUNT

=X-3= "Dat die Hoogeerwaarde Vergadering versoek word om die besluit dat een of twee jeugouderlinge in 'n gemeente verkies moet word, te herroep."
(Ring van Bloemfontein).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

B. OPVOEDING EN ONDERWYS

1. GEWONE ONDERWYS

1.1. ONDERWYSBELEID

Die Werkgroep Gemeente-Opbou het met instemming kennis geneem van die arbeid van die Raad vir Opvoeding en Onderwys ter uitvoering van die besluit van die vorige Algemene Kerkvergadering om die besluite oor die Volkskongres oor Onderwys te bestudeer en die Kerk se erkende standpunt steeds te stel. Dit is op die volgende wyse gedoen:

a. SIMPOSIUM OOR ONDERWYS

Onder leiding van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is 1971 'n simposium gehou oor:

i. Christelike wetenskap (prof. F.J. van Zyl).
ii. Die Gewetensklousule (prof. dr. J.P. Oberholzer).
iii. Groepskole (ds. J.G.M. Dreyer).

Na die simposium het die volgende plaasgevind:

b. STUDIE OOR DIE GEWETENSKLOUSULE

i. Aan 'n onderkomitee is opdrag gegee om voorstelle te formuleer oor 'n moontlike wysiging van die Gewetensklousuleformule. Dit word afgewag.

ii. Daar is besluit om die drie voordragte te publiseer in een publikasie onder naam van die opstellers.

iii./.....

iii. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n verklaring uitgereik oor ons standpunt met betrekking tot die onderwyssituasie tans in ons land en dit bekend gestel, onder andere in DIE HERVORMER van Februarie 1972. Dit het opsommend die volgende behels:

Instemming is betuig met die Minister van Nasionale Opvoeding se beleidsverklaring soos gepubliseer in die Staatskoerant van 12 November 1971, wat bepaal:

"CHRISTELIKE KARAKTER

Die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat gegrondves is op die Bybel en wat beslag moet kry:

i. deur godsdiensonderrig as verpligte nie-eksamenvak behoudens die paragraaf hieronder oor die toepassing.

ii. deur die gees waarin en die wyse waarop alle onderrig en opvoedingswerk asook administrasie en organisasie behartig word.

By die toepassing van die beleid met betrekking tot die Christelike karakter van die onderwys moet die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geeerbiedig word wat godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede betref.

NASIONALE KARAKTER

Onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word, moet 'n breë nasionale karakter hê wat beslag moet kry -

i. deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland, wat taal- of kultuurerfenis, geskiedenis en tradisies, nasionale simbole, bevolkingsverskeidenheid, maatskaplike en ekonomiese omstandighede, geografiese verskeidenheid en nasionale prestasies insluit; en

ii. deur hierdie kennis by elke leerling tot begrip en waardering te laat groei deur middel van die sinvolle aanbieding daarvan by toepaslike fasette van die onderrig, van die twee amptelike landstale, vaderlandse geskiedenis, burgerkunde en aardrykskunde in die skoolonderwys, en verder deur die deelname van leerlinge aan nasionale feesgeleenthede en hul gereelde eerbetoning aan die nasionale simbole sodat -

. dit lei/.....

. dit lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat gefundeer is op lojaliteit en verantwoordelikheid teenoor die vaderland, sy bodem en sy natuurlike hulpbronne,

. elke leerling daardeur 'n gebalanseerde persoek= tief sal verwerf, en

. 'n gevoel van eensgesindheid en samewerking bewerkstellig sal word.

ONDERWYSERSOPLEIDING

Eerstens is die nasionaal-gekoördineerde opleiding dwarsdeur die Republiek ingevolge die Wet aldus toege= wys: Behoudens uitsondering wat die Minister tydelik en voorwaardelik mag toelaat, kan die opleiding van blanke persone as onderwysers vir sekondêre skole vanaf gemelde datum slegs aan 'n universiteit verskaf word; opleiding as onderwysers van primêre en pre-primêre skole word aan 'n kollege of 'n universiteit verskaf.

Verder moet die opleiding ingerig word sodat, onder meer, iemand wat as onderwyser opgeléi word toegerus word om uitvoering te gee aan die Christelike en breë nasionale onderwysbeleid wat die Minister bepaal het."

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het eenheids= beheer en opleiding verkies, toegewys aan 'n gesamentlike beheerder en uitvoerder (Administrateur en Universiteit) ter wille van eenheid, die gerieflike koördinasie van die opleiding, die aansien van die onderwysberoep, die werwing van kwekelinge en die voorsiening in die onder= wysbehoefte.

Vorige wetlike reëling bevestig 'n verdeling wat 'n nadelige uitwerking kan hê. Die nuwe bedeling bevorder die peil van die opleiding van onderwysers in sekondêre skole. Die Minister kan deur gebruik van die bevoegd= hede wat die Wet aan hom verleen, streng optree om die nadele van die voortgesette verdeelde beheer teë te gaan en nasionale koördinasie te bevorder. Vervolgens maak die opleidingsbeleidsbepalings die Christenonderwyser, die Christengelowige die sleutelpersoon in die Christelike skoolonderwys.

Ons getuienis was verder deurgaans dat Christenonderwysers wel met die nodige voorsorgmaatreëls en verstandhouding toegerus kan word onder die bestaande universiteitsbestel. Die Minister se stappe bevestig dit.

BESLUIT: 1. Die Algemene Kerkvergadering spreek sy hoë waardering uit teenoor die owerheid vir 'n onderwysbeleid waardeur die Christelike

en/.....

en nasionale karakter van die onderwys van ons land bevestig is en verseker die owerheid van die Kerk se samewerking en voorbidding om hierdie beleid verder uit te voer en te ontwikkel. Die Kerk het waardering vir die geleenthede van die verlede om in die verband saam te werk.

2. Die Kerk aanvaar die tussentydse maatreël van onderwysersopleiding op 'n nasionaal-gekoördineerde wyse, die opleiding van blanke persone as onder= wysers vir sekondêre skole slegs aan 'n universiteit en vir primêre skole aan 'n kollege of universiteit. Die Kerk doen 'n beroep op jong manne en vroue om hulle aan te meld vir die opleiding van onder= wysers, toegerus om uitvoering te gee aan die Christelike en nasionale onderwysbeleid wat die Minister bepaal het.

3. Die Kerk spreek hom uit ten gunste van die handhawing van die Gewetensklousule as 'n erkende bepaling waarvoor die Kerk hom in die verlede beywer het. Aan die Raad vir Opvoeding en Onderwys word opge= dra om voort te gaan met 'n studie van die aangeleentheid en voorstelle eventueel voor te lê vir herformulering, indien gewens.

1.2. HAND- EN LEERBOEKE

Die Werkgroep Gemeente Opbou het met dankbaarheid kennis geneem van die vordering op hierdie gebied ook in ander provinsies van ons land.

Kennis geneem.

1.3. C.S.V. BY ONDERWYSINRIGTINGS

Die Werkgroep Gemeente-Opbou het met instemming kennis geneem van die Raad se optredé[illegible]

Na aanleiding van verskillende versoeke oor die posisie van ons kinders en die C.S.V. is besluit om die aange= leentheid te verwys na die Tussenkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys met die versoek om te oorweeg of dit nodig is dat daar nog verenigings soos die C.S.V. by onderwysinrigtings sal bestaan aangesien die Christe= like karakter van die onderwys nou by wyse van wetgewing bepaal word. Die uitslag word afgewag.

Kennis geneem.

1.4./.....

1.4. GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN KOMPREHENSIEWE EENHEDE

Die Werkgroep Gemeente-Opbou steun die Raad in die verband, naamlik:

"Advies is gevra na aanleiding van kritiek op die beleidsrigting. Die Raad vir Opvoeding en Onderwys het besluit om aan te beveel om te wag met kritiek of kommentaar totdat alle besonderhede oor die stelsel voor hande is."

Kennis geneem.

1.5. GESLAGSVOORLIGTING

BESLUIT: Die Kerk spreek hom ten gunste daarvoor uit dat geslagsvoorligting deur ouers aan hulle kinders gegee sal word en dat dit nie aan die skool of onderwysers opgedra sal word nie. Die Raad vir Opvoeding en Onderwys word opgedra om so gou as moontlik 'n voorligtingstuk aan ouers in die verband gereed te maak.

2. BUITENGEWONE ONDERWYS

BESLUIT:

1. Die pro rata bydrae van die Nederduitsch Hervormde Kerk tot die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys bly soos dit op die huidige geskied.

2. Die Algemene Kerkvergadering doen 'n beroep op Kerkrade om steun en geleentheid te bied aan die Transoranje-Instituut wanneer insamelingspogings gedoen word in hulle betrokke area vir sy groot en verdienstelike werk.

3. Die Algemene Kerkvergadering doen 'n beroep op kerkrade en onderwysers om gestremde kinders in hulle omgewing en skole raak te sien - waar dit nodig blyk, sorg te dra dat hulle probleem gediagnoseer sal word om hulle in die gepaste skool vir hulle gestremdheid te laat plaas.

4. Die Algemene Kerkvergadering betuig sy opregte dank teenoor die groot aantal indiwidue, kerke en gemeentes, organisasies en die Departement van Nasionale Onderwys vir daadwerklike hulp en steun waarsonder die Instituut nie in sy groot taak sou kon slaag nie.

5. Die Algemene Kerkvergadering betuig sy opregte dank teenoor die hoofde en die personeel van die skole en die koshuise vir hulle onbaatsugtige en toegewyde diens aan die gestremde kinders

en bid/.....

en bid hulle wysheid en krag toe vir die toe= koms.

6. Gedagtig aan die baanbrekerswerk wat mnr. Vaughan in die besonder gedoen het as die eerste hoof van die Transoranje Skool vir Dowes
en
aan sy bydrae aan buitengewone onderwys in die algemeen,

wil die vergadering sy gelukwense aan mnr. Vaughan oordra met die toekenning van die eredoktorsgraad aan hom deur die Universiteit van Suid-Afrika.

C. STUDENTEBEARBEIDING

Aangesien die studente, met uitsondering van Johannesburg, in studentegemeentes bearbei word, word daar nie afsonderlik daaroor verslag gedoen nie en word volstaan met die ringsverslae soos oor ander gewone gemeentes.

BESLUIT:

1. Die hele aangeleentheid met betrekking tot die bearbeiding van die studente van die Onderwys= kollege, Pretoria word na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwys vir afhandeling in oorleg met die Kommissie van die Ring van Pretoria.

2. Dit word aan die Raad van Finansies opgedra om by wyse van onderhandeling met die gemeente Potchefstroom-Noord òf langs ànder weë, voor= siening te maak vir 'n kerkgebou vir die studente= gemeente van Potchefstroom.

3. MOSIE VAN DANKBETUIGING

Die Ring van Wes-Kaapland betuig sy groot dank en waardering teenoor die Algemene Kerkvergadering vir die daarstelling van die fondse van Voor= trekkertehuis aan die gemeente Stellenbosch vir die oprigting van 'n eie kerkgebou. Sonder hierdie steun sou die gemeente nie die ideaal so so gou kon bereik nie. Benewens die gemeente is dit ook 'n diens van ons Kerk aan sy studerende jeug wat vanoor die hele land saamkom en voorheen in groot getalle vervreemd geraak het van hulle eie kerk. Deur die oprigting van 'n kerkgebou en die voltydse bearbeiding van ons eie studente= leraar word werk van groot waarde vir ons Kerk verrig.

D. VOORTREKKER TEHUIS

Na die verkoop van die eiendomme is die enigste vaste eiendom (erf 32/R) die Huisvaderswoning wat tans verhuur word.

Nadat/.....

Nadat al die verpligtings soos verbande en ander skulde nagekom is het daar 'n kapitaal van R150 000 oorgebly. Van hierdie bedrag is R112 400 aangewend vir die daarstelling van kerkgeboue vir die studentegemeentes Philadelphia (R56 200) en Stellenbosch (R56 200).

Waar Voortrekker Tehuis se fondse altyd aangewend was om kos= huisgeriewe vir die studerende jeug daar te stel (aan laasge= noemde geriewe voorsien die universiteite nou self), word Voor= trekker Tehuis se fondse nou aangewend om kerkgeboue vir die studerende jeug daar te stel.

Kennis geneem.

E. JEUGTUISTE

Die Ring van Pretoria rapporteer:

> "Die gemeente Pretoria, wat die ondersoek oor die nood= saaklikheid van 'n jeugtuiste namens die vergadering moes instel, rapporteer positief oor die noodsaaklikheid en wenslikheid. Kapitaalfondse vir die oprigting is op hierdie stadium 'n probleem. Uit navrae blyk dat so 'n jeugtuiste wel op 'n winsgewende grondslag kan funksio= neer. Die gemeente sal eersdaags 'n gemotiveerde verslag aan die Ringskommissie voorlê, daarna sal aan die Alge= mene Kommissie verslag gedoen word."

Kennis geneem.

F. BYBELKUNDE

Prof. J.P. Oberholzer, ds. J.A. Loader, ds. A.P.B. Breytenbach en dr. J.H. Koekemoer het gedurende die verslagjaar weer eens 'n onderdeel van Bybelkunde vir die Fakulteit Lettere en Wys= begeerte behartig.

'n Nuwe bedeling word in die vooruitsig gestel, naamlik dat Bybelkunde nie net voorgraads en binnemuurs gedoseer sal word nie, maar ook nagraads en buitemuurs en dat voltydse aanstellings in die Fakulteit Teologie gemaak sal word om dié vak soos in die verlede vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte te doseer. Hopelik sal dié reëlings gedurende 1973 gefinaliseer word.

BESLUIT:

1. Die Algemene Kerkvergadering boekstaaf sy waar= dering teenoor die Universiteit Pretoria vir die dra van die koste in verband met die vak Bybelkunde.

2. Groot dank en waardering aan die Universiteit word geboekstaaf vir hierdie patroon vir Bybelkunde in die toekoms.

3. Die Vergadering spreek die verwagting uit dat hierdie benoemings ook binnekerklik gehanteer sal word - volgens artikel 63.

XI. DIE BELYDENIS

A. DIE EKUMENIESE SIMBOLE

1. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte lê 'n her= siene vertaling van die drie geloofsbelydenisse van die Kerk voor vir die goedkeuring van die vergadering. Die verga= dering het besluit:

> "Die vertaling word verwys na die Predikantevergadering vir bespreking en goedkeuring met die oog op voorleg= ging aan die verteenwoordigende komitee van die drie Afrikaanse Kerke."

Kennis geneem.

2. DIE PREDIKANTEVERGADERING

> "Die bestuur het hierdie saak na die verskillende Predikante Broederkringe verwys met die versoek dat antwoorde gestuur moes word aan die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte voor einde Julie 1971."

Kennis geneem.

3. RAAD VIR BELYDENIS EN LITURGIESE GESKRIFTE

> "Aangesien ons twee susterkerke ook tans besig is met vertaling van bogenoemde, het die Raad dit wenslik geag dat die Raad hierdie vertalings in samewerking met hulle sal onderneem, met inagneming van die kommentaar wat deur die onderskeie broederkringe uitgebring is met betrekking tot die reeds voorgelegde vertalings aan die sewe-en-vyftigste Algemene Kerkvergadering. Professore Van Zyl, de Wet, B.J. Engelbrecht en dr. C.J. Mans is benoem om in samewerking met die twee susterkerke die werk te voltooi."

Kennis geneem.

B. DIE BELYDENISSKRIFTE EN FORMULIERE

DIE RAAD VIR BELYDENIS EN LITURGIESE GESKRIFTE se verslag onder A.3. reeds genoem,sluit ook die Belydenisskrifte en Formuliere in.

Kennis geneem.

C. VERTALING IN ENGELS

1. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die vergadering het kennis geneem van:

"'n versoek/.....

"'n versoek van die Ring van Rhodesië dat belydenis- en liturgiese geskrifte van die Kerk in Engels vertaal word en dat dit deur die Kommissie verwys is na die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte."

2. Die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte kom nie weer daarop terug in hulle verslag nie. Ondertussen is die Ring van Rhodesië versoek om gebruik te maak van Psalter Hymnal van die Reformed Church of America.

Kennis geneem.

D. DIE FORMULIERE

1. WISSELFORMULIER VIR DIE NAGMAAL

Die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte rapporteer:

"Die voorstel XII.2, bladsy 195 van die notule van die ses-en-vyftigste Algemene Kerkvergadering is ondersoek. Die Raad beveel aan dat artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wel gebruik kan word as Wissel-nagmaal= formulier met sekere byvoegings uit die bestaande formulier.

BESLUIT: Die voorgestelde Wisselformulier, saamgestel uit die huidige nagmaalsformulier en artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word deur die Kerk met wysigings aanvaar as 'n wisselformulier vir die bediening van die nagmaal.

2. BESKRYWINGSPUNT

=XI-1= "Die Algemene Kerkvergadering benoem 'n kommissie om 'n wisselformulier op te stel by die geleentheid van die bediening van die Heilige nagmaal, by besondere geleenthede, wat die inhoud van die bestaande formulier kernagtig saamvat." (Ring van Noordelike Pretoria).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word aanvaar.

3. FORMULE VIR DIE AFNEEM VAN OPENBARE BELYDENIS VAN DIE GELOOF

a. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die vergadering het besluit:

"Die konsepformulier word terug verwys na die Raad vir voorlegging aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nadat skriftelike kommentaar en voorstelle, wat voor 1 Augustus by die Raad ingedien moet word deur lede van die vergadering en kerkrade, oorweeg is."

Die/.....

Die Sekretaris van die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte het telefonies meegedeel dat dit nog nie afgehandel is nie.

Kennis geneem.

4. VERTALING VAN FORMULIERE

"Die verwagting is dat die vertaling van die formuliere voor die volgende Algemene Kerkvergadering voltooi sal wees en die ander vertalings so spoedig as moontlik."

Kennis geneem.

XII. DIE PREDIKING EN EREDIENS

B. PREDIKING, EREDIENS EN KERKBOU

1. STUDIEPROGRAM VAN DIE RAAD

a. OPDRAGTE

Aan die volgende opdragte is uitvoering gegee:

i. 'n Populêre verwerking van die studiestuk oor "Liturgie".

ii. 'n Populêre verwerking van die studiestuk oor die "Prediking". (Prinsipiële verantwoording, Bybelse Fundering en die Praktyk van die Prediking).

iii. 'n Populêre verwerking oor die beginsels van kerkbou.

iv. Memorandum oor die vraag na die wenslikheid van die oprigting van 'n kerkgebou of kerksentrum.

v. Memorandum met betrekking tot die simposium oor die Funksionele ontwerp van kerkgeboue. By die W.N.N.R. is drie stukke verkrygbaar, naamlik:

Hoe kan ons bou vir ons klimaat?
Geraasbeheer.
Materiaal: Die verwaarloosde aspek in bouwerk.

vi. Dan is daar ook inligting verkrygbaar oor Akoestiek en Ventilasie.

vii. Beantwoording van vrae oor Erediens en Liturgie.

viii. 'n Studiestuk in die HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES oor: "Die rol van die Etiek in die Prediking".

BESLUIT/.....

BESLUIT: Dat die Kerk deeglik kennis sal neem van die stukke hierbo genoem.

Dat veral gemeentes wat 'n pastorie of kerk wil bou, die memorandum onder B.1.a.v. genoem, sal bekom asook die stukke wat by die W.N.N.R. verkrygbaar is.

b. UITSTAANDE STUDIESTUKKE

Die geskiedenis van die Prediking.
Die geskiedenis van die Liturgie.
Die Prinsipiële bepaling van die verhouding tussen Erediens en Huisgodsdiens.

Kennis geneem.

c. VERDERE OPDRAGTE

BESLUIT: Dat die vergadering aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vra om in te gaan op die vraag: "Hoe kan die liturgiese besinning in ons Kerk gestimuleer word?"

2. DIENSORDES

BESLUIT: Die Kerk aanvaar die prinsipiële besinning oor die erediens asook oor die besondere eredienste soos voorgestel deur die Raad. Hierdie besinning dien na redaksionele wysigings as die eerste deel van die voorgestelde Diensboek. Binne die ruimte en raamwerk van die voorgestelde diensordes sal elke gemeente sy liturgie opstel onderworpe daar= aan dat die Raad verdere ondersoek moet instel na die prinipiële elemente wat tydens huweliks= bevestiging en begrafnisse gebruik moet word, siende dat nie ál die elemente noodwendig gebruik hoef te word nie.

3. KORAALBOEK

Korrespondensie word tans met die Gereformeerde Kerk (wat die kopiereg besit van die Totiuspsalmteks) gevoer om die Psalmteks te mag gebruik by die uitgee van 'n nuwe koraalboek van die hand van mnr. W. Mathlener.

Kennis geneem.

4. HERSIENING VAN PSALMTEKS

Daar word tans aandag gegee aan die teks van die Psalms - dogmaties en literêr. Dr. P.J.T. Koekemoer en prof. B.J. Engelbrecht gee aanda aan die teks wat die dogmatiese sy betref. Sodra sy verslag ontvang is sal dit beoordeel word en, indien daartoe besluit, sal met die ander twee kerke in die verband onderhandel word.

Kennis geneem.

5./.....

5. HERSIENING VAN DIE MELODIEë EN TEKS VAN DIE GESANGBOEK

Ds. D.F. Erasmus, mnr. W. Mathlener en mnr. S. Hofmeyr van der Merwe (met as plaasvervangster mej. S. Engelbrecht) en dr. P.W. Venter as sekretaris van die Interkerklike Kommissie werk hieraan. Drie interkerklike werkvergaderings is gehou.

Dr. P.J.T. Koekemoer en prof. B.J. Engelbrecht is besig met 'n hersiening van die teks - dogmaties, en dr. A.P. Grové literêr in samewerking met verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

6. KERKMUSIEKSKOOL

Daar is besluit om die sub-minimum vir Korale en Koraalvoorspele te verhoog.

Die laaste uitreiking van diplomas het op 13 April 1969 plaasgevind terwyl die volgende op Sondag 2 November 1972 te Pretoria plaasgevind het.

Die praktiese eksamens is deur mnre.J.D. Malan en W. Mathlener afgeneem.

Praktiese eksamens is afgeneem op:

Junie 1970	11 kandidate	- 7 slaag - 2 eindeksamen.
Desember1970	8 kandidate	- 7 slaag.
Junie 1971	5 kandidate	- 5 slaag.
Desember1971	12 kandidate	- 8 slaag - 3 eindeksamen.
Junie 1972	5 kandidate	- 5 slaag.

BEURSE

Kandidate wat beurse van die Raad verkry, mag in die vervolg die kursus in vier jaar voltooi. Aan vyf kandidate is beurse toegeken.

Kennis geneem.

7. ORRELS

Nuwe orrels is ontwerp vir die volgende gemeentes:

Randfontein	Springs-Oos
Nelspruit	Ruskoppies
Hendrina	Noordrand
Phalaborwa	Delmas
Pretoria-Oos	Pretoria-Tuine
Glencoe	Belfast
Heilbron	

Uitbreiding van orrels is ontwerp vir die volgende gemeentes:

Carletonville	Brakpan
Vanderbijlpark	Vanderbijlpark-Oos

Duncanville/.....

Duncanville Noordelike Pretoria
Krugersdorp-Wes

Kennis geneem.

8. VOORLIGTINGSTUKKE OOR ORRELISTE

'n Voorligtingstuk aan kerkrade en orreliste is in opdrag van die H.E. Algemene Kerkvergadering van 1970 saamgestel en ter goedkeuring voorgelê. Dit is nog nie versprei nie en as gevolg van die groot veranderinge wat te wagte is het die Raad die stuk ter heroorweging teruggevra.

Die Raad vir Prediking en Erediens beoog dat die Raad dit voltooi en beskikbaar stel.

Diensvoorwaardes vir orreliste is opgestel en aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê. Dit is goedgekeur en word deur die Raad vir Kerkmusiek gehou en kerkrade kan dit, wanneer nodig, aanvra en gebruik as 'n handleiding vir die opstel van 'n dienskontrak.

Kennis geneem.

XIII. DIE KERKBOEK

Daar word tans nog gewerk aan die samestellende elemente van die Kerkboek. Sodra dit gereed is sal 'n nuwe uitgawe van die Kerkboek aandag moet ontvang.

Kennis geneem.

XIV. DIE KERKLIKE FEES EN GEDENKDAE

1. DIE DAG VAN DIE HERE

WINKELURE OP SONDAE EN VERKOOP VAN EIENDOMME OP SONDAE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het aandag gegee aan versoeke om op te tree met betrekking tot die wysiging van winkelure op Sondae en ook na die sluit van grondtransaksies op Sondae.

'n Ondersoek is ingestel en die volgende is bevind:

> "Dit is so dat voedsel wel op Sondae deur kafees verkoop mag word. Ander winkels het aansoek gedoen om dieselfde op Sondae te doen, naamlik om voedselware te verkoop. Daar word egter niks anders verkoop nie.
>
> Wat die verkoop van grond op Sondae betref is bevind dat daar in werklikheid geen grond op Sondae verkoop word nie.

Daar/.....

Daar word alleen reklame gemaak. Die verkope self geskied in die week."

BESLUIT: 1. Kennis geneem.

2. Dit word aan die Kommissie van die Algemene Kerk= vergadering opgedra om alles in die vermoë te doen om te bewerkstellig dat die vertoonhuise en eiendomsbesigheid wat op Sondae bedryf word, gestaak te kry.

2. KERKLIKE FEESDAE EN OPENBARE VAKANSIEDAE

a. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

By die 1970 Algemene Kerkvergadering is die volgende beskry= wingspunt aanvaar:

"Dat die Algemene Kerkvergadering die regering versoek om die bykomstige vakansiedae tydens Kersfees en Paasfees (tweede Kersdag en Paasmaandag) te laat verval en eerder sulke vakansiedae te voeg by Nuwejaar en Republiekdag. (RING VAN GERMISTON)."

b. DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Kommissie het daar aandag aan gegee en weer eens besluit om eers die steun van die ander twee Afrikaanse Kerke in die verband te probeer kry voordat na die owerheid gegaan word. By die Tussenkerklike Kommissievergadering (T.K.K.) van 1972 het die ander twee kerke onderneem om hulle standpunte in die verband te formuleer, waarna oor gesamentlike optrede besluit kan word. By die T.K.K.-vergadering is steun gevind vir ons Kerk se standpunt.

BESLUIT: 1. Die Vergadering neem met spyt kennis van die af= skaffing van Van Riebeeckdag as 'n openbare vakansiedag.

2. Die Vergadering besluit eenparig dat by die betrokke owerheid aangedring moet word om Van Riebeeckdag as 'n openbare vakansiedag vir almal in die Republiek van Suid-Afrika her in te stel omdat dit die geboortedag is van die Volk, Staat en Kerk in Suid-Afrika.

3. Die Vergadering dra dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op om in oorleg met ander instansies hierdie standpunt van die Kerk aan die betrokke owerheidsinstansie oor te dra.

3. DAE VAN VEROOTMOEDIGING

a. WYSE VAN GESAMENTLIKE OPTREDE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het in beginsel/.....

beginsel sy steun toegesê aan 'n voorstel van die Gereformeerde Kerk om eendragtig in die verband op te tree.

Kennis geneem.

b. DAG VAN VEROOTMOEDIGING

Die voorgestelde prosedure is gevolg toe Maandag 15 Januarie 1973 as 'n dag van verootmoediging in oorleg met die Eerste Minister bepaal is.

Kennis geneem.

4. BID- EN DANKDAE VIR DIE OES

BESKRYWINGSPUNT =XIV-1= "Die Ring van Krugersdorp versoek dat die gebruik om besondere bid- en dankdae vir die oes te hou afgeskaf word." (Ring van Krugersdorp.)

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR AANDETE

AANDSITTING 2 MEI

XV. DIE OPLEIDING EN VORMING VAN DIE DIENAARS VAN DIE WOORD

A. DIE PROFESSORE EN DOSENTE

1. PROFESSOR - DEPARTEMENT OU TESTAMENTIESE WETENSKAP

Weens bereiking van die aftree-ouderdom het prof. E.S. Mulder op 31 Desember 1970 uit diens van die Universiteit getree. Prof. B.J. Engelbrecht is in sy plek tot Dekaan verkies en prof. J.P. Oberholzer het hom opgevolg as professor in en hoof van die departement Ou Testamentiese Wetenskap.

Prof. dr. W.C. van Wyk is deeltyds in die Departement behulpsaam na die benoeming van prof. dr. J.P. Oberholzer as Bybelvertaler in halftydse hoedanigheid.

Kennis geneem.

2. PROFESSOR - DEPARTEMENT NUWE TESTAMENTIESE WETENSKAP

a. Die Kuratorium rapporteer:

Weens die bereiking van die aftree-ouderdom en gevolglike

uittrede/.....

uittrede van prof. dr. S.P.J.J. van Rensburg het daar in hierdie Departement 'n vakature ontstaan. In 'n gesamentlike vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium gehou in terme van artikel 63.1(a)(i) van die Bepalings is dr. G.M.M. Pelser benoem tot professor in die departement Nuwe Testamentiese Wetenskap.

b. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwys in hierdie verband na die bostaande verslag van die Kuratorium.

c. BESKRYWINGSPUNTE

=XV-1= "Die Ring van Potchefstroom versoek -

Dat die huidige Hoogeerwaarde Algemene Kommissie aan die volgende Hoogeerwaarde Algemene Kerkvergadering verduidelik op welke gronde die nuwe professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria aangewys is, veral in ag nemende die volgende:

Die Akademiese prestasies van die twee kandidate.

Die feit dat dit die eerste keer is wat die Hoogeerwaarde Algemene Kommissie die aanbeveling van die Kuratorium verby gegaan het.

Die mening uitgespreek deur prof. van Unik."
(Ring van Potchefstroom.)

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wens die volgende kommentaar te lewer op hierdie beskrywingspunt:

i. Die Kommissie vind dit vreemd dat van hom 'n verduide= liking gevra word oor die gronde waarop die benoeming geskied het. Die Kommissie is nie bewus van enige navraag van die Ring van Potchefstroom by óf die Kommissie self óf die Kuratorium, die antwoord waarop kon dien ter inligting van die Ringsvergadering nie. Verder moet die Kommissie daarop wys dat in die onderhawige geval die benoeming geskied het deur die liggaam waarvoor voorsiening gemaak word in die Bepalings, artikel 63.1(a)(i), en waarvan die lede bestaan uit die lede van die Kommissie tesame met die lede van die Kuratorium. Enige verduideliking wat die Kommissie kan verstrek, sou dus bloot van 'n ge= deelte van die benoemingsliggaam afkomstig wees.

ii. Die benoemingsliggaam waarna verwys is, het die benoeming gedoen by meerderheid van stemme na

oorweging/.....

oorweging van alle beskikbare informasie oor die kandidate. Daarby was ingesluit die gegewens oor die akademiese bevoegdheid. Die vergadering het ook kennis geneem van 'n gedeelte van 'n private skrywe van prof.W.C. van Unnik hoogleraar in die Nuwe Testamentiese Wetenskap aan die Ryksuniversiteit van Utrecht, Nederland, gerig aan een van ons professore, en soos deur hom voorgelees waarin prof. van Unnik sy mening gee oor die bevoegdheid van die twee kandidate. Sy kennis van die akademiese bevoegdheid van die kandidate berus daarop dat dr. A.J.G. Dreyer sy proefskrif onder leiding van prof. van Unnik voltooi het en dat hy mede-eksaminator was vir die proefskrif van dr. G.M.M. Pelser. Die vergadering het kennis geneem van die mening van prof. van Unnik en met inagneming daarvan die benoeming gedoen.

iii. Die benoemingsliggaam het byeengekom kragtens die Bepalings, artikel 63.1(a)(i), wat beteken dat die Kommissie die benoeming wat deur die Kuratorium kragtens artikel 63.1.(a) gemaak is, nie bekragtig het nie en dit na die Kuratorium terug verwys het, waar= na die voorgeskrewe prosedure in werking gekom het. Die Kommissie het gehandel kragtens die bevoegdhede wat hom deur die Bepalings verleen word, en vind dit vreemd dat van hom 'n verduideliking gevra word waarom hy kragtens sy bevoegdhede opgetree het.

iv. Die Kommissie wil beklemtoon dat hy deurentyd gehandel het in ooreenstemming met wat hy as die beste belange van die Kerk en die Opleiding beskou, en het die ver= troue dat sy lede dieselfde gedoen het as lede van die gesamentlike vergadering wat die benoeming gedoen het.

BESLUIT: Beskrywingspunt =XV-1= word nie aanvaar nie.

Die Voorsitter stel dat in die korrespondensie tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium daar 'n sinsnede voorgekom het wat (sonder dat die Kommissie dit bedoel het) aanstoot gegee het en aanleiding gegee het tot 'n gesprek met die Kuratorium én eventueel met dr. Dreyer. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het teenoor dr. Dreyer onderneem om by 'n geleentheid die saak tussen hom en dr. Dreyer in die openbaar in die reine te bring. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit dat hierdie vergadering die beste geleentheid daartoe is. Hiermee reik die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die volgende verklaring uit, welke ver= klaring ná samespreking en volle ooreenstemming met dr. Dreyer, die hele saak nou afhandel:

"Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vertrou dat, in belang van alle betrokkenes, dit nie nodig sal wees om die hele aangeleentheid in hierdie

vergadering/.....

vergadering te bespreek nie. Dit is die begeerte van die Kommissie dat die vergadering die volgende verklaring van sy kant sal aanvaar ter afhandeling van die aangeleentheid:

Die Kommissie verklaar dat in sy korrespondensie met die Kuratorium woorde gebruik is wat anders opgeneem is as wat die Kommissie daarmee bedoel het. Dit is aan die Kuratorium verduidelik asook aan dr. A.J.G. Dreyer. Die Kommissie is jammer dat woorde gebruik is wat vir misverstand vatbaar was. Met betrekking tot dr. A.J.G. Dreyer verklaar die Kommissie dat volgens sy wete daar geen beswaar teen die leer, lewe of werk van dr. Dreyer is wat in die weg kan staan van sy gewaardeerde werk in die Kerk net soos voorheen nie.

Dit is die begeerte van die Kommissie dat die hele vergadering sal aanvaar dat daar van die kant van die Kommissie geen rede bestaan waarom die verhouding met dr. Dreyer in die toekoms net so sal wees as wat dit die geval met enige predikant van die Kerk is nie.

Die Kuratorium het versoek dat die woord 'gesind= heid' in die betrokke stukke gerojeer sou word. Die Kommissie het egter besluit om liewer die kon= sekwensies van die woordgebruik te dra as om tot rojering oor te gaan omdat rojering nie die saak bevredigend kon oplos nie. Dit spyt die Kommissie dat hierdie woorde gebruik is. Die Kommissie gee hiermee te kenne dat dit nie sy bedoeling was om daarmee enige smet op dr. Dreyer te lê nie. Wat die Kommissie betreft sal die aangeleentheid eers ten einde wees wanneer dr. A.J.G. Dreyer verklaar dat hy daarmee tevrede is.

Die Kommissie verklaar dat die opmerking in sy skrywe van die Kuratorium dat die 'gesindheid teenoor en/of hantering van besluite van meerdere vergaderinge' deur dr. Dreyer nie deur die Kommissie van die Alge= mene Kerkvergadering bedoel is as 'n klag in terme van die Kerkwet nie en dat hulle in wedersydse vertroue hierdie verklaring aanvaar."

<u>BESLUIT</u>:/.....

BESLUIT: Die vergadering neem met dankbaarheid hiervan kennis.

Die Eerw. Voorsitter sê dat hy aanvaar dat die vergadering deur die verwerping van die beskrywingspunt sy volle ver= troue in die vorige Kommissie van die Algemene Kerk= vergadering en almal wat by die saak betrokke was, te kenne gegee het. Die vorige Kommissie van die Algemene Kerkver= gadering het homself nie beskou as beskuldigde nie. Daar is seerplekke aan albei kante. Hierdie saak het seker een van die treurigste stukkies geskiedenis in die Kerk tot gevolg gehad. Hy vertrou dat hy so iets nie weer sal belewe nie.

Hy spreek 'n ernstige woord van vermaning uit teenoor die broeders wat in hierdie aangeleentheid uiters onverantwoor= delik opgetree het. Hy vertrou dit is nou ook die einde van die skindery en die onderlinge fluisteringe.

Hy sê dat dit ook op die weg van die Kerk lê om prof. Pelser van harte geluk te wens met sy aanstelling en hom te ver= seker van die Kerk se volle vertroue en ondersteuning.

Die vergadering betuig hiermee sy volle instemming.

BESKRYWINGSPUNT =XV-2= "WYSIGING VAN DIE BEPALINGS ARTIKEL 63.1.(a)(i)

Omdat daar onduidelikheid is en daar verskillende interpretasies geheg kan word aan die bewoording van artikel 63.1.(a)(i) in soverre dit die sittingsreg van die professore aanbetref, stel die Kuratorium voor dat die artikel soos volg gewysig word:

Deur die toevoeging van die woorde:

'Die professore en ander dosente in die teologie het sitting in die ver= gadering met adviserende stem.'

aan die einde van artikel 63.1.(a)(i)." (Die Kuratorium).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word die besluit van die vergadering.

3. BYBELKUNDE - REEDS AFGEHANDEL.

4. DEKAANSVERSLAG

Die verslag van die Dekaan word aanvaar.

B./.....

B. STUDENTE

1. KURATORIUMVERSLAG

Ten spyte van die pogings om meer studente te trek, het die getalle min of meer konstant gebly. Daar is tans 51 stu= dente vir B.A. en 30 vir B.D. ingeskryf.

BESLUIT: Dat predikante en kerkrade hulle voortdurend sal beywer om studente voor te lig en aan te spoor om hulle as predikante te laat bekwaam.

2. BEURSE EN LENINGS

a. KURATORIUMVERSLAG

Die leningsbeurse wat deur die Kuratorium beskikbaar ge= stel word bedra R310 per jaar. Dit is 61% van die klas- en losiesgeld. Studente wat daarvoor kwalifiseer, ontvang boonop 'n merietebeurs van R50 per jaar. Daar= benewens is daar verskeie fondse wat deur persone en instansies beskikbaar gestel word, waaruit studente hulp kan ontvang.

Die Kuratorium betuig sy opregte dank en waardering aan almal wat op hierdie wyse 'n bydrae lewer om studente in staat te stel om hulle studies te voltooi.

Kennis geneem.

BESLUIT: 1. Dat jong lidmate van die Kerk wat hulle aan= meld vir die B.A. voorstudie vir die B.D.-studie

. by voorkeur aan die Universiteit van Pretoria hulle B.A.-studie moet aanpak en voltooi;

. ook aan ander erkende universiteite kàn studeer mits sódanige kursusse aan die betrokke universiteite voldoen aan alle vereistes vir toelating tot die B.D.-studie van die Teologiese Fakulteit, Afdeling A.

2. Dat àlle bogenoemde studente as studente van die Kerk erken word en dat hulle in aanmerking kom vir die Kuratoriumleningsbeurse.

3. Dat aan die Raad vir Regsadvies opdrag gegee word om artikels 59 en 63.1.(c) in die lig van bogenoemde beginselbesluite redaksioneel by te werk.

b. BESKRYWINGSPUNTE

"Die Kerkraad stel voor dat daar gedink word/.....

word om 'n teologiese studiefonds te stig, waaraan al die gemeentes 'n bydrae maak, byvoorbeeld 'n heffing.

Dat die fonds opgebou word tot op so 'n peil dat daar later slegs van die rente gebruik word vir die studente." (Kerkraad Vryheid).

=XV-4= "Die Algemene Kerkvergadering oorweeg dit om aan die teologiese studente volle beurse met betrekking tot hulle studie toe te ken, mits hulle die studie voltooi, dat die fondse wat vir hierdie doel benodig word deur middel van 'n addisionele heffing byeengebring word." (Ring van Rustenburg).

=XV-5= "Die Ring van Krugersdorp rig 'n dringende versoek aan die Algemene Kerkvergadering om dit te bepleit dat al die Ringe van die Kerk voortaan, op die basis waarop die Ring van Krugersdorp dit doen, sal toesien dat elke gemeente jaarliks R100 (of meer) aan die Kuratorium bewillig vir teologiese opleiding. Die Ring beveel aan dat alle bedrae wat reeds vir teologiese opleiding bewillig word deur gemeentes en ringe en alle toekomstige skenkings in een sentrale fonds vir teologiese opleiding gekonsolideer sal word. Die Ring is van mening dat as teologiese studente finansieel so geheld kan word dat hulle sonder enige skuldelas die studie kan voltooi, dit baie daartoe sal bydra om die predikantetekort te bekamp."
(Ring van Krugersdorp).

BESLUIT IN VERBAND MET BESKRYWINGSPUNTE =XV-3, 4 en 5=

1. Die Vergadering beveel by Ringe aan om die metode wat die Ring van Krugersdorp toepas te probeer navolg en dat sodanige hulp aan studente nie terugbetaalbaar sal wees nie.

2. Dat van dié fondse óók beskikbaar sal wees vir nagraadse of doktorale teologiese studie.

DR. J.H. KOEKEMOER NEEM DIE AFSLUITING WAAR.

HY laat sing Ps. 33:11 en gaan voor in gebed.

OGGENDSITTING 3 MEI

Ds. P.J.L. Bierman neem die opening waar. Hy laat sing Ges. 75: 1 en 4, lees I Petr. 3:8 vv. en gaan voor in gebed.

GOEDKEURING VAN DIE NOTULE

Die notule vanaf die middagsitting van 30 April tot en met die oggend=sitting van 2 Mei word met enkele wysigings goedgekeur en geteken.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Ds. A. Ras maak verskoning omdat hy 'n Bybelgenootskapvergadering moet bywoon.

Ds. M.S. Grobler word as ouderlingafgevaardigde van Ficksburg in die vergadering verwelkom.

Ds. N.J. Wolmarans rapporteer dat hy die groete van die vergadering aan ds. A.J. Nolte oorgedra het. Ds. Nolte sal die vergadering nie verder bywoon nie. Hy wens die vergadering die beste toe.

Ds. C.L. Badenhorst moes weens siekte tuis die vergadering verlaat. Hy en sy huisgesin word spoedige beterskap toegewens.

Ds. H.J. Geyser kan ook nie die vergadering bywoon nie omdat hy siek geword het en tuis moet bly. Hy word die beste toegewens.

Gelukwense met die Kanselboodskap en Herderlike Skrywe is ontvang van Hartbeesfontein, Potchefstroom-Noord en Rustenburg-Oos.

GOEDKEURING VIR AFWESIGHEID IS VERLEEN AAN:

Oudl. J.S. du P. Potgieter	vanaf 3 Mei net saans ter vergadering.
Ds. H.J. Geyser	vir 3 Mei tot die einde van die sitting
Ds. C.L. v.d. Berg	vir 3 Mei (aandsitting)
Ds. P.R. Prinsloo	vir 3 Mei (11.15 vm. tot 5.30 nm.)
Prof. B.J. Engelbrecht	vir 3 Mei (oggendsitting)
Oudl. C.J. van Deventer	vir 4 Mei
Ds. C.L. Badenhorst	vir 3 Mei tot die einde van die sitting
Ds. J.A. Smit	vir 3 Mei (11.15 vm. tot 9.30 nm.)
Ds. J.W. Rhoda	vir 3 en 4 Mei
Oudl. R.J. Rossouw	vir 3 en 4 Mei
Ds. P.S. van Staden	vir 3 Mei vanaf 7.30 nm. tot die einde van die vergadering
Ds. J.P.B. Viljoen	vir 3 Mei vanaf 7.30 nm. tot die einde van die sitting.
Ds. S. Schutte	vir 2 Mei (3.45 nm. tot 9.30 nm.)
Ds. J.P.J. van Rensburg	vir 2 Mei (aandsitting)
Ds. A.M. Swanepoel	vir 4 Mei
Oudl. J.F. Malan	vir 4 Mei
Oudl. L.G. Labuschagne	vir 3 Mei (oggend)
Ds. J.H. Steenekamp	vir 3 Mei (oggend)
Ds. P.D. Smit	vir 3 Mei.

Oudl./.....

Oudl. M.H.J. van der Merwe	wat vir 2 Mei (aand) verskoning gevra het is wel vanaand (2 Mei) in die vergadering.
Prof. W.C. van Wyk	vir 3 en 4 Mei (10.15 vm. tot 12.45 nm. en 7.30 tot 9.30 nm.)
Ds. W.J. Kemp	vir 3 Mei (10.45 vm. tot 11.45 vm.)
Oudl. J.J. van der Linde	vir 4 Mei (oggendsitting)
Oudl. M.J. Labuschagne	vir 3 en 4 Mei
Ds. F.J. Boshoff	vir 3 Mei (2.30 tot 4 nm.)
Oudl. M.C. Barnard	vir 3 Mei (2.30 tot 4 nm.)
Ds. C.J. Viljoen	vir 4 Mei (oggendsitting)
Ds. M.W.Pretorius	vir 3 Mei (2.30 tot 4.00 nm.)
Ds. C.J. Viljoen	vir 4 Mei (oggendsitting)
Ds. D.B. Snyman	vir 4 Mei (oggend)
Oudl. M.H.J. v.d. Merwe	vir 3 Mei (aand)
Ds. B.J. Erasmus	vir 4 Mei
Oudl. F.A. Botha	vir 3 Mei
Oudl. Barnard	vir 3 Mei (middagsitting).

c. RINGSVERSLAE

i. RING VAN SUIDWES-AFRIKA

Die verslag lui:

"Die Ring spreek sy kommer uit oor die nypende te= kort aan predikante in die Kerk. Die Vergadering (1972) het dan ook besluit dat elke Kerkraad in die Ring dit ernstig sal oorweeg om 'n studiefonds vir die hulp aan teologiese studente daar te stel en dat dit jaarliks aan die Kuratorium oorbetaal sal word vir die administrasie daarvan. Die Ringskommissie het op sy jongste vergadering besluit om elke gemeente in die Ring te hef met 'n minimum van R1 per lidmaat per jaar."

Kennis geneem.

ii. RING VAN WATERBERG

Die houding van afgevaardigdes na ringsvergaderings spreek van die erns waarmee gedink word aan die belange van die Kerk. Die besef van die tekort aan predikante was telkens duidelik en daarom is daar gedurende die ringsvergadering van 1972 'n beursfonds vir teologiese studente in die lewe geroep.

Met waardering kennis geneem.

BESLUIT: Dat die vergadering sy hoë waardering uitspreek vir die werk wat emeritus-predikante, teologiese professore en eervol ontslane predikante doen om die predikantenood te verlig deur gereeld te help in gemeentes met prediking en ander werk.

C. DIE TEOLOGIESE KURSUS

1. Die 1970 Algemene Kerkvergadering het oor die volgende beskry= wingspunte gehandel:

"a. Dat die huidige teologiese opleidingsvereistes vir die predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat eers 'n B.A. en daarna 'n B.D. vereis word, afgeskaf word;

b. dat 'n nuwe sesjarige B.D.-graad as vereiste vir die teologiese opleiding van predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk gestel word;

c. dat aan die teologiese fakulteit A aan die Universiteit van Pretoria opgedra word om saam met die Kuratorium van die Kerk voor die Julievakansie 1970 (indien enigsins moontlik) die besonderhede van die inhoud van die nuwe B.D. uit te werk en aan die Algemene Kommissie te rappor= teer;

d. dat die Algemene Kommissie opdrag kry om onmiddellik met die N.G. Kerk te onderhandel om hulle samewerking te probeer vind;

e. dat die Algemene Kommissie opgedra word om (in samewerking met die N.G. Kerk of daarsonder) die Universiteit van Pretoria te nader met die oog op die nodige veranderings in die gemeenskaplike statute van die Suid-Afrikaanse Universiteite asook die regulasies van die Universiteit van Pretoria, sodat die nuwe B.D. so spoedig moontlik ingestel kan word."

en besluit:

"Dat die Kuratorium tesame met die voorsteller en sekondant as 'n studiekommissie benoem word om die hele aangeleentheid te ondersoek en hulle bevinding aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te rapporteer vir rapport aan die volgende Algemene Kerkvergadering."

'n Skrywe van ds. J.G.M. Dreyer oor 'n groter verskeidenheid in die kursus is ook na die studiekommissie vir oorweging ver= wys. Hy is uitgenooi na die studiekommissie se vergadering.

V. DIE AMPTE

B. 4. ii. PASTORALE SIELKUNDIGE ARBEID

Hier word verwys na 'n studiestuk opgestel deur die Raad vir Herderlike Sorg.

Die werkgroepvergadering het besluit om die aanbevelings aan die einde van die studiestuk te steun maar is van oordeel

dat/.....

dat daar meer aandag aan gegee sal word in die B.D. studiejare en nie in die B.A. studiejare nie.

Die Raad vir Herderlike Sorg se aanbevelings lui:

Uit hoofde van die punte in die slotsom genoem, beveel u Kommissie die volgende aan met betrekking tot die pastoraal-psigologiese arbeid in die Kerk:

. Teologiese studente word op voorgraadse vlak sterk aangeraai om psigologie tot op minstens die derdejaars= vlak te neem.

. Gedurende die B.D.-opleiding word in die praktiese teologie klem gelê op pastorale kommunikasie en pastorale psigologie.

BESLUIT: Die aanbevelings van die Raad word nie aanvaar nie.

XII. DIE PREDIKING EN EREDIENS

B. 4. KERKMUSIEK EN SANG

BESLUIT: Dat die vergadering hom uitspreek ten gunste van die instelling van 'n eenjarige kursus in die kerklied en sy geskiedenis wat alle teologiese studente by dosente van die Konservatorium moet volg, en dat die Kuratorium opdrag kry om ondersoek in te stel na die instelling van so 'n kursus.

XV. OPLEIDING EN VORMING VAN DIENAARS VAN DIE WOORD

2. KURATORIUMVERSLAG

Die Kuratorium het, nadat die voorstelle tot wysiging van die opleidingsvereistes bestudeer is in oorleg met die voor= steller en sekondant, die volgende besluit en aanbeveling aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê:

"dat die huidige twee-graad studie behou word maar dat die voorstudie sò ingerig word dat 'n minimum vereiste ten op= sigte van die tale behou word en daarby vir B.A. Teologies-gerigte vakke onderrig sal word.

Daarmee verval dan die vrye keuse van vakke vir die eerste- en tweedejaar studie en bestaan 'n keuse slegs ten opsigte van die finale B.A. jaar.

Die voorstel is dan dat die voorstudie as volg daar sal uitsien:

EERSTEJAAR/.....

EERSTEJAAR	TWEEDEJAAR	DERDEJAAR
Grieks I	Grieks II	Twee van -
Hebreeus I	Hebreeus II	Grieks III
Latyn I of IB	Wysbegeerte II	Hebreeus III
Wysbegeerte I	Bybelkunde II	Wysbegeerte III
Bybelkunde I		Bybelkunde III."

3. DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Kommissie beveel aan:

Die vakkeuse soos deur die Kuratorium voorgestel word aanvaar met dien verstande dat een van die derdejaarsvakke Grieks of Hebreeus sal wees. As Grieks III geneem word, moet Hebreeus II geneem word, en omgekeerd.

BESLUIT: 1. Die probleem insake die teologiese kursus word na die predikantevergadering verwys vir 'n konsep voorstel wat voorgelê sal word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat finaal daaroor sal besluit.

Die vergadering stem vir sewe lede van die Kuratorium.

Die volgende broeders is verkies:

Dr. L.M. le Roux, prof. C.H. Rautenbach, di. C.L. van den Berg, C.J.S. van Niekerk, G.J.J. Roos, dr. J.L. van Staden en dr. A.J.G. Dreyer.

Die Voorsitter word gelukgewens deur die vergadering met sy professoraat in Ou Testamentiese Wetenskap en sy benoeming tot Bybelvertaler.

BESLUIT: 1. By die benoeming van doserende personeel (anders as professore) sal voortaan die "toepaslike kwalifikasies" geld.

2. Die verslag van die Kuratorium word met dank teenoor die professore aanvaar.

XVI. DIE HEILIGE DOOP

A. ERKENNING VAN DIE DOOP VAN ANDER

Reeds afgehandel.

B. DOOPSBEDIENING BY DIE HUIS

1. BESKRYWINGSPUNTE

=XVI-1= "Aangesien artikel 88.2 van die Bepalings tot die Kerkwet in stryd is met die wese

van die/.....

van die sakramentsbediening en met die res van die Bepalings tot die Kerkwet, rig die Ring van Krugersdorp die versoek aan die Algemene Kerkvergadering dat hierdie artikel geskrap word." (Ring van Krugersdorp).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word aanvaar.

=XVI-2= "Die vergadering besluit: Dat artikel 88(2) van die Bepalings soos volg gewysig word:

Die bediening van die Heilige Doop by die huis op Sondae en in die week is slegs geoorloof indien die Kerkraad dit om wettige redes nodig ag." (Ring van Bloemfontein)

BESLUIT: Die beskrywingspunt verval.

C. BESPRENKELING

BESKRYWINGSPUNT =XVI-3= "Die Algemene Kerkvergadering toets die praktyk van doop deur besprenkeling aan die Heilige Skrif en gee voorligting." (Ds. J.J. Engelbrecht).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

D. ADVIES DEUR DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING GEGEE

1. DIE ONTSEGGING VAN DIE DOOP AS TUGMIDDEL

a. VRAAG

"By die toepassing van die tug word gevra waarom die Kerk slegs die ontsegging van die nagmaal as tugmiddel gebruik en waarom die gelykwaardige sakrament van die doop telkens afgewys word as tugmiddel. Die gewoonte van bygelowigheid waarteen die formulier waarsku word hiermee bevorder. Die opsig en toesig oor die leer en die lewe word deur hierdie laksheid tot niet gemaak. Waar daar geen lewende geloofslewe is nie, kan die Verbondsgedagte van die doop in elke geval nie tot sy regmatige ontplooiing by die gedoopte gebring word nie. Deur eensydig die Verbondsvoorreg van die doop te beklemtoon, word aan die doop 'n mistieke, verlossende krag toegeken wat volkome in stryd is met die uitleg van die kategismus."

b. ANTWOORD

"Terwyl dit vanselfsprekend is dat persone met wie onder die Opsig gehandel word of wat onder sensuur staan, nie tot die Sakrament van die Heilige Doop toegelaat sal word nie, kan

die/.....

die weerhouding van die Doop nie as tugmiddel gebruik word nie. Kerkrade moet noulettend opsig uitoefen sodat enige saak wat by opsig en sensuur tuishoort, al aandag ontvang sal hê voordat ouers hulself aanmeld vir die doop van hulle kinders."

Kennis geneem met instemming.

2. DOOP VAN VOLWASSENES

a. VRAAG

"By die invul van die doopregister word gevra of die name van die ouers van volwasse dooplede ingevul moet word. Dit skyn asof dit nie nodig is nie juis op grond van die verbondsgedagte. Hier is geen logiese voortsetting van die verbond nie."

b. ANTWOORD

"Aangesien by die doop van volwassenes daar geen doopbelofte van ouers ter sake is nie, is die inskrywing van name van ouers by die doop van volwassenes nie nodig nie."

Kennis geneem met instemming.

3. DOOPOUERS EN LIDMAATSKAP

a. VRAAG

"In die geval dat 'n kind voor doop gehou word waar net een van die ouers lidmaat is, staan altwee voor of net die een wie lidmaat is? Ek verbeel my daar was 'n paar jaar gelede 'n skrywe in Die Hervormer wat sê albei hou die kind voor Doop, omdat albei medeverantwoordelik is vir die opvoeding - volgens belofte afgelê.

Kan die Doop bedien word wanneer die Kerkraad nie oortuig is dat die ouers belydende lidmate is nie? Wat staan die mens te doen waar die attestate nie opgespoor kan word nie? Geld dieselfde reël ook vir immigrante wat beweer hulle is wel lidmate van een of ander kerk maar kan ongelukkig geen bewyse toon nie."

b. ANTWOORD

"Net belydende lidmate kan die belofte maak.

Die Kerkraad moet op die een of ander manier dit self vasstel. As geen skriftelike bewys van lidmaatskap bekom kan word nie, kan die Kerkraad besluit of hy 'n verklaring wil aanvaar dat die persone wel geloofsbelydenis gedoen het en daarop verder handel."

Kennis geneem met instemming.

4. DOOP VAN AANGENOME KINDERS

a. VRAAG

"Indien 'n kind voor doop gehou word deur enigiemand anders dan sy eie ouers, wie se naam verskyn in die register? Die geval waar ouers geskei is, of oorlede is en die kind word deur grootouers of voogde versorg."

b. ANTWOORD

"Die kind se ouers se name word aangeteken. Waar 'n kind aangeneem is, word die name van die ouers wat die kind aan= geneem het, ingevul."

Kennis geneem met instemming.

5. DOOPGETUIES BY VOLWASSENES

a. VRAAG

"Wanneer 'n persoon gedoop word na aflegging van geloofs= belydenis, is dit nodig dat die ouers se name ook gekry moet word - al is hulle nie lidmate nie? Moet daar ook getuies wees met die inskrywing van sy naam in die Register?"

b. ANTWOORD

"By die doop van volwassenes is dit nie nodig dat die ouers se name ingevul word nie. Getuies is nie nodig nie."

Kennis geneem met instemming.

XVII. DIE KATEGESE

A. GEWONE KATEGESE

1. PUBLIKASIE OOR KATEGESE

BESLUIT: Die Raad vir Kategese word versoek om vir een publikasie die studiestukke selektief saam te vat sodat dit beskikbaar sal wees om so die standpunt van die kerk met betrekking tot die kategetiese onderrig weer te gee.

2. KATEGETE DIPLOMAKURSUS

Met waardering is kennis geneem dat die kursus opgestel en in werking gestel is.

BESLUIT: 'n Dringende beroep word op alle kerkrade gedoen om by hulle kategete en kerkraadslede aan te dring om hierdie kursus te volg om hulle beter toe te rus vir hulle kategetiese taak.

3. LEERBOEKE VIR KATEGETIESE ONDERRIG

a. BYBELSE GESKIEDENIS

Die verskyning van die boek van die hand van prof. dr. J.I. de Wet en dr. L.M. le Roux voorsien in 'n groot behoefte.

Kennis geneem.

b. KERKGESKIEDENIS

Hierdie boek van prof. dr. A.D. Pont as verwerking van die vorige het ook sedert die laaste Algemene Kerkvergadering verskyn en voorsien eweneens in 'n groot behoefte.

Kennis geneem.

c. GELOOFSLEER

Die Werkgroep Kategese het kennis geneem van die volgende uit die verslag van die Raad:

"By die afgelope kongres oor die kategese en uit verskeie korrespondensiestukke is die vraag gestel oor nouer verband tussen die leerstof van die kategese en die belydenis van die Kerk en dat die geloofsleer uitgestel word tot by 'n laat ouderdom.

Na aanleiding hiervan het 'n stuk 'Katkisasiewerk' van dr. van der Westhuizen onder aandag van die Raad gekom: 'n stuk waarin hierdie verband vanaf 6 jaar tot op 16 jaar gehandhaaf word.

Nadat die Raad die verdienste van hierdie werkstuk ingesien het, is in samewerking met prof. B. Engelbrecht en dr. H.G. van der Westhuizen en ds. G. Velthuysen die volgende beginsel aanvaar:

i. Genoemde drie here sal gesamentlik 'n katkisasieboek, met dr. H.G. van der Westhuizen se boek: 'Katkisasiewerk' as basis vir die kerk saamstel in medewerking met die Raad.

Die gebruik van die boek sal strek vanaf 6 tot 16 jaar. Dit sal voorsien word van 'n oorsigtelike verklaring. Dit sal betyds voorgelê word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir opname in die agenda van die H.E. Algemene Kerkvergadering.

Indien hierdie boek aanvaar word, word die vraag gestel of die onderskeiding tussen 'gewone' en 'voorbereidende' kategese in die Kerkwet (artikels 91 en 92 van die Bepalings) nie kan verval nie en of artikel 91 nog nodig is.

Die/.....

Die bedoeling is om hierdie stuk in gebruik te laat neem in Januarie 1974. Intussen sal die lesrooster vir 1973 weer verskyn."

BESLUIT: 1. Dat die voorgestelde leerboek aanvaar word as die katkisasieboek van die Kerk wat die ou Kort Begrip en lesrooster sal vervang.

2. Dat aanbevelings en wenke deur lede van die vergadering in verband met die leerboek en implementering van die leerboek voor Junie 1973 aan die Raad vir Kategese gestuur word vir oorweging.

3. Die vergadering versoek prof. B.J. Engelbrecht, di. H.G. van der Westhuizen en C.G. Velthuysen om 'n kommentaar oor die Heidelbergse Kategismus te skryf wat sal dien as handboek vir die kategeet en katkisant en dat in hierdie kommentaar gebruik gemaak sal word van al die belydenisskrifte van die Kerk.

4. Die Kort Begrip sal vir die ouer kinders in gebruik bly totdat die huidige voorraad uitverkoop is en daarna word die Kort Begrip nie herdruk nie.

5. Die eerste gedeelte van die nuwe leerboek vir kinders onder 12 jaar word gereed gemaak vir 1974 en dit vervang die huidige lesrooster vanaf 1974.

6. Die gedeelte vir die katkisante word gereed gemaak en nadat die Kort Begrip uitverkoop is word dit in een band met die reeds genoemde eerste gedeelte uitgegee.

7. Die nuwe opdrag aan genoemde drie here vervang die opdrag aan prof. dr. B.J. Engelbrecht om 'n leerboek vir kategetiese onderrig te skrywe.

8. Die Bepalings tot die Kerkwet word as volg gewysig:

Artikel 90.2. voeg in na (d) 'n (e) wat lui:

"Kennis van en die oefening in die sing van Psalms en Gesange".

Artikels 91 en 92 verval.

9. Dat met die kerklike jaar soos volg rekening gehou sal word:

Eerstens waar daar by die tekskeuse vir

prediking/.....

prediking rekening gehou word met die kategese leerboek word daarop gewys dat daar geen slaafse navolging moet of hoef te wees nie.

Tweedens word daarop gewys dat die kerklike jaar rekening hou met die verskillende heils= gebeurtenisse rondom Christus en alle prediking is Christusprediking. Daarom behoort die nuwe indeling nie onoorkomelike probleme mee te bring nie.

Derdens word aan die hand gegee dat by die oggenddienste moontlik meer aandag aan die kategismus gegee kan word en by die aanddienste aan die kerklike jaar.

Vierdens word daarop gewys dat waar dit on= moontlik is om van die kerklike jaar af te wyk, dit nog steeds die taak van die ouers is om kragtens hulle doopbelofte hulle verantwoorde= likheid na te kom ten opsigte van die kategetiese onderrig van hulle kinders tuis minstens vir die betrokke Sondae ter sake.

10. Met die lesuiteensettings in DIE HERVORMER sal voortgegaan word volgens die indeling van die kategismus.

11. Dat rekening gehou word met 52 Sondae in die jaar, ook wat die stof vir die kategese betref en nie net met die Sondae wanneer daar nie skoolvakansies is nie.

12. Dank word betuig aan dr. H.G. v.d. Westhuizen wat die leerboek opgestel het asook aan prof. B.J. Engelbrecht en ds. G.C. Velthuysen vir hulle medewerking in hierdie verband.

13. Dank word betuig aan ds. J.H. Naude wat vir baie jare die opstel van die kategeserooster behartig het.

4. DIPLOMAS

BESLUIT: Uitreiking van diplomas as erkentlikheid vir getroue bywoning van die kategetiese onderrig word deur die vergadering afgewys.

5. BYBELKENNISEKSAMEN

Ondersoek is ingestel na die bestaan en voortbestaan van die Bybelkenniseksamen.

BESLUIT: 1. Die Bybelkenniseksamen sal bly in die Kerk tot tyd en wyl die Kerk wat opsig betref oor die

kategese/.....

kategese, SEKER is dat dit oorbodig geword het en

2. dit word aanbeveel dat elke plaaslike kerkraad van die Superintendent vir Kategese, na die eksamen, verslag sal ontvang en dat elke kerk= raad weer aan die ringsvergadering sal rapporteer oor die stand van die kategese sodat die betrokke opsighoudende vergaderings in hierdie verband hulle opsig beter kan behartig.

2. Dat daar nie meer diplomas ten opsigte van die Bybelkenniseksamen uitgereik sal word nie.

B. VOORTGESETTE KATEGESE

1. HANDLEIDINGE

Die Werkgroep Kategese het kennis geneem van die feit dat hier= die Raad nog besig is met praktiese handleidinge vir byvoor= beeld huwelikskategese, doopkategese, kerkraadskategese en gemeente-aande.

BESLUIT: Dat die Raad voortgaan met die werk en dit so= gou doenlik afhandel.

2. PUBLIKASIES EN KERKRAADSLEDE

BESLUIT: Dit word aanbeveel dat by kerkraadsbevestiginge die boekie "WOORD EN DIENS" deur prof. B.J. Engelbrecht aan alle nuwe kerkraadslede geskenk sal word en dat by 'n gesprek met nuut-bevestig= de kerkraadslede benewens hierdie boekie ook die volgende gebruik sal word:

BRANDWAGTE VAN GOD deur prof. dr. P.S. Dreyer
en
DIE AMP VAN DIE DIAKEN deur prof. dr. B.J. Engelbrecht.

XVIII. DIE OPENBARE BELYDENIS VAN DIE GELOOF

A. TOELATING

BESKRYWINGSPUNT =XVIII-1=

"Die vergadering oorweeg of daar nie by die toelating tot openbare geloofsbely= denis ander of aanvullende bepalings moet wees as net 'n sekere ouderdomsgrens en parate kennis van voorgeskrewe werk vir kategese nie."
(Gemeente Alberton-Wes).

Die/.....

Die 1970 Algemene Kerkvergadering het besluit (bladsy 214 van die notule):

> "Die huidige bepaling in die Kerkwet word gehandhaaf maar daar moet toegesien word dat ouderdom nie die maatstaf tot toelating sal wees nie maar bekwaamheid en gereedheid ongeag die ouderdom."

Die woorde "gereedheid" is 'n samevatting van die voorstel van die Werkgroep vir Kategese wat voor die vergadering gedien het en as volg beantwoord was:

> "dat die ondervraging in die openbaar sal geskied en dat nie alleen op die feitekennis gelet sal word nie maar ook op die lewensvorming en gesindheid van die voornemende belydende lidmate."

BESLUIT: Die besluit van die 1970 Algemene Kerkvergadering word herbevestig.

B. "WEGWYSPRAKTYK"

BESLUIT: Die vergadering spreek hom uit teen die "wegwyspraktyk" by finale jaar katkisante. Kerkrade het kerkregtelik die bevoegdheid om mense te laat katkiseer tot hulle bevrediging. Katkisasietydperke kan alleen deur kerkrade VERLENG word waar onbevredigende voorbereiding geskied het.

C. BEVESTIGING

BESLUIT: Dat die woorde "aanneming en bevestiging" verwang word met "toelating tot" en "aflegging van die openbare belydenis van geloof".

DIE VERGADERING VERDAAG VIR MIDDAGETE.

XIX. DIE HEILIGE NAGMAAL

A. UITNODIGING TOT DIE NAGMAAL

1. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die volgende beskrywingspunte het voor die 1970 Algemene Kerkvergadering gedien:

> "Die grootste aandag en nougesetheid word gegee aan die Sakrament by die bediening van die Heilige Doop naamlik indien iemand van 'n ander gemeente 'n kind wens te doop by 'n ou gemeente word daar 'n dokument of brief vereis om te toon dat die betrokke lidmate in goeie gesindheid en verhouding staan by hulle eie gemeente. Maar by die

gebruik/.....

gebruik van die Sakrament van die Heilige Nagmaal word daar vryelik uitgenooi almal van ons Susterkerke wat nie by hulle eie gemeentes onder die tug staan nie, maar watter sekerheid het die Eerwaarde Kerkraad en die Dienaar van die Woord dat die besoekende gaste van el= ders wat gaan aansit aan die tafel van die Nuwe Verbond wel in goeie gesindheid by hulle eie gemeentes staan. (ZWARTRUGGENS)."

Daaroor is besluit:

"Die vergadering verwys die hele probleem insake die uitnodiging tot die nagmaal na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir grondige bestudering - ook in samehang met die vereistes rondom die doop - sodat 'n rapport aan die volgende Algemene Kerkvergadering voorgelê kan word."

2. DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die aange= leentheid verwys na die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte met die versoek om die rapport vir die Algemene Kerkvergadering gereed te maak.

3. DIE RAAD VIR BELYDENIS EN LITURGIESE GESKRIFTE

Die aangeleentheid is nog nie afgehandel deur die Raad nie en die vergadering word gevra om die opdrag te kontinueer.

BESLUIT: Kennis geneem en die opdrag word gekontinueer.

B. ADVIES DEUR DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING GEGEE

1. LEES VAN FORMULIER

a. VRAAG

Wanneer by die eerste tafel aangesit word, word dit nie van die predikang verwag om die seën te vra nie? Dit is tog 'n ou gebruik in die Hervormde Kerk. Na die laaste tafel bedien is, kan die predikant sommer afsluit met gebed, of moet hy hom bepaal soos voorgeskryf, byvoorbeeld na die bediening lees Psalm "Loof die Here o my siel ...."

b. ANTWOORD

"Wat nie in die formulier staan nie, moet gelaat word. Die formulier moet in sy geheel gelees word."

Kennis geneem met instemming.

2. FORMULIER EN LAASTE TAFEL

a. VRAAG

i. Moet die deelnemers aan die laaste nagmaalstafel

bly/.....

bly sit totdat die erediens afgesluit is, óf moet ná die laaste tafel weer teruggekeer word na die gemeentebanke?

ii. Moet die paragraaf in die formulier net voor die uit= deling van die nagmaalsbrood en -wyn van die kansel gelees word, óf moet dit by die tafel voorgelees word?

b. ANTWOORD

Wat die deelnemers by die laaste tafel betref is daar nie 'n vaste reël nie maar die mees gebruiklike is dat hulle aan die tafel bly tot na die seënbede by die afsluiting van die diens.

Wat die lees van die formulier betref is daar nie 'n vaste reël nie, maar in die meeste gevalle word die laaste deel van die formulier aan die tafel gelees.

Kennis geneem met instemming.

C. WISSELFORMULIER

Afgehandel.

XX. DIE OPSIG, TOESIG EN TUG

A. OOR DIE LIDMATE

1. LIDMAATSKAPBEWYSE TYDENS TUGONDERSOEK EN TUGTOEPASSING

a. LIDMATE VERHUIS EN TUGHANDELING

i. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die volgende besluit is tydens die 1970 Algemene Kerk= vergadering geneem:

> "Dat die probleem van tughandeling teen lidmate van 'n gemeente wat reeds verhuis het na 'n ander gemeente of na 'n ander kerk verwys word na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir volledige studie en bevinding en advies aan die gemeentes.

ii. KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het prof. dr. B.J. Engelbrecht gevra om hieroor advies uit te bring. Dit word aan die beoordeling van die vergadering voorgelê deur die Kommissie, wat dit aanvaar het.

Die/.....

Die advies lui:

"Drie moontlikhede duik hier op:

(a) Indien die tughandeling nog nie af= gehandel was nie en die lidmaat vertrek na 'n ander gemeente, dan moet alles moontlik gedoen word om dié saak eers in die oorspronklike gemeente afgehandel te kry. Fisies kan daar egter probleme ontstaan as die betrokke gemeentelid byvoorbeeld 1 600 km ver verplaas word en nie redelikerwys by die ondersoeksvergadering kan opdaag nie. Dan sal die kerkraad óf inligting met die oog op opsig óf 'n formele klag aan die laaste ge= meente deurstuur.

(b) Indien die lidmaat oorgaan na 'n ander kerkverband en dit is fisies vir hom moontlik om die verrigtinge by te woon, dan word die saak afgehandel volgens die aanbeveling van die Raad vir Regsadvies soos deur my saamgevat in die vorm by punt b.iii (sien bladsy 200). As hy egter verplaas word en die verrig= tinge nie kan bywoon in die Nederduitsch Hervormde gemeente nie en hy te kenne gee dat hy na 'n ander kerkgenootskap oor wil gaan, dan word die bewys van lidmaatskap soos onder iii. op bladsy 200 genoem, uitgereik, maar dan net met die mededeling dat hy onder artikel so-en-so aangekla staan, maar vóór die afhandeling van die saak vertrek het en redelikerwys nie die verhoor meer kan bywoon nig.

(c) Indien so 'n lidmaat reeds vertrek het na 'n ander gemeente van ons Kerk en nou word sekere dinge teen hom/haar uitgevind, dan kan hy nie meer in sy 'eerste' gemeente aangekla word nie, want kerkregtelik val hy nou onder sy 'nuwe' gemeente. Dan sal die prosedure wees dat gemeente A gemeente B inlig oor sake wat A van dié lidmaat (nou van B) ver= neem het en dan moet B. handel. Indien dié lidmaat alreeds na 'n ander kerk vertrek het, sal sy laaste Nederduitsch Hervormde gemeente moet oorweeg of hulle by sy nuwe kerk 'n klag wil gaan lê of inligting wil voorlê of liewer maar wil swyg. Dit is 'n vraag of Hervormers 'n klag teen 'n nie-Hervormer by sy kerk= raad kan of moet indien."

Kennis geneem met instemming.

b. BEWYS VAN LIDMAATSKAP

i. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die volgende besluit is tydens die 1970 Algemene Kerk= vergadering geneem:

"Ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n

bewys/.....

bewys van lidmaatskap op te stel wat ook 'n mede= deling sal bevat oor die leer- en lewenswandel van die betrokke lidmaat (vir oorgaan na ander kerke)."

ii. RAAD VIR REGSADVIES

Die volgende advies van die Raad vir Regsadvies is aanvaar:

"Die Raad is van opinie dat die bestaande bewys van lidmaatskap voldoende is. Indien die pre= dikant van die kerk waarheen die lidmaat vertrek meer van hom wil weet kan hulle navraag doen. Indien die vertrekkende lidmaat 'n kerklike getuig= skrif verlang kan hy 'n gewone bewys van lidmaat= skap kry met 'n begeleidende brief daarby.

Die Raad beveel dus nie 'n ander vorm aan nie maar indien die kerkraad graag 'n positiewe mededeling wil doen, kan dit per brief geskied."

iii. PROF. DR. B.J. ENGELBRECHT

In sy ondersoek het prof. Engelbrecht hierdie saak ook aangesny en sy advies deur die Kommissie aanvaar lui:

"Ek volstaan by die aanbeveling van die Raad vir Regsadvies (op bladsy 219, notule Algemene Kerk= vergadering 1970). Belangrik is die sinsnede 'indien so geoordeel'. Hieruit vloei voort dat die inisiatief altyd by die kerkraad lê. Indien die tug wel toegepas word, lyk dit die beste om gewoonweg die vorm van die bewys van lidmaatksap soos volg te gee: 'N. was lidmaat van die Neder= duitsch Hervormde Kerk, gemeente N., tot op ..... (datum). Op ..... (datum) is hy/sy onder sensuur geplaas onder artikel (nommer van artikel én siteer die artikel).
Geteken deur .....N..... namens die Kerkraad van die Nederduitsch Hervormde gemeente van .....".

Die aanbeveling van die Raad vir Regsadvies waarna hy verwys lui:

"Op die vraag van 'n kerkraad of hy wettiglik ver= plig is om 'n bewys van lidmaatskap af te gee op aanvraag, en of 'n endossement op die bewys van lidmaatskap aangebring kan word, het die Raad vir Regsadvies soos volg geantwoord:

Dat die kerkraad geadviseer word om 'n skrywe aan die betrokke lidmaat te rig waarin hy meegedeel word dat die kerkraad nie onwillig is om sy bewys van lidmaatskap af te gee nie, maar aangesien hy

lidmaat/.....

lidmaat van die Kerk is, hulle met hom 'n gesprek wil voer en hy word dan opgeroep vir die gesprek.

Indien hy nie gehoor wil gee nie, word hy aangekla omdat hy nie vir die gesprek opgedaag het nie en indien skuldig, onder tug geplaas, indien so ge= oordeel. Die bewys van lidmaatskap kan dan saam met die bevinding aan die lidmaat oorhandig word."

Verder rapporteer prof. Engelbrecht:

"Wat die beskrywingspunt XX-1 op bladsy 220 van die notule van die Algemene Kerkvergadering van 1970 betref, die volgende (al het dié beskrywings= punt verval)"

(Die beskrywingspunt het gelui:

Die vergadering dra aan sy Kommissie op om aan 'n stu= diekommissie op te dra om die volgende aangeleentheid te ondersoek: om 'n bepaling in die Wet en Bepalings op te neem wat 'n kerkraad die reg sou gee om 'n bewys van lidmaatskap te weier indien daar teen 'n persoon 'n klag gelê is of indien 'n persoon onder tug geplaas is, totdat die klag afgehandel of die tug opgehef is, sonder om deur 'n prokureur of wêreldhof gedwing te word om 'n bewys van lidmaat aan sodanige persoon af te gee. (RING VAN TRICHARDTSFONTEIN)).

Advies van prof. Engelbrecht (vervolg):

"Dit is 'n vraag of 'n mens 'n bewys van lidmaat= skap moet weier. Eintlik moet die saak afgehandel word (selfs al wil die lidmaat of ampsdraer nie op= daag nie) en dan word die lidmaatskap se bewys soos onder iii. reeds aanbeveel, uitgereik. Of daar ooit 'n bepaling gemaak kan word op so 'n wyse dat so 'n persoon nie na die wêreldlike hof kan/mag gaan nie, is te betwyfel. Dit is die basiese burgerlike reg van enigiemand om na die hof te gaan indien hy/sy meen dat hy/sy verontreg of belaster is. Aan die ander kant betwyfel ek ook die saak of enigiemand die Kerk kan dwing om óf 'n attestaat óf 'n bewys van lidmaatskap te oorhandig. Die attestaat is 'n getuigskrif (en nie iets wat die lidmaat onvervreembaar <u>besit</u> nie) en die bewys van lidmaatskap is die konstatering van 'n histo= riese feit. In albei gevalle glo ek nie dat die Kerk gedwing kan word om één van die twee feite te konstateer nie."

Ten slotte sê prof. Engelbrecht:

"Met punt 3 op bladsy 220 van die notule Algemene Kerkvergadering 1970 stem ek heelhartig saam."

Dit het/.....

Dit het gelui:

> "Op die vraag of 'n gesensureerde lidmaat of 'n ampsdraer wat afgesit is en wat na 'n ander kerk oorgaan, deur so 'n handeling ophou om onder die tug van die Kerk te verkeer, en derhalwe vanweë sy lidmaatskap van die ander kerk sekere voorregte by die Hervormde Kerk kan geniet, het die Raad vir Regsadvies geantwoord dat die persoon onder die tug van die Hervormde Kerk bly, ook al sou die kerk waarheen hy vertrek nie die tug oor die persoon handhaaf nie. Die kerkregtelike tug kan dus nie ontduik word deur die kerk na 'n ander kerk te verlaat nie."

BESLUIT: Die advies word aanvaar.

c. ALGEMEENGELDENDE GETUIGSKRIF

i. DIE 1970- ALGEMENE KERKVERGADERING

Die 1970- Algemene Kerkvergadering het besluit om -

> "Ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n algemeen-geldende getuigskrif op te stel vir die gebruik deur lidmate wat dit vir werksomstan= dighede nodig het. Hierdie getuigskrif moet deur die Kerkraad uitgereik word."

ii. ADVIES VAN DIE RAAD VIR REGSADVIES

Die volgende advies van die Raad vir Regsadvies is aan= vaar:

> "Die Raad vir Regsadvies het bevind dat om 'n 'algemeengeldende getuigskrif' op te stel wat deur die Kerkraad uitgereik word' soos deur die Algemene Kerkvergadering gestel, nie prakties is nie omdat:
>
> . getuigskrifte in die reël dadelik vereis word en Kerkrade slegs periodiek en soms een keer per kwartaal vergader.
>
> . die terrein waaroor 'n getuigskrif deur werk= nemers uit kerklike hoek verlang word is: bekend= heid van die persoon aan die predikant, soberheid, eerlikheid en inbors.
>
> . die Kerkraad as liggaam van persone, kan onmoont= lik 'n positiewe getuigskrif uitreik. Hulle kan nie (dit wil sê met die onderskrywing van elke lid van die Kerkraad) sê dat die aansoeker aan hulle almal bekend is nie (dan sal net enkeles op die platteland getuigskrifte kan kry en in die

stede/.....

stede sal dit seldsaam wees dat die hele Kerk= raad kan sê dat die persoon aan hulle bekend is.)

Hierdie implikasie sal die waarde wat aan 'n getuigskrif geheg word baie verlaag want dié leser daarvan sal weet dat dit bloot formele waarde het. 'n Kerkraad kan dus hoogstens 'n negatiewe of passiewe getuigskrif uitreik soos byvoorbeeld deur te verklaar dat hulle van niks weet wat sy soberheid, eerlikheid of inbors be= vraagteken nie.

Die Raad wil aanbeveel dat hierdie soort getuig= skrif deur die predikant geskryf moet word en dat dit eerlik sal geskied en dat predikante die moed moet hê om óf te skryf wat hy oortuig van is óf te weier om 'n getuigskrif te gee. Hierdie ver= antwoordelikheid rus nou maar eenmaal op 'n openbare figuur soos 'n predikant.

Wanneer 'n predikant nie met die aanvraer van 'n getuigskrif bekend is nie maar tog in verleentheid is om een uit te reik, kan hy navraag doen en dan die getuigskrif aanhef met byvoorbeeld: 'Hiermee verklaar ek dat ek 'NN' nierpersoonlik goed ken nie maar na getuienis wat ek op navraag ingewin het blyk die volgende....'"

BESLUIT: Die advies van die Raad word aanvaar.

2. OORGANG NA SEKTES EN DIE OPSIG

a. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Algemene Kerkvergadering van 1970 het kennis geneem van die volgende ondersoek wat ingestel is (lees die notule van die 1970- Algemene Kerkvergadering, bladsye 220-222):

"Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het ondersoek laat instel na die vraagstukke rondom die oorgaan van lidmate na sektes.

Die kommissie wat hiervoor genoem is, bestaande uit oudl. J.C. Oelofse (voorsitter), prof. B.J. Engelbrecht (sekretaris), ds. J.G.M. Dreyer en prof. J.I. de Wet met prof. F.J. van Zyl as gekoöpteerde lid, rapporteer as volg:

i. Die eerste taak is: Hoe beskou ons die Sektes?

Die vergadering voel, na breedvoerige bespreking, dat alle sektes één of ander punt het waarin hulle radikaal verskil van die bybelse geloofs= inhoud en leer van die Kerk. Hulle beskou

hierdie/.....

hierdie punt as van sodanige kardinale belang en volhard so daarin dat hulle daaroor wegbreek van die Kerk. Omdat hierdie punt 'n 'geloofspunt' is, 'n punt van die 'leer', daarom beskou die Kerk die aanhang van 'n sodanige standpunt as 'kettery'. Die vraag is: Hoe staan die Kerk teenoor 'ketter= ry'? Die antwoord is: Indien die Kerk daarvan oortuig is dat 'n lidmaat 'n keuse maak (in woord en daad) ten gunste van 'n kettery, dan moet daar die verskillende trappe van kerklike tughandeling volg.

ii. Die tweede saak is: Erken ons die doop van die sektes en indien ons die doop van die sektes erken, erken ons hulle nie as 'n Christelike Kerk en moet ons dan nie maar die hele res van hulle bediening erken nie?

iii. Die derde vraag (wat aansluit by die einde van punt i. hierbo) is: Watter stappe van kerklike tughandeling moet geneem word teen mense wat (deur byvoorbeeld onafhanklike keuse óf huweliksluiting) na die sektes (of ook byvoorbeeld na die Rooms Katolieke Kerk) oorgaan?

Die Kommissie antwoord soos volg:

Hierdie kerklike tughandeling sal die hele register van die kerklike pastoraat insluit. Dit sal baie gesprekke en voorligting (en ook selfondersoek van die Kerk waarom en in hoeverre die Kerk in hierdie geval in sy taak te kort gekom het) met eindelose geduld insluit, maar in ekstreme gevalle waar die persoon wel bewus die algenoegsaamheid van die heilswerk van Christus aantas of loën, sal die uiterste middel naamlik die kerklike ban moet kom.

Die kommissie wil dit beklemtoon dat die formulier van die ban altyd saam gesien moet word met die formulier van die wederopneming, dit wil sê die formulier van die ban het ten doel om hierdie persoon weer terug te bring in die gemeenskap van die Kerk. Daarom sal die pastorale arbeid ook met so 'n persoon, so ver dit enigsins moontlik is, moet voortgaan.

iv. Die vierde saak waaroor hierdie Kommissie gehandel het, is: Watter prosedure die Kerk moet volg in die geval waar iemand van die Sektes na die Kerk wil terugkom.

Die Kommissie antwoord:

. Indien iemand wat eintlik nooit of vir 'n baie lang tyd nie onder die bearbeiding van die Kerk was

nie/.....

nie (soos iemand wat in die sektes groot geword het), sal so 'n persoon gewoonweg die weg van katkisasie en geloofsbelydenis moet deurloop.

. Indien iemand oorgegaan het na die sektes en weer tot die Kerk wil terugkeer sal hy in die lig van bogenoemde (i) óf slegs onder die tweede trap van sensuur wees of (ii) onder die ban wees. In albei hierdie gevalle sal daar 'n grondige pastorale gesprek moet plaasvind. Indien die Kerkraad tevrede is, sal in die eerste geval die sensuur gewoonweg opgehef word en in die tweede geval sal geen ander handelinge plaas= vind behalwe dat gebruik gemaak sal word van die formulier van die wederopneming in die kerk. Hierby moet in gedagte gehou word dat indien iemand onder die tweede trap van sensuur geplaas is (èn wanneer dié sensuur opgehef word), die gemeente tydens die openbare erediens daarvan kennis moet neem.

v. Die Kommissie voel saam met die Raad vir Regsad= vies dat daar geen wetlike verpligting op die Kerkraad rus om 'n bewys van lidmaatskap uit te reik aan persone wat byvoorbeeld na die sektes wil oorgaan nie. In die lig van bogenoemde voorgestelde prosedure verval hierdie saak."

b. BESKRYWINGSPUNTE

=XX-1= "Die Algemene Kerkvergadering besin weer oor die optrede teenoor die sektes. Wanneer die tug konsekwent toegepas word en dit moet uitloop op die ban, ontstaan die kwelvraag of die Kerk by= voorbeeld vir 'n persoon wat oorgaan na die Apostoliese Geloofsending kan sê: Jy is uitgesluit uit die Koninkryk van God."
(Ring van Trichardtsfontein).

=XX-2= "Die besluit van die Algemene Kerkvergade= ring van 1970 rakende die sensurering en uitbanning van lidmate, wat by sektes aansluit, word hersien."
(Ds. J.J. Engelbrecht snr.))

c. VERSLAG VAN PROF. B.J. ENGELBRECHT

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het prof. dr. B.J. Engelbrecht versoek om die besluite van die 1970 Alge= mene Kerkvergadering weer Skriftuurlik en dogmaties goed na te gaan en hieroor verslag te doen.

Sy verslag deur die Kommissie aanvaar lui:

"Ek stem/.....

"Ek stem nog grondig saam met die Kommissierapport soos op bladsy 220-222 van die notule van die Algemene Kerkvergadering van 1970 (hierby weergegee).

i. Een saak is daarin egter nie eksplisiet beantwoord nie en dit was punt ii. aangehaal, naamlik as ons die doop van die sektes erken erken ons hulle dan nie as Christelike Kerk en daarmee die res van hulle bediening nie? Dit is 'n ingewikkelde dogmatiese probleem wat alreeds vroeg in die Kerk rondom die probleem van die sogenaamde ketterdoop ontstaan het. Miskien is die duidelikste antwoord 'n bloot praktiese een (wat natuurlik gegrond is op die hele reformatoriese doopsleer) en dit is: Die reformatore het wel die Roomskatolieke doopsbediening erken, maar as hulle daarmee die Roomskatolieke as 'n Christelike kerk (en bygevolg hulle hele bediening) erken het, sou daar nooit 'n reformatoriese kerk ge= wees het nie. Bloot die bestaan van die reformatorie= se kerk toon dat die erkenning van die doop van 'n sekere groep nie noodwendig impliseer dat ons hulle as egte Christelike kerk erken en daarmee saam die res van hulle bediening nie.

ii. Graag wil ek weer eens op die bewoording van die betrokke rapport onder c. op bladsy 221, notule van die Algemene Kerkvergadering van 1970 attent maak (aangehaal punt ii op die vorige bladsy van die agenda). Daar kom die ban slegs in sig 'in ekstreme gevalle waar die persoon welbewus die algenoegsaamheid van die heilswerk van Christus aantas of loën.' Soos ook blyk uit die prosedure wat die Kerk volg wanneer iemand uit die sektes wil oorkom, of terugkom, word daar dus duidelik diskresie aan die plaaslike kerk= raad gegee of hulle oordeel dat dit 'n ekstreme geval is waar die ban toegepas moet word al dan nie."

BESLUIT: Die advies van prof. Engelbrecht word aanvaar.

B. OOR AMPSDRAERS

1. HUISBESOEK VAN PREDIKANTE

a. DIE 1970 ALGEMENE KERKVERGADERING

Die vergadering het besluit om die Kommissie van die Alge= mene Kerkvergadering te versoek om reëlings te tref vir 'n omvattende ondersoek na huisbesoek.

b. VERSLAG

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Raad vir Herderlike Sorg versoek om 'n studie te maak.

In soverre as wat die studie afgehandel is, het die

vergadering/.....

vergadering reeds daaroor gehandel.

Kennis geneem.

2. RINGSVERSLAE

Volgens die ringsverslae word nie onoplosbare probleme onder= vind met die opsig oor ampsdraers nie. Dieselfde kan gesê word van die optrede van die Kommissie van die Algemene Kerk= vergadering by die uitoefening van sy opsigtaak.

Kennis geneem.

C. OOR AMPTELIKE VERGADERINGE

Die ringsvergaderinge in hul opsig oor kerkrade, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in sy opsig oor ringsvergaderinge het geen onafgehandelde of onoplosbare probleme ondervind nie. Deur kerkvisitasies en besoeke van die Kommissie van die Algemene Kerk= vergadering aan ringsvergaderinge word deur persoonlike kontak 'n goeie verstandhouding geskep tussen die onderskeie liggame.

Kennis geneem.

XXI. DIE HUWELIK

A. HUWELIKSGEBOOIE

1. DIE 1970-ALGEMENE KERKVERGADERING

Die vergadering het kennis geneem van die standpunt van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, naamlik:

> "Die Kommissie het die mening uitgespreek dat die Kerk graag die gebruik van afkondiging van huweliksgebooie sal wil behou ten einde daarmee die voorgenome beves= tiging van huwelike tot die openbare kennis van die gemeente te bring."

Die Algemene Kerkvergadering het besluit:

> "Die vergadering stem in met die mening van die Kommissie en versoek die Kommissie om die gemeentes hieroor te adviseer, ook wat die aantal afkondigings betref."

2. VERSOEK AAN KERKRADE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het Kerkrade versoek om die huweliksgebooie op twee agtereenvolgende Sondae af te kondig.

Verder is besluit om die huidige afkondigingsboeke nie te herdruk nie maar om by die herdruk van die konsistorieboeke

voorsiening/.....

voorsiening te maak vir die aantekening van gemeentelike afkondigings en daaronder ook van huweliksgebooie.

BESLUIT: Dat die gebooie net eenmaal afgekondig sal word.

B. NUWE HUWELIKSWET

Huwelike word tans bevestig volgens die bepalings van die nuwe Huwelikswet.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het aan alle huweliksbevestigers 'n aanbeveling gestuur oor 'n doeltreffende wyse waarop die nuwe bepalings met die huweliksformulier gekoördineer kan word.

BESLUIT: Dat artikel 5.v.(ii) van die Bepalings gewysig word in die lig van die gewysigde Huwelikswet.

C. OUDERDOM BY HUWELIKE

1. ADVIES

Die Staatskoerant van 17 Julie 1970 het kennis gegee van voorgenome wetgewing waardeur meisies van 15 jaar toestemming verleen word om te trou sonder toestemming van die Minister van Binnelandse Sake.

Die volgende advies van die Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke is aanvaar vir deursending aan die Parlementêre groep van Hervormde lidmate:

a. STATISTIEKE

AANSOEKE	MEISIES ONDER 16	SEUNS ONDER 16
1966	193	70
1967	152	80
1968	178	65
1969	183	88
TOTAAL	706	303
TOTALE AANTAL AANSOEKE 1 009		
TOEGESTAAN	461	205
TOTAAL 666		
GEWEIER OF TERUGGETREK 343		

Ongehude/.....

Ongehude moederskap is die grootste rede vir sulke aan= soeke.

b. Ons beskou 'n 16-jarige dogter volkome onvolwasse om moederskap te aanvaar.

c. Die moontlikheid dat huwelike van dogters onder 16 jaar slaag is baie gering. Ons wil eerder verhoed dat sulke huwelike plaasvind.

d. Kinders in 'n gedwonge huwelik word baie maklik op die ou end die staat se verantwoordelikheid, byvoorbeeld in weeshuise.

e. Ons gedagtegang is dat die Minister onder die huidige wetgewing eerder strenger moet wees deur minder toestem= ming te gee en dat die Minister nooit toestemming behoort te gee as die ouers nie toestemming wil gee nie.

f. Ons aanvaar die verantwoordelikheid van die ouer dat hulle in die eerste plek die gesag moet uitoefen. Maar in gevalle waar dit nagelaat word behoort die staat met wet= gewing in te tree.

g. Ons onderskryf ten volle die wetgewing wat bepaal dat om= gang met 'n dogter onder 16 jaar strafbaar is. Die voorgestelde nuwe wetgewing (indien dit sou deurgaan) sal in stryd daarmee wees.

h. Die ondervinding leer dat dogters, omdat hulle uit die huis wil kom of skool wil verlaat, doelbewus swanger raak. Met die moontlike verlaging van die ouderdom word dié probleem nog groter.

i. Onder die omstandighede waarin ouers albei werk - waardeur verskeie ander maatskaplike probleme ontstaan - is die huidige wet eerder noodsaaklik.

2. ANTWOORD

Die Sekretaris van die groep het geantwoord:

"Die statistieke wat u in die memorandum noem, is aan ons be= kend. Daar bestaan egter ander oorwegings wat ons nie oor die hoof mag sien nie:

a. Daar bestaan geen statistieke wat sonder twyfel bewys dat 'n sestienjarige dogter volkome onvolwasse is om moeder= skap te aanvaar nie. In ons volksgeskiedenis is daar honderde gevalle van 16-jarige bruide wat met groot welslae huwelike aangegaan het. Aan die ander kant is daar vandag duisende huwelike van dogters oor die 21 jaar wat op die rotse loop.

b. Die wetgewing wat so pas deurgeloods is neem nie die basiese reg van die ouer weg om toestemming vir die huwelik

van hul/.....

van hul dogter te weier voordat sy die ouderdom van 21 jaar bereik het nie. Dit bepaal slegs dat bo en behalwe die toestemming van die ouers die Minister van Binnelandse Sake ook sy toestemming moet gee solank die dogter onder die ouderdom van 15 jaar is. Met ander woorde, met die besef dat die Minister toestemming kan weier wanneer die dogter onder 16 jaar was, het die ouers dikwels (soos die Minister in die Parlement aangetoon het), hul verantwoorde= likheid ontsnap deur toestemming te gee en dan agteraf aan die Minister geskryf om nie sy toestemming te gee nie sodat die huwelik deur die mat kon val. Met ander woorde, ouers het agter die bevoegdheid van die Minister probeer skuil pleks om hul eie verantwoordelikheid na te kom. Nou word, soos in die geval van dogters tussen 17 en 21 jaar, die volle verantwoordelikheid vierkantig op die skouers van die ouers geplaas, in die geval van 16-jariges.

c. Dit is korrek dat die grootste rede vir aansoeke van dogters van 12 jaar tot 16 jaar om tot die huwelik toe te tree, ongehude moederskap is. Die aantal aansoeke van 12, 13, 14 en 15-jariges wat gedurende die jaar ontvang is, is deur die Minister in die Parlement genoem. In die geval van 15-jariges is die syfer besonder hoog. Die tragedie van die saak is egter dat om klaarblyklike redes min aansoeke ooit deur die Minister geweier word. Wat die tragedie vergewis, is dat die proses om die Minister se toestemming te verkry soms so lank neem dat die baba al gebore is voordat die toe= stemming verkry kon word. Vir ander was dit net 'n kwessie van 'n paar maande voordat sy 17 jaar sou word en is die toe= stemming van die Minister nie meer nodig nie. Die tragedie gaan dus voort of die Minister sy toestemming gee of nie.

Persoonlik meen ek dat ons hier te doen het met 'n tragiese verhaal van die moderne permissiwiteit wat ons nie deur wetgewing sal kan regstel nie. U meld in u memorandum van dogters wat doelbewus swanger word om uit die huis of uit die skool te kom. Ons sal hulle nooit met wetgewing keer nie. Al sou die Minister sy toestemming deurgaans weier (wat hy nou in elk geval nie doen nie) sal die tragedie nog voortgaan. As ons hierdie bose sweer uit ons samelewing wil weer, moet ons die kapmes by die wortels van die kwaad inlê. Daar het elke owerheidsgesag sy taak - die Staat, die Kerk, die gemeenskap en selfs die ouer."

Kennis geneem.

D. ADVIES VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

1. HUWELIK AS EREDIENS

a. VRAAG

"Ten opsigte van die huwelik is die ringsvergadering dit eens dat indien die huweliksbevestiging met die gebruik= making van die formulier daarvoor bestem, sonder die

elemente/.....

elemente van Wet en Belydenis plaasvind, dit geen werklike erediens is nie."

b. ANTWOORD

"Die Ring word meegedeel dat die elemente van Wet en Belydenis nie konstitutief is vir alle eredienste nie. Belangrik is dat bediening van die Woord sal plaasvind en dat die huwelik daarom ook as 'n erediens beskou moet word."

Kennis geneem met instemming.

2. TROUMARSE

a. VRAAG

"Wat is ons Kerk se standpunt met betrekking tot troumarse (ook dodemarse)?"

b. ANTWOORD

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte gevra om hom hieroor uit te spreek. Die advies word afgewag.

Kennis geneem met instemming.

E. DRAG BY HUWELIKE

BESKRYWINGSPUNT =XXI-1= "Die Algemene Kerkvergadering neem standpunt in ten opsigte van die sg. modernistiese neigings by huweliks= bevestigings veral ten opsigte van die kleredrag. Die mense word na die huweliksbevestigings uitgenooi en daar staan op die kaartjie: Drag - formeel. Met hierdie formele drag word die ere= diens dan bygewoon en soms is dit kleredrag wat mens nie graag by 'n erediens sou wou aantref nie." (Ring van Trichardtsfontein).

BESLUIT: Dat die saak as 'n huishoudelike aangeleentheid van elke gemeente beskou word en dat die Kerkraad ooreenkomstig die Kerkwet en Bepalings moet handel.

XXII. DIE KERKLIKE GOEDERE

Die Raad van Finansies het die eer om die volgende op die agenda te plaas:

A./.....

A. SAMESTELLING

Di. A. Ras (Voorsitter), G.P.J. Grobler (vise-Voorsitter), A.J. Nolte, P.M. Smith, W.F.H. Huyzers, H.J. Geyser, prof. P.W. Hoek en mnre. B. Pickard en P. Bentum. Die Administrateur is amps= halwe Skriba.

Kennis geneem.

B. FINANSIëLE STATE

1. STATE

a. Die Balansstaat soos op 31 Desember 1972.

b. Balansstate wat die stand van afsonderlike bates en finan= sieringsbronne aantoon soos op 31 Desember 1972.

c. Inkomste-en-Uitgawerekeninge vir die drie jaar geëindig 31 Desember 1972.

Kennis geneem.

2. BATES EN LASTE

Die bate het toegeneem met R1 122 929 en het op 31 Desember 1972 R3 653 966 beloop.

Die laste het toegeneem met R957 155 en staan op 31 Desember 1972 op R2 502 293.

Die totaal van die Opgehoopte Fondse beloop dus R1 151 673 soos op 31 Desember 1972 teenoor R986 799 op 1 Januarie 1970, wat 'n toename beteken van R164 874. Die toename het as volg plaasgevind:

	TOENAME	AFNAME
Algemene Kerkfonds		13 005
Fonds vir Gemeente-Opbou	20 847	
Teologiese Opleidingsfonds	7 615	
Generaal Pretoriusgebou		2 338
Plaas Onverwacht		1 077
Dirk van der Hoffgebou		3 810
Barton Keepgebou		5 014
Administrateurskantoor	4 556	
Argief en Museum	2 578	
Versekeringsfonds	10 399	
Arusharekening	5 817	
Studentebearbeiding		2 829
Hospitaalbearbeiding	2 105	
Johannesburg Middestad bearbeiding	10 771	
Kompilasie - Kerklike Literatuur		5 840

Hulpfonds/.....

	TOENAME	AFNAME
Hulpfonds Kensington	65 519	
Sentrale Fonds vir Publikasies	1 185	
Van der Hoff Studiefonds	3 383	
N.H.S.V. Hoofbestuur Beursfonds	13 853	
Sentrale Raad vir Kerstening		753
Raad vir Belydende Jeug	21 909	
Raad vir Kategese	3 802	
Angolafonds		258
Kapitaalvoorsieningsfondse	261 652	
Bystandsfonds (afgeskryf)	9 534	
Diverse fondse		140
H.A.U.M. Boekhandel		233 088
H.A.U.M. Boekhandel - kapitale rekening		12 499
	R445 525	R280 651
	280 651	
TOENAME OOR DIE DRIE JAAR	R164 874	

b. EIENDOMME AANGEKOOP EN OPGERIG

Erf 1781, Norkem Park	12 000
Erf 411, Clewer, Witbank (in trust vir die gemeente Witbank-Suid).	7 843
Lot 121, Lynnwoodweg, Hillcrest Pretoria met kerkgebou daarop	75 195
Resterende gedeelte van gedeelte A, erf 1688, Bloemfontein (in trust vir die gemeente Bloemfontein)	26 000
Sekere rf 129, Troyeville met kerkgebou en erwe 2484/5/6/7, Kensington, Johannesburg met kerkgebou en pastorie daarop	30 800
Erf 1068, Stellenbosch met pastorie daarop	28 612
Erf te Claremont, Pretoria met woonhuis daarop	14 303
KERSTENINGSRAAD	
Kerkgebou en pastorie te Khobone	2 247
Kerkgebou te Sebokeng	10 320
Kerkgebou op standplaas no. 1, Chiawelo, Soweto	5 000
	R232 320

(VERBETERINGS/.....

(VERBETERINGS AAN BESTAANDE GEBOUE UITGESLUIT)

b. Kennis geneem.

c. VERGELYKENDE SAAMGESTELDE STAAT VAN BATES EN LASTE VAN DIE GEMEENTES VAN DIE KERK (EIENDOMME = KOSPRYS).

BATES		31.12.1968		31.12.1971
Vaste eiendom		10 175 216		12 688 349
- Kerkgeboue	6 507 711		7 381 098	
- Sale	723 963		891 601	
- Pastorieë	2 093 579		2 834 866	
- Ander eiendom	849 963		1 580 784	
Motorvoertuie		33 365		17 266
Meubels en uitrusting		685 182		701 989
Publikasie - voorrade		34 702		33 397
Debiteure		212 064		705 708
Kontant op lopende rekenings, spaar= rekenings en vaste depositos		1 110 812		2 051 408
Trustfondse		-		714
TOTALE BATE		12 251 341		16 198 831
MIN: LASTE				
Verband= lenings	1 244 943	1 923 071	1 024 280	2 190 188
Trustfondse	104 237		163 876	
Diverse kredi= teure	573 891		1 002 032	
BATES OORSKRY LASTE MET		10 328 270		14 008 643
Opgehoopte fonds	9 576 964		13 246 275	
Spesifieke fondse	751 306		762 368	
	10 328 270		14 008 643	

Kennis geneem.

d./.....

d. STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWES VIR AL DIE GEMEENTES VAN DIE KERK

	1966/68	1969/71
i. INKOMSTE		
Offergawe	4 035 864	5 672 179
Vrywillige bydraes	339 179	660 184
Basaars en funksies	614 812	752 501
Spesiale bydraes	132 316	330 448
Registrasiegelde	40 139	27 651
Sertifikate	4 218	3 443
Deurkollektes	485 404	603 972
Inkomste uit beleggings	85 129	177 988
Skenkings en donasies ontvang	305 288	353 927
Algemene inkomste	257 484	455 484
Subsidie ontvang	55 274	50 337
TOTALE INKOMSTE	6 355 107	9 087 421
Min: Uitgawe	4 543 345	6 486 170
OORSKOT INKOMSTE	1 811 762	2 601 251
SPESIFIEKE FONDSE	415 064	589 144
Publikasierekening		
- Uitgawe	190 253	206 293
Min: Inkomste	126 942	124 182
TEKORT	63 311	82 111
TOTALE INKOMSTE TEN OPSIGTE VAN TRUSTFONDSE	381 923	621 109
TOTALE INKOMSTE UIT GEMEENTE=LIKE BRONNE	6 709 850	9 582 771
(Uitgesluit registrasies, sertifikate, inkomste uit beleggings, subsidies en algemene inkomste).		
INKOMSTE PER LIDMAAT OOR ~~DIE DRIE~~ JAAR	69,64	89,25
INKOMSTE PER LIDMAAT PER JAAR	23,21	29,75

ii./.....

ii. UITGAWES

	1966/1968	1969/1971
Predikantstandplaaskostes	1 999 258	2 754 008
- Traktement (1968: 1 501 038; 1971: 2 008 684)		
- Vervoertoelae (1968: 417 292; 1971: 591 055)		
- Pensioenassuransie (1968: 80 928; 1971: 112 625)		
- Mediese fonds (1971: 41 644)		
Konsulent en ander predikante	79 689	111 107
Salarisse en honoraria	465 248	626 573
Skryfbehoeftes, drukwerk en seëls	47 968	70 689
Telefoon en telegramme	50 583	74 323
Heffings aan Administrateur	523 118	771 543
Ringsfooie	13 445	22 437
Fonds vir Gemeente-Opbou	12 758	10 712
Reis- en verblyfkoste	48 905	61 628
Herstellings en onderhoud	265 307	353 930
Motoronkostes	23 614	18 689
Oudisiefooie	23 176	29 070
Versekering	39 892	69 723
Huur betaal	36 576	54 460
Rente betaal	374 365	394 967
Saniteit en belastings	54 930	67 308
Water en elektrisiteit	138 755	188 497
Nagmaalonkostes	3 017	3 370
Afskeid en ontvangs van leraars	7 408	6 787
Donasies en geskenke	179 522	363 437
Algemene uitgawes	155 811	432 912
TOTALE UITGAWES	4 543 345	6 486 170

Kennis geneem.

3./.....

3. HEFFINGS

Die Raad betuig sy besondere waardering vir die mooi same= werking van al die gemeentes waar die organisasie, administra= sie en gesindheid op so 'n peil is dat hulle verpligtings getrou nagekom is. Teenoor die Ringskommissies besondere dank vir hulle toesig en medewerking.

Kennis geneem.

4. BESKRYWINGSPUNTE

=XXII-1= "Daar word aanbeveel dat die Algemene Kerkvergadering sal besluit dat die Administrateur gevra word om rekening= state aan die begin van die kwartaal aan gemeentes te stuur omdat die meeste gemeentes eers wag vir die rekeningstaat voordat dit uitbetaal word."
(Ring van Trichardtsfontein).

OPMERKING VAN DIE ADMINISTRATEUR

Dit is reeds vir baie jare praktyk om nie net aan die begin van elke kwartaal rekeningstate uit te stuur nie, maar elke maand.

BESLUIT: Kennis geneem van die praktyk.

=XXII-2= "Hierdie vergadering vra dat alle instansies se heffings (ingesluit Bybelverspreiding en Ringskerstenings= werk) ingesluit word by die eenmalige begroting van die Algemene Kerkverga= dering en dat hoegenaamd geen ander heffings gevra word nie."
(Ring van Potchefstroom).

BESLUIT: Die beskrywingspunt word verwerp.

5. KENSINGTON

In die agenda van die 1970- Algemene Kerkvergadering is breed= voerig gerapporteer oor die verloop met die eiendomme van die gemeente Kensington (bladsy 232 van die notule).

Soos toe gerapporteer, het die destydse Kerkraad nagelaat om tydig teen betaling van 'n relatief klein bedrag die "huurpag" te omskep in 'n "erfpag". Die eiendom waarop die saal en woonstelle opgerig is, is toe deur die Raad van Finansies teruggekoop en koopprys plus koste het R35 150 beloop.

Die kerkgebou, die pastorie en die saal-woonstelgebou is oor= gedra in besit van die Raad van Finansies.

DIE KERKGEBOU/.....

DIE KERKGEOBU

Die gemeente gebruik normaalweg die kerkgebou en betaal R50 per maand oor aan die Raad van Finansies.

DIE PASTORIE EN SAAL/WOONSTELGEBOU

Soos in die notule van die 1970- Algemene Kerkvergadering gelees kan word (bladsy 232) het die Kerkraad die pastorie en die saal/woonstelgebou aan die heer J.P. v.d. Berg verhuur teen R150 per maand en die heer v.d. Berg kon of het die genoemde geboue vir sy eie voordeel verhuur.

Vanaf 1 September 1972 het die Raad van Finansies die pastorie gehuur van mnr. v.d. Berg vir R100 per maand terwyl hy die saal/woonstelgebou en pastorie gehuur het vir R150 per maand.

Die huurooreenkoms wat mnr. v.d. Berg met die Kerkraad van destyds aangegaan het, het op 28 Februarie 1973 ten einde geloop en kan die Raad van Finansies nou die saal/woonstelgebou en die pastorie self verhuur vir voordeel van die Kerk.

Vanaf 1 Maart 1973 beloop die huurinkomste vir -

	PER JAAR
Die kerkgebou	R 600,00
Die pastorie	1 200,00
Woonstelle en saal	4 356,00
	R6 156,00
Min: Munisipale koste, onderhoud, lisensie en versekering ens.	2 490,00
TOTALE OPBRENGS	R3 666,00
Uit heffing teen 10c (weer voorgestel) . . .	11 350,00
ONTVANGSTE	R15 016,00

Bedrae verskuldig waarop kapitaal en rente gedelg moet word:

"Kerkgeld-vir-Kerkwerk"-fonds	R35 150 delging	R4 136,00
S.A.N.L.A.M.-verband	R26 976 delging	7 904,00
Administrateurskantoor	R19 975 delging	2 976,00
		R15 016,00

BESLUIT: Gesien die feit dat die gemeente vir baie jare reeds ruim gehelp word deur die Algemene Kerk= vergadering en gesien die feit dat die gemeente sowat R8 000 op belegging het by 'n handelsbank, besluit die vergadering dat die Raad van Finansies dit so moet reël met die Kerkraad dat die gemeente die bedrag van R6 000 by die Kerk belê en dat die

gemeente/.....

gemeente 'n hoër bedrag as R600 per jaar vir die gebruik van die kerkgebou sal bydra.

6. KERKSENTRUM: MIDDESTAD JOHANNESBURG

Op versoek van die vorige Algemene Kerkvergadering is 'n raming bloot vir 'n kerkruimte, 8 kantore en parkeerruimte op swaar fondamente (met die oog op latere uitbreiding) voorgelê en om 'n aanvangs- of delgingsfonds daar te stel het die vergadering 20 sent per eenheid gehef. Vir die drie jaar is R63 000 op hierdie wyse byeengebring.

Totale raming was R251 650.

Inagnemende die kosbare grond in die middestad en die steeds groeiende behoefte aan 'n sentrale, meer uitgebreide gebou vir die Kerk in Johannesburg met meer geriewe as bloot 'n kerkruimte is herbeplan waarin vir die maksimum toelaatbare benutting van die grond beplan is.

Ook is die Raad geadviseer dat indien op hierdie stadium besluit word om net die kerklike gedeelte te bou, maar met swaar fondamente, bedoelende om later die woonstelgedeelte bo-op te bou is die beswaar -

a. Vrugtelose uitgawe op hierdie stadium ten opsigte van swaar fondamente - laasgenoemde kan straks 'n uitgawe wees wat in die toekoms nie benut sal word nie en

b. as daar later bo-op die bestaande gebou gebou sal moet word sal dit die boukoste vanweë die ongemaklikheid sodanig beïnvloed dat dit die nuwe deel, teen woonsteltariewe soos nou voorsien, nie betalend sal maak nie.

Die beplanning is dan ook so gedoen dat daar so na moontlik onderskei kan word tussen dié gedeelte wat uit bronne van die Kerk gefinansier moet word en 'n woonstelgedeelte wat self betalend moet wees.

KERKLIKE GEDEELTE

Kelderverdieping

Parkeerruimte, bediendekwartiere, toilette ens. (geen voorsiening indien uitgrawings in rots moet geskied nie)		63 900

Grondvloer

Kerkgebou van 300 sitplekke, ingangsportaal, konsistorie ens.	130 000	
Orrel	15 000	
Lugomwisseling	5 000	150 000

(Geen/.....

(Geen voorsiening vir kerkklok, horlosie, luidspreker=stêlsel ens.)

Tussenvloer

7 kantore, toilette ens.	30 000

Eerste vloer

Saal, kombuis, 6 kantore en toilette ens.	75 000
Pro rata waarde van hysers	16 100
Pro rata waarde van grond	16 444
	351 444
Professionele gelde 10% (op boukoste)	33 500
	384 944

KAPITAAL BESKIKBAAR

Grond			16 444	
Kontant	R11 678	+	63 000	91 122
KAPITAAL BENODIG				293 822

Indien die bedrag van R293 822 uit "Kerkgeld-vir-Kerkwerk"-fondse gefinansier moet word sal daar jaarliks vir rente en kapitaal=delging (,96 per R100 per maand - 8%) R33 848,29 benodig word.

BERAAMDE UITBETALINGS PER JAAR

Kapitaal en rentedelging	33 848
Onderhoud en instandhouding (¼% op R318 900)	800
Pro rata hyserinstandhouding	900
Assuransie op R320 000 teen 0,125%	400
Sanitêre gelde (kantore)	66
Afvalverwydering (kantore)	24
Water (kantore)	36
	R36 074

BRON

Huurgeld - 13 kantore	R 5 000
Parkering	3 000
Heffing - 25% instede van 20c	28 375
	R36 375

(Hierdie berekening veronderstel dat die Middestadgemeente wat die Kerk, konsistorie en twee kantore plus die saal en kombuis gebruik behalwe vir water en ligte vir eers nie by wyse van huur iets bydra nie. Die opsigter en koster kan een persoon wees.)

B./.....

BERAAMDE KOSTE VAN WOONSTELLE

Boukoste	377 500
Waarde van fondamente (geneem op die basis wanneer 8 verdiepings direk op die grond staan)	6 100
Pro rata waarde van hysers 8/14 van R37 500	21 400
	405 000
Professionele gelde 10%	40 500
Grond - pro rata teen kosprys: $\frac{405\ 000}{750\ 000}$ x R35 744	19 300
	R464 800

BETAALBAARHEID

Bruto inkomste op 32 woonstelle teen R150 000 per maand	57 600
Uitgawes (24,3% van die bruto inkomste)	14 000
	R43 600

PERSENTASIE OPBRENGS $\frac{43\ 600}{464\ 800}$ x 100% 9,38%

Indien kapitaal (R445 500) by byvoorbeeld 'n buiteinstansie geleen word sal die kapitaal en rentedelging oor 20 jaar teen 9% rente as volg wees:

Kapitaal en rentedelging per jaar (,90 x 100 per maand x 12) = R48 114,00.

OPMERKING: Die bedoeling moet wees dat die woonstelgedeelte sigself betaal, d.i. kapitaalaflossing, rente en koste. Met 'n persentasieopbrengs van 9,38% slaag dit nie. Om die rente- en kapitaaldelging te kan doen kom (R48 114 min R43 600) = R4 514 per jaar kort. 'n Besnoeiing van ± R40 000 op boukoste sal nodig wees.

Die Raad van Finansies trag om in oorleg met die argitek en bourekenaar 'n oplossing te vind met die strewe om 'n gangbare oplossing tydens die Algemene Kerkvergadering te rapporteer.

BESLUIT: Kennis geneem met instemming. Die heffing word op 25c bepaal.

By monde van ds. J.H. Steenekamp word die Kerk, Raad van Finansies en in die besonder die Administrateur namens die Ring van Johannesburg en die gemeente Johannesburg Middestad bedank vir die hartlike samewerking, begrip waardering en daadwerklike steun.

7. INTERNE OUDIT

(ARTIKEL 193 (2) VAN DIE BEPALINGS)

a. Die besondere waarde en voordele van hierdie diens word meer en meer besef. Mens kan jou moeilik die Kerk se finansiële administrasie voorstel sonder hierdie sentrale koördinerende diens. Van die grootste voordeel is die instandhouding van eenvormige boekhouding en verslaggewing en dat dit die rekenkundige administrasie op meer weten= skaplike peil gebring het en nieteenstaande wisseling van kassiers op wetenskaplike peil sal hou. Die feitlike spesialisering in gemeentelike finansiële administrasie bring mee dat 'n oudit met meer insig uitgevoer kan word as byvoorbeeld 'n buite-ouditeur wat af en toe met kerk= like administrasie en besluite kennis maak.

b. Die volgende is 'n weergawe van die aantal stelle boeke wat geouditeer is:

JAAR	GEMEEN= TES	N.H.S.V. TAKKE	RADE	TOTAAL	FOOIE
1970 t.o.v. 1969	233	224	27	484	13 238
1971 t.o.v. 1970	249	225	30	504	14 707
1972 t.o.v. 1971	252	230	34	516	15 120
TOTAAL . .	734	679	91	1 504	R43 065

Enige instansie wat van ouditering kennis dra sal besef dat hierdie diens aan die Kerk gelewer word teen 'n vergoe= ding wat skaars die helfte van die koste van die afdeling dek en daarom is dit noodsaaklik dat die Raad van Finansies die ouditgelde sal moet hersien.

Kennis geneem.

8. ARGIEF EN MUSEUM

Die verslag van die Raad vir Argief en Museum is BYLAE K.III tot die agenda.

a. BESOEKERS

535 besoekers het die besoekersboek gedurende die onderhawige 3 jaar geteken. Die aantal besoekers was egter veel meer - sommige besoekers laat na om die besoekersboek te teken.

'n Groot getal besoekers was katkisante en jeugvereniginglede

vergesel/.....

vergesel van predikante en/of ouderlinge. Die hoop word uitgespreek dat meer groepe katkisante en jeugver= enigingslede die museum sal besoek. Indien daar betyds reëlings met die kurator getref word, kan besoeke Saterdagoggende afgelê word.

Deur middel van die visuele voorstelling van die geskiede= nis van ons Kerk, bied die museum geleentheid aan ons lidmate om hulle kennis van die verlede van ons Kerk en volk uit te brei waardeur hulle kerkbesef versterk en liefde vir hulle Kerk verinnig kan word.

Kennis geneem.

b. BORSBEELD EN GRAFPERSEEL: DS. M.J. GODDEFROY

Met dank teenoor die gemeente Bronkhorstspruit kandmelding gemaak word van die skenking van die gips-borsbeeld van ds. Goddefroy.

Die Raad strewe daarna om die grafperseel van ds. Goddefroy op te knap. Met die toestemming wat reeds deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan die Raad verleen is, sal eersdaags 'n beroep op gemeentes gemaak word om vir die doel by te dra.

Kennis geneem.

c. MIKROVERFILMING EN KLANKARGIEF

Sodra fondse dit toelaat sal die nodige apparaat aangeskaf word.

Kennis geneem.

d. DIE MAAK VAN FOTO-KOPIEë

Die maak van fotokopieë van dokumente en registers van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die argief van die N.G. Kerk.

Kennis geneem.

e. STIGTING SIMON VAN DER STEL

Die Raad het gedurende 1972 lewenslange lidmaatskap van die Stigting verkry.

Kennis geneem.

f. SKENKINGS, TESTAMENTêRE BEMAKINGS EN AANWINSTE

Kennis geneem.

g. NAVORSING

Drie-en-veertig persone, afkomstig uit al die provinsies

van die/.....

van die Republiek en selfs uit die buiteland het die af= gelope drie jaar navorsing in die Argiefbewaarplek gedoen.

Kennis geneem.

h. ASSESSORLID VAN DIE S.A. AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Mnr. H.M. Rex, Argivaris en Kurator, word geluk gewens met sy verkiesing as assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Kennis geneem.

BESLUIT: 1. Dat daar 'n voorligtingstuk oor die korrekte skryf van kerkraadsnotules opgestel word as handleiding vir die Kerk.

2. Die verslag van die Raad word aanvaar.

9. BOEKVERSPREIDING EN PUBLIKASIE

a. BOEKWINKEL STELLENBOSCH

Die boekwinkel te Stellenbosch het gedurende die drie jaar geëindig 30 Junie 1972 'n totale omset van R439 998 gehad, waaruit 'n uiteindelike netto wins voortgevloei het van R12 910. Steeds stygende kostes en verliese met devalua= sie het winste in 'n mate laat krimp. Beplanning vir die besetting van 'n groter winkel, waardeur die volume van verkope vergroot kan word, is tans in gevorderde stadium en die vooruitsigte is goed. Die boekwinkel lewer voor= treflike diens en geniet hoë aansien op Stellenbosch.

Kennis geneem.

b. UITGEWERY

Die onsekere ekonomiese toestande in die land gedurende die voorgaande drie jaar het ook die effek gehad dat die Uit= gewery se groei gedemp is. Toekennings uit Staats- en Provinsiale begrotings aan onder andere biblioteke is in= gekort wat weer die groei in die uitgewery se omset nadelig beïnvloed het. Omset het nietemin gestyg tot R364 694 teenoor R288 232 vir die vorige drie jare. Netto wins het R16 446 beloop nadat rente ten bedrae van R39 675 aan die Raad van Finansies bereken is.

Gedurende die drie jare 1970/1971/1972 het 95 publikasies verskyn:

Godsdienstig	8	Digbundels	1
Akademies	15	Kortverhale	2
Kinder en jeug	62	Nie-fiksie	5
Drama	1	Romans	1

Sedert/.....

Sedert die Raad van Finansies die N.V. Hollandsch Afri= kaansche Uitgevers Maatschappij oorgeneem het is daar 397 boeke uitgegee. Hier kan tereg opgemerk word dat met die 397 wat op die Republiek se lesersmark geplaas is, 'n invloed op die positiewe bevordering van die "goeie boek" uitgeoefen is.

'n Groot aantal van die H.A.U.M. se uitgawes word as hand= boeke gebruik aan Universiteite en word van tyd tot tyd deur Provinsiale departemente en die Departement van Nasionale Onderwys voorgeskryf.

Verkope van gepubliseerde werke word hoofsaaklik aan boek= winkels oor die hele land gedoen en wel op 'n groothandel basis.

Kennis geneem.

c. BOEKWINKELS - PRETORIA

Met hierdie boekwinkels het dit vir die eerste twee jaar onder bespreking ongunstig verloop. Jaar eindigende 30 Junie 1970 - omset R229 064, verlies R34 911 nadat rente ten bedrae van R23 361 aan die Raad van Finansies bereken is. Jaar eindigende 30 Junie 1971 - omset R171 396, verlies R45 020 nadat rente ten bedrae van R21 432 aan die Raad van Finansies bereken is. Gedurende September/Oktober 1971 is 'n deeglike reorganisasie toegepas wat feitlik dadelik guns= tige resultate getoon het. Opgehoopte verliese ten bedrae van R233 088 is oorgeplaas na opgehoopte tekorte wat meege= bring het dat die akkumulatiewe rentelas wat teen die boek= winkels gedebiteer is, baie verlig is. Vir die jaar eindi= gende 30 Junie 1972 was die netto wins R1 543. 'n Tendens vir 'n gesonde groei in die winste duur voort. Uit winste word opgehoopte tekort gedelg.

Kennis geneem met dank teenoor mnr. M. Hage en sy personeel.

d. PUBLIKASIEFONDS

BESKRYWINGSPUNT

=IX-5= "Aangesien daar verskeie predikante en professore van die Kerk is wat net wil publiseer en dan nie die nodige fondse beskikbaar het nie, wil hierdie Kerkraad versoek dat hierdie fonds sodanig ver= groot sal word dat dit tot beskikking van sulke mense gestel word. Hierdie fonds moet ook verder tot beskikking gestel word aan doktorale studente in die teologie, van ons Kerk vir die publisering van hulle proefskrifte."
(Kerkraad Bethal).

Die Raad/.....

Die Raad van Finansies vestig die aandag op die feit dat die Algemene Kerkvergadering reeds in 1967 en by herhaling 1970 so 'n fonds in die lewe geroep het, naamlik:

> "Die vergadering doen 'n beroep op Kerkrade, Sondagskole en jeugverenigings om steun vir die Fonds ten bedrae van minstens R5 per jaar."

Ten opsigte van die drie jaar 1970-1972 is 'n bedrag van R121 aan bydraes uit gemeentes ontvang. Die Rade vir Kategese en Belydende Jeug het hulle onderskeie publikasie= fondse in die sentrale fonds gestort sodat die kapitaal op 31 Desember 1972 R1 535 beloop het.

BESLUIT: Die vergadering neem kennis dat doktoraal-proefskrifte in die toekoms in 'n ander vorm aan die Universiteit sal plaasvind en buiten= dien met Universiteitsteun uitgegee kan word. Hierdie Fonds hoef dus nie spesiaal vir hulle voorsiening te maak nie. Die Fonds sal dus vir ander publikasiedoeleindes aangewend word en die volgende word opnuut aanvaar:

> Die Vergadering doen 'n beroep op Kerkrade, Sondagskole en Jeugverenigings om steun vir die Fonds ten bedrae van minstens R5 per jaar.

LEES OOK HOOFSTUK XXII, punt 6(d) - RAAD VAN FINANSIES SE VERSLAG.

10. SKRIBAS EN KASSIERE

Die Raad van Finansies vermeld graag sy hoë waardering en dank teenoor die skribas en kassiere vir hulle onbaat= sugtige diens by die hantering van die gemeentelike dokumentêre en rekenkundige administrasie.

Kennis geneem.

11. PREDIKANTE EN KERKRAADSLEDE

Teenoor die talle broeders predikante, ouderlinge en diakens wat dikwels teen negatiewe houdings van andere in positief met daad en woord die afgelope drie jaar hulle beywer het vir die goeie administrasie en organisasie ook ten opsigte van die stoflike, wil die Raad van Finansies sy hoogste waardering betuig. So werk almal saam sodat alles in die Kerk ordelik en Christelik geskied.

Kennis geneem.

12. BEGROTING

Die Administrateur lê die volgende begroting voor vir koste in verband met die sinodale werksaamhede wat nie andersinds

gedek kan word nie en waarvoor daar deur middel van 'n heffing op die gemeente voorsiening gemaak moet word:

PER JAAR VIR DIE DRIE JAAR 1 JANUARIE 1973 TOT 31 DESEM= BER 1975

Administrasiekoste		R189 932
Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en organe van bystand: Koste van vergade= rings en toelaes		10 100
Teologiese Opleiding		33 500
Bystand aan Rade, maatskaplike en opvoedkundige instellings		25 261
Hulpfonds Kensington		11 350
Studentebearbeiding		53 360
Hospitaalbearbeiding		21 427
Johannesburg Middestad		4 795
Pensioenbydraes		18 000
Argief en Museum		24 140
Sentrale Raad vir Kerstening		38 590
Kompilasie - Kerklike literatuur		20 354
Kapitaalvoorsiening		70 130
- Dirk van der Hoffgebou	17 000	
- Generaal Pretoriusgebou	10 000	
- Fonds vir Gemeente-Opbou	14 755	
- Kerksentrum Johannesburg	28 375	
Onkoste - Algemene Kerkvergadering		1 200
Onvoorsiene uitgawe		811
		522 950
Surplusse as gevolg van konsolidasie aangewend		80 300
(Administratiewe dienste gelewer aan organe van bystand		0
113 500 EENHEDE TEEN R3,90		442 650

Die vergadering word versoek om die heffing op R3,90 per eenheid vas te stel vir die jare 1973, 1974 en 1975, mits dat die voorsiening teenoor die verskillende hoofde op 'n wisselbasis aangewend kan word, indien nodig.

As eenheid/.....

As eenheid sal die syfer dien wat in die 1973 Almanak gepub= liseer is om die ledetal van elke gemeente aan te dui. Die ledetal van 'n gemeente of beweging van lidmate of hulle vermoë is dus nie ter sake nie. Die vermelde syfer dien dus bloot as 'n basis van aanslag.

BESLUIT: 1. Dat die Heffing bepaal word op R4,00 per eenheid per jaar soos uiteengesit en dat die ekstra bedrag van R11 350 as surplusfonds in die Fonds vir Gemeente-Opbou gestort word en dat onder andere studente en/of skoliere nie uitgesluit is vir die doeleindes van die berekening nie.

2. Dat die gemeentes opdrag ontvang en die rings= kommissies toesien dat heffingsgelde gereeld kwartaalliks vooruit betaal word en dat die Raad van Finansies die nodige stappe sal doen om agterstallige heffingsgelde te vorder.

3. Dat indien daar beswaar is teen die gepubli= seerde eenhede (ledetal) in die 1973 Almanak, die betrokke gemeente se verteenwoordigers staande die vergadering die verskil duidelik sal aantoon vir opname in die notule. Die volgende gemeentes word vermeld:

Kuruman het slegs 106 belydende lidmate en 214 dooplidmate en nie soos vermeld in die Almanak van 1973 nie.
Kaapstad - 138
Evander - 385
Parys - 334
Zesfontein (belydende lede 529).
Middelburg (belydende lede 1 316).

4. Dat die getalle wat by afstigting deur die Rings= kommissie aan die Administrateur verskaf word, die enigste basis sal wees waarop 'n afgestigte gemeente en die gemeente waarvan afgestig is, vir die doeleindes van Heffing aangeslaan sal word en dat sodanige basis voortduur tot en met die aanvaarding van die Begroting tydens die 1976 Algemene Kerkvergadering - dus tot 31 De= sember 1975.

Die vergadering stem vir vyf lede op die Raad van Finansies.

Die volgende broeders is verkies: Mnr. P.A. Bentum en Prof. P.W. Hoek, ds. H.J. Geyser, mnre. A.J. Marais en Ben Pickard.

XXIII. DIE VERBAND MET ANDER KERKE

A. RAAD VIR EKUMENIESE SAKE

1. STUDIEPROGRAM

Aan die volgende studieprogram is gewerk:

a. WÊRELDRAAD VAN KERKE

i. Division of Ecumenical Action - ds. C.L. Badenhorst.

ii. Division of Studies -
. Department of Faith and Order - dr. J.H. Koekemoer
. Department on Church and Society - ds. C.J. Viljoen.

iii. Division of Interchurch Aid, Refugee and World Service - ds. E.C.B. Kotzé.

iv. Division of World Mission and Evangelism - dr. H.G. van der Westhuizen.

v. Algemene Vergadering en Sentrale Komitee - ds. G.C. Velthuysen.

b. WÊRELDBOND VAN HERVORMDE KERKE - Ds. A.A. da Silva.

c. GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE en die INTERNATIONAL COUNCIL OF CHRISTIAN CHURCHES - di. J.H. Viljoen en J.J. Engelbrecht (Jnr.)

d. KERK EN STREEKSLIGGAME IN DIE BUITELAND - ds. A.P.B. Breytenbach.

e. ENGELSSPREKENDE KERKE EN STREEKSLIGGAME IN SUID-AFRIKA - Ds. J.J.P. Müller.

Kennis geneem.

2. OPDRAGTE AAN DIE RAAD EN WAT DAARVAN GEWORD HET

a. Die vorige Algemene Kerkvergadering het aan die Raad opdrag gegee dat 'n studie gemaak moet word oor die volgende onderwerpe:

i. Die ekumeniese strewe en eenheid van die Kerk.

ii. Die verhouding tussen die Kerk en die burgerlike owerheid.

iii. Die verhouding tussen Kerk en sosiale vraagstukke.

Die Raad het vasgestel dat (i) en (ii) reeds op 'n vroeë stadium afgehandel is. Prof. B.J. Engelbrecht het oor die ekumeniese strewe en eenheid van die Kerk

gehandel/.....

gehandel en dr. C.J. Mans oor die verhouding Kerk en Owerheid.

Ds. G.C. Velthuysen het opdrag van die Raad ontvang om met (iii), dit wil sê die verhouding tussen Kerk en sosiale vraagstukke voort te gaan.

Uit die bevindinge van hierdie studie het die volgende duidelik geword:

Wanneer gepraat word oor die verhouding tussen die Kerk en sosiale vraagstukke, betree ons die terrein van die kerklike diakonaat. Diakonaat (vanuit diakonein - dien) beteken dan diens. Diens aan die naaste, maar ook diens aan God. Die bron van die Barmhartigheidsdiens is die genadegawe van God, Christus Jesus, wat gekom het om te dien. Hierdie bron bepaal ook in die sin van hierdie diens, naamlik danksegging aan God. Hierdie diens kan en mag ook nie losgemaak word van die bediening van die Woord nie. Die diakonaat van die kerk kan slegs in die nabyheid van die Woord plaasvind. Die verkondiging van die genade van Christus is onlosmaaklik deel van die kerklike barmhartigheidsdiens. Sonder die Woord is daar nie meer sprake van diakonaat nie - hoogstens van wel= synswerk. As die kerk laasgenoemde kies, is hy nie meer kerk nie. Want dan is enigiets moontlik en gangbaar. Dit is dan ook die valstrik waarin die Wêreldraad van Kerke met hulle sosiale aksie getrap het. Hulle het die Woord opsy geskuif en daarmee opgehou om kerk te wees. Dit is moontlik gemaak deur hulle beskouing oor die wese van die diakonaat. Hulle prinsipiële uitgangspunt is dat die diakonaat die belangrikste, en miskien enigste, verkondigingsgestalte vir die kerk is. Die oomblik wanneer die diakonaat só verabsoluteer word, word dit losgeruk van sy fondamente. Dit is wel 'n verkondigings= gestalte, maar slegs as dit plaasvind in die nabyheid van die primêre gestalte van die verkondiging, die verkondiging van die heil in Christus.

Kennis geneem.

b. DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE

Die Raad het verder opdrag ontvang om alle aspekte van 'n moontlike aansluiting by die Gereformeerde Ekumeniese Si= node in te gaan, en by hierdie vergadering 'n rapport met aanbevelings voor te lê.

Die studie is gedoen en die rapport opgestel maar voorlopig teruggehou as gevolg van die volgende oorwegings:

Die noodsaaklikheid van verbondenheid aan 'n ekumeniese organisasie het onder 'n vraagteken gekom. Die vraag is gestel of die kerk nie sy verkondigingstaak beter kan uitvoer deur totaal onverbonde tot sodanige organisasie te spreek nie. Omgekeerd is die vraag gestel of

lidmaatskap/.....

lidmaatskap van sodanige organisasie nie juis die beste platform bied om daadwerklik vir die waarheid te getuig nie.

Die Raad het dit aan ds. J.J.P. Müller opgedra om 'n studie te maak oor die prinsipiële gronde vir 'n aansluiting by 'n ekumeniese organisasie, asook die praktiese en kerk=regtelike implikasies wat so 'n stap vir die Kerk inhou.

Die Raad ontvang opdrag om hiermee voort te gaan.

BESLUIT: Die Algemene Kerkvergadering verleen volmag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om na ontvangs van die rapport van die Raad vir Ekumeniese Sake te besluit oor die wenslik=heid al dan nie van aansluiting by die Gere=formeerde Ekumeniese Sinode.

3. VERDERE WERKSAAMHEDE VAN DIE RAAD

Die Raad het gedurende die drie jaar vyf keer simposiums gehou. Tydens hierdie samekomste is die volgende voordragte gehou naas dié wat alreeds hierbo genoem is:

a. 'n Verslag deur ds. A.A. da Silva oor die vergadering van die Wêreldbond van Hervormde Kerke in Nairobi in 1970. Na aanleiding van hierdie verslag ontvang ds. da Silva op=drag om 'n memorandum op te stel oor die vraag of die Nederduitsch Hervormde Kerk nog lid van die Bond moet bly al dan nie.

b. Bogenoemde memorandum word voor die vergadering gelê.

c. Dr. H.G. van der Westhuizen oor: Die Wêreldraad van Kerke en Sending.

d. Ds. A.J. van Staden oor "Rassisme" onder-die volgende punte:

i. Wat is rassisme?
ii. Die Wêreldraad van Kerke se beskouing oor rasse.
iii. Ons siening van rasse en rasse-erkenning.

Daar word nog besin oor moontlike publikasie van hierdie werkstukke.

e. Ds. A.P.B. Breytenbach oor "Die Kerk in Asië".

f. Ds. J.H. Viljoen oor: "Die International Council of Chris=tian Churches".

g. Dr. C.J. Mans oor "Die Teologie van die Rewolusie, Inheems=wording, Afrikanisasie en Swart Teologie".

h. Ds. J.J. Engelbrecht (Jnr.) oor "Geregtigheid as agtergrond van die Verbinding tussen Geregtigheid en Rewolusie".

Kennis geneem.

4. TAKE WAARMEE DIE RAAD NOG BESIG IS

Vir kennisname word vermeld dat die Raad nog met die volgende take besig is:

a. Die reeds genoemde studie van ds. J.J.P. Müller.

b. Kerklike aktiwiteite in Suidwes-Afrika, met besondere klemlegging op die werk van die Anglikane, Lutherane en Skandinawiese groepe. Die studie word gedoen deur ds. J.J.C. du Plooy.

c. Wat sit agter die terrorisme? Prof. dr. A.D. Pont.

d. Die I.C.C.C. in Afrika - ds. J.A. Viljoen.

e. Wurmbrand en sy werksaamhede in Afrika - ds. C.J. Viljoen.

Kennis geneem.

BESLUIT: 1. Dat voortgegaan sal word met 'n studie oor die wens=likheid van lidmaatskap van ekumeniese organisa=sies, met klemlegging op die prinsipiële gronde en alle kerkregtelike en praktiese implikasies.

2. Dat aanbeveel word dat wanneer dit moontlik is die Kerk persone na die buiteland sal stuur om ekumeniese aangeleenthede te bestudeer. Dat alles in die werk gestel word om, indien moontlik, alle leesstof en studiemateriaal in verband met die ekumeniese bewegings vir studie deur ons Kerk te bekom.

3. Sonder om ons tot enige standpunt ten gunste van of teen aansluiting by die G.E.S. te kom=promiteer (of enige ander oorhoofse ekumeniese organisasie), stuur die Nederduitsch Hervormde Kerk waarnemers na die e.v. vergadering van die G.E.S. Hierdie waarnemers sal 'n grondige verslag voorlê sodat die Kerk daarna 'n besluit kan neem ten opsigte van lidmaatskap van oorhoofse ekumeniese organisasies.

4. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word versoek om aan toeloë en ander lidmate (in=dien nodig) op te dra om die nodige te publiseer (ook in ander tale) om die Nederduitsch Hervormde Kerk se standpunt duidelik te stel oral waar nodig.

5. Met verwysing na [illegible] oor die openings=rede van die uitgetrede voorsitter, verklaar die vergadering dat sy besluite oor lidmaatskap van ekumeniese liggame dit duidelik behoort te stel dat die Kerk die gesprek met ander kerke van groot waarde ag. Die misverstand van sommige

kerkrate/.....

koerante berus daarop dat hulle nie begryp het dat die openingsrede spesifiek dialoog as plaas= vervanger vir verkondiging afgewys het.

TEENSTEMME

1. Aangesien daar by my geen duidelikheid bestaan waarom die Kerk so haastig is, om nou reeds te besluit om waarnemers na die volgende vergadering van die G.E.S. te stuur nie, wens ek om my teenstem teen hierdie besluit te laat aanteken. Na my beskeie mening kan hierdie besluit vir die Kerk baie verleentheid bring.
(GETEKEN) J.A.A. SCHROEDER

2. Ek versoek beleefd dat my teenstem aangeteken sal word teen die besluit van die Hoogeerwaarde Algemene Vergadering om waarnemers te stuur na die G.E.S. omdat ons reeds be= sluit het dat ons die teologiese tendense verwerp het wat ten grondslag lê van al hul besluite. Ons het daarom niks om aan hulle te sê en niks meer van hulle te hoor nie.
(GETEKEN) A.J.G. OOSTHUIZEN

3. Hiermee wens ek my teenstem te laat aanteken téén die be= sluit van die Algemene Kerkvergadering om die moontlikheid van lidmaatskap van die G.E.S. nog oop te laat omdat dit duidelik is uit die besluite van die G.E.S. te Sydney 1972 dat dié liggaam reeds teologies dusdanig verdwaal is dat lidmaatskap van ons Kerk geïnterpreteer kan word as 'n weerspreking van ons Kanselboodskap.

   Terselfdertyd wil ek hiermee my groot verontrusting uit= spreek oor die besluit om lid te bly van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke aangesien dié liggaam teologies en organisatories nou verbonde is aan die Wêreldraad van Kerke. Ons lidmaatskap van die Wêreldbond kan nié anders uitgelê word as 'n vorm van ondersteuning van die teologie van die Wêreldraad van Kerke èn van die Wêreld= bond wat die Programme to Combat Racism moontlik gemaak het nie. Lidmaatskap van die Wêreldbond sonder dat ons Kerk protesteer téén die totale afwyking van die Bybelse teologie, soos dit duidelik blyk uit àl hulle publikasies en geskrifte, kan uitgelê word as instemming èn dit skep die indruk asof die Kerk sowel God as die afgode van die moderne kerklike wêreld wil dien.
   (GETEKEN) A.D. PONT
   M.J. v.d. MERWE
   J.A. v.d. MERWE
   S.G. v.d. WESTHUIZEN
   J.J. SWAMERS
   G.C. van STADEN
   P.S. van STADEN

B. STUDIEKOMMISSIE OOR AFRIKA

1. WERKWYSE

a. Die Kommissie kon nie 'n voltallige vergadering hou nie,

weens/.....

weens die verspreidheid van sy lede. (Ds. du Plooy in Suidwes-Afrika en ouderling Cronje in Rhodesië).

b. Inligting oor die verskillende lande en gebeure in Afrika is egter versamel en op lêer gehou. Hierin was ook per= sone wat nie op die kommissie benoem is nie, behulpsaam.

Die naam van prof. dr. A.D. Pont moet veral in hierdie verband genoem word.

2. PUBLIKASIE

Met die vorige Algemene Kerkvergadering was 'n stuk, wat al die lande in Afrika gedek het, gereed vir publikasie maar as gevolg van die tempo waarop sake in Afrika ontwikkel het, reeds verouderd. Die kommissie is besig om die hele stuk te hersien en hoop om dit gedurende 1973 vir publikasie gereed te hê. 'n Vroeëre datum vir publikasie van die stuk is weens die omvang van hierdie werkstuk net nie moontlik nie.

Kennis geneem.

C. GESPREK MET ANDER KERKE

1. TUSSENKERKLIKE KOMMISSIE VAN DIE DRIE AFRIKAANSE SUSTERKERKE

a. EENHEID VAN DIE KERK

Die gesprek word steeds voortgesit en daar is in 'n broederlike gees openlik en duidelik gepraat.

Prof. dr. B.J. Engelbrecht het namens ons Kerk verskillende memoranda in hierdie verband opgestel terwyl die ander twee kerke daarop geantwoord het met memoranda, notas of gesprek= ke op die vergadering.

Memoranda oor die volgende sake is voorgelê:

i. 'n Prinsipiëel-teologiese uiteensetting oor die een= heid van die Kerk.

ii. Die verhouding tussen die sigbare en onsigbare Kerk.

iii. Punte van ooreenkoms en punte van verskil tussen die drie Kerke. (In opdrag van die T.K.K.-vergadering as samevatting en basis van gesprek vir die toekoms.)

iv. Memorandum oor die vraag of (die) drie (susters-) kerke met een en dieselfde belydenis binne een en dieselfde volk (met dieselfde taal, geskiedenis en kultuur) mag bestaan in die lig van die reformatoriese visie oor die eenheid van die kerk van Jesus Christus.

BESLUIT: Dat hierdie baie belangrike gesprek tussen die drie susterkerke voortgesit word.

RAPPORT AAN DIE SINODES

Daar is besluit om veral oor die vordering van die gesprek oor die eenheid van die kerk aan die onderskeie sinodes te rapporteer en verdere opdrag en leiding te vra. Dié verskeie rapporte sal ook aan die ander kerke se afgevaar= digdes beskikbaar gestel word.

Kennis geneem.

b. ANDER AKTUELE SAKE IN GESPREK

i. KONSESSIEVOORREGTE OP VLIEGTUIE VIR KERKLIKE AFGE= VAARDIGDES

Aangesien hierdie voorregte nie net aan afgevaardig= des van die drie susterkerke verleen kan word (nie) sonder dat talle ander kerke en sektes ook daarop aanspraak sal maak nie, is die Minister van Vervoer nie geneë om sodanige konsessies toe te staan nie.

Daar is egter daarop gewys dat as kerkmense in groepe saamreis, sodanige groep wel 'n sekere afslag kan kry. Dit word onder die aandag van die Kerk gebring.

Kennis geneem.

ii. KERKLIKE FEESDAE EN OPENBARE VAKANSIEDAE

Hierdie aangeleentheid is reeds by KERKLIKE FEES- EN GEDENKDAE behandel.

iii. BIDDAE

Reeds behandel onder KERKLIKE FEES- EN GEDENKDAE.

iv. HERSIENING VAN DIE TEKS VAN PSALMBERYMING

Reeds behandel onder PREDIKING EN EREDIENS.

Die Gereformeerde Kerk het kopiereg van die teks. Hulle laaste sinode het besluit dat die teks onver= anderd sal bly. Alternatiewe geheel nuwe berymings kan later op meriete oorweeg word maar kleiner veran= deringe aan die bestaande teks is ongewens.

Ons Kerk onderskryf hierdie standpunt.

Die Interkerklike Komitee vir die Hersiening van Psalmmelodieë het gevra of sodanige hersiening van die teks nie gewens is nie noudat 'n hersiening van die melodieë plaasgevind het nie.

Die betrokke hersieningskommissies is aangeraai om direk aan die Gereformeerde Sinode in hierdie

verband/.....

verband te skryf aangesien die Gereformeerde Kerk die kopiereg besit.

Kennis geneem.

v. KANSELRUIL

Vir sommige afgevaardigdes het dit gelyk asof daar prinsipiëel geen beswaar teen kanselruil tussen ons Kerk en die N.G. Kerk bestaan nie, maar dat die Gere= formeerde Kerk dalk beswaar het, selfs by huweliks= bevestigings.

Die standpunt van die Gereformeerde broeders was dat kanselruil nie 'n saak van die Sinode is nie, maar van plaaslike kerkrade. In sommige gevalle vind kansel= ruil met predikante van die ander twee susterkerke wel plaas.

Kennis geneem.

vi. ONDERLINGE RAADPLEGING WANNEER LIDMATE VAN DIE DRIE KERKE KERKLIK VERHUIS

Die saak van verhuising van lidmate vanaf een suster= kerk na 'n ander is nog onder behandeling en ons Kerk het 'n uitvoerige memorandum hieroor opgestel.

Op die vergadering van die T.K.K. van 4 Oktober 1972 is die vraag gestel of in die geval van die drie suster= kerke 'n attestaat nie die gewensde dokument is nie en of dit nie baie probleme sal oplos nie.

Die wenslikheid dat daar eers, behalwe miskien in die geval van huweliksluiting, tussen die betrokke kerk= rade raadpleging geskied voordat 'n lidmaat aanvaar word, is sterk beklemtoon. Die Gereformeerde broeders het die versekering gegee dat dit altyd by hulle die geval was en sal wees. Net soos in die geval van kanselruil is hierdie saak die uitsluitlike verantwoor= delikheid van hulle plaaslike Kerkraad.

Kennis geneem.

2. GESPREK MET ROOMS KATOLIEKE KERK

Prof. dr. B.J. Engelbrecht het ook nog vanweë die Algemene Kommissie opdrag gehad om namens ons Kerk met die Rooms Kato= lieke Kerk gesprekke te voer indien die geleentheid hom voor= doen. Gedurende die afgelope drie jaar het prof. Engelbrecht en ds. P.M. Smith as Skriba net oor die wedersydse erkenning van mekaar se doop so 'n gesprek gevoer en 'n ooreenkoms be= reik. Dit het naamlik in die verlede gebeur dat as 'n protestant (byvoorbeeld in Nederland 'n prinses) deur huwelik na die Rooms Katolieke Kerk oorkom, so 'n persoon weer gedoop

is omdat/.....

is omdat die Hervormde Kerk deur die Roomse Kerk nie as voortsetting van die Nuwe Testamentiese Kerk en Amp gesien is nie. Die posisie het die Rooms Katolieke Kerk gehinder en na gesprek is ooreengekom om mekaar se doop te erken.

Ons het gestel dat die Reformatore wel die doop van Rome erken het. Ons Kerk se standpunt is dat ons die doop van ander kerke erken indien dit met water in die Naam van die drie-enige God deur 'n ampsdraer bedien is. Erkenning van die doop beteken egter nooit noodwendig erkenning van mekaar se kerk as deel van die ware Kerk of erkenning van mekaar se leer nie.

Kennis geneem.

D. KORRESPONDENSIE EN GESPREKKE MET ANDER KERKE

Die Werkgroep Ekumene gee verslag oor die korrespondensie en gesprekke wat met ander kerke gevoer is.

Kennis geneem.

XXIV. DIE VERHOUDING TOT DIE BURGERLIKE OWERHEID

Daar het geen aangeleentheid te berde gekom oor die beginsels wat die verhouding Kerk en Owerheid raak nie.

Kennis geneem.

XXV. DIE WET EN DIE BEPALINGS

RAAD VIR REGSADVIES

Die verslag van die Raad word aanvaar.

Die vergadering stem vir vyf lede van die Raad vir Regsadvies.

Die volgende broeders is verkies:

Proff. A.D. Pont, J.I. de Wet, J.D. van der Vyver en mnr. J.P. de Bruyn, di. C.L. v.d. Berg,

BESLUIT: Dat in die toekoms alle verslae in die agenda as sodanig opgeneem en verwerk word en nie meer as bylaes volledig by die agenda gevoeg sal word nie.

As bylaes sal alleen noodsaaklike studiestukke en finansiële state opgeneem word.

Die Raad vir Regsadvies kry opdrag om in die verband

die nodige/.....

die nodige wysigings in die Bepalings te formuleer vir voorlegging aan die Kommissie van die Algemene Kerkver= gadering om dit af te handel.

ORDE VAN DIE VERGADERING

Gelukwensinge met die Herderlike Skrywe en Kanselboodskap is ontvang van: Kerkraad Volksrust, KonserwatieWe Studiegroep van Pretoria, Familie Prinsloo van Rust der Winter en die gemeente Rustenburg.

NOTULE

BESLUIT:

1. Om die gedeelte van die notule wat nie goedgekeur is nie, na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te verwys vir goedkeuring.

2. Om die besluite wat wysigings in die Wet en Bepalings tot gevolg het, na die Raad vir Regsadvies te verwys vir formulering en deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bekragtig te word.

3. Om aan elke gemeente eksemplare van die notule, volgens die aantal afgevaardigdes, op koste van die gemeente, te stuur.

4. Om enige onafgehandelde sake van die agenda na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te verwys vir afhandeling.

5. Om een eksemplaar van die gewysigde Wet en Bepalings op koste van die gemeente aan elke gemeente te stuur.

BEDANKINGS

Die Voorsitter bedank die vergadering vir die wyse waarop die ver= gadering verloop het. Hy is dankbaar vir die wyse waarop die vergadering kon gehou word.

Die vergadering dink ook aan hulle wat nie hierdie vergadering met ons Kerk deurgemaak het nie, naamlik proff. S.P.J.J. van Rens= burg, S.P. Engelbrecht, di. A. Brandt en D.F. Erasmus.

Hy spreek verder sy dank uit teenoor die Agendakommissie, naamlik die Skriba, vise-Skriba en Administrateur, verskillende rade, notulehouers, die Administrateur en sy personeel in besonder mev. H. Prinsloo, die vise-Voorsitter en verder lede van die Kommissie. Verder bedank hy die stemopnemers, mnr. Mathlener en die Konservatorium vir die begeleiding met die opening en afsluiting van die sittings, en vir die voorsiening van die nuwe psalmmelodieë, die N.H.S.V.-takke vir verversings

en versiering/.....

versiering, die broeders wat die sittings geopen en afgesluit het, H.A.U.M., President Versekeringsmaatskappy, die persoon die hele vergadering.

Die vise-Voorsitter bedank die Voorsitter vir die baie voortreflike wyse waarop hy die vergadering gelei het en vir die goeie en regte besluite wat geneem is.

Ds. P.J.J. Venter bedank die vergadering vir die jare wat hy in die Kerk kon dien. Hy dink met weemoed daaraan dat dit die laaste vergadering mag wees waarop hy teenwoordig sal wees.

AFSLUITING

Die Voorsitter lees Ef. 6:10 vv., gaan voor in gebed en laat sing Ps. 84:6 en spreek die seën uit.

DIE VERGADERING GAAN UITEEN.

GOEDGEKEUR EN GETEKEN TE PRETORIA OP 8 Junie 1973

VOORSITTER (W.G.) J.P. Oberholzer

SKRIBA (W.G.) P.M. Smith

BESONDERE OF BUITENGEWONE EREDIENSTE.

BYLAE I

Die algemene kenmerke van 'n erediens nl. dat dit bestaan uit twee hoofmomente: spreke en handelinge van God deur Sy sigbare en onsigbare Woord en antwoord van die gemeente deur belydenis, gebed en sang, sal in hierdie eredienste ook gestalte moet aanneem. Alles in die erediens, ook in die buitengewone erediens, wat hierdie karakteristieke nie dra nie, hoe goed of mooi dit ookal mag lyk of klink, sal uit die erediens verwyder moet word.

A. DIE DOOPDIENS:

Alhoewel die doopformulier in 'n groot mate didakties van aard is, is prediking by elke doopgeleentheid nog noodsaaklik. Die Nuwe Testamentiese gegewens betuig dat die doop altyd bedien is in die buurt van die Evangelieverkondiging. (Handelinge 2: 14-41, 8: 26-38 en 10: 1-48). 'n Skeiding van doop en verkondiging is ook deur die Reformatore afgewys. Die doopformulier kan omskryf word as verkondiging in die vorm van kategese. Calvyn en al die Reformatore het aan kategese en prediking 'n regmatige plek gegee tydens die doopbediening. Prediking en kategese is twee verskillende verkondigingsgestaltes wat mekaar nie vervang nie, maar aanvul. Beide sal daarom gehandhaaf moet word tydens die bediening van die doop. Die preek tydens die doopbediening hoef nie noodwendig 'n „dooppreek" te wees nie.

Waar word die prediking geplaas, voor of na die bediening? In die vroeg christelike kerk het die bediening plaasgevind voor die prediking. Die doop het eerste gekom ter beklemtoning dat die dopeling met sy doop sigbaar in die gemeente ingelyf word. Die prediking na die doop dien ook as aanduiding dat die dopeling voortaan afgebaande terrein vir die kerklike verkondiging is. Op net sulke goeie gronde kan die prediking voor die doop bepleit word. Die prediking voor die doop dien as aanduiding dat die doop plaasvind op grond van God se genadige beloftes in sy Woord. Die prediking voor die doop kan ook dien as middel om die betekenis van die doop te verklaar. Dit dien as

beklemtoning dat die sakrament van die doop nie self-werkende krag besit nie. Die doop dien as bevestiging van wat in die Evangelie verkondig word, van dit wat in Christus Jesus tot werklikheid geword het en wat nie anders as deur die Woord vir ons toeganklik is nie.

Aangesien die doop betekenis het vir die mens tydens sy ganse lewe en bedien word binne die raamwerk van die gemeente se geloof, moet die bediening so ingerig word dat die hele gemeente by die bediening betrek word. Die doopformulier spreek tot die hele gemeente. Die doopouers kom staan daarom eers voor die kansel as die vrae aan hulle gestel word. Die doop het betrekking op die hele gemeente. Die hele gemeente moet opgeroep word om te luister na die formulier. Die aankondigingspreuk voor die lees van die formulier kan die volgende wees: „Die gemeente luister nou na die formulier om die heilige doop aan die kindertjies van die gelowiges te bedien." Die doop word bedien nadat die Kerkraad die betrokkenes toegelaat het. Die doopouers word met die volgende spreuk opgeroep: „Die doopouers wat deur die kerkraad toegelaat is om die doop aan hulle kinders te bedien, word nou versoek om voor die kansel te verskyn en te antwoord op die vrae wat aan hulle gestel sal word." Die aflees van die doopouers se name en adresse tydens die oproep is 'n gebruik wat kan meehelp tot beter opsig en uitskakeling van wanorde wat mag ontstaan deurdat onwettige persone sondermeer na vore kom en verwag dat die doop aan hulle kinders bedien moet word. Persoonlike aansprake, gelukwensings, skud van hande en aanbiedings, is geen wesenlike deel van 'n erediens nie en moet daarom agterweë gelaat word. Met betrekking tot die opsig, moet 'n ouderling teenwoordig wees by die doophandeling.

Die voorname en familienaam is 'n eenheid, 'n persoon sonder 'n familienaam bestaan nie en daarom moet tydens die doop die persoon se volle voorname en familienaam gemeld word. Die doop kan bedien word met of sonder handoplegging.

Aangesien die uitgestrekte hande van die predikant aan die einde van die diens, tydens die seën, wesenlik dieselfde betekenis het as die handoplegging tydens die doop, kan die handoplegging hier nagelaat word. Dit kan geskied want in sekere gevalle is die doop in die Nuwe Testament bedien sonder handoplegging. (Handelinge 8:38 en Handeling 10:45). Bogenoemde bevestig ook dat die uitstrek van hande deur die predikant tydens die sing van die een of ander lied hier ongewens is. Na die bediening van die doop aan elke kind word amen gesê. Die gemeente sing die betrokkenes toe uit Gesang 94:3 of Gesang 155:3 en 6 of enige ander psalm of gesang wat hier pas.

Die orde van die doopdiens is die volgende: Orde A, B of C van 'n gewone erediens, soos reeds voorgestel. Na die prediking word die doopformulier gelees. Die ouers (of volwasse dopelinge) word opgeroep. Met die sing van 'n psalm of gesang word die kinders na vore gebring. Na die bediening sing die gemeente die ouers en kinders toe, wat terselfdertyd die slotsang van die gemeente is. Seën. Afkondigings. Offergawes. Hier dien die gebed in die doopformulier as die dankgebed. Wanneer orde B gebruik word volg die doop na die skuldbelydenis. Wanneer die doop voor die prediking geplaas word volg dit na die skriflesing en dien die gebed in die doopformulier as die voorgebed.

B. <u>BELYDENIS VAN GELOOF DEUR ONGEDOOPTE PERSONE:</u>

Die vraag bestaan of die doop van sulke voornemende lidmate noodwendig met die openbare belydenis van geloof moet gebeur en of dit nie liewer geskei moet word hiervan en sy eie regmatige plek as Doop van volwassenes moet kry nie. Daar is baie publieke vooroordeel teen die Doop van volwassenes en dit moet afgebreek word. Die Doop van volwassenes word gans te veel weggewerk tussen die ander dinge rondom die aflegging van geloofsbelydenis, en daar behoort meer betekenis aan hierdie Doop gegee te word. Verder bestaan die vraag of die Doop van volwassenes nie alleen betrekking het op die Doop van heidene en nie op die Doop

van die kinders van die gelowiges, of mense wat nog enige verband met die kerk of Godsdiens het nie. Waarskynlik sal in hierdie a-religieuse wêreld aanvaar moet word, dat daar mettertyd 'n kategorie van mense in ons gemeenskap sal ontstaan aan wie die doop afsonderlik bedien sal moet word. Ons kan eintlik nie iemand na aflegging van sy geloofsbelydenis doop nie, aangesien die gevaar bestaan van die misverstand dat iemand a.g.v. sy of haar belydenis gedoop word, wat natuurlik onjuis is. Dit is verder ook bekend dat in die vroeg Christelike kerk die heidene en heidenkinders afsonderlik van die kinders van die gelowiges gekatkiseer het.

In die geval van 'n heiden, sal die Doop plaasvind met gebruikmaking van die formulier vir volwassenes, maar eers na grondige kategese en so 'n dopeling sal ná die doop nie weer belydenis van geloof aflê nie, aangesien hy dit reeds gedoen het, deur bevestigend te antwoord op die vrae in die doopformulier. Die liturgie verloop soos onder A beskryf.

Die volwasse kinders van gelowiges of dié wat wel 'n Christelike opvoeding ontvang het, kan óf met gebruikmaking van die formulier vir volwassenes óf soos tans, ná aflegging van geloofsbelydenis gedoop word.

C. <u>DIE NAGMAALSDIENS</u>:

Die oorspronklike bedoeling van die voorbereidingsdiens was kategeties van aard, dit het gedien om die Roomse dwaalleër af te wys en om die regte betekenis van die nagmaal in te skerp. Daarnaas het dit plaasgevind terwille van die regte opsig oor die gemeente. Bogenoemde tendens nl. „regte ontvangs" van die Nagmaal is vandag nog gebiedend noodsaaklik. Hierdie voorbereiding met die oog op „regte ontvangs" hoef nie noodwendig die Saterdagaand voor die Nagmaal plaas te vind nie. Dit kan die Sondag van te vore geskied en kan selfs plaasvind tydens die prediking van die Nagmaaldiens. Die dankseggingsdiens hoef ook nie

direk na die Nagmaal plaas te vind nie. Dit kan die volgende Sondag eers geskied.

Aangesien die nagmaal volgens Nuwe Testamentiese gegewens en voortgesit deur die vroeg christelike kerk, elke Sondag bedien is moet die „minstens vier maal per jaar", soos bepaal in die bepalings van die Kerkwet (Bepalings, hoofstuk 10, artikel 98), nie verstaan word as 'n „meestens vier maal per jaar" nie. Die viering elke Sondag sal steeds gesien moet word as die korrekte.

Die nagmaal geskied onder opsig van die ouderlinge en met bystand van die diakens. Die diakens, wie se amp aanvanklik die bediening by die tafels was, moet so aktief as moontlik by die bediening betrek word.

Die prediking tydens die nagmaaldiens kan korter wees as gewoonlik maar mag nie weggelaat word nie. Woord en sakrament mag nooit los van mekaar staan nie.

Die formuliere van die vroegste tye af betuig dat die lees van Psalm 103 en die daarop volgende woorde na die bediening, doksologie, woorde van lofprysing en nie soseer 'n dankgebed is nie. Die gebruik nl. dat die gemeente hierdie woorde staande aanhoor en in die hart uitspreek, is daarom geregverdig.

'n Moontlike orde vir 'n nagmaalserediens kan die volgende wees: Orde A, B en C soos reeds voorgestel. Na die prediking in orde A of na die skuldbelydenis in orde B word die hele formulier vanaf die kansel gelees. Die voorgebed word weggelaat aangesien die gebed in die formulier hierdie funksie vervul. Na die gebed sing die gemeente terwyl die elemente voorberei word. Die uitnodiging geskied. Die nagmaal word bedien. Tydens die bediening kan gepaste gedeeltes uit die Bybel gelees word. Na die bediening van elke tafel sing die gemeente. Na die bediening van die laaste tafel gaan die predikant weer op die kansel onderwyl die gemeente sing. Psalm 103 en die dankgebed volg.

Die lidmate van die laaste tafel staan ook op na die bediening en neem hulle plekke in. Slotsang. Seën. Afkondigings. Offergawes.

Met die uitnodiging na die tafel en tydens die bediening moet slegs gebruik gemaak word van spreuke wat Skriftuurlik gegrond is. Die volgende kan aanbeveel word:

(a) Ten opsigte van die uitnodiging:

„Broeders en susters, alles is gereed, kom smaak en sien dat die Here goed is."

of

„Broeders en susters, kom sit aan, laat ons die dood van die Here verkondig."

of

„Broeders en susters, alles is gereed, kom sit aan die tafel van die Here."

(b) Ten opsigte van die bediening:

„Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus; neem, eet; doen dit tot Sy gedagtenis.

Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van Christus; drink almal daaruit, doen dit tot Sy gedagtenis.

Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."

Met betrekking tot die ordelike verloop van die diens is dit aan te beveel dat die lidmate vanaf 'n bepaalde punt sal kom aansit.

D. BEVESTIGING - DIENAARS VAN DIE WOORD, OUDERLINGE EN DIAKENS.

Handoplegging tydens die bevestiging van Dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens word gesteun deur Nuwe Testamentiese gegewens en reformatoriese gebruik. Dit gaan hier om bevestiging in die amp en nie om ampswyding wat onherhaalbaar is nie. Die betekenis van die handoplegging is hier teken van toerusting deur die Heilige Gees. In die lig van wat genoem is op bl. 2 moet gesê word dat die handoplegging nie absoluut bindend is nie.

Alle toesprake, gelukwensings en teksaanbiedings moet verval, as elemente nie behorende tot 'n erediens.

Aangesien bogenoemde bevestigings geen sakramente is nie, maak dit prinsipieël geen verskil of die bevestiging voor of na die prediking plaasvind nie. In die formuliere is egter aanduidings dat dit na die prediking behoort te volg.

Die orde van die diens tydens die bevestiging van ouderlinge en diakens kan die volgende wees: Die gewone ordes A, B of C soos aanbeveel. Na die prediking in orde A of na die skuldbelydenis in orde B, kondig die predikant aan: „Die gemeente luister nou na die formulier vir die bevestiging van .....". Die formulier word gelees. Net voor die ampsdraers op die vrae moet antwoord, word hulle by name opgeroep om voor die kansel te verskyn. Die vrae word gestel. Na hulle antwoord volg die bevestigingsformule. Die formuliergebed volg, wat terselfdertyd dien as dankgebed. Die gemeente sing die bevestigde broeders toe wat terselfdertyd dien as slotsang. Seën. Afkondigings. Offergawes.

BEVESTIGING EN INTREE VAN 'N DIENAAR VAN DIE WOORD.

Naas die gebruik om van bogenoemde twee dienste te maak, is dit volkome sinvol om beide in een diens te laat plaasvind.

Orde A, B of C soos aanbeveel word gebruik. Die erediens

verloop normaal tot na die Skriflesing in orde A en B. Die bevestigingsformulier word gelees. Na die lees van die formulier word die predikant wat bevestig word opgeroep om voor die kansel te verskyn. Die vrae word aan hom gestel. Die bevestiging vind plaas (in die geval van 'n proponent sal die diensdoenende dienaar van die Woord die kansel verlaat om dit saam met die ander predikante waar te neem). 'Onmiddellik na die bevestiging lees die diensdoenende dienaar die vermaning. (In die geval van 'n proponent nadat hy weer op die kansel geklim het). Die formuliergebed volg wat terselfdertyd dien as die voorgebed. Die gemeente sing - waartydens die diensdoenende dienaar of 'n ouderling die pasbevestigde na die kanseltrap begelei en laasgenoemde die kansel opgaan. Die bevestigde predikant volg nou die liturgie normaalweg vanaf die prediking.

E. OPENBARE BELYDENIS VAN DIE GELOOF.

In die algemene kerktaal praat ons dikwels van bevestiging en voorstelling van nuwe lidmate. Hierdie begrippe moet afgewys word. Van bevestiging is daar alleen sprake as iemand in 'n amp bevestig word. (Van bevestiging kan daar alleen sprake wees in soverre die lidmaat sy geloof bevestig en nie in soverre as wat die kerk hom of haar in iets bevestig nie). Die woord voorstelling gaan ook nie op nie, aangesien die nuwe lidmate in die meeste gevalle dooplidmate van die gemeente is en daarom reeds goed bekend is aan die gemeente.

Die woorde openbare belydenis van die geloof, toelating tot die heilige nagmaal en die daarmee gepaardgaande verantwoordelikheid vir die opbouing van die gemeente, moet as kerklike taal ge-yk word.

Soos in enige ander erediens is hier ook nie plek vir tierlantyntjies nie. Alle toesprake, aanbiedings en handdrukke, as daar behoefte aan is, moet na die erediens plaasvind.

Normaalweg vind hierdie belydenis plaas tydens die voorbereidingsdiens. Dit is veral hier sinvol omdat die openbare belydenis van die geloof toelating tot die nagmaal beteken.

Hierdie erediens verloop normaal tot na die prediking in orde A en na die skuldbelydenis in Orde B. Met 'n gepaste spreuk word die betrokkenes opgeroep: „Gemeente, daar word nou geleentheid gegee aan diegene wat daartoe deur die kerkraad toegelaat is, om openbare belydenis van geloof af te lê." Die groep, wat in die middelste ry voor in die kerk sit, se name word afgelees. Hulle staan een vir een op. Die uiteensetting word gelees en die vrae deur hulle gesamentlik of individueel beantwoord. In laasgenoemde geval word die uiteensetting en vrae eers gelees. Die name word dan een vir een gelees waarop elkeen ja antwoord. Die predikant lees 'n formule soos vervat in Romeine 10:9 en 10. Dankgebed. Slotsang. Seën. Afkondigings. Offergawes.

F. <u>HUWELIKSBEVESTIGING</u>:

Die feit dat die huweliksbevestiging in 'n erediens geskied bepaal dat alle prinsipiële beginsels m.b.t. 'n erediens hier gehandhaaf sal word. Hier sal die kerk moet bepaal en nie menslike voorkeur, of ingeburgerde ongemotiveerde tradisie nie.

Aangesien die huwelik in 'n erediens geskied, sal die prinsipiële elemente van 'n erediens gehandhaaf moet word. Tydens 'n huweliksbevestiging sal daar votum, sang, gebed, wet, belydenis, skriflesing, prediking, skuldbelydenis, genadeverkondiging en seën moet wees. Deur voortgesette arbeid in hierdie rigting kan alle praktiese besware, wat tog nooit belangriker as die prinsipiële behoort te wees nie, uitgeskakel word. Die feit dat dit in 'n erediens geskied, bepaal dat alle soberheid en ingetoënheid hier sal heers. Alle wêreldse vertoon moet op die agtergrond geskuif word. Die bruidspaar, wat vir 'n gesamentlike doel na die kerk kom, kan saam die kerk binne kom. Die

seremonie waartydens die vader die dogter oorhandig, kan voor die kerk in die ingangsportaal plaasvind. Die Woord wat hier verkondig gaan word en die formulier wat hier gaan spreek het betrekking op almal teenwoordig. Die korrekte sou daarom wees dat die egpaar bly sit tot die vrae aan hulle gestel word.

Die erediens verloop normaal orde A totna die prediking orde B tot na die skuldbelydenis. Die formulier word gelees, vrae beantwoord en die ring aangesteek. Die bevestigingsformule word gelees sonder die uitsteek van hande. Die gebed wat volg kan gebruik word as die slotgebed. Die predikant bly op die kansel en die egpaar bly staan. Die egpaar kan ook kniel aangesien dit 'n skriftuurlike gebedshouding is. Die vraag is egter waarom moet hierdie twee nou juis anders bid as die res van die gemeente Na die gebed sing die gemeente die egpaar Psalm 134:3 toe, wat ook die slotsang is. Seën. Afkondigings. Offergawes. Indien laasgenoemde onuitvoerbaar blyk te wees kan 'n kollektebus vir die doel by die ingang van die kerk aangebring word.

Die huweliksbevestiging is 'n erediens, daarom sal die gemeente kennis daarvan moet kry, die bysyn van 'n ouderling met die oog op die opsig sal as noodsaaklik aangemeld moet word, alle neem van fotos en steurende elemente terwyl die diens aan die gang is sal afgewys moet word, die kleding van die teenwoordiges sal in ooreenstemming met die van 'n gewone erediens moet wees. Tydens die diens sal daar alleen gesing moet word deur die hele gemeente. Alle solosang en praatkore moet plaasvind na die erediens. Die prediking moet steeds verklaring en toepassing van die Skrif wees en nie persoonlike aanspraak of slegs gelukwensing nie.

G. <u>DIE BEGRAFNISDIENS.</u>

Die kerk moet duidelik onderskei tussen die begrafnisdiens, wat 'n vertroostende verkondigingstaak van die kerk is aan

die agtergeblewenes; en die teraardebestelling wat die taak en voorreg is van die agtergeblewenes. Die teraardebestelling word in die Bybel duidelik geteken as taak en voorreg van die familie. (Gen. 23: 6, 11, 15; Gen. 47:30; Gen. 49:29; Matt. 8:21; Matt. 27:57-61 en Joh. 11:34). Die kerk en sy ampsdraers is alleen betrokke by die teraardebestelling as hulle om hulpverlening deur die familie gevra word. Aangesien die predikant daarvoor toegerus is, kan hy aanbied om die verrigtinge by die graf namens die familie te lei of hulle met die reëlings daaraan verbonde behulpsaam wees.

Die begrafnisdiens is net soos enige ander diens in die kerk erediens en moet daarom al die kenmerke en elemente van 'n gewone erediens vertoon. Dit vind plaas met al die elemente net soos die Sondagerediens.

Die prediking tydens hierdie diens geskied met die uitsluitlike doel om die treurendes te vertroos en te bemoedig vanuit die Evangelie van die opstanding van Jesus Christus. 'n Biografie van die oorledene het geen plek in hierdie verkondiging nie; dit kan ook geen troos bied nie. Die begrafnisdiens is nie daarop gerig om te betreur nie, maar dit wil vertroos en bemoedig.

Aangesien hierdie erediens in die volle sin van die woord is, is opsig deur 'n ouderling noodsaaklik. Die bysyn van 'n diaken is nie absoluut noodsaaklik nie maar tog gewens met die oog op die kollekte. Indien die bysyn van laasgenoemde onmoontlik is kan by die kerkdeur bussies aangebring word vir die doel.

Omdat die begrafnisdiens in die besonder die agtergeblewenes as objek het is dit vanselfsprekend dat die kis met die oorledene hier geen rol speel nie, want die verkondiging is tot die lewendes gerig. Die kis met die oorledene hoef daarom nie in die ingangsportaal van die kerk te staan nie, maar kan in die lykswa bly. Prinsipieel gesien bestaan die gevaar dat die bediening van die Woord belemmer kan

word deur die inbring van die lyk in die kerkgebou. In die praktyk veroorsaak dit 'n groot droefheid by naasbestaandes wat dit moet aanskou, met die gevolg dat die aandag van die verkondiging afgetrek word en die vertroosting vanuit die Bybel bemoeilik word.

Na die afsluiting van die diens met die seën word die begrafnisbrief met die name van die draers gelees. Laasgenoemde lei die familie uit die kerk uit.

Aangesien die teraardebestelling 'n familie aangeleentheid is blyk dit sinvol om hier 'n liturgie te volg wat gewoonlik in 'n „huisgemeente" voorkom naamlik die van die huisgodsdiens: Skriflesing terwyl die kis na benede sak. Sang en dankgebed. Die begrafnisformule as vertroostende geloofsantwoord van die familie op die Woord van God, kan direk na die Skriflesing volg. Die gooi van grond op die kis, is alleen wenslik gedurende die uitspreek van die formule.

Met die oog op verheldering sluit ons hierby weer 'n afskrif in van die gewone diensordes soos aanbeveel m.b.t. die gewone eredienste:

ORDE A.

1. Votum en Seën
2. Sang deur gemeente
3. Lesing van die Wet
4. Skuldbelydenis
5. Genadeverkondiging
6. Geloofsbelydenis
7. Skriflesing
8. Gebed
9. Sang
10. Prediking
11. Dankgebed
12. Slotsang
13. Seën
14. Afkondigings
15. Offergawes

ORDE B.

1. Votum en Seën
2. Sang
3. Skriflesing
4. Gebed
5. Sang
6. Prediking
7. Genadeverkondiging
8. Geloofsbelydenis
9. Wet
10. Skuldbelydenis
11. Dankgebed
12. Slotsang
13. Seën
14. Afkondigings
15. Offergawes

ORDE C.

A of B word gebruik maar die skuldbelydenis en genadeverkondiging word onderskeidelik ingewerk by die aanhef van die Wet en Geloofsbelydenis of in die gebed.

(W.G.) M.J. BEUKES

SEKRETARIS RAAD VIR BELYDENIS EN LITURGIESE GESKRIFTE

PSALMMELODIEë BYLAE II

(Verwys Agenda 1973 Algemene Kerkvergadering - hoofstuk XII. B.(b)(i), bladsy 115).

Hierby aangeheg het u die voorgestelde nuwe Psalmmelodieë wat aan die Algemene Kerkvergadering vir beoordeling voorgelê word.

Die gemeentelike Skriba word hiermee versoek om die bygaande stuk aan die predikant (waar van toepassing) en die afgevaardigde te oorhandig.

D M Smith

SKRIBA:
KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE
KERKVERGADERING

Pretoria
21 Maart 1973.

Weleerwaarde heer en broeders,

Vir die Interkerklike Hersieningskommissie is dit 'n aangename voorreg om by die afhandeling van sy sinodale opdragte soos volg te rapporteer aan= gaande die musiekrevisie van die Psalmboek.

Voor u lê die resultaat van 'n moeisame taak wat reeds voor 1961 'n aanvang geneem het. Ons het met mekaar tot die volgende stelreëls ooreengekom:

- dat die toonsetting by die teks 'n ondergeskikte rol moet speel. Die musiek moet alleen help om die betekenis van die woorde te onderstreep en duideliker na vore te bring;
- dat die toonsetting eenvoudig moet wees, d.w.s. binne die bevatlik= heid van die gemeentelid, maar aan die ander kant ook weer nie sonder enige artistieke waarde nie;
- dat die melodieë nie van so 'n omvang mag wees dat die gemiddelde lidmaat, sonder sangopleiding, dit nie sal kan sing nie. Daar moes ook gewaak word teen onverwagte groot spronge;
- dat die ritme ook sodanig moes wees dat die gewone gemeentelid dit kan baasraak.

Die werkmetode het daarin bestaan dat die melodieë in ons Psalmboek, af= komstig uit die Geneefse Psalmboek van 1562, waar moontlik melodies en ritmies in hulle oorspronklike vorm, en volgens die betroubaarste lesing tot ons beskikking, herstel is.

Die grootste getal van die sg. "nuwe wysies" in die vorige uitgawe is vervang deur:

Geneefse melodieë wat op die Afrikaanse teks gepas het;
bestaande melodieë uit ander bundels;
aanpassings van melodieë;
oorspronklike komposisies uit eie bodem.

Daar is ook besluit om die musieknotasie reël vir reël met die teks af te druk. Dit het die groot voordeel dat 'n mens 'n besondere plek in die melodie maklik kan kry en daarby is dit in ooreenstemming met die heden= daagse lied-setpraktyk.

In die tekste sal die kort note met kursiewe letters aangedui word. Be= sonderhede oor komponis en/of verwerker sal by elke melodie verskyn.

Met erkentlikheid en dank moet melding gemaak word van die feit dat hierdie werk voltooi is deur 'n span medewerkers uit die drie Kerke, wat kosteloos en in hoofsaak in spaartyd, diens gelewer het. Daarby was mnre. H.P.A. Coetzee, W. Mathlener en H.P. van der Westhuizen gedurende 1972 voltyds besig met die afrondingwerk. Die Universiteite van Potchefstroom en Stellenbosch en die Beheerraad van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria, het hulle dosente beskikbaar gestel en daarmee 'n verantwoordelikheid teenoor hierdie werk getoon wat nie onvermeld mag bly nie.

In die vertroue dat hierdie werk u goedkeuring sal wegdra, en dat u opdrag na wense uitgevoer is, sluit ons met seënbede op die werksaamhede van die Sinode en met die verskuldigde hoogagting.

Dienswillig, die uwe,
W.J.B. SERFONTEIN - VOORSITTER.

Lede van die Interkerklike Hersieningskommissie:

J.J.A. van der Walt	P.W. Venter, Scriba	H.P. van der Westhuizen
J.H. Venter	W. Mathlener	G.G. Cillié
L.F. Schulze	D. Erasmus	D.I.C. de Villiers
H.P.A. Coetzee	S. Engelbrecht	C. Swanepoel
	S. van der Merwe	A.A. van Namen

Psalm 1



Psalm 2



Psalm 3 (= Ps. 63)

Hoe groei my teenparty!

Hoe dring hul naderby!

Ek hoor al hoe hul laster:

„Hy het geen heil by God."

Hul hoon my met hul spot

en keer my altyd vaster.

Maar U sal hulle stuit;

U voer die oorlog uit,

my God, my skild, my ere!

U hef, tots hul geneg,

my hoof weer in die lug,

want U verhoor my, Here!

Psalm 4

Verhoor my, Heer, in donker dae

God van my reg, send troos vir my!

U wat my voer uit hinderlae,

hoor my uit vrye welbe- ha-e

O manne wat my nou bestry,

hoe lank nog word in teënhede

my eer in skande omgekeer?

Hoe lank is jul met nietigheid,

met ydelheid en wind tevrede?

Word leugentaal deur jul begeer?

Psalm 5

o Heer, neem my gebed ter ore!

Kan ek die klare woord nie spreek—

U weet wat in my woed en smeek;

my sugte, as spraak nog ongebore,

is nie verlore.

Psalm 6

Wil my, o Heer, nie straf nie,

wys my in toorn nie af nie,

sien my genadig aan;

laat my in teë-spoede

'n alte strenge roede

my nie met gramskap slaan!

Psalm 7

Heer, my God, by wie ek skuiling

redding soek—my teenparty

wat my jaag op al my spore,

dring gedurig naderby.

As u hand my nie verlos nie,

sal hul lewend my verslind,

soos 'n leeu die arme skaaplam

wat hy sonder herder vind.

Psalm 8 (1)

Daar is geen land so ver of woes geleë,

geen strand, o Heer, of wilde waterweë,

geen hemelsfeer in die oneindigheid —

of orals blink u Naam en majesteit.

Psalm 9 (1)

Ek sal van ganser harte, Heer,

u wonders groot maak en U eer.

Ek sing omdat ek in U bly is,

aan wie my lofsang toegewy is;

Psalm 8 (2)

Daar is geen land so ver of woes geleë,

geen strand, o Heer, of wilde waterweë,

geen hemelsfeer in die oneindigheid —

of orals blink u Naam en majesteit.

Psalm 9 (2)

Ek sal van ganser harte, Heer,

u wonders groot maak en u eer.

Ek sing omdat ek in U bly is,

aan wie my lofsang toegewy is

Psalm 10



Waarom, o Heer, bly U so verweg staan?



Waarom is U verborge in die nood –



terwyl die trotsaard, in sy oormoed gaat,



dring met geweld op die verdrukte aan?

Psalm 11



Ek skuil by God in al my onweersdae.



Hoe sê jul dan in kleingeloof vir my:



„Vlug soos 'n duif met snelle vleuelslae



na die gebergte, van vrees en vyand vry!"

Psalm 12 (= Ps. 88)



Red, red, en hoor, o Heer,



geen vrome is daar meer;



getrouheid, in die land reeds klein,



het nou daaruit verdwyn.

Psalm 13



Hoelank is ek van hulp ontbloot,



my God, in u gedagtes dood?



Hoelank sal ek in donkermede



geen antwoord hoor op my gebede,

en ongetroos wees in die nood?

Psalm 14 (= Ps. 37, Ps. 53)

Vermeetle dwaas wat hoogwys spot,

sê in sy hart: „Daar is geen God."

Hul dade is afskuw'lik sleg,

geeneen wat goed doen in sy weg.

Psalm 15

Wie styg so hoog in heil en eer,

dat hy met U, die grote Koning,

met U, die allerhoogste Heer,

kan op u heil'ge berg verkeer

en intrek in u heil'ge woning?

Psalm 16

Bewaar my tog, o God, op wiek vertrou!

Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.

Daar is vir my, en wat die oog aanskou,

geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.

En wie op aarde U ken en vees, o Here,

hul noem ek groot, hul is my roem en ere.

Psalm 17



Psalm 18



Psalm 19

Die hoë hemel rond
vertel met blye mond
Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deur glans,
vermeld die wye trans
die werke van die Heer.

Die dag roep orals luid
en duisendstem-mig uit
dié loffelike sprake;
die nag se stille stap
meld kunde en wetenskap
deur al sy donker wake.

Psalm 20

o Mag die Here u verhoor
in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God
u dek in oorlogstyd!

Psalm 21 (Ps. 96)

U maak, o Heer, die koning bly
omdat u arm so sterk is,
sy heil deur U bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry;
U het wat hy begeer
geweier nog geweer.

Psalm 22

My God, my God, waarom verlaat U my

terwyl'k alleen my sware stryd moet stry,

alleen moet kerm wanneer'k my lyde ly?

Op al my wae

kan ek van U, deur al my lydensdae,

geen antwoord kry; deur donker lydensnagte

bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte,

geen woord vir my.

Psalm 23 (1)

Net soos 'n herder uittrek met sy skape

en hul laat neerlê in die veld van milde groen,

met sagte hand hul lei langs stille waters —

so is die Heer, so het Hy ook aan my gedoen:

Hy laaf my siel en lei my swakke skrede

in vaste spoor van sy geregtighe - de.

Psalm 23 (2)

Net soos 'n herder uittrek met sy skape

en hul laat neerlê in die veld van milde groen,

met sagte hand hul lei langs stille waters

so is die Heer, so het Hy ook aan my gedoen:

Hy laaf my siel en lei my swakke skrede

in vaste spoor van sy geregtig - hede.

Psalm 24 (= Ps. 62, 95, 111)

Die ganse aarde, land en meer
met al wat leef, is uwe, Heer!
U het die waters in hul woede
beteuel in die skeppingstond
en het die aarde vasge-grond
op wye seeën watervloede.

Psalm 25

Tot U hef ek hart en hande;
op U, Heer, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande,
oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat
wat in u vertroue wandel,
maar U dek hul met u smaad
wat hier troueboslik handel.

Psalm 26

o Heer, doen aan my reg!

Ek wandel as u kneg

en wil opreg met U verkeer.

Op U alleen vertrou ek;

op U, my Rotssteen, bou ek,

ek sal nie wankel, troue Heer!

Psalm 27

God is my lig, my heil: ek sal nie vre

Hy is die Heer wat hulp verskaf in nood,

my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard
te wees

want by die Heer is uitkoms teen die dood.

As bendes my omring, 'n wilde hoop

in woeste vaart op my kom aangekap,

dan struikel hulle wat my vlees

en stort terneer omdat hul God

Psalm 28 (= Ps. 64)



Ek roep U aan, o Here, hoor!



Verleen my bystand, neig u oor,



dat ek nie word, daar'k U mot mis,



soos die wat in die graftuil is.

Psalm 29



Engletmagte, loof die Heer,



gee die Here sterkte en eer!



Al die duisende tesaam —



sing die ere van sy Naam!



Engle, trone, heerskappye —



laat dit opklink uit jul oye!



Dien God, groot daar almagsdade,



in die skoonste feesgewade!

Psalm 30 (= Ps. 139)

Ek sal met hart en mond, o Heer,

u roem verkondig en u eer;

U het in guns na my gebed

geluister en my uitge- red,

sodat die man wat my bestry het,

nie oor my smart hom kon verbly het.

Psalm 31 (1) (= Ps. 71)

Net soos 'n rots, gesterk, gestewig

teen storm en onge- ty,

is U, o Heer, vir my.

Maak my tog nie beskaamd vir ewig.

Bevry my, hoor my bede

na u geregtighede.

Psalm 31 (2)

Net soos 'n rots, gesterk, gestewig

teen storm en onge- ty,

is U, o Heer, vir my.

Maak my tog nie beskaamd vir ewig.

Bevry my, hoor my be- de

na u gereg- tig- he- de.

Psalm 32

Welsalig wie van skuld en straf onthewe,

die woord mag hoor: Jou sondes is vergewe.

Want God wat groot is in barmhartigheid,

het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.

Welsalig, wie die Heer geen erkel stonde

toereken wil die boosheid van die sonde

en wie se gees, van alle valsheid vry,

voor God ootmoedig al die skuld bely.

Psalm 33 (1) (= Ps. 67)

Sing vrolik, hef die stem na bowe;

regverdiges, verhef die Heer.

Dit pas opregtes God te lowe

en uit te jubel tot sy eer.

Laat die psalmgesange —

stem van sterk verlange

om die Heer te dank —

by die smeltendskone

harp- en sitertone,

liefde en lof verklank!

Psalm 33 (2)

Sing vrolik, hef die stem na bowe;

regverdiges, verhef die Heer.

Dit pas opregtes God te lowe

en uit te jubel tot sy eer.

Laat die psalmgesange —

stem van stark verlange

om die Heer te dank —

by die smeltendskone

harp- en sibertone,

liefde en lof verklank!

Psalm 34

In weelde en ongeluk,

altyd sal ek die Here prys;

altyd vir Hom my lof laat rys,

in voorspoed en in druk.

Hom sal ek die ere skenk,

tot roemtaal kragtig aangespoor.

Sagmoediges, hul sal dit hoor

en aantree op my wenk.

Psalm 35

Verdedig tog my regsaak, Heer,
en laat u hand my vyand keer.
Gryp áán die wapens van die stryder:
die skild en spies, o my Bevryder!
Belet hul optog, tree vooruit
om my vervolgers plots te stuit.
Sê aan my siel wat op U wag:
„Ek is jou heil en veilge krag."

Psalm 36 (= Ps. 68)

Die boosheid van die boseman —
my diepste hart getuig daarvan:
„Gods vrees is uit sy oë."
Hy vlei homself, in kwaad verstyf,
dat God sy snode wanbedryf
vir altyd sal gedoë.
Bedrog en onreg is sy woord.
Hy gaan in sy onwysheid voort
en vrees geen bose handel.
Hy maak by nag sy planne reg,
en kom dan op die sondaarsweg
om in sy kwaad te wandel.

Psalm 37 (= Ps. 14, Ps. 53)

Vertoorn jou oor die bose nooit:

hul sal verbeyn, hul raak verstrooid

soos gras wat gou verdor, vergaan,

soos spruitjies wat maar kort bly staan.

Psalm 38

Straf tog nie in ongenade

my misdade,

Heer, verdra my met geduld.

Wil tog nie in toorn ontsteek nie

en U wreek nie

op my sonde en sondeskuld.

Psalm 39

Ek het gesê: Ek wil my weg bewaar

geen klaagtoon oor my tong laat gaan:

in onheil wil 'k my mond en spreek bedaan

terwyl die vyand voor my staan;

sodat hy in sy ongeduld oor my

geen weug of voordeel sal verkry.

Psalm 40 (1)

Ek het die Heer lank in my druk verwag

Hy het sy oor tot my geneig.

Toe ek bedruk was en bedreig,

het Hy geluister na my jammerklag.

Hy wat aan my gedink het

toe ek so diep gesink het

in modderige slyk,

Hy laat my rotsvas staan,

Hy laat my veilig gaan —

my voetstap sal nie wyk.

Psalm 40 (2)

Ek het die Heer lank in my druk verwag —

Hy het sy oor tot my ge- neig.

Toe ek bedruk was en be- dreig,

het Hy geluister na my jammerklag.

Hy wat aan my gedink het

toe ek so diep gesink het

in modde- rige slyk,

Hy laat my rotsvas staan,

Hy laat my veilig gaan —

my voetstap sal nie wyk.

Psalm 41

Welsalig wie die arme in verdriet
sy hulp en bystand bied!
God sal hom red, en in die dag van kwaad
is Hy sy Toever-laat.
God sal sy lewe in kommernis bewaak
en hom geluk-kig maak;
hom nimmer oorgee, dat sy teenparty
oor hom ooit voordeel kry.

Psalm 42

Soos 'n hert in dorre streke
skreuwend dors na die genot
van die helder waterbeke,
skreu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die Heer,
na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, na swerftog en benouing,
God weer sien in klare aanskouing?

Psalm 43

Heer, doen my reg, hoor my gebede,

en twis my twissaak teg vir my;

want waar ek heengaan, skrede op skrede,

beleër my 'n bose en wrede,

'n huigelende teenpar-ty

wat my my saak bestry.

Psalm 44

O God, het ons nie met ons oor nie

en van ons vaders dit gehoor nie —

het ons dit nie van hul verstaan.

die werk deur U van-ouds gedaan?

Hoe U die nasies met u hand

verdryf het en hul uitgeroei het,

terwyl u volk deur U geplant,

hier welig deur u seen gebloei het.

Psalm 45



Psalm 46 (= Ps. 82)



Psalm 47

Juig, o volke, juig;

handklap en betuig

voor die Heer jul vreug!

Wees in God verheug!

Sing Hom lof en prys

op verhewe wys,

want bo al wat leef

en voor Hom moet beef,

sal sy septer wink

en sie glorie blink —

Allerhoogste in eer,

groot is God die Heer.

Psalm 48

Die Heer is groot waar Sionstop

hom wentel uit die dieptes op.

Hy is lofwaardig, waar verhewe

die berg en stad in songlans bewe,

en Sion teen die noorde

blink, bo die lof van woorde.

Daar waar in vlekkelose wit

die Koning van die wêreld sit,

het Hy, wat teen die vyand wreek

as Rotsburg Hom bekend gemaak

Psalm 49



Kom luister, volke wat die aarde oordek,



wat woon sover die wêreldlande strek!



Kom aan, wie klein en arm is in die land,



saam met die rykes, hoog in eer en stand!



My hart en mond bring enkel wysheid voort,



Ek neig my oor en luister na 'n woord;



'n diep geheim, 'n stof vir harpenare –



sal ek vertolk by ruising van my snare.

Psalm 50 (= Ps. 117, Ps. 127)



Die groie God, die Here spreek!



Hy roep, Hy daag die aard', vanwaar



die son in goudglans uit kom breek



tot waar hy sterwend neer sal vaar:



Uit Sion, sonder voorbeeld skoon,



sprei God sy ligglans ver ten toon.

Psalm 51



Ontferm, o God, ontferm U tog oor my!



Ontsluit die bron van u barmhartigheid;



wis uit die smet wat kleef aan al my lede,



en maak my siel van sondeskuld weer vry!



Was my geheel tot my behoudenis,



was weg tog, Heer, die skandvlek van die sonde,



die kwaad wat my altyd voor oë is.



Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!

Psalm 52



Wat roem jy, wreedaard, so hooghartig?



Gods guns duur vir my voort!



Jou tong is vlymend soos 'n skoermes.



Net valsheid is jou woord.



Net kwaad, geen goed; net leuns, geen reg -



dit is jou woord en weg.

Psalm 53 (= Ps. 14, Ps. 37)



Vermeetle dwaas wat hoogwys spot



sê in sy hart: "Daar is geen God"



Hul dade is afskuw'lik, sleg,



geeneen wat goeddoen in sy weg.

Psalm 54



o God, verlos my deur U Naam,



toon my u mag en rig regvaardig.



Heer, neem my aan, hoeseer onwaardig,



hoeseer tot bidde onbekwaam.



Want vreemdes, teen my opgestaan,



tiranne, aan misdaad oorgegewe,



soek bloedbegerig na my lewe;



Gods hoogheid jaag geen vrees hul aan!

Psalm 55



Verhoor, o God, verhoor my klagte,



as ek, gekwel in my gedagte,



geen rus kan vind of plek van vrede.



Net onrus is daar in my hart:



ek dwaal, ek duisel, voelverward.



Verberg U nie, maar hoor my bede!

Psalm 56

Genade, ô God! Ek hoop op U alleen.

Die vyand staan met trots en haat my teen;

hy veg, verdruk, vertrap. Waar moet ek heen?

Op U, my God, vertrou ek.

U gee u woord, dit sal my nooit begewe,

daar leef ek nee, dit dra my deur die lewe;

ek gee my hart, tot U omhoog gehewe —

wat sou ek vlees dan vrees?

Psalm 57

Wees my genadig, o my God! Ek soek

'n skuilplek in die dag van nood en stryd —

daar waar u vleuels hul oor my uitgestrek het,

diep in hul skaduwe, soek ek veiligheid.

totdat die onheil weer verbygetrek het.

Psalm 58

Spreek jul wel waarlik reg, o regters?

En vonnis jul die mense reg?

Jul hart is ver, ver daarvan weg,

en in jul hand is gruweldade.

Die bose is met afvalligheid,

die leuenspreker dwaal altyd.

Psalm 59



Red my, o God, wil my bewaar!



Die vyand kom, 'n sterke skaar.



Neem my tog in u hoede en wag



vir teëstanders om hul mag;



die manne wat net onreg werk



is in hul bloeddors my te sterk.

Psalm 60 (= Ps. 108)



o God, hoe het U ons verstoot!



U grimmigheid was oor ons groot.



Herstel ons; laat die land herleef



wat U geskeur het en laat beef!



Herstel, genees sy breuke weer,



want alles wankel voor U, Heer.



U't ons 'n harde saak laat sien



en swymeldrank ons toegedien.

Psalm [illegible] (ook mel. Ps. 38)



Psalm 62 (= Ps. 24, Ps. 95, Ps. 111)



Psalm 63 (= Ps. 70)



My God, wat taai my lewe is,



hoe smag my hart ás'k U moet mis!



Ek soek U, Heer, terwyl' ek kwyn ...



in siekverlatenheid en pyn.



Ek smag soos alles hier om my



waar'k swerf in wilde woestenij,



'n dor en uitgedraogde land

waarop die Son se vlamme brand

Psalm 64 (= Ps. 28)



O God, verhoor nou my gebed



wanneer ek smeek en roep, en red



my van die mens wat my belaag



en met sy skrik my wil verjaag!

Psalm 65 (= Ps. 72)











Na bange tyd van somerdroogte
is daar die uitkoms weer!
Nou pas dit ons op Sionshoogte
u lof te sing, o Heer!
Nou sal hul aankom uit die stamme;
geloftes word betaal.
Die offerdier rook in die vlamme,
uit verste veld en kraal.







Psalm 66 (= Ps. 98, Ps. 118)











Juig, aarde, juig met blye galme
laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankbre psalme,
en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke,
geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke
en buig hom kruipend voor sy mag.





Psalm 67 (= Ps. 33 (1))

Wees ons, o Heer, wees ons genadig
en seën ons by owervloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig
ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke
deur ontelote wolke
kennislig kan breek;
nasies met verblyding
van die blye tyding
in hul land kan spreek!

Psalm 68 (= Ps. 36)

Die Heer sal opstaan tot die stryd;
Hy sal sy haters, ver en wyd,
laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan,
hy sal geen oomblik kan bestaan
voor God se alvermoë.
As U, o Heer, in mag verskyn,
sal hul soos rook en damp verdwyn,
deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur,
het almal voor Gods glans geen duur
wat goddelooslik lewe.

Psalm 69

Help my, o God, want ek vergaan!

Ek het in modder ingegly

waar daar geen staanplek is vir my;

en oor my storm die waters aan.

Ek roep my hees, my oog versmag,

waar ek vergeefs op U bly wag.

Psalm 70 (= Ps. 63)

o God, my hulp in nood, help no

o Heer, my redder, maak tog gou!

Maak hul beskaamd wat my verdruk

en hunker na my ongeluk.

Laat hulle wyk na agter om

en haastig in die skande kom,

laat hul met skaamte rugwaarts gaan

wat met hul smaad teenoor my staan

Psalm 71 (= Ps. 31 (1))

Op U alleen, my rotssteen bauck.

Laat my dan nimmermeer

in smaad verval, o Heer!

Op u geregtigheid vertrou ek.

Verhoor my, red my lewe:

dis aan U aorgegewe.

Psalm 72 (= Ps. 65)

Gee aan die Koning, Heer, u regte

en u geregtigheid

aan Koningskind, dat Hy u kregte

kan rig met wys beleid.

Dan vind u volk weer 'n beskermer,

een wat hul saak besleg,

ellendiges weer 'n ontfermer

wat oordeel volgens reg.

Psalm 73

Voorwaar, God is vir Israel goed,
vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit só dónker wees nie,
dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet,
tog het my voet haas in my leed
gewankel en dit was vir my
so donker dat my voet wou gly.

Psalm 74 (= Ps. 116)

Waarom, o God, vind ons geen medely?
Waarom verdryf u toorn ons altyd verder?
Ons is u kudde, U die kuddeherder
wat deur u hand ons uit en in wou lei.

Psalm 75

U alleen, U loof ons bly —
ja, ons jubel tot u eer;
want u Naam is, troue Heer,
vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land
al die wonders van u hand.

Psalm 76

Die Heer wat woon in donker tent,

maak Hom by Juda's stam bekend;

daar word sy wonderdaad vertel,

sy Naam is groot in Israel;

in Salem met sy veilge skanse,

daar straal sy Huis met vredeglanse.

Psalm 77 (Ps. 86, B.

Opwaarts klim my roep en rede,

o my God, verhoor my bede;

in benoudheid, altyd weer,

neem ek toevlug by die Heer.

En my hande, hele nagte,

met my worst'lend in my klagte

bly terwyl'k mistroostig sweet

sonder moeg word, opgeteek.

Psalm 78



Merk op, my volk wat nou my roepstem hoor,



met ope hart en toegeneë oor!



Met wyse spreuke wil ek u vermaan,



wat waarheid is van vroegste tye af aan;



verborge goud wat net op koestring wag,



met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.

Psalm 79



Die heidne het gekom, 'n woeste hoop,



u erfdeel, Heer, geweldig neergeloop,



u heiligdom se heiligheid geskend,



Jerusalem tot puinhoop omgewend.

Psalm 80



o Herder Israëls, neem ter ore,

wat Josefs kroos, deur U verkore,



soos skape rustig wil laat wei,



of deur gevare heen wil lei;



U wat u troon op gérubs stig —



verskyn weer blinkend in u lig.

Psalm 81



Psalm 82 (= Ps. 46)



Psalm 83 (= Ps. 3)



Psalm 84



Psalm 85



Psalm 86 (= Ps. 77, Ps. 102)



Psalm 87

Hoe grandvas staan Jerusalem se walle,

Gods eenige bergwerk wat nie skok of skud!

Bo al die Jakobswonings, huis of hut,

het God aan Sions poorte 'n welgevalle.

Psalm 88 (= Ps. 12)

Ek roep tot U, o God,

op wie my hoop bly staan,

't Sy dat die blye son oor my

of op- of ondergaan.

Psalm 89

Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,

en aan u trou, o Heer, altyd my hulde bring;

want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,

so rys die eenige gans wat U aan onsbewys het;

en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,

so seker sal u trou nooit wankel of besuyk nie.

Psalm 90 (1)

U was, o Heer, vanaf die vroegste jare
vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.
Voordat die rotsgebergtes was gebore,
die aarde uit niks geroep was, lank tevore —
is U, o Heer, dieselfde God van mag,
onwankelbaar in wese en in krag.

Psalm 90 (2)

U was, o Heer, vanaf die vroegste jare
vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.
Voordat die rotsgebergtes was gebore,
die aarde uit niks geroep was lank tevore —
is U, o Heer, dieselfde God van mag,
onwankelbaar in wese en in krag.

Psalm 91 (1)

Wie toevlug neem in veilige hut
en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut
deur God se alvermoë.
O Heer, my rots, op wie ek bou,
by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou,
in nood my veilge veste.

Psalm 91 (2)

Wie toevlug neem in veilge hut
en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en be'-skut
deur God se alver-moë.
O Heer, my rots, op wie ek bou,
by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou,
in noad my veilge ves-te.

Psalm 92

Wie sou die Heer nie prys nie
as weer met nuwe gloed
'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie
in stille môrewag-te
as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing
'n loflied in die nagte?

Psalm 93

Die Heer regeer. Die kleed van heerlikheid
wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat enkel triomfeer,
hou alles stand, dit wankel nimmermeer.

Psalm 94 (= Ps. 105)

Verskyn weer aan die onweerstranse,
o God van wraak, in skitterglanse!
Vertoon u stralende aangesig,
o Regter, wat die wêreld rig!
Staan op, verhef U en vergeld
die trotsaards nou hul trots geweld!

Psalm 95 (= Ps. 24, Ps. 62, Ps. 111)

Kom, laat ons jubel voor die Heer,
laat ons Hom toesing lof en eer —
die rots van heil wat ons oordek het.
Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriend'like aangesig ontmoet
wat nuwe vreugde in ons gewek het.

Psalm 96 (= Ps. 21)

Sing vir die Heer 'n nuwe lied!
Die aard se verste perke
moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied;
moet uitroep en verwag
sy heil van dag tot dag.

Psalm 97

God heers as hoogste Heer:

die aarde moet Hom eer,

en juig, saam met die strande

van afgeleë lande.

Daar's wolkedonkerheid

rondom sy majesteit;

sy rykstroon is gesteg

op oordeel en gerig

en op geregtigheid.

Psalm 98 (= Ps. 66, Ps. 118)

Sing nuwe lof aan God die Here,

die God wat wonders het gedaan;

sy regterhand, vol sterkte en ere,

sy heil'ge arm bring redding aan.

Hy het sy heil en alvermoë

die volkere alom geneld;

geregtigheid blink voor hul oë

soos sonnestrale oor berg en veld.

Psalm 99

God, die Heer regeer.

Beef, o volke eer,

eer die God wat troon

waar die gérubs woon;

wat in Israel

sy gèrig bestel.

Aarde en al wat lewe —

laat dit voor Hom bewe.

Psalm 100 (ook mel. Ps. 131, 13

Juig al wat leef, juig voor die Heer!

Dien God met blydskap, gee Hom eer;

kom nader voor sy aangesig.

en prys Hom met 'n lofgedig.

Psalm 101

'k Wil in my lied van reg en goedheid sing

en U daarvoor my hoogste hulde bring.

Opregtheid sal ek, Heer, bo alles ag,

en U verwag.

Psalm 102 (= Ps. 77, Ps. 86)

Heer, u goedheid is onendig ;

hoor my as ek diep ellendig ,

as ek in my krag verkort ,

klag voor U soos water stort.

Hoor die hulproep van 'n lyer ,

wil u danskyn hom nie weier ;

hoor in nood, en hoor my nou ,

help my , Heer, ag help my gou !

Psalm 103

Loof, o my siel, en alles wat in my is ,

loof, loof die Heer in wiek van harte blij is !

Verhef sy heilge Naam met lofen prys !

Laat hoor, my siel die stem van dankgebede ,

vergeet nooit een van sy weldadighede ,

vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys .

Psalm 104

Waak op , my siel, en loof die Heer!

My God, U is uitnemend seer

verhewe in u majestoit .

U is bekleed met heerlikheid .

Psalm 105 (= Ps. 94)



Loof, loof die Heer van alle here!



Verhoog sy Naam en gee Hom ere,

en bring sover daar volke is,

sy dade in gedagtenis;



en spreek met aandag en ontsag



van al sy wonders dag aan dag.

Psalm 106



Geloofd sy God, die eeuige Heer!



Gee aan Hom vrolik roem en eer!



Sy goedheid ken geen pale of perke,



geen maat of tyd. Maar wie is hy



wat uit kan spreek sy grote werke,



sy lof kan uitsing na waardy?

Psalm 107 (1)

Loof God, omdat Hy goed is,

en goed is sonder end!

Meld dit, al wie behoed is,

verlos is uit ellend;

wat God uit elke land

in vryheid weer herstel het.

Vry van die slaweband

waarmee hul hom geknel het.

Psalm 107 (2)

Loof God, omdat Hy goed is,

en goed is sonder end!

Meld dit, al wie behoed is,

verlos is uit ellend;

wat God uit elke land

in vryheid weer herstel het.

Vry van die slaweband

waarmee hul hom geknel het.

Psalm 108 (= Ps. 60)

Hoe rus, o God, my hart in my
noûk U 'n môrelied kan wy.
Ontwaak met my, my harp, ontwaak!
Ek wil die rooidag wakker maak.
U trou en goedertierenheid,
tot bo die hemel uitgebreid,
sal ek verhoog by al wat leef
met sang wat van ontroering beef.

Psalm 109

God van my lof, merk hoe ek lê,
en swyg nie langer meer!
Die lastermond gaan oop teen my —
hoe kan ek my verweer?
Hoe haatlik spreek hul om my heen,
hoe is hul swaard gewet!
Waar ek met liefde hul bejeen,
vir hul was my gebed.

Psalm 110

Die Heer is dit wat tot my Heer gespreek het:

„Sit aan my regterhand as hoogste Heer.

Tot Ek u vyand in sy mag gebreek het.

Ham werp as voetbank voor u vaste neer.

Psalm 111 (= Ps. 24, 62, 95)

'K Sal met my gansе hart die Heer

met die opregtes loof en eer —

die Gode dankbare duisendtalle.

Sy werk is groot die wêreld deur,

dit word deur almal nagespeur

wat daarin soek 'n welgevalle.

Psalm 112

Welsalig is die man

wat God van harte vrees;

welsalig hy wat in sy wet

'n welgevalle het.

Psalm 113

Heff aan, Gods knegte, loof verblyd,

van nou af tot in ewigheid,

die Naam en roem van God die Here

bring Ham vanaar die môre straal,

tot waar die sonlig saans weer daal,

die lof, aanbidding, prys en ere.

Psalm 114

Toe Isrel uit Egiptę land,
die land van vreemde spraak,
getrek het, het God Juda's stam
sy heiligdom gemaak
en Israel sy ryksgebied
waardor sy septer waak.

Psalm 115 (= Ps. 135)

Nie aan ons, o troue God,
aan u Naam alleen gee eer!
Waarom sou die nasies spot
as hul oor ons triomfeer?
Om u goedheid, wees nie stil!
Red ons om u trou ontwil!

Psalm 116 (= Ps. 74)

God het ek lief, want dié getroue Heer
hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae,
Hy skenk my hulp, Hy red my keer op keer.

Psalm 117 (= Ps. 50; Ps. 121)



Loof, loof die Heer, o heidendom!



o Volke, prys sy Naam alom!



Sy goedheid is in nood en dood



vir ons, sy volk, oneindig groot.

Sy waarheid wankel nimmermeer.



Sing hallelujja, sing sy eer!

Psalm 118 (= Ps. 66, Ps. 48)



Loof, loof die Heer met lofgesange!



o Israel, wees in God verblyd.



Sy goedheid volg Hom in sy gange.



Sy goedheid duur in ewigheid.



Loof, Arons huis, met jubelsange!

Gods goedheid ken geen grens of tyd,



geen hede, toekoms of verganglie,



Sy goedheid duur in ewigheid.

Psalm 119

Salig wie in hul opregtheid
wandel in die Heer se wet,
wie Hom soek van ganser harte
en op sy getuignis let.
Salig dié wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë
in Gods wet vir hul gebaan.

Psalm 120

As die hoë nood by tye
en die storm van alle sye
dreigend teen my op kom staan,
dan verhef ek my gedagte,
send tot God my bitter klagte
want Hy neem dit gunstig aan.

Psalm 121

Ek hef my oë bergwaarts heen
en staar die ure om,
tot my verlossing kom.
My hulp is van die Heer alleen.
Hy, oor my lot bewoë,
is eind'loos in vermoë.

Psalm 122

Ek was verheug toe die gekuid
weerklink het bo die ruimtes uit:
kom laat ons optrek hiervandaan,
om na die Heer se huis te gaan!
o Heilge stad gelukkige oord,
ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme
op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou
en glinster in die son se vlamme.

Psalm 123



Ek hef tot U wat in die hemel sit,



my oë op en bid.



Net soos die kneg sy oog nie weg wil weër nie,



of aftrek van sy heer nie;



en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie



die oë af kan hou nie —



so staar ons op die Heer tot daar van Hom



oplaas erbar- ming kom.

Psalm 124

Laat Israel nou uitroep blij van gees:

Ja, was die Heer nie toe by ons gewees,

toe mensemagte, teen ons aangekant,

ons aangegrip het, in hul toorn ontbrand

dan was ons lewendig verslind gewees.

Psalm 125

Die wat op God vertrou,

al kom die vyand aan,

is soos die Sionsberg

wat altyd vas bly staan.

Psalm 126

Toe God uit smaad en slawerny

ons uit gevangenskap wou lei,

was dit vir ons, bekleed deur vrees,

net soos 'n blye droom gewees.

Ons mond was vrolik, ongebonde

ons tong van blydskap in die stonde.

Selfs heidenvolke het vertel:

Groot is Gods daad in Israel!

Psalm 127 (= Ps. 50, Ps. 117)

Laat bouers bou al wat hul kan —
vergeefs is alles wat hul bou
as God sy hand daaraan onthou!
Vergeefs, o wagte, waak jul dan
as God jul nie wil gadeslaan,
sy oog nie oor die stadswal gaan.

Psalm 128

Wie deur Gods vrees bewoë
trou op die weg wil gaan
waar hom Gods wil voor oë
en klaar getekend staan —
die arbeid van sy hande
sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande
met seen hul opbrings bied.

Psalm 129



Al van my jeug af was ek martelaar!



Laat Israel dus klaag sy lewensklagte.



Al van my jeug af was ek martelaar!



Oorweldig deur 'n vloed van meerdere kragte.

Psalm 130



Uit dieptes, gans verlore,



van redding ver vandaan,



waar hoop se laaste spore



in wanhoop my vergaan;

uit diep van donker nagte

roep ek, o Here, hoor,



en laat my jammerklagte



tog opklim in u oor.

Psalm 131 (= Ps. 142)

My hart is nie hoogmoedig, Heer!

My oog nie trots nie; ek verkeer,

ek wandel nie in wat te groot

te diep is vir u guns-genoot.

Psalm 132

Gedenk aan Dawid; hoe hy, Heer,

u woning met sy sorg wou eer!

Gedenk sy eed, aan U gesweer;

aan Jakobs sterke God het hy

gelofte-woord dus toegewy:

Psalm 133

Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! –

Dat broeders woon in onverstoorbre vrede.

Soos salf wat kunstig toeberei,

om Arons hoof 'n sagte geur verspreí,

sy baard oordrup en heilge kleed deurtrek –

so sal die liefde liefde wek.

Psalm 134

o Priesters wat voor God bly staan

wanneer die sonlig ondergaan,

wanneer die laaste straal verskiet –

o loof die Heer in sang en lied!

Psalm 135 (= Ps. 115)

Prys die Naam van onse Heer!

Hef tesaam die lofsang aan!

Loof sy goedheid, gee Hom eer,

al wie in sy voorhof stran!

Loof Hom by die heugenis

van sy Naam wat lieflik is.

Psalm 136

Loof die Heer met blye klank,

loof sy Naam, bewys Hom dank;

want sy goedertierenheid

sal bestaan in ewigheid.

Psalm 137

Aan die riviere 't ons gesit

in Babel en geween

as swerfgedagte ons hartseer wek

en trek na Sion heen.

Psalm 138

'K Sal met my ganse hart, o Heer,
U loof en eer,
U hoogheid huldig,
en voor die gode, in psalmgeklank,
U bring die dank
aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis,
na u paleis,
die oog na bo - we.
En, om u gans en waarheid saam,
u heilige Naam
eerbiedig lo we.

Psalm 139 (= Ps. 30)

Daar's niks voor U bedek, o Heer!
U skou uit eewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan;
al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het –
U weet al wat my hart bedink het.

Psalm 140

o Heer, verlos my van die man
wat heil sock in geweld en kwaad,
wat hart en hand laat samespan
tot stryd en goddelose daad.

Psalm 141



Psalm 142 (= Ps. 131)



Psalm 143



Psalm 144

Geloofd sy God wat my in waakle tyd
'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die krygs my hande toeberei,
so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek,
by wie 'ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak
en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Psalm 145

U Naam, o Heer, so hoog in heerlikheid,
wil ek verhef vir ewig en altyd;
U Koningseer wat alle krone oorstraal,
wil ek verhoog in onvermoeide taal.

Psalm 146

Prys die Heer met blye galme,
o my siel, daar's ryke stof.
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

Psalm 147



Laat voor die Heer 'n lofsang rys!



Hoe goed is dit om God te prys!

Hoe lieflik om dié lof te sing,

die lof wat ons aan Hom moet bring!



Want Hy wil ons in gras aanskou,



Hy wil Jeruzalem herbou

en Isrêl wat verstrooid nog swerf,



versamel op die heilige erf.

Psalm 148



Loof uit die heemle, loof die Heer!



Loof in die hoogtes, sing sy eer!



Loof, heilige engele, om sy troon,



die God wat in die hoogte woon!



Loof almal saam, o leërmagte,



wat Hom omring as troue wagte!



Loof, blink gesternte, maan en son:

Hy is van alle lig die bron.

Psalm 149

Sing tot Gods eer met lof en dank
'n nuwe lied met nuwe klank,
o al sy gunstelinge!
Laat Israël voor sy Maker juig,
laat Sion voor sy Koning buig,
die Heer van alle dinge!

Psalm 150

Loof God, loof sy Naam alom!
Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die Heer se grote mag
in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëndhede,
om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit —
voor sy troon en hierbenede!

BYLAE III

GROETEWOORD DEUR DIE NED. GEREF. KERK AAN DIE 57ste ALGEMENE KERK= VERGADERING VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (GEBRING DEUR DS. J.E. POTGIETER OP 1 MEI 1973 TE PRETORIA).

Broeder Voorsitter en Broeders,

Vir my as een van die jonger manne in ons kerk, is dit waarlik 'n voorreg om vandag namens die Ned. Geref. Kerk hier te staan en u te groet. Ek merk soveel broeders met wie ons aan die Universiteit van Pretoria saamgestudeer het en nog baie meer vir wie ek leer ken het toe ek vir baie jare Studenteleraar van ons kerk aan dieselfde Univer= siteit was. Broeders, as ek so na u kyk, wonder ek of ek ook so oud geword het en so baie na die uiterlike verander het. Tot troos vir ons almal kan ek maar net sê: "Daardie jare was ons nog jonk en mooi ..., vandag, so lyk dit my, is ons nog net mooi!"

ONS TWEE KERKE KEN MEKAAR

Ek sê dit is vir my 'n voorreg, want hoewel ek vir baie van u miskien 'n onbekende is, is die Kerk wat ek verteenwoordig gelukkig by u nie so onbekend nie. Dit is 'n bekende en gewaardeerde gebruik dat groete= boodskappe op die wyse oor en weer tydens sinodesittings gebring word. Dit kan ook nie anders nie, want dit is al 'n lang pad waarop u kerk en my kerk saam met mekaar onderweg is. Die pad agter ons vertel van lief en leed, van lig en skadu. Dis 'n pad wat ons respekteer en in baie opsigte ook waardeer.

Dat 'n mens deur die jare op so 'n lang pad mekaar leer ken en ook goed leer ken, is te begryp. Trouens, ons lewe saam in dieselfde land; ons tel ons lidmate uit dieselfde volk; ons geniet saam van die voorspoed wat die land bied en kry saam swaar as tye verander en donker wolke op= steek. Ons lewe tussen dieselfde mense; ons deel dieselfde geskiedenis en ons worstel met dieselfde probleme. Ons ken dieselfde stryd en be= dreiginge en ons smaak dieselfde neerlae en oorwinnings.

Ons studente studeer saam aan dieselfde universiteite en gewaardeerde arbeid van hoogstaande gehalte word aan albei ons Teologiese Fakulteite gelewer. Ek dink ek kan sonder vrees vir teenspraak sê dat al hierdie en ook ander geleenthede ons twee kerke baie naby aan mekaar bring, sodat ons mekaar eintlik baie goed ken. In die volksmond staan ons dan ook bekend as "susterskerke". En so wil ons dit ook graag hê.

Met dankbaarheid meld ek ook die samewerking tussen die twee kerke wat op baie terreine plaasvind. Hoeveel van ons broeders predikante en lidmate dien nie saam in allerlei besture, liggame, rade en komitees, van watter aard ookal, nie? Op kerklike akker word geseënde arbeid saam verrig ten opsigte van Bybelvertaling en die hersiening van die Liturgiese Formuliere. Ons het berig ontvang van hartlike en vrugbare samewerking ten opsigte van die hersiening van die melodieë van die Psalmboek, asook die teks en melodieë van die Gesange. Onlangs nog was dit 'n aangename ondervinding om saam te besluit op 'n dag van verootmoediging met die oog op die noodtoestande wat op so baie terreine en veral op die gebied van die droogte ontstaan het. Vir ons volk en vir ons kerke het dit baie beteken om in oomblikke van benoudheid ge= samentlik die aangesig van die Here in gebed en smeking te soek. En as ek gereeld Sondagaande na "Wat sê die Bybel?" luister en ek hoor

die/.....

die bekende stemme van die manne wat eintlik die drie Afrikaanse kerke verteenwoordig, dan dank ek die Here dat hulle so eenstemmig en eens= gesind is ten opsigte van die uitlê en verklaring van die Bybel oor al die baie en moeilike vrae van luisteraars, en 'n mens begryp dit dat die gewone man so dikwels vra: "Maar waar kom die verskille dan eintlik in, en hoekom is ons nog drie?" Of is ons nie drie nie, maar een?

Broeders, dit beteken aan die ander kant nou nie dat ons alles van mekaar weet en dat ons alles van mekaar verstaan nie. Dit sou onrea= listies wees. Ons lewe in 'n tyd waarin daar gedurig gepraat word oor en gewerk word aan beter begrip en beter verhoudings -- iets wat deur die jare ook ons kerke se aandag geniet het.

ERNSTIGE TYE WAARIN ONS LEWE

Geslagte voor ons het ook gereeld van "ernstige en gevaarlike tye" waarin hulle gelewe het, gepraat. 'n Mens moet waak om nie jou tyd uit te sonder en so gevaarlik te sien en donker te skilder dat jy per= spektief verloor nie. En tog is dit al vir my of die duiwel daarin geslaag het om in ons dag sy anti-Christelike magte op so 'n skaal te organiseer en op so 'n wyse aan die werk te sit soos ons dit nog nie tevore geken het nie. Die onrus op die wêreldtoneel, die stryd voor en agter die skerms by die V.V.O., die duiwelse pogings om swart en wit teen mekaar op te stook en af te speel, die gemene aanslae op ons Vader= land deur terroriste en ander magte en die steeds moeiliker tye wat moontlik op ons, op die Owerheid en op ons drie susterkerke wag, is aan ons almal ewe goed bekend. Die ondergrondse magte wat trag om ons tradisionele morele lewe af te breek met die vloedgolf van pornografie en onwelvoeglikheid onder studente en ander groepe van die volkslewe, soos ons dit veral ook in die jongste tyd belewe, en nogal dikwels onder die dekmantel van die godsdiens en die medewete van kerke of sg. kerke, is vir ons die skrif aan die muur hoe laat dit reeds geword het. Die agterdog wat teen die huwelik en die huisgesin gesaai word met die po= ging om alle gesag af te kraak en omver te gooi, en die onsedelike, vuile en walglike as normaal, goed en natuurlik voor te stel, lê aan die deur van ons kerke uitdagings en geleenthede soos nog nooit tevore nie. Teenoor al hierdie goddelose magte moet ons as kerke soos een man staan sonder enige sweem van verdeeldheid of verwydering.

DIE EKUMENIESE LIGGAME

Daarby kom nog twee Ekumeniese liggame waarby ons drie Afrikaanse kerke direk betrokke is; ek bedoel die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke waarvan u en my kerk lid is, en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode waarvan die Gereformeerde Kerk en my kerk lid is. Albei van hulle lewer hulle kwota probleme en wel in so 'n mate dat dit nie verbaas dat stemme kort-kort opklink met die vraag: "Maar is dit nog alles die moeite werd? Bereik ons iets met al ons pogings en groot uitgawes om ander kerke te bereik en in te lig? Moet ons met ons lidmaatskap volhard of moet ons uittree?" ... almal moeilike vrae waarop ons sinode in 1974 en u sinode seker in hierdie dae antwoorde moet vind.

Broeders, waarom noem ek al hierdie dinge? Ek sal vir u sê. Op die lang pad wat ons reeds saamgeloop het en in die moeilike tye waarin ons vandag lewe, glo ek, het ons by die punt gekom waar ons alles in ons vermoë moet doen om nie van mekaar verwyder te raak nie, maar eerder

nader aan mekaar te staan. En daarvoor, so sien ek dit, is eintlik twee dinge prakties binne ons bereik om ons goeie verhouding en gesind= heid te bewaar en uit te bou:

1 Ten eerste moet ons besef dat elke woord wat ons spreek of skryf in ons dag belangrik is en swaar weeg. Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor God, teenoor ons volk, teenoor ons lidmate en ook teenoor mekaar. Dit is veral die vyandige pers wat verlang dat 'n woord net skeef gesê of geskryf word en dan word 'n wêreld aan die brand gesteek, ongeag die skade wat berokken en die verliese wat gely word. "Ver= sigtig soos die slang en opreg soos die duif" is miskien die wyse van optrede wat tussen ons as gelowiges gebiedend noodsaaklik is.

2. In die tweede plek kan en moet ons met mekaar praat oor die verskil= lende standpunte wat deur ons gehandhaaf word. Ontsaglike uitgawes en groot moeite word aangegaan om met ander kerke oor die wêreld in gesprek te tree. Maar wanneer dit by ons drie Afrikaanse kerke kom, ontmoet ons mekaar so eenmaal elke jaar of twee en dan net vir 'n dag wanneer slegs oor 'n minimum van sake gesels kan word. Daarom moet ons by onsself begin en moet ons by die eerste bron van gesag wat die Kerk van Christus ken, nl. die Heilige Skrif gaan sit om na die ant= woord op baie vrae te soek. Trouens, daar is soveel ooreenstemming tussen ons onderskeie standpunte dat die Tussenkerklike Kommissie die beste geleentheid bied om eerlik in die lig van Gods Woord die ver= skille in klem of siening oor sekere aspekte van ons bevolkingsver= houdinge te bespreek.

Want, broeders, ek wil aan myself getrou bly en vir u sê dat, indien die pers vir u korrek gerapporteer het, hierdie belangrike vergadering in die afgelope paar dae ernstige besluite van ingrypende belang, veral ten op= sigte van volkereverhoudinge geneem het waaroor daar seker nog lank in ons land, sowel as die buiteland gepraat en geskryf gaan word. Die Ned. Geref. Kerk staan saam met u Kerk sterk op die standpunt van afsonderlike kerke, en is net so sterk soos u gekant teen enige vorm van kerklike integrasie. As bewys hiervan dien die feit dat nie minder nie as 13 selfstandige sinodes onder die kleurlinge, bantoe en Indiërs uit die sending= werk van die Ned. Geref. Kerk tot stand gekom het. En tog bestaan daar vandag 'n noue kontak en 'n mooi, gesonde verhouding tussen hierdie self= standige kerke en die Ned. Geref. Kerk sonder sprake van enige kerklike integrasie. In hierdie, en ook ander opsigte is daar hoegenaamd geen verskil tussen ons standpunte nie.

Ek besef egter dat daar op ander terreine punte van verskil mag bestaan, maar broeders, hier moet ons die koninklike weg volg soos Christus dit vir ons aangedui het en soos die program "Wat sê die Bybel?" dit vir ons prak= ties bewys het, nl. om 'n slag saam as Afrikaanse Kerke rondom 'n tafel te gaan sit en oor al hierdie delikate en moeilike vrae met mekaar in gesprek te tree. Die ernstige tye waarin ons lewe dwing ons as Christene om 'n keer saam as susterkerke met al die brandende en aktuele vraagstukke na die Woord van God te gaan en 'n slag saam te vra: "Wat sê die Bybel?"

Ek hou my daarvan oortuig dat as ons hierdie weg volg ons by verrassende en goed gefundeerde antwoorde sal uitkom wat die spanning, onrus en ver= wydering tussen baie van ons lidmate sal beëindig, ons volk ten goede sal kom, die Koninkryk van God in hierdie mooi land van ons sal uitbou en die Naam van die Here, onse God sal verheerlik. Want, broeders, ek glo dat

u, net soos ons, aan die vyandige wêreld graag wil sê: "Toets ons beleid, ons standpunte, toets dit alles aan die Woord van God en sê vir ons waar ons gefouteer het!"

Ek het geen opdrag van my kerk nie, maar ek gee u die versekering dat indien u tot so 'n gesprek met die Ned. Geref. Kerk sou besluit of versoek dat hierdie punte van verskil op die sakelys van die volgende Tussenkerk= like Kommissievergadering geplaas word met die versoek dat dit die dringende aandag van die kerke moet geniet, die Ned. Geref. Kerk van sy kant dit hartlik sal verwelkom en ondersteun.

Per slot van sake verlang ons tog almal om eerlik en opreg te getuig: "Die Heilige Gees en ons het besluit....."

Om dan af te sluit: Die Ned. Geref. Kerk groet u, broeders, en wens u die rykste seën van die Here toe. Mag u daarin slaag om al u lidmate andermaal op te roep tot volgehoue gebed en gehoorsaamheid aan die Woord van God. Mag u aan u jongmense en kinders, die kosbaarste wat 'n kerk kan besit die regte en suiwerste leiding gee, sodat hulle as die "kerk van vandag", maar tegelyk ook as "die kerk van môre" sal voortbou op stewige fondamente en die Here in lewe en belydenis, in woord en daad sal verheerlik. Saam met u ken en dien die Ned. Geref. Kerk net een Here, Jesus Christus wat met sy kosbare bloed ons losgekoop en ons, volgens I Petrus 2:9 "'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk", gemaak het, "om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig."

BYLAE IV

GROETE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA AAN DIE 57ste ALGEMENE KERKVERGADERING VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA OP DINSDAG 1 MEI 1973 DEUR DR. B.R. KRüGER

Eerw. Voorsitter en Broeders in Christus,

Langs hierdie weg groet die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika u en wens u van harte toe Gods rykste seëninge op u werk en u taak in die staan= plek van Gods Koninkryk soos u dit sien en beoefen.

By sulke geleenthede word daar gewoonlik gesinspeel op samewerking en selfs eenwording as dit moontlik is en dan word gewys op die gesament= like stryd wat daar te stry is op hierdie en daardie gebied. En dan word meteens melding gemaak van die magte en die kragte van die Bose waarteen ons gemonster moet wees. En dit is so dat daar in dierbaar Suid-Afrika geweldig baie te doen is teen die gemeenskaplike vyand wat kerk en volk en vaderland bedreig.

Maar, eerw. Voorsitter en Broeders, het dit nie tyd geword dat u en ons mekaar vierkantig in die oë sien en vir mekaar vra waar en hoe die twee kerke teenoor mekaar in die stryd staan? Ons wil u in alle broe= derlikheid en liefde vier vrae vra:

1. Sou u verkies dat die twee kerke nouer moet saamwerk op 'n gemeen= skaplike terrein teen 'n gemeenskaplike vyand of meen u dat ons moet ophou om gemeenskaplike samewerking te soek en dit oorlaat aan die tyd om na bevind van sake te handel?

2. Dink u ons moet vir mekaar duideliker as in die verlede wê waar ons verskil in beginsel van sê kerkregering en die toepassing daarvan, of in verskil van sê, om maar iets te noem die posisie van die vrou in die kerk of die opvatting van die ontplooiing van rasseverhou= dings? Van laasgenoemde gepraat, as ek u besluit(e) oor laasgenoemde in die pers lees in verband met die besluite van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode te Sydney onlangs, dan wil ons u graag daarop wys dat sekere besluite van Sydney nog nie die besluit van die Gerefor= meerde Kerk se Nasionale Sinode (Januarie 1973) geword het nie, maar dat daar deputate benoem is om sekere omstrede besluite en beginsels nader te ondersoek en volgende Sinode te rapporteer. Hierdie is slegs om aan te dui dat tensy u die Gereformeerde Kerk se besluit oor Sydney voor u gehad het, dit vir ons moeilik val om u besluit te begryp soos gerapporteer in die pers - ons sê weer eens, soos gerap= porteer in die pers.

3. Hoekom raadpleeg ons nie mekaar oor sekere belangrike sake nie? Ons verwys: U het destyds aangesluit by die Wêreldraad van Kerke (die Gereformeerde Kerk nie), en u het u goeie reg daartoe gehad. U onttrek u later weer van die Wêreldraad van Kerke, waaroor die Gereformeerde Kerk hom verbly. Hier was daar geen oorlegpleging van u kant gewees nie. Die Gereformeerde Kerk het aangesluit by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, en ons het ons goeie reg daar= toe - u het nie aangesluit nie. Ook hier was daar van Gereformeerde kant geen oorlegpleging met u nie! Hiermee vra ons u: wil u hê dat ons mekaar vooraf moet raadpleeg oor sulke belangrike sake of meen u van nee? Is dit verkeerd of is dit nie verkeerd om mekaar

te/.....

te raadpleeg? Wat dink u?

4. Die Tussenkerklike Kommissie

U en ons vorder weinig daarmee. Meen u ons moet sake daar laat of nie?

Eerw. Voorsitter en Broeders, vergun my om dit duidelik te stel dat ek hoegenaamd geen opdrag het om te vra wat ek hierbo gevra het nie, maar wat ek gevra het, glo ek, leef in die hart van die Gereformeerde Kerk. Ons is albei volwasse, volwaardige, strydende Kerke op aarde. Moet daar nie helderheid kom oor hierdie en ander vrae nie?

Ons sluit soos ons begin het: die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wens u van harte toe Gods rykste seëninge op u werk en taak in die staanplek van Gods Koninkryk soos u dit sien en beoefen.